



NIERD E EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

**UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0198469**



111012769701220000019

BASIESE GRONDSLAE

as

RIGLYNE

by die

ONDERRIG VAN BYBELKUNDE

deur

LOUIS THOMAS IGNATIUS HERMAN

Verhandeling voorgelê ter vervulling van  
die vereistes vir die graad Magister Artium  
(Departement van Bybelkunde) aan die  
Universiteit van die Oranje Vrystaat.

BLOEMFONTEIN

Desember 1976

Promotor: PROF. DR. J.C. LOMBARD

Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN  
23-6-1977  
KLEIN T220.0711 Her  
No. **198469**

DIENST EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE  
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, nie voorheen deur my vir 'n graad aan enige ander universiteit/fakulteit ingedien is nie.

..... L. J. A. Herman .....



O P G E D R A A N

Marianne

Ockie

Louistjie

V O O R W O O R D

Hiermee betuig skrywer sy dankbare erkentlikheid teenoor ons Hemelse Vader deur Wie dit my gegun is om hierdie studie te voltooi.  
Aan Hom al die eer!

Graag wil ek ook die volgende persone bedank vir die aandeel wat hulle in die voltooiing van hierdie verhandeling gehad het:

my eggenote, Alta, en my kinders wie die meeste moes opoffer en die meeste geduld aan die dag moes lê;

my hooggeagte studieleier, prof. dr. J.C. Lombard, vir die vriendelike en hulpvaardige wyse waarop hy leidend en rigtend opgetree het.

mev. M. Hugo wat op 'n bekwame wyse die tikwerk vir my behartig het.

Die skrywer  
BLOEMFONTEIN

Desember 1976

INHOUDSOPGAWEBLADSYPROLEGOMENA:

Aktualiteit van studie en metode van ondersoek (xiii)

HOOFSTUK I: DOELSTELLING EN BEGRENSSINGVAN BYBELKUNDE AS AKADEMIESEDISSIPLINE ..... 1

1.1 BYBELKUNDE: AARD EN TAAKOMLYNING ..... 1

1.1.1 Wat Bybelkunde nie is nie ..... 1

A. Bybelkunde is nie TEOLOGIE nie ..... 1

B. Bybelkunde is nie GODSDIENS=  
ONDERRIG nie ..... 3C. Bybelkunde is nie 'n wetenskap  
wat slegs 'n INLEIDENDE TAAK op  
akademiese vlak verrig nie ..... 4

1.1.2 Wat die vak Bybelkunde wel is ..... 5

1.1.3 Bybelkunde en akademiese opleiding ..... 9

1.2 DIE HERMENEUTIEK AS GRONDSLAG VIR DIE  
SKRIFUITLEG ..... 14

1.2.1 Die begrip: "Hermeneutiek" ..... 14

1.2.1.1 Hermeneutiek as INTERPRETATIO . 16

1.2.1.2 Hermeneutiek as COMMENTATIO ... 16

1.2.1.3 Hermeneutiek as TRANSLATIO .... 17

1.2.2 Taak en omvang van die hermeneutiek .... 19

HOOFSTUK II: DIE WOORDOPENBARING EN DIESKEPPINGSOPENBARING VAN GODAS STUDIEVELD VIR DIE BYBEL=KUNDE ..... 242.1 DIE SKEPPINGSOPENBARING IN DIE KOSMOS  
AS STUDIEVELD ..... 24

2.1.1	Kosmiese Wetsorde .....	24
2.1.2	Die leer van die modale onderskeidinge .....	25
	2.1.2.1 Sinkern .....	27
	2.1.2.2 Soewereiniteit in eie kring .....	28
	2.1.2.3 Universaliteit in eie kring .....	29
2.2	WOORDOPENBARING IN DIE HEILIGE SKRIF AS STUDIEVELD .....	32
2.2.1	Die Heilige Skrif is 'n kosmiese gegewenheid wat binne tyd en ruimte ontstaan en kenbaar geword het .....	33
2.2.2	Die Heilige Skrif is ook 'n bo-kosmiese gegewenheid en wat as sodanig waarhede verstrek wat deur geen kosmiese navors= ingsprojek verkry kan word nie .....	33
2.2.3	Slotopmerkings .....	34
<u>HOOFSTUK III: DIE FUNKSIE VAN DIE RELIGIEUSE</u>		
<u>GRONDMOTIEF IN DIE ONDERRIG VAN</u>		
<u>BYBELKUNDE .....</u>		
3.1	DIE SAMEHANG TUSSEN RELIGIE EN GODSDIENS .....	36
	3.1.1 Religie .....	36
	3.1.2 Godsdienst .....	38
3.2	DIE FUNKSIE VAN DIE GRONDMOTIEF BY DIE BYBELONDERSOEK .....	39
	3.2.1 VORM-MATERIE-motief .....	39
	3.2.2 NATUUR-GENADE-motief .....	41
	3.2.3 NATUUR-VRYHEID-motief .....	42
	3.2.4 SKEPPING-SONDEVAL-VERLOSSING-motief .....	43
	1. Skepping .....	44
	2. Sondeval .....	45
	3. Verlossing .....	46
3.3	DIE VERHOUDING GEES EN WOORD TEN OPSIGTE VAN DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF .....	46

3.4	BYBELKUNDE EN DIE CHRISTELIKE GRONDMOTIEF SE PRAKTIESE RELIGIEUSE DRYFKRAG .....	48
3.4.1	"Neutrale" wetenskap .....	48
3.4.2	Christelike wetenskap .....	50
<u>HOOFSTUK IV: BYBELKUNDE EN 'n CHRISTELIKE</u>		
<u>ANTROPOLOGIE</u> .....		
4.1	BYBELSE LIG OP DIE MENS .....	55
4.1.1	Die mens wat deur die Bybel aan ons voorgestel word, is GOD SE MENS .....	56
4.1.2	Die mens wat deur die Bybel aan ons voorgestel word, is 'n TOTALITEITSWESE .....	58
4.1.3	Die Bybel stel die mens voor in die tweespalt van sy bestaan: IN ADAM én IN CHRISTUS .....	61
4.1.4	Die Bybel stel 'n mens bekend wat binne 'n VÓÓR-WETENSKAPLIKE WÊRELDDEELD leef .....	65
4.1.5	Die Bybel stel ons voor aan 'n mens wat RELIGIEUS BEPAALD op God gerig is' ...	66
4.2	DIE CHRISTELIK-WYSGERIGE ANTROPOLOGIE .....	67
4.2.1	Hart .....	67
4.2.2	Aktstruktuur .....	71
4.2.3	Kennis, wil, verbeelding .....	72
4.2.4	Ontsluiting .....	74
4.3	ENKELE ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEWE AS RIGLYNE VIR DIE ONDERRIG VAN BYBELKUNDE .....	75
<u>HOOFSTUK V: DIE FORMULERING VAN 'n KEN=</u>		
<u>TEORETIESE GRONDSLAG IN DIE LIG</u>		
<u>VAN DIE BYBEL</u> .....		
5.1	HOE WORD DIE WOORD GEKEN? .....	79
5.2	ENKELE KENTEOTIEË MET BETREKKING TOT DIE KENBAARHEID VAN DIE BYBEL .....	80
5.2.1	Skeptisisme .....	80
5.2.2	Empirisme .....	82
5.2.3	Rasionalisme .....	82
5.2.4	Irrasionalisme .....	83



5.3	DIE CHRISTELIKE KENTEORETIESE GRONDSLAG: NAÏEWE ERVARING EN WETENSKAPLIKE KENNIS .....	86
5.4	KENNIS VAN DIE WOORD AS OPENBARINGS= KENNIS .....	88
5.4.1	Die begrip: "Openbaring" .....	89
5.4.2	Algemene en besondere openbaring .....	90
5.4.3	Algemene openbaring .....	93
5.4.4	Besondere openbaring .....	94
5.5	VERHOUDING: VLEESGEWORDE WOORD EN SKRIF= GEWORDE WOORD .....	96
5.5.1	Barthiaanse siening .....	96
5.5.2	Begrip: LOGOS TOU THEOU .....	97
	1. God se Woord is Skeppingswoord .....	97
	2. God se Woord is Geskrewe Woord .....	98
	3. God se Woord is Geopenbaarde Woord ...	99
5.6	BASIESE RIGLYNE MET BETREKKING TOT KENNIS VAN DIE SKRIFOPENBARING .....	100
<u>HOOFSTUK VI: DIE HERMENEUTIESE GRONDSLAG VIR DIE VERKLARING VAN DIE HEILIGE SKRIF .....</u>		103
6.1	DIE "NUWE HERMENEUTIEK" .....	103
6.2	DIE HERMENEUTIEK IS BELANGRIK VANWEGE DIE BEHOEFTE AAN 'n SISTEMATIESE ORDENING WAAR= MEE DIE SKRIFINHOUD GEKEN KAN WORD .....	107
6.2.1	Die <u>ALGEMEEN-OBJEKTIEWE</u> beperkings wat by die Skrifverklaring geld .....	108
	1. Differensiasie .....	108
	2. Beperkte gevoelsuitdrukking .....	109
	3. Taalprobleem .....	110
6.2.2	Die <u>BESONDER-OBJEKTIEWE</u> beperkings wat by die Skrifverklaring geld .....	111

1.	In die Bybel spreek God as die <u>Auctor Primarius</u> .....	111
2.	In die Bybel spreek God deur 'n <u>auctor secundarius</u> .....	112
3.	In die Bybel spreek God deur Sy <u>dade</u> ..	113
4.	In die Bybel word na God as <u>Antropomorf</u> verwys .....	114
5.	Teenoor die Bybelse spreke is <u>geen</u> <u>neutraliteit</u> moontlik nie .....	116
6.2.3	<u>SUBJEKTIEWE</u> beperkings wat by die Skrif= <u>verklaring</u> geld .....	117
1.	Die sonde as 'n eksistensiële werklikheid .....	117
2.	Die sonde en die perspicuitas van die Heilige Skrif .....	117
6.3	BASIESE GRONDSLAE IN DIE HEDENDAAGSE HERMENEUTIEK .....	117
6.3.1	Die Rooms-Katolieke Skrifbenadering .....	117
6.3.2	Eksistensialistiese Skrifbenadering .....	121
1.	Mitologiese vorm van die Evangelies ...	125
2.	Ontmitologisering .....	128
3.	Eksistensialistiese interpretasie .....	129
4.	Evaluering van Bultmann se eksisten= sialistiese Skrifbenadering .....	131
6.3.3	Die Reformatoriese Skrifbenadering .....	133
6.4	FILOLOGIESE SKRIFUITLEG .....	134
6.4.1	Die <u>woord en sy betekenis</u> as hermeneu= tiese beginsel vir die verklaring van die Bybel .....	135
6.4.2	Die <u>logiese samehang</u> van sinne en sinsdele .....	140
6.4.3	<u>Parallele gedeeltes</u> as hermeneutiese riglyn .....	141
6.4.4	<u>Figuurlike woordgebruik</u> en Skrifver= klaring .....	142
6.4.5	Die <u>literatuurvorm</u> as hermeneutiese beginsel by die verklaring van die Bybel ...	144

6.4.5.1	Die verhaal .....	144
6.4.5.2	Die profesie .....	145
6.4.5.3	Die poësie .....	149
6.4.5.4	Onderwysing of Wysheidsliteratuur	154
6.4.5.5	Didakties-lerende literatuur .....	156
6.4.6	<u>Objektiwiteit as hermeneutiese beginsel</u> <u>by die Skrifuitleg</u> .....	157
6.4.7	<u>Analogia fidei</u> en Skrifverklaring .....	158
6.4.8	Skrifverklaring en die <u>belydenisskrifte</u> .....	159
1.	Die belydenisskrif in sy be- grensdheid .....	161
2.	Die belydenisskrif in sy her- sienbaarheid .....	162
3.	Die belydenisskrif se relatiewe outoriteit .....	163
6.4.9	Hermeneutiese riglyne ten opsigte van die Woord van God in <u>formele en</u> <u>materiële sin</u> .....	164
6.4.10	<u>Usus loquendi</u> as hermeneutiese beginsel .....	165
6.4.11	Slotopmerkings .....	166
6.5	HISTORIESE SKRIFUITLEG .....	167
6.5.1	Onderskeiding: filologiese en his- toriese Skrifuitleg .....	167
6.5.2	Die aktualiteit van die historiese Skrifbenadering .....	167
6.5.2.1	Die belangstelling in die ge- skiedenis as brandpunt in die hedendaagse teologiese diskussies ("Gesiedenis-teologie") .....	168
6.5.2.2	Die historiese Skrifuitleg is belangrik vanweë die verskil- lende metodes wat gebruik word om die historiese verloop in die Bybel na te vors .....	172
1.	Literêre kritiek .....	173
2.	Vorm-historiese metode ("Formgeschichte") .....	179
3.	Die Tradisiehistoriese metode	185
4.	Die Redaksiehistoriese metode	189

6.5.2.3	Die historiese Skrifbenadering vind sy aktualiteit ook daarin dat dit Israel en sy "Umwelt" bestudeer en navors .....	191
6.5.2.4	Die historiese Skrifbenadering is aktueel omdat die historiese faktore van destyds, die raamwerk vorm waarin die woordbeeld van die Heilige Skrif vertoon word .....	195
6.5.3	Hermeneutiese beginsels waarop die historiese Skrifbenadering veral moet let ..	198
6.5.3.1	Die skrywer .....	198
6.5.3.2	Die leserskring .....	200
6.5.3.3	Doelstelling van die Geskrif .....	201
6.5.3.4	Die Geskrif se ontstaanstyd .....	201
6.6	TEOLOGIESE SKRIFUITLEG .....	202
6.6.1	Noodsaaklikheid van teologiese Skrifuitleg .....	202
6.6.2	Die skopus van die Heilige Skrif en die "sleutel" vir die ontsluiting van die Bybelse kerugma .....	205
6.6.2.1	Die Koninkryk van God as die skopus vir die verstaan van die Heilige Skrif .....	213
6.6.2.2	Die teosentriese karakter van die Bybel .....	216
6.6.2.3	Die Christosentriese karakter van die Bybel .....	218
6.6.2.4	Die Verbondskarakter van die Bybel .....	224
	1. Werkverbond (foedus operum)...	226
	2. Genadeverbond (foedus gratiae)	227
	a) Natuurverbond (foedus naturae) .....	228
	b) Abrahamitiese Verbond .....	228
	c) Sinaïetiese Verbond .....	229
	d) Die Nuwe Verbond .....	230
6.6.3	Die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament .....	235

6.6.3.1	Die eenheid van die Ou en Nuwe Testament .....	237
6.6.3.2	Die verskeidenheid van die Ou en Nuwe Testament .....	238
	1. Wet-Evangelie-skema .....	239
	2. Belofte-Vervulling-skema .....	240
	3. Openbaringhistoriese moment....	242
6.6.3.3	Sommige van die belangrikste Hermeneutiese beginsels wat uit die verhouding Ou en Nuwe Testament voortspruit .....	242
6.6.4	Tipologie as verklaringswyse vir die Skrifuitleg .....	244
6.7	VERKEERDE VERWAGTINGE WAT AAN DIE BYBEL GESTEL WORD .....	248
6.7.1	Biblisisme .....	248
6.7.2	Fundamentalisme .....	252
6.7.3	Historisme .....	255
6.7.4	Geloofsubjektivisme .....	257
6.7.5	Algemene "-ismes" wat meehelp om die Skrifinhoud te verdraai .....	259
	1. Onbybelse estetisisme .....	259
	2. Moralisme .....	260
	3. Eksemplarisme .....	260
	4. Mistisisme .....	261
 <u>HOOFSTUK VII: DIE BYBEL SELF AS DIE GRONDSLAG</u>		
	<u>WAAROP DIE HERMENEUTIEK GEBOU WORD .....</u>	263
7.1	DIE INSPIRASIE VAN DIE HEILIGE SKRIF .....	263
7.1.1	Meganiese Inspirasieleer .....	263
7.1.2	Verbale Inspirasieleer .....	264
7.1.3	Dualistiese Inspirasieleer .....	265
7.1.4	Dinamiese Inspirasieleer .....	265
7.1.5	Dialektiese Inspirasieleer .....	266
7.1.6	Organiese Inspirasieleer .....	266



7.2	DIE EIENSKAPPE VAN DIE HEILIGE SKRIF .....	267
7.2.1	Die <u>autopistie</u> van die Bybel .....	267
7.2.2	Die <u>necessitas</u> van die Bybel .....	268
7.2.3	Die <u>sufficiencia</u> van die Bybel .....	268
7.2.4	Die <u>claritas</u> van die Bybel .....	269
 <u>HOOFSTUK VIII: SLOTOPMERKINGS</u> .....		270
 <u>BIBLIOGRAFIE:</u> .....		273

PROLEGOMENAAKTUALITEIT VAN STUDIE EN METODE VAN ONDERSOEK

As akademiese dissipline word Bybelkunde van 1961 af deur die Universiteit van Suid-Afrika as 'n selfstandige vakwetenskap erken. Sedertdien word Bybelkunde as 'n volwaardige akademiese kursus deur al die Afrikaanse universiteite in die Republiek aanvaar en nagraadse studie kom reeds algemeen voor.

Die ensiklopediese plasing van Bybelkunde by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte roep noodwendig vrae op na die verhouding van Bybelkunde en Teologie; die taakomlyning en doelstelling van Bybelkunde as selfstandige vakwetenskap; die vraag na die teoretiese grondslag wat die Bybelkundige vakonderrig stut; en die basiese uitgangspunte met betrekking tot die navorsing rondom die studiebron wat gebruik word.

Om antwoorde op bogenoemde vrae te verstrek het die skrywer gepoog om 'n oorsigtelike verkenning van al die basiese grondslae wat belangrik is vir die onderrig van Bybelkunde te doen. Die geheelerspektief eerder as 'n uitbouing van bepaalde aspekte het voorkeur geniet. Daardeur is onder andere gestreef om hierdie studie-stuk as 'n nuttige handleiding vir studente aan te wend. Uit eie ervaring met die aanbieding van die vak Bybelkunde is veral voorkeur gegee aan aspekte wat gewoonlik onduidelik vir die Bybelkundestudente is (bv. die hermeneutiek en veral die "Nuwe Hermeneutiek", asook die eksistensialistiese Skrifbenadering). Verder is besondere aandag gegee aan aspekte waarvoor daar nie voldoende "verstaanbare" literatuur vir die studente bestaan nie, byvoorbeeld die Verbond in samehang met die verskillende verbonde wat in die Bybel voorkom; die skopusgedagte en die koninkryksgedagte.

'n Indringende bespreking van die religieuse grondmotief in die onderrig van Bybelkunde is nodig geag ten einde verwarring met betrekking tot die inhoud van die verskillende begrippe te verhoed.

Die hoofstuk oor die Bybel self as die grondslag waarop die hermeneutiek gebou word, is slegs aangestip omdat uitbreidings op dié gebied 'n ingewikkelde bespreking sou verg en moontlik die geheelperspektief wat beoog word, skaad.

Die term "Bybelkunde" word ook aanvaar as 'n goed gemotiveerde benoemingsnaam vir hierdie vak, aangesien die naam as sodanig reeds 'n besondere konsentrasie op die Bybel self aandui.

## HOOFSTUK I

### DOELSTELLING EN BEGRENsing VAN BYBELKUNDE AS AKADEMIESE DISSIPLINE

#### 1.1 BYBELKUNDE: AARD EN TAAKOMLYNING

Bybelkunde as 'n selfstandige akademiese dissipline aan ons universiteite het beide aan die universiteit asook in die skole aanverwante vakke wat met die Bybel as studiebron intens gemeid is. Om dus 'n afdoende antwoord te verstrek op die vraag wat Bybelkunde is, sal vooraf noukeurig bepaal moet word wat die verhouding van Bybelkunde teenoor dié betrokke vakke is.

##### 1.1.1 WAT BYBELKUNDE NIE IS NIE

###### A. Bybelkunde is nie TEOLOGIE nie

Die kern van die probleem rakende Bybelkunde as akademiese dissipline, is geleë in die bepaling van hoe dit van teologie onderskei kan word. Laasgenoemde vakrigting is reeds eeue lank self besig met die Bybel as studiebron, derhalwe is 'n noukeurige onderskeiding van hierdie twee vakwetenskappe noodsaaklik ten einde te verhoed dat Bybelkunde nie tot 'n "tweederangse" teologie gedegradeer word nie.

Gemeenskaplik deel beide dissiplines in die Skrifopenbaring, alhoewel van die teologie opgemerk kan word dat dit oënskynlik meer intens gemeid is met (en "onderdanig" is aan), die leertradisies van die Kerk.

Die huidige diskussie rondom die Bybel as geïnspireerde en gesagvolle Woord van God, bring derhalwe beide hierdie vakrigtings in gedrang. In hulle verweer en positiewe uitbouing van die Skrifbeginsels is albei ook gebonde aan dieselfde hermeneutiese grondslae wat vir albei dissiplines se eksegeese en interpretasie van die Bybel belangrik is.

Daarbenewens deel hulle gemeenskaplik in die vrug van die Christelike besinning en denkarbeid wat reeds van die vroegste tye af uit die Woord opgediep is: "Hieruit konkludeer ons dat die Bybelkunde, getrou aan die vorm van historiese kontinuïteit, eerbiedig aanvaar dat die Heilige Gees ook deur al die eeue gelei het en Christene genade geskenk het om die rykdomme van die Woord duideliker uit te lig en te onderskei."<sup>1)</sup>

Hierdie gemeenskaplike betrokkenheid op die Bybel impliseer egter nie dat die Bybelkunde sy selfstandigheid en eie karakter inboet nie. Trouens, die selfstandigheid van 'n vakwetenskap veronderstel nie 'n ingeslote selfstandigheid wat inter-aksie met ander wetenskappe uitsluit nie. Outonomie is dus 'n relatiewe onafhanklikheid en elke vakwetenskap is besig om steeds vanuit een of ander teoreties-geabstraheerde begrensde gesigshoek, sy besondere studie-objek te bestudeer. Dit geld ook vir die Bybelkunde, sodat die gemeenskaplike verband tussen Bybelkunde en teologie nie enersyds geforseerd ontken word nie; en dat daar andersyds ook nie 'n miskening plaasvind van die eiesoortige selfstandigheid waarmee elkeen 'n eie besondere aksent lê in sy ondersoek nie.

In die Suid-Afrikaanse opset is die teologiese opleiding meesal verbind aan die akademiese struktuur van 'n Teologiese Fakulteit. Derhalwe word kerklik-teologiese aksente onvermydelik afgedwing op hierdie kursusse, sodat enger gespesialiseerde akademiese oorewegings binne die kerklik-konfessionele sisteme, ter sake is: "Die akademiese opgeleide teoloog moet homogeen denkende verbondslidmate en kategete voorgaan in die geloofsonderrig, waar die konfessies van die Kerk baie meer direkte regulatiewe betekenis het."<sup>2)</sup> Om hierdie stelling verder te illustreer kan op die onhoudbaarheid van só 'n simplistiese miskening van die eie tipiese aard en bouvorm van die verskillende samelewingsverbande gewys word. Dit is byvoorbeeld ondenkbaar dat die

---

1. Lombard, J.C., Die betekenis van Bybelkunde as akademiese dissipline, p.6.

2. Ibid., p.7.



kerklike bedienaar van die Woord sy senior kategetiese onderrig net só in die matriekklas op skool sou kon projekteer.

Dit is dus belangrik dat die kringsoewereiniteit van die verskillende strukture gehandhaaf word, sonder om te beweer dat daar absolute skeiding moet of kan kom tussen die verskillende teologiese subdissiplines. Inteendeel, hulle móét juis bevrugtend op mekaar inwerk om enigsins 'n selfstandige akademiese bestaan te regverdig! Omdat die Heilige Skrif as die gemeenskaplike voedingsbron dien van al die teologiese subdissiplines, is dit nodig om die studiewerk in die Bybelkunde te bepaal by die sistematiese kennis rakende die Bybelinhoud self, terwyl die teologie dieselfde Bybelinhoud belig met 'n groter aksent op die religieuse implikasies daarvan vir die mens wat gelowig daarop reageer.

B. Bybelkunde is nie GODSDIENSONDERRIG nie

Godsdiensonderrig (ook Godsdiensonderwys of Bybelonderrig) het as nie-eksamenvak reeds 'n lang geskiedenis in ons skole. As sodanig poog dit om in die onderwys, naas die uitbouing van die godsdienssin wat van die huisgesin, Kerk en Sondagskool uitgaan, self deur middel van die Bybel opvoedend op die leerlinge in te werk ten einde hulle anastaties na Bo te rig. Die essensiële taak van godsdiensonderrig op skool is dus om karakteropvoeding te bevorder. In hierdie taakvervulling dien die Bybel ook as studiebron, aangesien daar nie deur middel van sedelesse nie, maar aan die hand van die Bybelinhoud self gestreef word om die vrese van die Here by die kind aan te kweek.<sup>1)</sup>

Godsdiensonderrig mag dus nie met Bybelkunde vereenselwig word nie, aangesien eersgenoemde 'n veel ruimer opvoedkundige opdrag in sy studieprogram ontvang het. Daarby sluit Bybelkunde se gerigtheid op die Bybel veel meer gespesialiseerde detail in

---

1. Cf. Joubert, W.A., Godsdiensonderwys in die Laerskool, p.5.

en veronderstel ook 'n deeglike studie van die argeologie en kultuur-historiese opset van die Bybelse tyd. Die blote feit dat, albei hierdie vakke naas mekaar op skool aangebied word, onderstreep die eie aard en omvang wat aan elkeen toegesê is.

Hoewel beide hierdie vakke die Bybel as studiebron aanwend, is dit duidelik dat die Bybelkunde nooit vereng kan word tot 'n blote kennisname van feite in die Bybel met net karakteropvoeding as doel nie. Daarom kan die Bybelkunde ook nooit gereduseer word tot 'n blote neutrale "Bybelonderrig" nie, want dan sou die Bybelkunde daarmee aan sy objek van studie ontrou word en derhalwe nie meer op geloofwaardigheid as wetenskap aanspraak kon maak nie.<sup>1)</sup>

C. Bybelkunde is nie 'n wetenskap wat slegs 'n INLEIDENDE TAAK op akademiese vlak verrig nie

Westermann<sup>2)</sup> beweer dat Bybelkunde die taak het om slegs te help om die eerste treë in die Bybel te neem. Sy standpunt lui verder: "Wächst die Vertrautheit mit ihr (die Bybel!) und die Freude an eigener Weiterarbeit, kann die Bibelkunde zurücktreten." Volgens Westermann se standpunt skyn dit asof Bybelkunde in Duitsland soms net 'n inleidende taak opgelê word, sodat die Bybelkunde dan later terugstaan om die taak waarmee hy begin het in die hande van 'n ander vakrigting te laat om dit verder af te rond.

Bogenoemde opvatting van "Bybelkunde" spreek dus op 'n ander golflengte as dié waarop hierdie vak in Suid-Afrika aangebied word, derhalwe is daar hoegenaamd geen vergelyking tussen hulle te maak nie.

- 
1. Cf. Van Huyssteen, J.W.V., Wat is Bybelkunde?, p.5
  2. Westermann, C., Abriss der Bibelkunde. Altes und Neues Testament, p.8; cf. Combrinck, H.J.B., Die Bestudering van die Nuwe Testament as Wesenlike element van die vak Bybelkunde, p.6.

### 1.1.2 WAT DIE VAK BYBELKUNDE WEL IS

"As akademiese dissipline is Bybelkunde die wetenskaplike bestudering van die besondere openbaring van God soos gegee in die 66 Bybelboeke as onfeilbaar geïnspireerde Woord van God en tegelyk kanon van die gelowige Christenheid."<sup>1)</sup> Hierdie definisie van prof. Lombard sluit die volgende aspekte rakende die aard van Bybelkunde in:

1. Wetenskaplike bestudering impliseer dat die Bybelkunde op 'n verantwoordbare wyse en met al die interne vaktipiese metodes en tegnieke tot sy beskikking, die Bybelse gegewens as verstaanbaar-geordende waarhede, wil navors.

Daar moet egter op gelet word dat die Bybelkunde net soos die teologie, 'n wetenskap is naas ander wetenskappe maar beslis nie soos ander nie. Die volgende aspekte maak die Bybelkunde (en teologie) as wetenskap uniek: Eerstens omdat die openbaring van God unieksoortig is en 'n pontifikale of brugliggende karakter het. Verder het die inskripturasie van die openbaring onder die leiding van die Heilige Gees geskied. Ook die kanonvorming is unieksoortig omdat dit nie 'n blote histories-beskryfbare verloop gehad het nie, maar onder die besondere sorg van God en die leiding van die Heilige Gees plaasgevind het. Tereg konkludeer P. de B. Kock soos volg met betrekking tot die rede waarom teologie (dus ook die Bybelkunde!) 'n wetenskap naas maar nie soos ander wetenskappe is nie: "Sy prolegomena openbaringsleer, inspirasieleer en kanoniek is teologiese aangeleenthede en nie wysgerige temas nie. Ook die soteriologiese geloof as kenweg kan nie wysgerig toegelig word nie. Dit is immers 'n besondere genadegawe van God. Daardeur word dit nie verhef tot 'n donum superadditum nie. Daar word slegs gekonstateer dat dit nie losgemaak kan word van die wederbarende werk van die Heilige Gees nie. En laasgenoemde is nie vatbaar vir

---

1. Lombard, J.C., op.cit., p.1.

wysgerige taakrigtings nie."<sup>1)</sup>

Die feit dat Bybelkunde 'n wetenskap naas ander wetenskappe is, impliseer dus nie dat hierdie vak slegs op 'n irrasionele wyse betrek is by "geloofswaarhede" wat sonder enige vaste fondament sommer net naïef-gelowig bely word nie.

2. Bybelkunde is verder ook primêr gerig op die 66 Bybelboeke wat as kanoniek aanvaar word. Die Apokriewe boeke en daarmee ook die Roomse waardering van die tradisie, word gevolglik net as hulpbron gebruik met die oog op die kultuur-historiese navorsing wat rondom die Bybel beoefen word.

3. Wanneer die definisie van Bybelkunde sy studiebron kwalifiseer as die onfeilbaar geïnspireerde Woord van God, word die Bybel in die Bybelkunde kwalitatief bo alle ander boeke gereken en as uniek voorgehou. Daarom word die gesag van die Bybel onbetwisbaar as normatief gestel in die onderrig van Bybelkunde as vak.

Op die vraag of Bybelkunde as akademiese dissipline 'n selfstandige plek in 'n universitêre opset behoort te geniet, is Van Huyssteen van mening dat Bybelkunde oor geen vakwetenskaplike selfstandigheid beskik nie. Hy handhaaf egter dat Bybelkunde as 'n afhanklike teologiese dissipline wel 'n funksionele selfstandigheid het. In aansluiting hierby is Bybelkunde vir hom "die wetenskaplike bestudering van die Heilige Skrif, spesifiek dus die Ou en Nuwe Testamente, vanuit 'n bepaalde sistematies-teologiese aanbieding."<sup>2)</sup> Hy meen verder dat Bybelkunde se funksionele selfstandigheid "blyk uit die feit dat hy 'n veel beperkter doel as die Teologie het en uiteindelik gesien

- 
1. Kock, P. de B., Tentatiewe gedagtes oor "Bybelkunde" as akademiese dissipline en die afgrensing daarvan ten opsigte van "Teologie" - 'n Oriënterende Raamwerk, p.6.
  2. Van Huyssteen, J.W.V., op.cit., p.4.

kan word as Teologie-met-die-oog-op Godsdiensoonderrig en Bybelkunde op skool, én uiteindelik (hopelik) ook latere gevorderde teologiese opleiding."<sup>1)</sup>

Indien Van Huyssteen bedoel dat die Bybelkunde "n veel beperkter doel as die Teologie het" in dié sin dat die Bybelkunde nie ingestel is op die ruimer doelstellings wat die teologie as vakwetenskap beoog nie, maar dat die Bybelkunde gerig is op die inhoud van die Bybel as die geskrewe Openbaring Gods, dan is hy reg. Dan sal die Bybelkunde vanself ontplooi in die bestudering van die Ou en Nuwe Testamente en noodwendig 'n onderafdeling vir die geloofsleer veronderstel om die "sistematiese-teologiese aanbidding" te onderrig.

I.H. Eybers is ook daarmee eens dat die Bybelkunde 'n meer inhoudelike taak as die ruimer opdrag van die teologie te verrig het. Hy kwalifiseer Bybelkunde "as die studie wat gerig is op die verstaan van die Bybel as sodanig, en nie die bestudering van sy uitwerking nie."<sup>2)</sup> Met ander woorde, soos die geskiedenis as vakwetenskap die betekenis van historiese gebeurtenisse in hulle samehang verklaar maar nie daaruit 'n beleid vir die hede of toekoms formuleer nie, só is dit ook die taak van die Bybelkunde om die inhoud van die Bybel soos dit geskrywe staan weer te gee.

Dit is duidelik dat die ooreenkoms tussen Bybelkunde en teologie telkens by die vraag na die aard en taakomlyning van Bybelkunde, na vore sal kom. Die besondere aksent wat elkeen in sy eie navorsing van die Bybel lê, sal keer op keer vanuit 'n ander gesigshoek verlig moet word om Bybelkunde se selfstandigheid te bepaal en as vakwetenskap te handhaaf. Dit moet veral beklemtoon word dat Bybelkunde nie sistematiese teologie in sy aanbidding wil indra nie, maar beoog tereg volgens V.J. Bredenkamp ".....to give students an insight not so much into the

---

1. Ibid., p.4

2. Eybers, I.H., Inleiding in die Teologie, red. Eybers, I.H., König, A., Stoop, J.A., p.30.



development of Christian doctrine or the history of Biblical criticism, but into the content and meaning of what is contained in Scripture, both for each writer's own day and for modern times."<sup>1)</sup> As sodanig is die vak Bybelkunde dus nie 'n "praktiese" wetenskap wat ingestel is om die feite van die Bybel paraat te leer ken nie, maar wil juis 'n "teoretiese" wetenskap wees wat alle metodes en tegnieke inspan om sover en soveel as moontlik te kan verantwoord wat daar geskryf staan en wat die agtergrond van sodanige skrywe behels. Tog gaan Bybelkunde nie op in 'n bloot starre intellektuele memorisering en inname van Bybelinhoud nie. Deur die feite in hul verbande te groepeer, beoog dit om die Bybelinhoud verstaanbaar te maak en as deel van die geestelike toerusting van die Bybelkundige self te integreer. Dit wil sê, die Bybelkunde wil die Bybelkundige self deur middel van die Bybel as Openbaringswoord lei tot ontsluiting van sy persoonlikheid in diens van en tot eer van God.

Die Bybelkunde se doelstelling is primêr om die Woord en wat daarmee saamhang aan die studente bekend te stel. As nuwe toevoeging tot die akademiese struktuur het dit tans die funksionele doelstelling om hoofsaaklik dosente en onderwysers op te lei en toe te rus om dié vak aan die universiteit, kollege en in die skole aan te bied. Nietemin is Bybelkunde se taak veel ruimer as om net bogenoendes op te lei. Sy doelstelling is onder andere ook om die studente toe te rus ten opsigte van kennis van die Bybelse grondmotief en voorteoreties-Bybelse religieuse riglyne, sodat hulle in staat is om "op al sy akkers" die christelike gehoorsaamheid te beoefen - ook op elke onderskeie vakgebied. Primêr bly dit die taak van hierdie vak om die eie tipiese karakteristiek selfstandig binne die wetenskaplike ensiklopedie te besef, na vore te bring en uit te bou.

---

1. Bredenkamp, V.J., Biblical Studies as a University Discipline, p.10.

### 1.1.3 BYBELKUNDE EN AKADEMIESE OPLEIDING

Uit wat reeds gesê is blyk dit duidelik dat die Bybelkundige navorsing asook die teologiese besinning oor die Openbaring nie as 'n pseudo-wetenskap beskou kan word nie. Daarom kan daar nooit aan die Bybelkunde 'n "minderwaardige" plek in die akademiese ensiklopedie toegeken word nie.

Eweneens kan die Bybelkunde of teologie ook nooit tot "koningin van die wetenskappe" verhef word nie. In só 'n geval sou Bybelkunde en teologie 'n superieure plek onder die vakwetenskappe inneem. Gevolglik sou die Bybel ook van die normatiewe betekenis wat dit vir al die wetenskappe het, beroof word om dan slegs binne 'n dualistiese wetenskapsleer te funksioneer wat sterk herinner aan die skolastiek van die Rooms-Katolisisme. Daarom moet die Bybelkunde waak teen onhoudbare dualismes waarin die monopolie om oor die spreke van God te besin, slegs vir die Bybelkunde of teologie alleen opgeëis word. By implikasie sou dit ten onregte beteken dat die "rieële" werklikheid dan aan die ander wetenskappe oorgelaat moet word vir gespesialiseerde navorsing.

Daar word verder allermins verwag dat die vakwetenskappe hulle slegs via die Bybelkunde of teologie sal beroep op die Bybel. Inteendeel, die Christelik-reformatoriese beginsels dwing elke afsonderlike wetenskap om die beginsels wat vir sy bepaalde studieveld geld, voortdurend in die lig van die Skrif te her-evalueer.

Die Openbaring Gods word ook nooit in klink-klaar-voltooid-uitsprake in die Bybelkunde geformuleer nie, maar die waarheid word steeds nagejaag soos wat dit voorlopig vir ons kenbaar geword het in die Heilige Skrif. Die taak van die Bybelkundige om voortdurend denkend besig te wees met die Woord soos dit geskrywe staan, impliseer daarom dat die Bybelkunde nooit by finale uitsprake sal stilstaan nie, maar steeds die voorlopigheid van sy resultate in eskatologiese perspektief sal formuleer. Omdat

die mens histories bepaald en dus tydgebonde optree, kan (moet!) daar voortdurend aan ou begrippe en waarhede nuwe inhoud gegee word. Die Bybelkundige begrippe-apparaat, soos trouens by alle ander vakwetenskappe, toon 'n openheid wat die Bybelkunde nooit aan bepaalde opvattinge ten koste van progressie bind nie, want die Bybelkunde is nie aan sy uitdrukkingsmedia gebonde nie, maar alleen aan sy Bron, naamlik die Skrifopenbaring.

J.A. Heyns merk die volgende op ten opsigte van die teologie wat eweneens van die Bybelkunde waar is: "In die teologie is nie volledigheid die kriterium van waarheid en dus van wetenskaplikheid nie - dit is eerder in 'n Grieks-filosofiese beskouing te vind - maar hier is die kriterium betroubaarheid, met ander woorde gebondenheid aan die openbaring."<sup>1)</sup>

Omdat die Bybel 'n bepaalde gerigtheid het en nie oor alle denkbare sake uitsluiters gee nie, sal die Bybelkundige dikwels met 'n non liquet moet volstaan. In só 'n geval getuig dit nie noodwendig van die Bybelkundige se onkundigheid nie, maar kan dit ook 'n positiewe belydenis wees wat getuig dat die Bybelkundige sy navorsing nie op spekulasies bou nie, maar grond in die enigste kriterium waarmee die Skrifinhoud werklik bekendgestel kan word, naamlik Sola fida, Sola Scripturae!

Hoewel die Bybelkundige nie op alle Bybelvrae 'n antwoord kan gee nie, het hy die reg (imperatief!) om van daardie waarhede wat hy wel uit die Bybelinhoud kan aflei, getuienis te lewer met die oog op die helespektrum van die menslike aktiwiteite. Indien hy hom nie op hierdie kenbare waarhede wat uit die Heilige Skrif openbaar word kan beroep nie, sou die fondament waarop ons geloofsekerheid bou, ook daarmee verkrummel.

Wanneer die Bybelkunde hom dus op die Openbaring beroep, spreek hy hom uit oor die mens in sy hele kosmiese verband insover die

---

1. Heyns, J.A., Op weg met die Teologie, (red.) Heyns, J.A., Jonker, W.D., p.160.

Woord daaroor spreek en het dus so voorteoretiese, voorwetenskaplike raakpunte met die voorveronderstellings van alle ander vakwetenskappe. Daarom dryf die gevaar van 'n moontlike grensoorskryding die Bybelkunde nie tot 'n hermetiese bestaan in die wetenskaps-ensiklopedie nie, maar dwing hom om telkens weer van sy taak en bestemming deeglik rekenskap te gee: "Elke wetenskap, ook die Bybelkunde dus, moet sy eie veld van ondersoek sien in sy begrensdeheid, maar ook in sy betrekking tot die ensiklopedie van die wetenskap. Daarin handhaaf die Bybelkunde ook sy gebondenheid in vryheid as hy sy grense teenoor ander wetenskappe eerbiedig en hy handhaaf aan die anderkant sy vryheid in gebondenheid as hy gesonde wisselwerking toelaat."<sup>1)</sup>

Om die wetenskaplike geloofwaardigheid van dië vak te waarborg moet enige pretensieuse irrasionele teorievorming vermy word, terwyl Bybelkunde in 'n wetenskaplike-interaksie-gerigte-konfrontasie met die ander wetenskappe bly. Onder andere sal die volgende vakwetenskappe ten nouste betrokke wees by die studie-arbeid wat die Bybelkunde verrig:

1. Die grondtale van die Bybel, naamlik HEBREEUS en GRIEKES vorm die basis vir die verstaan van beide die Ou en Nuwe Testamente. Hoewel 'n deeglike kennis van die Bybelse grondtale nie in 'n voorgraadse kursus vir Bybelkunde vereis word nie en eksegetiese hoofsaaklik deur middel van die moedertaal aangebied word, word die afhanklikheid van die grondtale as 'n vanselfsprekende onderbou tot aanbieding van dië vak veronderstel: "Hierdie finale Goddelike gesag van die Woord sluit niks, absoluut niks in die kanon uit nie. Dis juis so aangrypend dat God nie in 'n engeltaal nie, maar in die gewone alledaagse taal van die Bybelse tyd, vanuit die hemelse dieptes met sondigemense gesprek het, en dan ook deur middel van 'n verskeidenheid van letterkundige genres, soos gegee in byvoorbeeld die historiese profetiese, didaktiese, paranetiese, wysheids- en apokaliptiese boeke - en dat dit nóg tans Sy Woord is."<sup>2)</sup> Vir nagraadse

- 
1. Duvenage, S.C.W., Bybelkunde as Volwaardige Vak op die Middelbare Skool, (referaat), p.7.
  2. Lombard, J.C., op.cit., pp.1-2.

studie sal vir sekere studietemas 'n elementêre kennis van die grondtale 'n vereiste moet wees, aangesien 'n basiese kennis van Hebreeus en Grieks noodsaaklik is om kommentare op die Bybelboeke te kan hanteer - en laasgenoemde kommentare is onontbeerlik vir selfstandige studienavorsing ten opsigte van sekere onderwerpe in die Bybelkunde. Op M.A.- en doktorale vlak sal na aanleiding van die bepaalde studierigting, meer gevorderde taalkennis 'n toelatingskwalifikasie vir studie moet wees.

Tog moet daarop gelet word dat ten spyte daarvan dat die Bybel nie verstaan kan word sonder 'n deeglike kennis van die literêre, kultuur-historiese faktore en agtergrond wat daarin 'n rol speel nie, kan die oorbeklemtoning daarvan lei tot misverstand en 'n wanbegrip laat ontstaan oor die werklike doel wat die Bybelkunde nastreef, naamlik om by die inhoudelike van die Skrif te volstaan.

Ons kan dus konkludeer dat die grondtale nooit losgemaak kan word van die Bybelondersoek nie en dat die linguïstiese elemente wat in die Bybel weerspieël word, wesenlike gestaltes van die openbaring self is. Daarom mag daar nie volstaan word met 'n vertaling van dit wat in die Bybel geskrywe staan nie, maar moet daar ook gevra word na die oorspronklike linguïstiese opset daarvan, veral ten opsigte van die spesifiek "Bibliologiese" studieveld waar eksegeese ter sake is.

2. Die WYSBEGEERTE se bydrae onder andere ten opsigte van die kennisleer, Christelike-antropologie en die totaalperspektief in wysgerige sin oor die plek van elke vakwetenskap, versker 'n wisselwerkende ontmoeting met Bybelkunde as akademiese dissipline. Veral in die Bybelkundige worsteling om aan die Openbaringsinhoud gestalte te gee in die vorm van verstaanbare begrippe, kan die Wysbegeerte hulp verleen deur sinvolle formulerings aan die hand te doen.

Die belangrikste bydrae wat die Wysbegeerte egter verleen aan die Bybelkunde, spruit voort uit die funksie wat hierdie vak-

rigting as totaliteitswetenskap verrig om die verskillende vakterreine en studieverde in hul samehang en eiesoortigheid duidelik te formuleer: "As totaliteitswetenskap is die Christelike wysbegeerte ook ons wetenskap van die wetenskappe. Die Christelike wysbegeerte 'sien' die kosmos as geheel en in al sy dele. Dit helder dus die skeppingseenheid in sy verskeidenheid aan ons op. Vir ons Christelik-wetenskaplike kennis aangaande die posisie van 'n skeppingsdeel in die skeppingsgeheel is ons dus volkome afhanklik van die voorligting van die Christelike wysbegeerte."<sup>1)</sup>

3. In wyer verband staan geen vakwetenskap los van die Bybelkunde nie. Selfs die NATUURWETENSKAPPE met die streng afbakening van sy studieveld en metodes van ondersoek, staan nie los van die basiese kennissleutels wat die Woord bied ten opsigte van die oorsprong, sin en gerigtheid van alle geskapene nie. Al sou hierdie wetenskappe nie direkte uitsprake oor die Gods Openbaring in absolute sin (evolusie) maak nie, dring dit tog deur tot die sfeer van Sy Openbaring deurdat apriories óf daarmee rekening gehou word óf deurdat geen plek daarvoor in hulle wetenskapsleer ingeruim word nie.

Tereg sê Abraham Kuyper dat daar geen konflik tussen geloof en wetenskap bestaan nie. Alle wetenskappe gaan van die geloof uit, en omgekeerd is geloof waaruit geen wetenskap opkom nie, wangelooft of bygeloof: "Alle wetenskap onderstel geloof aan ons ik, in ons zelfbewustzijn; onderstel het geloof aan de zuivere werking onzer zintuigen; onderstel het geloof aan de juistheid der denkwet; onderstel het geloof aan het generale in de speciale verschijnselen; onderstel het geloof aan het leven; en onderstel bovenal geloof in de beginselen waarvan men uitgaat."<sup>1)</sup> Die Bybelkunde ontken dus die sogenaamde konflik wat daar tussen geloof en wetenskap bestaan en sien in

- 
1. Strauss, H.J., Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys, pp.56-57.
  2. Kuyper, A., Het Calvinisme (Zes Stone-lezingen), p.124.

die natuurwetenskap geen bedreiging vir die beoefening van eie denkarbeid nie, sodat akademiese gelykwaardigheid en gesonde wisselwerking tot voordeel van beide wetenskappe in volle kolle-gialiteit en wisselwerking nagestreef word.

Ons kan dus sê dat Bybelkunde saam met al die ander vakweten-skappe deel in die Christelike-opvoedingsideaal, naamlik om die uitgange van die mens se hart te ontsluit, sodat hy in dankbare geloofsgehoorsaamheid sy Verbondsverantwoordelikheid tot eer van God-Drie-Enig op al die lewensterreine sal vervul.

## 1.2 DIE HERMENEUTIEK AS GRONDSLAG VIR DIE SKRIFUITLEG

### 1.2.1 DIE BEGRIP: "HERMENEUTIEK"

"Hermeneutiek" is 'n selfstandige naamwoord wat as teg-niese begrip deur Plato in gebruik geneem is. Etimologies word die woord hermeneuein verbind aan Hermes, die vleuel-voetige herout wat namens die gode goddelike boodskappe aan die mens moes oordra. Dit is opvallend dat die inwoners van Listre vir Paulus met Hermes (Mercurius) vereenselwig het "omdat hy die woordvoerder was" (Hand. 14:12). Verder is dit betekenis-vol om daarop te let dat aan Hermes die taak opgedra is om dit wat anderkant die menslike begripsvermoë geleë is, op 'n be-grypbare wyse aan hulle oor te dra. In hierdie konnotasie het hermeneutiek interpretasie veronderstel wat so wyd strék dat dit van toepassing is op enige aktiwiteit wat betrokke is by die handeling waar iets wat onduidelik is, na duidelikheid gelei word:<sup>1)</sup> "The various forms of the word suggest the process of bringing a thing or situation from unintelligibility to under-standing."<sup>2)</sup> Breër perspektiewe word vir die moderne begrip hermeneutiek geopen indien daar op gelet word dat die Grieke Hermes gekrediteer het met die uitvinding van taal en skryfkuns

- 
1. Cf. Robinson, J.M., Cobb, J.B., New Frontiers in Theology, vol. II, p.91.
  2. Palmer, R.E., Hermeneutics, p.13.

wat hy as gereedskap moes aanwend om die menslike begrip só te vorm dat sy boodskap gesnap kon word. Die proses van begripsverheldering word dan na sy oorspronklike Griekse wortel herlei en veral op die taal en skryfkun's betrek, wat die medium by uitstek in die hermeneutiese proses is.

Voordat daar enige etimologiese afleidings rakende die betekenis van die woord hermeneutiek gemaak word, moet daarop gewys word dat die betroubaarheid van die bogenoemde etimologiese betekenis nie met sekerheid as getrou gehandhaaf kan word nie. Hermeneutiek sou ook verband kon hou met die Griekse woord hermeios wat betrekking het op die priester wat sy priesterlike orakelwerk te Delphi verrig het. Nietemin is dit aan te beveel dat Hermeneutiek tog teen die Hermes-etimologiese agtergrond verstaan moet word, veral omdat die "Nuwe Hermeneutiek", asook die moderne literatuur dit so gebruik. Verder word die woord hermēneuein ook teen bogenoemde agtergrond verbind aan die Latynse wortels verbum (woord) en sermo (om te sê): "If this etymology is admittedly uncertain, and yet serves to open the presentation, it is because it symbolizes the scope of the new hermeneutic."<sup>1)</sup>

Indien die antieke gebruik as oorsprong van die hermeneutiekbegrip gehandhaaf word, kan 'n drieërlei betekenis aan dié woord geheg word, naamlik om iets te sê; om iets te verduidelik; en om iets te vertaal<sup>2)</sup>: "Yet one may note that the foundational 'Hermes process' is at work: in all three cases, something foreign, strange, separate in time, space or experience is made familiar, present, comprehensible; something requiring representation, explanation, or translation is somehow 'brought to understanding' - is interpreted."<sup>3)</sup>

- 
1. Robinson, J.M., Cobb, J.B., op.cit., p.3.
  2. Palmer, R.E., op.cit., p.14.
  3. Cf. Liddell, H.G., ερμηνεύω in An Intermediate Greek-English Lexicon (Liddell and Scott), 1961, p.315.



Om deur te dring tot die betekenis van die begrip hermeneutiek en die implikasies daarvan vir die Bybelkunde, sal daar aan die drieërlei aspekte wat in hierdie begrip opgesluit is, afsonderlik aandag gegee moet word.

#### 1.2.1.1 Hermeneutiek as INTERPRETATIO

Hierdie aspek van die begrip hermeneutiek word herlei na die aankondigingsfunksie van Hermes. Soos hy en ook die priester te Delphi goddelike boodskappe moes oordra, s6 vervul die Skrifverklaarder ook 'n hermeneutiese funksie wanneer hy as middelman Gods, boodskapper word wat die inhoud van die boodskap vertel. Hierdie vertelling is met ander woorde die omstelling van taal waardeur die onheldere tot helderheid van uitdrukking gebring word. Dieselfde gedagte word deur Paulus toegepas op die tongespraak wat onder die inwerking van die Heilige Gees geskied en waar daar volgens hom hermeneia glosson ('n uitleg van tale) moet wees (1 Kor. 12:10). Die taal moet dus so verstaanbaar gemaak word dat die gesproke woorde begryp kan word. Die taal as sodanig is dus by implikasie self ook vertolking of interpretasie.

#### 1.2.1.2 Hermeneutiek as COMMENTATIO

Nog 'n betekenis van hermeneutiek is om binne die grense van 'n verstaanbare taal kommentaar te lewer oor iets wat onduidelik en derhalwe verborge is. Hierdie gedagte van verduideliking, verklaring of uiteensetting (explicare) kom veral in die Bybel na vore in die samestelling  $\delta\iota\epsilon\rho\mu\nu\epsilon\acute{\upsilon}\sigma\iota\nu$  (Luk. 24:27). Laasgenoemde aanhaling verwys na Christus wat die Skrifte aan die Emmausgangers verduidelik en toepas soos wat dit op Hom betrekking het (Luk. 24:32, 45; cf. Hand. 8:35). Sodanige verduideliking (hermeneutiek) is meer as net die blote vertel (om te sê) van die Skrifte - die hoorders is voorsien van 'n element wat noodsaaklik is vir die verstaan van die profetiese Skrifwoorde. Jesus moes dus 'n bepaalde kennis van wat die profesie is, asook wat dit vir hulle beteken het, by Sy

hoorders veronderstel het. Sy verduideliking is dus hermeneutiek in dié sin dat Hy deur Sy verduideliking 'n verband gelê het tussen die profesie en Homself - en wat as gevolg daarvan die Skrifte in hulle samehang vir die hoorders verstaanbaar gemaak het: "Explanatory interpretation makes us aware that explanation is contextual."<sup>1)</sup>

Veral in die "Nuwe Hermeneutiek" speel die verduideliking of interpretasie aspek 'n oorheersende rol wanneer die Skrif verklaar word: "One significant aspect of the New Hermeneutic is its return to this close association of hermeneutic with the practice of the art of interpretation, so that 'hermeneutic' can become coterminous with Christian theology as the statement of the meaning of Scripture for our day."<sup>2)</sup>

#### 1.2.1.3 Hermeneutiek as TRANSLATIO

Wanneer die teks in die leser se eie taal geskrywe is kan die kontras tussen die onderskeie wêrelde van die skrywer en leser onopvallend verbygaan. Wanneer die teks in 'n vreemde taal aangedien word, bring die andersoortige perspektiewe en horisonne 'n onvermydelike botsing tussen hierdie twee wêrelde mee. Hierin vervul die hermeneutiek die funksie van vertaling of vertolking, dit is die oorbring vanuit een taal na die ander en kom veral tot uitdrukking in die woord  $\mu\epsilon\theta\epsilon\rho\mu\eta\nu\epsilon\acute{\upsilon}\sigma\theta\alpha\iota$  (Matt. 1:23; Mrk. 5:41).

In die tradisionele hermeneutiek is die vertalingsaspek groten-deels beperk tot die vertolking van 'n onduidelike vreemde taal sodat die inhoud daarvan duidelik en verstaanbaar word (Joh. 1:42; 9:7; ens.). Die hermeneutiek se vertalingsrol strek verder as net 'n blote oorplasing van een kultuur na 'n ander; van een tydperk na 'n ander; van een situasie na 'n ander.

---

1. Palmer, R.E., op.cit., p.24.

2. Robinson, J.M., Cobb, J.B., op.cit., p.5-6.

Met ander woorde: "hermeneuein in die sin van 'n translatio dui op 'n beweging van verplasing (ver-taling) van een plek na 'n ander. Die betekenis van 'n woord word oorgedra sodat dit in 'n nuwe situasie verstaanbaar word."<sup>1)</sup> Die Bybel word immers in tyd, ruimte en taalgebruik, vanuit 'n verafgeleë en vreemde wêreld by ons aangedien. Om die Bybelse boodskap te snap moet ons dié antieke wêreld binnedring - en terselfdertyd moet die Bybel en sy boodskap ook ons hedendaagse wêreld op al sy lewens=terreine binnedring. Op een of ander wyse moet die ervarings=veld van ons eie wêreld in aanraking gebring word met die horison van die Bybelse wêreld: "Mediated not only through language but through history (a time gap of two thousand years), the New Testament must come to speak in the words that are of our world, our medium of seeing what is."<sup>2)</sup> Die nuwe Bybelverta=lings wat in Afrikaans verskyn bewys duidelik hoe hierdie her=meneutiese beginsel in die verlede eensydig op die vertaling van die taalaspek van toepassing gemaak is: "This meaning of hermeneia was not carried over into traditional hermeneutics. But it is distinctive of the new hermeneutic that it does understand its task as translating meaning from one culture to the other, from one situation to the other."<sup>3)</sup> Wanneer die tyd-historiese aspek wat in die vertaling van die "nuwe her=meneutici" waardeur word, word hulle gevaarlike oorbeklemtoning van die antieke wêreld en die eensydige hermeneutiese klem wat hulle op die destydse naïewe mens lê, geensins goed gepraat nie. Die gevaar van die "Nuwe Hermeneutiek" kan duidelik gesien word in die konsekwensies waartoe Bultmann<sup>4)</sup> hierdie beginsel deur=voer en in sy "ontmitologisering" van die Nuwe Testament uitwerk. Ontmitologisering is sy hermeneutiese poging om die essensiële boodskap van die Skrif te skei van die kosmologiese "mitologie" wat geen moderne mens (volgens hom) kan glo nie.

- 
1. Groenewald, E.P., "Krisis in die Interpretasie van die Heilige Skrif" in N.G.T.T., Jan. 1969, p.3.
  2. Palmer, R.E., op.cit., p.27.
  3. Robinson, J.M., Cobb, J.B., op.cit., p.4.
  4. Cf. Infra, Eksistensialistiese Skrifbenadering, pp.121-133.

Ongeag die twyfelagtige meriete wat teologies gesprokê aan die "Nuwe Hermeneutiek" in die algemeen, en aan "ontmitologisering" in die besonder geheg kan word, bly dit vir die Bybelkunde steeds 'n knellende vraag hoe die kulturele interpretasieprobleem opgelos kan word. Vrae soos die volgende roep om 'n antwoord: Hoe moet die Bybel "verstaan word? Hoe indringend moet die historiese gedagte-wêreld van die Skrif betree word alvorens dit interpreteer kan word? Is die "mondige" wêreld nie reeds 'n sodanige struikelblok dat die era van die Nuwe Testament vandag nie meer verstaanbaar binnegedring kan word nie? In die brandpunt van hierdie en dergelike vrae staan die hermeneutiek en moet dit die grammatikale, kultuur-historiese en ander filologiese gereedskap aanwend om die antieke tekste te vertaal.

Die hermeneutiek impliseer dus dat die drie genoemde aspekte, naamlik interpretatio, commentatio en translatio, as drie inter-afhanklike elemente so inmekaar geweef is dat hulle gesamentlik die grondslag vorm vir die verstaan van die begrip hermeneutiek: "The Greek noun hermēneia thus embraced the whole broad scope of 'interpretation', from 'speech' that brings the obscure into the clarity of linguistic expression, to 'translation' from an obscure, foreign language into the clarity of one's own language, and to 'commentary' that explicates the meaning of obscure language by means of clear language."<sup>1)</sup>

### 1.2.2 TAAK EN OMVANG VAN DIE HERMENEUTIEK

Hermeneutiek kan in sy mees simplistiese vorm gedefinieer word as die wetenskap wat die beginsels, reëls en metodes van interpretasie leer. Hermeneutiek stel dus stelreëls vas vir die mees essensiële element in kommunikasie te wete die teorie ten grondslag van 'n bevredigende konsepsie van wat die bedoeling van 'n saak of 'n ding is. Hermeneutiek is dus nie net tot die interpretasie van die Bybel beperk nie, aangesien die hermeneutiek

---

1. Robinson, J.M., Cobb, J.B., op.cit., p.6.

nie slegs as filologiese probleem in die brandpunt van die hedendaagse interpretasieprobleem vasgevang is nie, maar tree ook (en veral!) in die letterkunde en filosofie vandag sterk op die voorgrond: "Its principles apply not only to works in written form but to any work of art. Since this is so, hermeneutics is fundamental to all humanities - all those principles occupied with the interpretation of the works of man."<sup>1)</sup> Die studie van die hermeneutiese-teorie stel die vakwetenskappe in staat om tot 'n voller mate van selfkennis deur te dring en om sodoende tot 'n beter begrip van die wese van hul vakgebied te kom.

Nie alleen in die vakwetenskappe nie, maar oor die hele terrein van die daaglikse nuwe ervaring, word hermeneutiese beginsels gevolg ten einde tot begripvolle meelewing te kom. Trouens, vanaf die oomblik wanneer 'n mens soggens wakker word totdat hy saans gaan slaap, word hy voortdurend in die proses van interpretasie vasgevang. Wanneer die wakker lui en die persoon sy blik daarop werp, is hy besig om te interpreteer: hy herinner hom aan watter dag dit is; met die begripvorming van die bepaalde dag word hy bewus van sy bestaan in die wêreld en word hy reeds by voorbaat betrek by sy toekomstige planne vir die dag wat voorlê. Daaglik interpreteer 'n mens woorde, houdings, gebare en situasies, sodat 'n mens tereg kan beweer dat interpretasie die mees basiese handeling van die menslike denke is. Die taak van interpretasie is om iets wat in betekenis onbekend en verduister is, te verander sodat dit konkreet verstaanbaar word. Anders gesê: dit maak van die abstrakte 'n konkrete "woord-gebeure". Die hermeneutiek stel daarom reëls op wat die teoretiese grondslag vir 'n funksionele interpretasie moontlik maak: "De Hermeneutiek moet nu de regelen opsporen, in het licht stellen, en in systeem brengen, volgens welke eenig woord of geschrift of kunstwerk verklaard, uitgelegd moet worden."<sup>2)</sup>

- 
1. Palmer, R.E., op.cit., p.10.
  2. Greijdanus, S., Schriftbeginselen ter Schriftverklaring, p.6.

Hermeneutiek is dus 'n begrip wat 'n wye trefkrag het en wat oor die hele spektrum van die alledaagse lewe die teoretiese grondslag lê vir die beoefening van interpretasie wat op sy beurt weer kommunikasie moontlik maak. Die Bybelkunde is egter met die hermeneutiek gemoeid insoverre as wat dit betrekking het op die Bybel as sodanig en in dié verband die teorie en praktyk uitmaak van die Bybelverklaring.

Met inagneming van wat reeds van die etimologiese oorsprong en betekenis van die hermeneutiek gesê is, kan ons die begrip hermeneutiek soos volg definieer: Hermeneutiek is die studie van die metodologiese beginsels van interpretasie en uitleg in die algemeen en meer spesifiek die studie van die algemene beginsels van Skrifverklaring.

Die hermeneutiek wat die Bybel as studiebron navors, word gewoonlik HERMENEUTICA SACRA genoem. Myns insiens is dit 'n ongelukkige term om die hermeneutiese arbeid rondom die Bybel as studiebron te beskryf, aangesien dit die indruk kan wek dat daarmee impliseer word dat die wetenskaplike arbeid wat hier verrig word, onfeilbaar is. Nietemin wil hierdie term erkenning verleen aan die feit dat in hierdie bepaalde hermeneutiek bemoeienis gemaak word met die verklaringswyse van die Heilige Skrif as die Woord van God. Die "Hermeneutica Sacra" word dus "heilig" genoem omdat dit aktief gerig is op God se Woord en poog om die hermeneutiese beginsels op só 'n wyse te verklaar dat God se Selfopenbaring in die Heilige Skrif duidelik en verstaanbaar aan die Bybelleser deurgegee kan word. Sodoende word die Bybelleser deur die ontsluitingsproses uitgelei om deur die geloof al die uitgange van sy hart positief te rig op die eer en verheerliking van die Drie-Enige-God. As sodanig het die hermeneutiek dan veral die taak om die openbaring van God aangaande die wyse waarop die Heilige Skrif as Sy Woord en volgens Sy wil uitgelê moet word, na te vors en te sistematiseer: "Zij is die wetenschap der Theologie welke tot studieobject heeft Gods openbaring in de Heilige Schrift over de regelen voor, of de wijze van, het zuivere en volle verstaan en juiste

verklaren van de Heilige Schrift, of van Gods gedachten en bedoelingen in en met Zijne openbaring in de Heilige Schrift. En zij moet dan die regelen zooveel mogelijk opzoeken, in het licht stellen, en in systeem brengen."<sup>1)</sup>

Die vraag ontstaan dan: Wat is die verhouding tussen die hermeneutiek en die eksegese? Gewoonlik word die EKSEGESE ( ἔξηγείσθαι ) as die uitlegging ( explicare ) van die Skrif geïdentifiseer, terwyl HERMENEUTIEK ( ἑρμηνεύειν ) as die verklaring (interpretari) beskou word. Eersgenoemde vervul dan die funksie om dit wat in die woorde opgesluit lê te ontvou (involuta evolvere), terwyl laasgenoemde meer te doen het met die verduideliking en verligting van dit wat in duisternis omhul is (obscuris lucem addere). Anders gestel: eksegese het meer met die woord te make en hermeneutiek is meer op die saak ingestel. Derhalwe die tradisionele afleiding waardeur die hermeneutiek gekwalifiseer word as die teorie van die eksegese, vanweë die teoretiese uiteensetting wat die hermeneutiek aanbied ten einde iemand se gesproke of geskrewe woord te verklaar. Om hermeneutiek dus te omskrywe as "die teorie van die eksegese", is nie slegs 'n onvolledige kwalifikasie van wat die hermeneutiek inderdaad is nie, maar stel ook die funksie van die hermeneutiese arbeid aan wanopvattings bloot. Ter wille van die vaststelling van die afsonderlike taakomlyning van hierdie twee dissiplines, is dit egter noodsaaklik om so ver as moontlik die tradisionele onderskeid in die Bybelkundige navorsing te eerbiedig. Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat daar baie uitsonderings op die reël sal voorkom en dat wedersydse grensoorskryding as werksmetode aanvaar sal moet word. Trouens, nie al die reëls wat vir die eksegese aangegee word, kan ooit ten volle in 'n sisteem vasgelê word nie, en daarom sal die Skrifverklaarder telkens ontdek dat die eksegese self en die interpretasie daarvan, inmekaar se verlengde verweef lê: "Helaas beskik ons nie oor 'n tegnies-korrekte model van wetenskaplike eksegese, in die sin van één absoluut

---

1. Greijdanus, S. op.cit., pp.6-7.

geldende uitleg van 'n bepaalde gedeelte van Gods Woord nie."<sup>1)</sup>  
Die blote feit dat die eindresultaat van wetenskaplike navorsing op dié gebied nie altyd ooreenstem nie, lewer genoeg bewys om hierdie stelling te staaf.

Dit is dus duidelik dat die begrip hermeneutiek vereng word wanneer dit slegs tot die teorie van die eksegeese beperk is. Diegene wat die hermeneutiek wel só wil vereng, gaan gewoonlik uit van die veronderstelling dat die begrip hermeneutiek afgelei is van die Griekse hermēneia wat via die Latyn sy neerslag in die Engelse woord "hermeneutics" gekry het: "Thus in Greek usage one meaning of hermēneia is synonymous with exēgēsis, a synonymity carried over into their Latin translations, interpretatio and exposito respectively, and thus into the English synonyms interpretation and exposition."<sup>2)</sup> Alhoewel die tradisionele onderskeiding tussen hermeneutiek en eksegeese ter wille van 'n logiese werksverdeling gehandhaaf sou kon word, te wete dat eersgenoemde as die teorie van die eksegeese gesien moet word, terwyl laasgenoemde self as die wetenskap van die verklaring kwalifiseer, is dit nie wenslik om in die Bybelkunde sodanige onderskeid radikaal deur te voer nie. Vireers skep dit verwarring om hierdie onderskeiding te maak as gevolg van die nuwe konnotasie wat aan die woord hermeneutiek geheg word. Verder is dit duidelik dat deeglike eksegeese en die Skrifgetroue interpretasie daarvan, noodwendig in mekaar se verlengde verstrengel is. Daarom moet hermeneutiek by voorkeur verstaan word as die kuns van vertolking in die algemeen. Anders gesê: dit is interpretatio en expositio gelyktydig. Die hermeneutiek is dus nie bloot 'n teorie van die eksegeese nie, maar sluit die eksegeese self in. Hierdie vertolking van die hermeneutiek is ook noodsaaklik om enigsins 'n begrip te vorm van die hedendaagse gesprek rondom die Bybel waar die hermeneutiek as "spreekbuis" dien om die suiwer klanke van die Woord op te vang.

- 
1. Verhoef, P.A., Metodiek van die Eksegese, p.9.
  2. Robinson, J.M., Cobb, J.B., op.cit., p.5.



## HOOFSTUK II

### DIE WOORDOPENBARING EN DIE SKEPPINGSOPENBARING VAN GOD AS STUDIEVELD VIR DIE BYBELKUNDE

In die lig daarvan dat wetenskap poog om sover en soveel as moontlik logies-metodiese geverifieerde en gesistematiseerde kennis van die geskape werklikheid na te vors, sou in die algemeen gesê kon word dat die kenbare die bron van die wetenskaplike ondersoek is.

#### 2.1 DIE SKEPPINGSOPENBARING IN DIE KOSMOS AS STUDIEVELD

Die Griekse woord κόσμος <sup>1)</sup> het in die Skrif verskillende betekenisse en dui onder andere die menslike geslag aan; aardse besittings; en in etiese sin is dit die aanwysing van die goddelose wêreld. As kenbron vir die Bybelkunde dui kosmos in wysgerige sin die wêreldgeheel aan, die totaal van alles wat geskape is. Só gebruik is die betekenis daarvan sinoniem met die Ou-Testamentiese uitdrukking "hemel en aarde". Kosmos kan dus as 'n ruimtelike begrip gekwalifiseer word wat kenbaar is in stof, plant, dier en mens.

##### 2.1.1 KOSMIESE WETSORDE

Om 'n totaalblik op die geskape werklikheid te verkry, verg vooraf die Christelike religieuse onderskeiding tussen Skepper en skepping met die wet van God as onderhoudingsgrens én as onveranderlike wetsorde.<sup>2)</sup> God onderhou die tydelike werklikheid deur Sy kosmiese wette. Onder laasgenoemde moet ons die wette verstaan wat God in die kosmos gegee het en wat die ryk van die stof, plant, dier en mens insluit. Sommige van dié wette het God in Sy Woord as kultuurnorme openbaar (bv.

---

1. Abbott-Smith, G., A Manual Greek Lexicon of the New Testament, p.255.

2. Strauss, H., op.cit., p.26.

die Tien Gebooie). Ander het hy nie in die Bybel bekendgemaak nie, maar in die kosmos self as natuurwette gegee, sodat laasgenoemde onder andere gegee is as voorwerp vir die navorsing van die verskillende vakwetenskappe.

Die Godswet is die grens tussen God en Sy skepping, aangesien Hy dié wette nie vir Homself nie, maar vir Sy skepping gegee het:<sup>1)</sup> "Kosmiese wette is nie orde-bepalende en orde-handhawende eienskappe van die kosmos self in die sin dat hulle ook sonder God sou kon bestaan en funksioneer nie. Nee, hulle bestaan slegs omdat en slegs so lank as wat God hulle handhaaf en wil gebruik. Wie die wet losmaak van God en tog aan die wet vashou, verval, wat sy Godsbeskouing betref, in deïsme, en wat sy wetsbeskouing betref, in wettisisme en moralisme."<sup>2)</sup>

'n Noukeurige ontleding van die kosmiese wette het aangetoon dat die mens voortdurend in vyftien modaliteite (werklikheidsaspekte) lewe, wat ook genoem word funksies of wetskringe. Hierdie vyftien wetskringe is nie 'n teoretiese skema wat sy ontstaan aan studeerkamerbespiegelings te danke het nie, maar is juis 'n ontdekking en konstatering van die alledaagse werklikheid - soos duidelik bewys deur die feit dat hierdie wetskringe klop met die indeling van dié verskillende vakwetenskappe se afgebakende studieterreine.

### 2.1.2 DIE LEER VAN DIE MODALE ONDERSKEIDINGE

Herman Dooyeweerd het saam met Th. Vollenhoven die kosmiese wetsorde volgens 'n modaal-funksionele beginsel uitgebou en vasgelê in die Wysbegeerte van die Wetsidee. Die kosmiese aspekte word weerspieël en gegee in terme van die vyftien modale wetskringe waarvan die uniekheid geleë is in die bepalende sin-kern van elke wetskring. Vervolgens word die vyftien wetskringe

- 
1. Calvyn sê dat God nie aan Sy wette gebonde is nie: "Deus legibus solutus est". Cf. Kalsbeek, K., op.cit., p.68.
  2. Heyns, J.A., Die Nuwe Mens onder weg, p.22.

gerangskik met die kwalifiserende sinkern daarby, asook die vakwetenskap wat dié besondere wetskring as studieveld navors, tussen hakkies:

- |                   |  |
|-------------------|--|
| (i) GETAL         | - diskrete kwantiteit (getalleleer)      |
| (ii) RUIMTE       | - kontinue uitgebreidheid (meetkunde)    |
| (iii) KINEMATIESE | - beweging (fisiese wetenskappe)         |
| (iv) ENERGIE      | - energie-werking (chemiese wetenskappe) |
| (v) BIOTIES       | - organiese lewe (biologie)              |
| (vi) PSIGIESE     | - gevoelige bewussyn (sielkunde)         |
| (vii) LOGIES      | - analitiese denke (logika)              |
| (viii) HISTORIES  | - beskawingsontwikkeling (geskiedenis)   |
| (ix) LINGUISTIES  | - simboliese betekening (taalkunde)      |
| (x) SOSIALE       | - omgang en verkeer (sosiologie)         |
| (xi) EKONOMIES    | - ewewigtige besparing (ekonomie)        |
| (xii) ESTETIESE   | - skone harmonie (kunswetenskappe)       |
| (xiii) JURIDIES   | - vergelding (regswetenskappe)           |
| (xiv) ETIESE      | - morele liefde (etiek)                  |
| (xv) PISTIESE     | - vastigheid van vertrouwe (teologie)    |

Elkeen van hierdie wetskringe het 'n eie sinkern wat unieksoortig en onherleibaar is. Die sinkern kwalifiseer elke modale sfeer in sy spesifieke eiesoortigheid.

Die volgorde waarin die wetskringe kronologies geplaas is, berus nie op willekeur of toevalligheid nie. Die Wysbegeerte van die Wetsidee leer dat die wetskringe van die mins gekompliseerde (getal) in volgorde styg tot by die hoogste, naamlik die geloof.

Die telkens laere wetskring word die substraatkringe genoem en die telkens hoëre heet superstraatkringe. Die hoëre superstraatkringe is in die laere gefundeer en kan nie sonder 'n substraat bestaan nie. So kan daar nie sprake wees van analitiese denke (logiese wetskring) as daar nie gevoelige bewussyn veronderstel word nie (psigiese wetskring) en geen gevoelige bewussyn is moontlik sonder organiese lewe nie (biotiese wetskring).

Vanweë die aard-eie van die funksionele wetsorde is dit moontlik om die wetskringe in twee hoofgroepe te onderskei. In die eerste ses modale sfere geld die NATUURWETTE - en dit wat aan die natuurwette onderworpe is, is sonder uitsondering gehoorsaam aan dié betrokke wetmatigheid: "Die verordeninge van God vir die natuurfunksies is deur Homself verwerklik, klaar toegepas - by ons bekend as sogenaamde eksakte of volstrekte wette."<sup>1)</sup>

Die laaste nege modaliteite (logies tot pistiese) is betrokke by KULTUURNORME en kan dus ook normatiewe kringe heet. Hier is nie afdwingbare wetmatigheid ter sprake nie, maar normbeginsels wat oortree kan word. Hierdie norme is wel as onveranderlike beginsels in die kosmiese wetsorde self gegee, maar kan wel oortree word: "Die Goddelike ordinansies vir die kultuurfunksies is egter slegs as beginsels gegee (begin-punte) omdat die mens geroepe is om dit in sy beheersende vormingsarbeid toe te pas. Daarom noem ons dit kultuurnorme, want dit laat aan die mens 'n normatiewe keusevryheid met verantwoordelikheid by God. Dus nie ongebondenheid nie, maar vrye verantwoordelikheid in gehoorsaamheid aan God."<sup>2)</sup> Dit blyk dus dat daar in elke modaliteit 'n wetsy en 'n subjeksy te onderskei is wat onafskeidbaar op mekaar aangewys is. Die wet pas by die subjektiwiteit en laasgenoemde ontvang sy aard-eie bepaaldheid van die wet.

Voorts word die vyftien modale sfere deur die volgende karakteriserende eienskappe gekwalifiseer:

#### 2.1.2.1 Sinkern

Soos reeds genoem het elke wetskring sy eie kwalifiserende sinkern en daarom is elkeen van die modale sfere onherleibaar. Die eie-aard van die wetskring word dus deur die

- 
1. Strauss, H., op.cit., p.29.
  2. Ibid., p.29.

sinkern bepaal: "Hij moet niet herleidbaar zijn tot, en zelfs onafhankelijk zijn van andere modaliteiten."<sup>1)</sup>

Die feit dat een wetskring nie tot 'n ander herleibaar is nie, impliseer vanself dat dit onmoontlik is om die een kring in terme van 'n ander te verstaan. Die kosmiese werklikheid vertoon derhalwe 'n ryke verskeidenheid van individuele dinge wat elk 'n eie aard en onherleibare individueel-eiesoortige kern het. Laasgenoemde verseker trouens dat elke modaliteit soewerein in eie kring funksioneer.

#### 2.1.2.2 Soewereiniteit in eie Kring

Hierdie term wat aan Abraham Kuyper ontleen is en in Gereformeerde denke reeds 'n belangrike voorgeskiedenis het, het in die leer van die wetskringe 'n nuwe en vrugbare toepassing gevind. Dit berus op die skeppingsverskeidenheid waar God as die Volstreckte Soewerein, 'n eenheid in Sy verskeidenheid daargestel het. Hiervolgens word aanvaar dat God die ganse kosmos tot 'n sinvolle geheel georden het en wette en norme vir elke spesifieke individuele ding - hetsy wetskring of samelewingsverband - daargestel het. Binne bepaalde wetskringe geld alleen dié wette of norme van dié bepaalde kring en nie van ander kringe nie - "die funksionele aard van die een is dus nie tot die funksionele aard van die ander te herlei nie."<sup>2)</sup> Dit impliseer egter nie dat die verskillende wetskringe afsonderlik van mekaar bestaan nie. Elke wetskring vertoon sy verband met al die ander wetskringe en toon daarin duidelik dat die een wetskring nie van die ander geïsoleer kan word nie. Saam met die beginsel van soewereiniteit in eie kring, word die beginsel van universaliteit in eie kring as die keersy van eersgenoemde erken.

- 
1. Van Riessen, H., Wijsbegeerte, p.180.
  2. Strauss, H., op.cit., p.30.

### 2.1.2.3 Universaliteit in eie kring

Alhoewel elke wetskring sy eie onherleibare kwalifiserende sinkern het, is daar binne elke sfeer, rondom die eie kwalifiserende sinkern, sekere merkwaardige "sinmomente" geleë.<sup>1)</sup> Sommige van hulle wys vooruit na die superstraatkringe; ander wys terug na die substraatkringe.

Elke wetskring het dus 'n heen- en terugwysing (analogieë) waarin hy 'n vervlegting toon met al die kringe wat vroeër of later in die orde hulle plek het. Daarom is elke kring - onder die "baasskap" van sy eie grondwet - 'n spieëlbeeld van al die ander wetskringe en in dié sin ook universeel in eie kring.<sup>2)</sup>

Die sinmomente wat vooruitwysend 'n rol in die superstraatkringe vervul heet antisipasies, terwyl dié wat terugwysend in die substraatkringe funksioneer retrosipasies genoem word. Omdat die wetskringe 'n antisiperende en retrosiperende sinverband vertoon, word beide soewereiniteit én universaliteit in eie kring beklemtoon. Derhalwe is dit moontlik om oppervlakkig beskou, die ganse kosmiese werklikheid tot een besondere aspek te herlei - soos gepoog word deur die "isme-stelsel" byvoorbeeld historisme, biologisme, psigologisme, en andere. As 'n mens die weerspieëling van al die ander kringe binne een besondere kring met die kringe waarop geantisipeer of geretrosipeer verwar, word die skyn gewek dat jy die ganse kosmos teoreties in die greep het.<sup>3)</sup>

Vir die Bybelkunde is dit veral belangrik om te let op die geloofsaspek in die kosmiese wetsorde. Onder beslag van sy eie grondwet (vastigheid van vertroue) is die pistiese wetskring deur sy analogieë met al die ander kringe vervleg en vind die geloofsaspek 'n eie kenmerkende uitdrukking in al die ander modale sfere.

- 
1. Kock, P. de B., op.cit., p.65.
  2. Strauss, H., op.cit., p.31.
  3. Kock, P. de B., op.cit., p.66.

Met betrekking tot die GETAL kan verwys word na geloofseenheid van enersdenkendes, asook op die verskeidenheid van genadegawes wat elkeen besit (1 Kor. 13).

In die RUIMTE modaliteit is die geloofsruimte van die plaaslike gemeente te onderskei van die wêreldwye ekumeniese verband tussen gelykgesinde gelowiges en kerke.

Die geloof is egter ook nie staties nie, maar in BEWEGING wat 'n gerigtheid toon van die geloof tot die objek waarop dit uitwaarts gerig is.

Die geloof word ook met die aspek van ENERGIE vervleg in die gestalte van geloofskrag en die dinamiese daadkrag.

Die BIOTIESE aspek vertoon 'n sprekende voorbeeld van geloofsgroei wat as geloofskontinuiteit geïllustreer word in die volharding van die gelowiges.

In die PSIGIESE wetskring vind die geloof sy neerslag in die belewing van onder andere geloofsvreugde.

Die geloofsaspek word in die LOGIESE wetskring geaktiveer wanneer analities gedink en geredeneer word om die waarheid van die Woord antities teenoor die dwaling te stel. Die Sendbriewe van Paulus, veral Efesiërs 6 waar die geeste op die proef gestel moet word, is sprekende voorbeelde van die apologetiek waarin gesistematiseerde en logiese rangskikking van geloofswaarhede aangestip word. Die hele Skrif is trouens deur God ingegee en dien as voorbeeld van teregwysing en weerlegging (2 Tim, 3:16) wat die logiese funksie aandui.

Die HISTORIESE wetskring betrek die geloofsaspek wanneer beskawingsontwikkeling byvoorbeeld belig word vanuit die perspektief van 'n Christelike strewe tot kultuurvorming. Die ontwikkeling van die liturgie, die belydenisskrifte, Bybelvertaling, ens., is almal voorbeelde van die geloofsaspek wat in die historiese

modale sfeer na vore kom.

Die geloof vind veral in die LINGUISTIESE wetskring 'n besondere neerslag, aangesien dit God behaag het om Sy besondere openbaring deur middel van die Woord bekend te stel. Die geloofsaspek word in hierdie wetskring nie alleen deur die taalkunde uitgedruk nie, maar word ook as simboliese betekening in byvoorbeeld tekens beskryf waarvan die Nagmaal met die elemente van brood en wyn simbolies van Christus se versoeningswerk spreek.

In die SOSIALE wetskring word die geloofsaspek sigbaar in die analogiese heenwysende omgang met God en die gelowige verkeer van geloofsgenote met mekaar. Vergelyk hier byvoorbeeld Johannes 15, asook handelingte soos die gebed en uitdrukkings soos om met God te "wandel" (Gen. 5:24).

Die EKONOMIESE wetskring druk die geloofsaspek uit deur Christelike rentmeesterskap voor te hou as ideaal vir die gelowige se besparingsmotief. Offervaardigheid is hier 'n tipiese voorbeeld van ewewigtige besparing waar die geloofsaspek in ekonomiese verband gerealiseer word.

Geloof word in die ESTETIESE wetskring geïllustreer deur die gelowige se lewenshouding wat op vertikale sowel as op horisontale vlak getuig van 'n harmonieuse en godvrugtige geloofsverhouding.

JURIDIES leer ons byvoorbeeld van God se eis tot geloofsgehoorsaamheid en Sy geregtigheid ten opsigte van ongehoorsaamheid.

Die ETIESE wetskring bring die geloofsaspek na vore in die liefde wat veral gestalte vind in die liefdesdiens aan die Here. Die mens getuig sy liefde konkreet tot God veral in die kultiese aktiwiteite. Die gevaar om derhalwe hierdie konkrete liefdesbetuiging met menslike verering te verwar, is nie



denkbeeldig nie, soos J.C. Lombard tereg aantoon: "Die Roomse kultus oortree juis die geloofsnorme hier deur dit wat net geestelike Godsverering moet bly, ook te verwar met menslike heilige verering. So word die geloofsaspek en die sosiale verwar."<sup>1)</sup>

Die geloof as die hoogste wetskring het belangrike implikasies vir die Bybelkunde, veral omdat die pistiese wetskring 'n sleutelposisie beklee in die normatiewe gerigtheid van die mens om tot eer van God op te tree óf om afvallig van Hom te wandel.

Die belangrikheid van Bybelkunde as akademiese dissipline tree juis as gevolg hiervan sterk op die voorgrond. Bybelkunde is by uitstek die vak wat in die ensiklopediese samestelling van die vakwetenskappe, primêr in verband staan met die mens se geloof en geloofsinhoud. En waar die geloof as die mees fundamentele aspek van die mens se lewensontsluiting fungeer, is dit duidelik dat die Bybelkunde in die aanbieding van sy leerstof deeglik rekening sal hou met die geloofsaspek, aangesien dit nie alleen lei in die ontsluiting van die lewensuitgange nie, maar inderdaad die koers van die mens se lewe bepaal.<sup>2)</sup>

## 2.2 DIE WOORDOPENBARING IN DIE HEILIGE SKRIF AS STUDIEVELD

In die onderrig van Bybelkunde word nie beoog om die Bybelinhoud slegs op die engere geloofslewe van die mens te betrek nie, maar word gepoog om die Heilige Skrif as normatiewe kenbron vir die volle lewe van die mens aan te bied. Die Bybel moet inderdaad ook as normatiewe kenbron in 'n akademiese opset aanvaar word, aangesien die Bybel nie net "geloofswaarhede" verkondig nie en omdat die ander wetenskappe ook nie hulle studietaak sonder enige pretensie van geloof kan beoefen nie.

- 
1. Lombard, J.C., Leerstellige Godsdiensonderwys en Bybelkunde - die grondslag en die praktyk, p.47.
  2. Cf. Infra, Die funksie van die aktstruktuur en ontsluiting, pp.71-75.

Daarom kan veral die volgende argumente aangevoer word ten gunste van die gebruikmaking van die Bybel as normatiewe kenbron vir alle wetenskaplike navorsing:

2.2.1 Die Heilige Skrif is 'n kosmiese gegewenheid wat binne tyd en ruimte ontstaan en kenbaar geword het.

Kragtens sy unieke ontstaan as geïnspireerde Woord van God bevat die Bybel uitsprake wat die ganse kosmiese werklikheid raak. En alhoewel die Bybel nie aan die vakwetenskappe enige navorsingsmetodes voorskryf nie, is dit inderdaad "onwetenskaplik" om nie van die geopenbaarde Skrifwaarhede wat op die verskillende studieverde betrekking het, kennis te neem nie.

2.2.2 Die Heilige Skrif is ook 'n bo-kosmiese gegewenheid wat as sodanig waarhede verstrek wat deur geen kosmiese navorsingsprojek verkry kan word nie.

Calvyn verklaar heel tereg dat die God van die Skrif=tuur terselfdertyd ook die God van die natuur is. Derhalwe is die logiese konsekwensie wat hieruit voortspruit die erkenning van die harmonie wat daar tussen die Skrif en die kosmos bestaan, sodat daar geen ruimte gelaat kan word vir teenstrydige waarhede wat mekaar vanuit hierdie twee studieverde sou weersprek nie. Die natuur kan immers eers reg waargeneem word as dit deur die bril van die Skriftuur gesien word.

As egter beweer word dat die Skrif as normatiewe kenbron vir die wetenskap dien, veronderstel dit egter dat die Skrif volgens sy eie aard en doelstelling gebruik moet word as kenbron. Gods openbarende spreke in die Skrif "was nie 'n versameling Goddelike waarhede wat in wetenskaplike vorm logies-gesistematiseerd, op 'n enkele moment van bo die geskiedenis en van buite die tyd en ruimte op die Bybelskrywers afgekomp het nie. Maar in die geskiedenis het God gehandel, en van hierdie handelende teenwoordigheid van God getuig die Skrif."<sup>1)</sup>

---

1. Heyns, J.A., op.cit., p.33.

As normatiewe kenbron vir die wetenskap in voor-teoretiese sin, word die Heilige Skrif dus aanvaar met die inagneming van die denk- en leefwyse asook die tyd-ruimtelike begrensdeheid van die destydse vóór-wetenskaplike wêreldbeeld waarin die Bybelskrywers onder inspirasie van die Heilige Gees geskrywe het.

### 2.2.3 SLOTOPMERKINGS

Om 'n totaliteitsbeeld van die kreatuurlike werklikheid te verkry, moet daar onderskei word tussen Skepper en skepping, tussen God en die kosmos. God is dus nooit met die geskape dinge te vereenselwig nie (panteïsme). Nog minder waar is die siening dat God Homself van Sy skepping geïsoleer het (deïsme). Die Bybel leer egter dat die natuur van God spreek (Ps. 19:1-7), alhoewel Hy nie deel daarvan is nie. Die Bybelkunde sal daarom 'n sterk aksent plaas op die feit dat God die Skepper en Onderhouer van die skepping is en dat laasgenoemde onderhewig is aan wette wat God self daar gestel het.

Wanneer die struktuur van die Goddelike skepping ondersoek word, blyk dit dat daar 'n onderskeid getref moet word tussen die ryke van die natuur en kultuur. Aan eersgenoemde behoort alle dinge (stof, plant en dier), terwyl die kultuurryk die terrein van die mens en sy kultuurhandelinge is.

Die wette van die natuurryk is deur God vasgelê en kan nie verander of oortree word nie (bv. die wet van swaartekrag). Dit kan ook nie sonder meer van toepassing gemaak word in die kultuurryk van die mens nie. Daarenteen kan die wette (norme) van die kultuurryk wel oortree word, en gebeur dit inderdaad ook vanweë die sondige natuur wat aan die mens eie is. Kenmerkend van die wette (norme) wat in die kultuurryk geld, is die feit dat dit 'n normatiewe karakter dra. Hierdie kultuur-norme het nie 'n dwingende karakter soos wat by die natuurwette geld nie, maar vra van die mens gehoorsaamheid om die norme na te kom. In die keuse om die kultuurnorme te gehoorsaam aldan nie, tree die mens nooit neutraal op nie, maar word ten

diepste gelei deur die grondmotief wat op sy hart beslag gelê  
het en koers aan sy lewe gee, hetsy in gehoorsaamheid gerig op  
Hom óf in ongehoorsaamheid afvallig aan Hom gerig op 'n denk=  
beeldige of vermeende god (afgod).

---ooOoo---

### HOOFSTUK III

#### DIE FUNKSIE VAN DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF IN DIE ONDERRIG VAN BYBELKUNDE

##### 3.1 DIE SAMEHANG TUSSEN RELIGIE EN GODSDIENS

###### 3.1.1 Religie

Die begrip religio kom nie in die Bybel voor nie en word vir die eerste keer in Cicero se De Natura Deorum<sup>1)</sup> gebruik. Hy lei die woord af van relegere ("herlees") en dui daarmee die religie aan as 'n voortdurende en ywerige inagneming van alles wat op die verering van die gode betrekking het.<sup>2)</sup> Luctantius daarenteen verklaar religie uit die woord religare ("bind" of "vasbind") en dui daarmee die band aan wat die mens aan God verbind. Luctantius se afleiding het algemeen ingang gevind en is soseer "gekersten" dat dit in die woorde van Dooyeweerd omskryf word as die innerlike impuls van die menslike selfheid om hom te rig op die ware of vermeende absolute Oorsprong van alle tydelike dinge.<sup>3)</sup>

Veral sedert die Reformasie word daar erns gemaak met die "innerlike impuls" wat die Hervormers die pietas (beginsel van religie) noem teenoor die kultus wat as die actio van die religie omskryf word. In Gereformeerde kringe het Bavinck se onderskeiding in dié verbandingeburger geraak, naamlik sy verwysing na die religio subjectiva wat 'n innerlike religieuse gerigtheid (habitus) in die mens is, teenoor die religio objectiva wat in uiterlike kultiese handeling oorgaan. Die habitus wat in elke mens teenwoordig is vergelyk Bavinck met wat Calvyn

- 
1. Szekeres, A., "Godsdienst" in Christelike Encyclopedie, deel III, 1956, red. Grosheide, F.W., Van Itterzon, G.P., pp.253-255.
  2. Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, deel I (1967), p.207.
  3. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, p.57.

die semen religionis omnibus inditum est noem. Bavinck sien verder in dat die habitus by die gevalle mens bedorwe is "en brengt, door eene onware en onzuivere religio objectiva bevrucht, ook een cultus voort, die idololatreia" is<sup>1)</sup>. Daarom is die voorwaarde vir 'n suiwer religie die herbore en vernuwing van die bedorwe habitus religionis in die mens. Sodanige vernuwing vind sy setel volgens die Skrif in die hart van die mens waaruit al sy uitgange herlei word (Spr. 4:23): "die hart is die bron van alle lewensuitinge, middelpunt en kern van die hele lewe. As dit reg is, is ook die res van die lewe reg. Dit bepaal die koers wat die lewe sal inslaan."<sup>2)</sup>

Die religie kan dus beskryf word as daardie innerlike tendens van die menslike selfheid om hom te rig op die ware of vermeende oorsprong van alle dinge.<sup>3)</sup> Daarom is religie eie aan beide diegene wat apostaties van God afvallig is, sowel as by die positiewe Christelike gerigtheid op die eer van Sy naam. Meer nog, die religieuse verhouding waarin die mens tot sy God of afgod staan, kan beskryf word as 'n ingesteldheid van die hart. In die lig van die Christelik-reformatoriese wysbegeerte van Herman Dooyeweerd het dit vir ons duidelik geword dat daar 'n religieuse grondmotief is wat radikaal en integraal deurdring tot die wortel ("radix") van die menslike bestaan om van daaruit die mens se denke en wilsaktiwiteite te beheer. Daarom sal die religieuse grondmotief wat op die mens se hart beslag gelê het, hom lei om in al die uitgange van sy lewe die eie-tipiese vrugte van daardie bepaalde religieuse grondmotief na vore te bring. Die religieuse grondmotief is daarom nie 'n motief naas ander motiewe nie, maar is daardie motief wat agter alle ander motiewe en faktore gesetel is. Ook die religio subjectiva staan dus onder die heerskappy van die religieuse grondmotief wat op die mens se hart beslag gelê het.

- 
1. Bavinck, H., op.cit., p.213.
  2. Du Toit, S., "Spreekke" in Die Bybel met Verklarende aantekeninge, deel II, p.1344.
  3. Cf. Kock, P. de B., Christelike Wysbegeerte, p.12.

### 3.1.2 GODSDIENS

Godsdiens is ten nouste verbind met religie aangesien dit ook religieus bepaald en gerig is op die Oorsprong van alle dinge. Indien ware religie sekere ooreenkomste toon met die religio subjectiva, sou die godsdiens daarenteen beskryf kan word as die religio objectiva wat gerealiseer word in die Verbond van die Here met Israel en die verordeninge wat in die Wet ingesluit is.

Sonder om te beweer dat die godsdiens vir Israel bloot 'n cultus externus was - want hierdie kultiese handeling het immers tog 'n cultus internus veronderstel waar God geken en gedien moes word met die hele hart - sou die religie dan omskryf kan word as die religieuse ontknoping van die hart in die vrese van die Here. Hierdie innerlike gesindheid teenoor die Here sluit allerlei godsdienstige stemminge in soos onder andere יְהוָה (Gen. 15:6); אֱלֹהִים (Ps. 26:1); אֱלֹהִים (Ps. 5:12); אֱלֹהִים (2 Kon. 18:6); אֱלֹהִים (Ex. 20:6); ens. In die Nuwe Testament word dieselfde saak gedien, dog dáár gee God Sy Openbaring nie in 'n reeks wette nie, maar wel in die persoon van Christus. Hy is die ὁδὸς τοῦ κυρίου (Hand. 18:25; 19:9; 22:4); die διδαχὴ of διδασκαλία (Matt. 7:28; 22:33; Joh. 7:16, 17; Hand. 2:42; Rom. 6:17; ens.); die εὐαγγέλιον (Mrk. 1:1, 14, 15); die λόγος τοῦ θεοῦ (Matt. 13:19). Die religieuse ontsluiting van die hart vind plaas dus onder leiding van die πίστις in die lig van die Woord, waarvan die ἀγάπη as kern van die sentrale liefdesgebod die norm van die Christelike vroomheid vorm.

Daar kan dus tereg gesê word: "Christelike religie as die regte gesteldheid en ingesteldheid van die hart is God-gerigtheid, Christus-verankering, hartvernuwing deur die Heilige Gees, gebondenheid aan die Woord en wetsgeoriënteerdheid."<sup>1)</sup> Religie

---

1. Kock, P. de B., Christelike Wysbegeerte, p.15

dra 'n naiewe, vóór-wetenskaplike karakter en kanaliseer al die uitgange van die mens se hart in handeling wat óf anastaties gerig is op God óf apostaties gerig is op 'n afgod. Omdat die religieuse grondmotief radikaal op die totaliteit van die mens beslag lê, sal die vingerafdrukke van sy religieuse ingesteldheid noodwendig op al sy lewensaktiwiteite bespeur word, sodat daar by die mens geen neutraliteit ten opsigte van sy beoefening van kuns, wetenskap, en veral Skrifondersoek, bestaan nie.<sup>1)</sup>

### 3.2 DIE FUNKSIE VAN DIE GRONDMOTIEF BY DIE BYBELONDERSOEK

Die Bybelkunde moet kennis neem van die aard van die religieuse grondmotief wat op die Bybelondersoeker se hart beslag gelê het, ten einde die waarheidsmomente duidelik te onderskei van dit wat bloot menslike bespiegeling is en vanuit die navorser se eie hart opkom. Alhoewel daar basies net twee grondmotiewe bestaan wat die mens se lewenskoers rig, naamlik 'n anastatiese en 'n apostatiese grondmotief, toon 'n sistematiese besinning deur Dooyeweerd aan dat vier religieuse grondmotiewe daarin onderskei kan word. Vervolgens word kortliks verwys na hierdie vier grondmotiewe wat in die loop van die westerse geskiedenis op die mens se hart beslag gelê het.

#### 3.2.1 VORM-MATERIE-motief.

Sedert die tyd van Aristoteles staan die Griekse grondmotief bekend as die motief van vorm en materie. Kenmerkend van die klassieke Griekse denke is sy innerlike dualisme wat mens en kosmos in twee onversoembare entiteite polariseer: "Dit is dus duidelik dat twee grondmotiewe wat tegelyk aan die

- 
1. G.E. Langemeijer herlei die kerngedagte van Dooyeweerd se wysbegeerte terug tot die feit "dat alle filosofie nie-theoretiese, religieuse vooronderstellingen heeft, die zij niet ontberen kan, en faalt zodra zij "autonoom" wil zijn en dus zich van die vooronderstelling niet bewust is". Cf. Kalsbeek, L., De Wijsbegeerte der Wetsidee, p.11.



orde gestel is, mekaar probeer ophef en uitskakel. Hiervan word gewoonlik gesê dat hulle in dialektiese spanningsverhouding teenoor mekaar staan. Hulle is met ander woorde in 'n voortdurende twisgesprek begrepe."<sup>1)</sup> Hierdie grondmotief het sy oorsprong in die voorvaderlike natuurreligie<sup>2)</sup> wat 'n konflik veroorsaak het tussen die vormlose godheid wat "als een altijd vloeiend levenscontinuum of een chaotische baaierd werd opgevatt" en die Olimpiese godendom waarin die godheid bo die chaos uitstyg en as onsterflike redelike vormprinsipe vereer word.<sup>3)</sup> Basies leer die Griekse denkers dat die omringende anorganiese en organiese natuur in wese bestaan uit 'n vervlegting van twee oorspronklike principia, naamlik stof (hulè) en vorm (morphè).

Die grondmotief vorm-materie is die voedingsbodem van menige valse moderne mensebeskouings, waarvan onder andere die volgende vir die Bybelkunde ter sake is:

1. Die wanopvatting dat die liggaam as die stoflike minder belangrik is as die siel van die mens. Met betrekking tot hierdie grondmotief soos weerspieël in die denke van Plato, skryf J.A. Heyns: "Die liggaam is die setel van die laere begeertes van die mens en daarom moet die mens hom reinig deur hom van sy liggaam los te maak. Vandaar dat hy die siel dan ook sien as 'n gevangene in die kerker van die liggaam wat deur die tralies (die liggaamlike sintuie) na buite moet kyk."<sup>4)</sup>
2. Hieruit spruit 'n deïstiese voorstelling voort, naamlik dat God wat die "volmaakte vorm" is, die siel van die mens as 'n "vonkie" van die Volmaakte self, in hom oorgeplant het. Gevolglik word die siel as meerderwaardig beskou teenoor die bedorwe liggaam wat minderwaardig geag word. Volgens hierdie

---

1. Kock, P. de B., op.cit., p.47.
2. Van Riessen, H., Wijsbegeerte, p.59.
3. Kalsbeek, L., op.cit., p.56.
4. Heyns, J.A., Denkers deur die Eeue, p.30.

standpunt is die mens ook nie by wyse van analogie na die beeld van God geskape nie, maar is ten onregte aldus hulle mening, beeld in God geskape. Hierdie dualisme word ongelukkig nog steeds via verskillende gestaltes van die Piëtisme voortgesit en vind so ook sy neerslag in die Christelike kerke.

### 3.2.2 NATUUR-GENADE-motief

Thomas van Aquino het probeer om 'n sintese te bewerkstellig tussen die Griekse denke en die Christelike geloof en sodoende het die skolastiese grondmotief met sy dualisme van natuur en genade ontstaan wat as 'n denkrigting die grondslag gevorm het van die Rooms-Katolieke dogma.

Die genade (donum superadditum) staan in hierdie denke verhewe bo die redelike natuur (anima-rationalis) wat in die mens bestaan: "God se ingryping in die wêreld en Sy aktualisering van die moontlikhede sien Thomas as genade, en daarvan kan hy sê: die genade verwerklik die diepste moontlikhede van die natuur."<sup>1)</sup>

Hier kom ons te staan voor die kerngedagte wat die ganse Roomse teologie beheers: "die natuur is 'n selfstandige voortrap van die genade; 'n onderbou van die Christelike bo-bou. Die natuur staan tot die genade soos die laere staan tot die hoëre."<sup>2)</sup> Meer nog, die genade word deur die Sakramente by die mens ingestort en bring mee dat hierdie denkrigting onaanvaarbaar is vir die moderne samelewing juis as gevolg van sy onvermoë om homself uit die Middeleeuse gebondenheid te lanseer. In dié verband kan J.C.G. Kotze aangehaal word: "The whole system of Rome is reared on the Sacraments, with the sacrifice of the Mass as the corner stone of the edifice. Believing herself to be the visible embodiment of the kingdom of God on earth, she

- 
1. Ibid., p.57.
  2. Ibid., p.57.

confesses to have the material symbols, which Christ has placed in her hands, to work the sanctification of her members, and which through the power of God really contain and cause grace."<sup>1)</sup>

Die vrug van hierdie dualisme word vertoon in die polarisering tussen geloof en rede wat tot die hedendaagse dwaling lei, naamlik dat die sekulêre (wêreld) die arbeidsveld van die rede is, terwyl die geloof tot die hoër orde van die genade behoort wat uitsluitlik in die sfeer van die Kerk en kerklike aktiwiteite tot uitdrukking kom. Daarom begin geloof volgens hierdie standpunt daar waar die wetenskap sy horison bereik en die rede nie meer verder 'n funksionele rol ter vervulling het nie.

### 3.2.3 NATUUR-VRYHEID-motief

Die mens is deur die Renaissance ontworstel uit die greep van totalitêre kerklike oorheersing en het die weg gebaan vir die koms van die outonome mens wat met sy rede as arbiter homself "bevry" het van die Bybel, geloof, en helaas van God self! Hierdie denkpatroon om vanuit die mens as middelpunt te redeneer, het die mens gelei om homself onafhanklik en selfgenoegsaam te verklaar van enige mag buite sy eie ervaringsveld. Slegs dit wat hy sintuiglik of via sy analitiese vermoë kan waarneem, word as konkrete realiteit en enigste werklikheid aanvaar. Hierdie gedagterigting vind veral via die eksistensiële filosofie vandag sy neerslag in die teologiese wêreld waar 'n "eietydse teologie" ontwikkel wat gekenmerk word as rasionalisties, anti-metafisies, a-teïsties, supra-histories, funksionalisties en personalisties.<sup>2)</sup>

Wesenlik kan bogenoemde humanistiese religieuse grondmotief van natuur en vryheid getipeer word as 'n valse verdraaiing van die plek wat die Bybel aan die mens toeken. In Dooyeweerd<sup>3)</sup> se

- 
1. Kotze, J.C.G., The Divine Charge to the Christian in the Church, p.100.
  2. Cf. Heyns, J.A., Sterwende Christendom?, pp.96-160.
  3. Cf. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. I, p.190.

woorde word die teoretiese uitgangspunt van dié denke vanuit transendentale dimensie na die immanente verplaas. Derhalwe word die skeppingsmotief deur die geloof in die skeppende krag van die wetenskaplike denke só oorwoeker dat die mens nie die gronde van sy sekerheid in die Woord soek nie, maar alleenlik in homself.

#### 3.2.4 SKEPPING-SONDEVAL-VERLOSSING-motief

Dit is duidelik dat elke mens bewustelik of onbewustelik deur sy religieuse grondmotief gerig word. Daarom is dit vir die Christendenker onontbeerlik om as Archimedespunt vir sy denke, stellingname in te neem by 'n grondmotief wat hom in staat sal stel om in die lig van die Heilige Skrif sy lewenskoers anastaties te rig: SOLI DEO GLORIA!

Met betrekking tot die Christelike religieuse grondmotief moet die Bybelkunde myns insiens aansluiting vind by Herman Dooyeweerd se gedagtes in dié verband soos dit uitgewerk is in die Wysbegeerte van die Wetsidee. Hierin bou hy 'n Christelike denke uit wat gebaseer is op die Bybelse grondpatroon van skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus in die gemeenskap van die Heilige Gees.<sup>1)</sup>

Gedagtig daaraan dat die hele Bybel die geïnspireerde Woord van God is (2 Tim. 3:16; 2 Petr. 1:21) en dat alles wat daarin vervat is vir die mens voorgehou word om te ken, word die skepping, sondeval en verlossing as die grondtema gesien waarvolgens 'n sistematiese gang in die hele inhoud van die Woordopenbaring blootgelê word.

Dit sou myns insiens moontlik wees om op die Christelike grondmotief wat Dooyeweerd uitgewerk het, verder aan te vul. Plek kan byvoorbeeld ingeruim word om die heerlikmaking (wat hy heel

---

1. Cf. Kalsbeek, L., op.cit., p.57.

tereg by verlossing ingesluit het) as 'n aparte aspek te beklemtoon, sodat dit meer spesifiek binne eskalologiese perspektief belig kan word. Basies kan dié Christelike grondmotief soos volg verduidelik word:

1. Skepping

Die Bybel stel dit onomwonde dat God as die Skepper Homself openbaar het as die enigste en absolute Oorsprong van alle dinge (Rom. 11:36). Vir die Bybelkunde is dit veral belangrik om die skeppingsmotief te ondersoek, aangesien die Bybelkunde nie met feite werk wat in die lug sweef nie, maar ook die doel nastreef om die Bybelleser self in sy hart aan te spreek en tot 'n deurgrondelike selfkennis te lei.

In teenstelling met die meeste ander wysgerige strominge, word die oorsprong van alle dinge na God self as die Skepper daarvan herlei. Vir die Bybelkunde is veral die antropologiese perspektiewe wat hierin opgesluit lê, van groot belang. Die mens word gesien as die beeldraer van God en wat as sodanig verskil van die res van die geskape realiteit, naamlik stof, plant en dier. As mens word daar besondere take aan hom opgedra (kultuuroopdrag - Gen. 1:26) en word hy met besondere toerusting begenadig. As skepsel bestaan daar egter verskille van radikale en integrale omvang tussen Skepper en skepsel. Laasgenoemde is aan die tyd gebonde, relasioneel, nooit 'n God nie, onabsoluut en nooit 'n wet in homself nie, want hy is skepsel onder die wet van God.<sup>1)</sup> Saam met alle ander skepsele behoort hy tot die skepping. As beeldraer van God ontsluit die mens die skepping en voer hy dit na die Eindbestemming van alle dinge.

So word die ganse skepping tot die beskikking van die mens gestel, want as Gods mede-arbeider in die skepping is hy steeds besig met die beheersende ontsluiting van die kosmos tot Gods eer. Hy kan nie anders as om alles wat hy doen tot Gods eer

---

1. Cf. Dooyeweerd, H., op.cit., p.10.

te doen nie, want dit is die sin van sy bestaan om al die uitgange van sy lewe op sy Skepper in te stel. Daarom het die mens ook nie slegs 'n tydelike of kosmiese bestemming nie, maar gaan die tydelike struktuur in sy selfheid te bowe in die strewe na sy eskatologiese ewigheidsbestemming.

## 2. Sondeval

Die wese van die sonde is geleë in die feit dat die mens in ongehoorsaamheid aan God, sy hartsgerigtheid van God afgewend en op iemand of iets anders in hierdie tydelike werklikheid gerig het. Die sonde lei daartoe dat die mens nie van nature die religieuse grondmotief wat aan sy mens-wees eie is, anastaties op die eer van God rig nie, maar dat hy dit apostaties aan 'n afgod of afgodiese versinsel onderwerp.

Die sondeval het ook nie net die hart van die mens getref nie, maar die hele kosmos is radikaal daardeur geraak (Gen. 3:17-18): "As kroon van die skepping is die religieuse beelddraer dus intiem aan die res van die geskape werklikheid verbonde. Ja, só intiem verweef dat die val van Adam direk ook die res van die skepping tref - alles wat saam met die mens goed was na die laaste skeppingsdag. Die sonde van die mens tref ook sy aardse tuiste."<sup>1)</sup>

Die Bybelkunde hou rekening met die religieuse beladenheid van die woord sonde en beskryf dit nie as 'n blote "oortreding" of "swakheid" of "fout" wat in die mens ontstaan het nie, maar wel as 'n werklikheid wat deurdring tot die wortelbestaan van die mens se selfheid. Wie die Skrif op hierdie punt wil afwater, verval in humanistiese oppervlakkigheid en is dus vir alle praktiese doeleindes nie in staat om vrugbare navorsing op die gebied van die Bybelkunde of enige ander vakgebied te doen nie.

---

1. Strauss, H., op.cit., p.22.

### 3. Verlossing

Die mens se aardse tuiste wat radikaal deur die sonde vervreemd is, bly deur God se genade vir die mens behoue deur die dubbele verdienste van Christus as Verlossingsmiddelaar en as Herskeppingsmiddelaar. Aan eersgenoemde kry die mens deel deur wedergeboorte en bekering, waardeur die gemeenskap met God herstel word (Kol. 1:14-20). In Christus se werk as Herskeppingsmiddelaar word die algemene genade as die konserverende krag wat die sondemag stuit, geopenbaar. Daardeur word die feit geaksentueer dat alle natuurdinge aan die mens onderwerp is, omdat Christus ná die sondeval alles verlos het en die mens in sy ampsposisie (Gen. 1:28) herstel is. Die Bybelkundige sal dus daarop ingestel moet wees om die Christelike religie ook radikaal te laat geld in die denke aangaande die skepping, wetende dat: "Vir die wyse waarop ons dit gebruik, is ons by God verantwoordelik in die Christelike wete dat ook dit alles - net soos ons - nie meer gaaf en goed is nie. Egter ook in die wete en dankbaarheid dat Christus dit wat deur ons sonde getref is, nogtans uit louter genade vir ons in sy herskeppingswerk bewaar,"<sup>1)</sup>

#### 3.3 DIE VERHOUDING GEES EN WOORD TEN OPSIGTE VAN DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF

Die mens word religieus, deur die grondmotief wat op sy hart beslag gelê het, gerig. Die godsdienstige of kultiese bo-ton is dus die vrug van die religieuse onder-bou wat die mens tot aksie lei. Indien 'n Christelike grondmotief op die hart beslag lê, moet sodanige grondmotief op die Bybel as Woord van God gebaseer word. Oppervlakkig beskou kan dit die indruk wek dat die Bybel hier slegs 'n objektiewe funksie het om te vervul, naamlik om die mens te motiveer en sy eie inherente vermoëns aan te wakker tot 'n bepaalde "Bybelse" lewens- en wêreldbeskouing. Die prominente plek wat die Bybel as bepalende

---

1. Strauss, H.J., Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys, p.23.

sine qua non by die formulering van 'n Christelike grondmotief inneem, vervang egter nie die verborge en mistieke werking van die Heilige Gees nie. Die aksentuering van die Bybelbeginsels impliseer nie dat God se Openbaring met die te Skrifstelling, opgehou het om te funksioneer nie. Dan' sou die Bybel inderdaad die rol van 'n "papierpous" vervul het. Die Heilige Gees werk juis kragtig deur die Woord deurdát die Heilige Gees in ons harte getuig dat die Bybel wel die Vox Dei is. (Nedl. Geloofs=belydenis, art. V).

Die Gereformeerdes handhaaf tradisioneel dat die Heilige Gees saam met die Woord (cum verbo) getuig. Hulle het egter nie gewaag om te beweer: Waar die Woord is, daar is ook die Heilige Gees nie, want die Heilige Gees kan sonder die Woord werk - en die gepredikte Woord kan daarenteen immers sonder effek bly. Waar ookal die Woord effektiwiteit openbaar, is dit só as gevolg van die onmisbare bykomende werking van die Heilige Gees (Hand. 16:14).

Calvyn het ook diegene (Dopers) bestry wat die predicatio externa verag het en alle verwagting op 'n predicatio internum gestel het. Hy beklemtoon die verband tussen Woord en Gees deur te wys op die instrumentele karakter van die gepredikte Woord waarop die mens aangewys is om te glo.<sup>1)</sup>

H.N. Ridderbos beklemtoon ook die verband tussen gepredikte Woord en die werking van die Heilige Gees, al sou die krag van die Heilige Gees nie sonder meer in die Skrif opgesluit (Luther) wees nie.<sup>2)</sup>

Die LUTHERSE standpunt rakende die verhouding Woord en Gees word deur H. Berkhof<sup>3)</sup> gestel, naamlik dat die Heilige Gees die

- 
1. Cf. Calvyn, J., Institutie, IV, III, 19.
  2. Ridderbos, H.N., "De Genademiddelen" in Het Dogma der Kerk, red. Berkouwer, G.C., Toornvliet, G., p.525.
  3. Cf. Berkhof, H., The Doctrine of the Holy Spirit, p.15.



geloof deur die Woord (per verbum) bewerk. Volgens hierdie siening kan die Woord gevolglik nooit sonder geestelike invloed wees nie. Tog werk die Woord in baie gevalle nie geloof in die hand nie en daarom het latere Lutherane hierdie "oneffektiwiteit" toegeskryf aan die vrye wil wat in die mens oorgebly het. Hierdie simplistiese oplossing kon egter nie getrou gehandhaaf word nie, aangesien hierdie verklaring in stryd is met art. 5 van die Augsburgse Konfessie, naamlik: Die Heilige Gees werk die geloof deur die Woord - ubi et quando visum est Deo!

Ons kan dus aflei dat die Heilige Gees saam met (cum verbo) die Woord getuig en dat enige "effek" wat die Woord tot bevordering van geloof op die mens inwerk, slegs moontlik is omdat die Heilige Gees dit moontlik gemaak het. Anders gesê, sonder die werking van die Heilige Gees is die Bybel op sigself "kragteloos". Die Heilige Gees se werking deur die Woord en sy grondmotief via die wedergebore hart geld dan ook tot in die Christelike vakaanbieding van Bybelkunde en alle ander vakke.

### 3.4 BYBELKUNDE EN DIE CHRISTELIKE GRONDMOTIEF SE PRAKTIESE RELIGIEUSE DRYFKRAG

#### 3.4.1 "Neutrale Wetenskap"

In elke vorm van onderrig word uitgegaan van 'n bepaalde grondmotief, sodat neutraliteit ten opsigte van navorsing 'n fiksie en lugspieëling is. Die navorser kan nooit met 'n absoluut onbevooroordeelde "tabula-rasa"-ingesteldheid sy studieobjek nader nie. Duvenage verwys na die neutraliteitsbeginsel wat aan onder andere baie Amerikaanse universiteite geld en aldaar by die dosering van Bybelkunde van toepassing is - hy konkludeer: "n Neutrale en objektiewe houding is deel van die toerugting waarmee meeste professore in Godsdiensoonderrig hulle werk benader. ....Die dupe van hierdie toestand is natuurlik die student wat uiteraard uitsluitlik met objektiewe informasie

gekonfronteer word, met boekekennis en allerlei tegnieke om sy kennis toe te pas sonder dat hy enigsins geestelik gevorm word en sonder dat sy geloof gestimuleer word." <sup>1)</sup>

Die neutraliteitsideaal word veral op grond van sogenaamde objektiwiteit verdedig. Die aard van die wetenskap sou dan kwansuis om neutraliteit pleit. Die wetenskap word dan nie deur sy voor-veronderstelling gerig nie, maar enkel en alleen gelei deur sy voor-werp self. Nie die oorsprong nie maar net die bestemming en einddoel is hier van belang. Alle teoretiese grondmotiewe wat die subjek (navorsers) of die objek (voorwerp van ondersoek) beïnvloed, moet vooraf verwyder word alvorens daar sprake kan wees van getroue wetenskapsbeoefening. Die "waarheid" word dan volgens hierdie metode deur middel van induksie en langs die weg van sintuiglike waarneming en generalisasie bereik.

Die pleidooi vir die handhawing van sogenaamde neutraliteit in wetenskapsbeoefening gaan beslis nie op nie. Trouens, die stelling, naamlik dat wetenskap neutraal beoefen moet word, is as sodanig reeds 'n teoretiese uitgangspunt waarmee rekening gehou moet word. Daarmee word bevestig dat geen wetenskap neutraal beoefen kan word nie, maar dat elke wetenskap êrens van een of ander stellingname af vertrek: "n Vertrekpunt of selfs vertrekpunte is noodsaaklik om êrens te kan kom. Natuurlik kan die vertrekpunt ontken word - om watter rede ook al, of nie behoorlik geken word nie - vanweë byvoorbeeld gebrek aan insig en selfkritiek. Maar in feite is hy tog aanwesig. 'n Neutrale wetenskap in die hierbo omskrewe sin, kan nie de facto nie, maar ook nie de jure bestaan nie." <sup>2)</sup>

Algemeengeldigheid kan beslis ook nie as betroubare norm vir

- 
1. Duvenage, S.C.W., op.cit., p.3.
  2. Heyns, J.A. "Grondlyne van 'n Algemene Wetenskapsleer" in Op Weg met die Teologie, red. Heyns, J.A. en Jonker, W.D., p.87.

die beoefening van "neutrale" wetenskap aangewend word nie. Alhoewel alle geldige resultate deur almal aanvaar behoort te word, wil dit nogtans nie sê dat alléén dié resultate wat algemene sanksionering geniet, as betroubaar aanvaar kan word nie.<sup>1)</sup> Die feitelike situasie pleit ook vir die teendeel, want van die wetenskapsbeoefening in die algemeen kan met goeie reg gesê word dat daar weinig resultate te bespeur is wat sonder meer algemeengeldigheid geniet.

Elke wetenskap word immers vanuit 'n bepaalde grondmotief beoefen en dien nie slegs as vertrekpunt nie, maar word terselfdertyd ook as voortdurende oriënteringspunt aangewend. By die doseer van Bybelkunde sal dus nie alleen van 'n Christelike grondmotief uitgegaan moet word nie, maar die dosent sal ook gedurig die studente moet bewus maak van sy bepaalde prinsipiële stellingname. Hiermee word nie impliseer dat die dosent sy bepaalde religieuse oortuiging aan die studente moet opdring nie. Inteendeel, die hartsoortuiging asook die gehalte van die doseerwerk waarmee die vakinhoud aangebied word, moet van die totale kwaliteit van die Christelike grondmotief oortuig.

### 3.4.2 CHRISTELIKE WETENSKAP

Christelike wetenskap word gewoonlik bevraagteken op grond van die naam "Christelike wetenskap" en/of die saak waarom dit in die Christelike wetenskap gaan. Die teenstanders van die benaming "Christelike wetenskap" grond hulle verwerping van dié terminologie daarop dat die wetenskap as sodanig vanselfsprekend in harmonie met die Bybel beoefen moet word om enigsins werklik as wetenskap te kan kwalifiseer. Om die wetenskap as "Christelik" te kwalifiseer is dus oorbodig. Daarbenewens sou die naam "Christelike wetenskap" aanleiding tot misverstand gee. Die term Christelik sou dan die indruk kon skep dat hierdie bepaalde wetenskapsbeoefening aanspraak

---

1. Cf. Galileo se teorie wat aanvanklik algemene protes uitgelok het alvorens dit veel later eers erkenning verkry het.

maak op 'n superieure plek onder die wetenskappe. Diëgene wat Christelike wetenskap beoefen word verder daarvan beskuldig dat hulle kommunikasie bemoeilik en die "oop gesprek" totaal onmoontlik maak. Volgens die kritici wat neutraliteit in die wetenskap bepleit, moet die oop gesprek altyd "oop" wees en derhalwe impliseer dit onder andere dat daar nie vooropgestelde uitgangspunte en denkstrukture in die weg van dialoog moet bestaan nie: "Wat egter meesal van die Christelike wetenskaplike verwag word, is dat hy sy eie uitgangspunte moet verloën of opskort. Hy moet as't ware oorloop na die kamp van die vyand, dit wil sê van die aanhangers van die neutraliteitspostulaat."<sup>1)</sup>

Verder sou die naam "Christelike wetenskap" ook kwansuis aanleiding gee tot die vermenging van godsdiens en wetenskap, terwyl elkeen tog immers soewerein is in eie kring. Daarom soek diegene wat met die saak waarom dit hier gaan saamstem, 'n oplossing deur alternatiewe benamings vir hierdie saak te gee. Die bekendste name wat voorgestel word is onder andere Gereformeerde wetenskap, Protestantse wetenskap en Skriftuurlike wetenskap.

'n Tweede kant vanwaar kritiek op die Christelike wetenskap uitgeoefen word, kom van diegene wat nie met die saak waarom dit gaan eens is nie en derhalwe die benaming "Christelike wetenskap" totaal onhoudbaar vind. Die kritiek daarop is gegrond op die feit dat diegene aan die Skrifopenbaring wat ten diepste die religieuse koers van die Christelike wetenskap moet bepaal, geen bestaansreg in die wetenskapsleer gun nie. "Christelike wetenskap" kan volgens hulle siening hoogstens dien as 'n kwalifikasie van die navorser self, maar het hoegenaamd geen relevansie op die wetenskap wat beoefen word nie.

Samevattend kan ons dus sê dat daar sommige is wat nie met die naam "Christelike wetenskap" eens is nie, omdat hulle dit ook

- 
1. Kock, P. de B., "Christelike Wysbegeerte, antiteses en kommunikasie" in Op al Sy akkers, red. Wessels, F., p.2.



nie met die saak eens is nie. Andere is weer met die saak eens, maar nie met die terminologie daarvan nie.<sup>1)</sup>

Christelike wetenskap is die beoefening van wetenskap vanuit die beginsels wat deur die Woordopenbaring geleer word. So=doende staan Christelike wetenskap lynreg teenoor die beoefening van "neutrale" wetenskap en is laasgenoemde, soos reeds gesê 'n hersenskim, aangesien die mens in al sy lewensuitinge ten diepste gelei word deur sy religieuse grondmotief. Daarom sal die Christen se wetenskap - soos trouens ook sy beroep en arbeid, sport en ontspanning, ens. - die duidelike stempel van die Christen self dra: "Natuurlik bly die geloofsakte 'n subjektiewe handeling, maar die geloofsinhoud is objektiveerbaar, dit wil sê kan in sisteme en stelsels, strukture en institute ingebou word. En in dié sin kan ons sê bly die geloof nie verborge nie, maar word in konkrete gestaltes tot uitdrukking gebring."<sup>2)</sup>

Die Christelike lewensbeskouing lewer ook nie 'n pleidooi vir die handhawing van 'n partiële Christendom wat beperk bly tot die kerklike sfeer en daarom by implikasie die wetenskap uitsluit nie. Die Christelike lewensbeskouing aanvaar 'n universele Christendom wat weet dat daar nie 'n vierkante duim van die geskiedenis bestaan waarvan God nie die eiendomsreg opeis nie. Omdat geen wetenskap, hoe eksakt of hoe spekulatief dit ookal mag wees, die Openbaring Gods prinsipieel as irrelevant vir sy navorsing mag beskou nie, maak die Christelike wetenskap erns met die geskape werklikheid as synde Koninkrykshandelinge te wees. Daarom is elke gedagtekonstruksie wat in die Christelike wetenskap aangewend word daarop gerig om Hom as Koning te erken. In dié sin is die Christelike wetenskap dus besig om Koninkrykswerk te doen en word daar in en deur dié arbeid gestalte gegee aan die Koninkryk van God wat só sigbaar word.

- 
1. Cf. Heyns, J.A., op.cit., p.97.
  2. Heyns, J.A., op.cit., p.101.

Ons sou dus kon sê dat die "Christelike" ten diepste sy antitese vind in die sondegerigte wetenskapsbeoefening. Hiermee word nie bedoel dat die Christelike wetenskap nie ook deur die sonde deurdring is nie óf dat dit enigsins op onfeilbaarheid kan aanspraak maak nie. Inteendeel, die Christelike wetenskap maak selfs nie eens aanspraak op 'n hoër vlak van wetenskaplikheid in sy vakonderrig nie. Veral het die Christelike wetenskap geen voor-die-hand-liggende-aprioriese-oplossings op alle vrae en probleme nie: "Dit werk wel vernuwend en bevrydend in op die menslike denkworsteling met die ingewikkelde en in finale sin ondeurgrondelike handewerk van die Skepper. Van vooraf-gegewe en volstrek onbetwisbare oplossings is hier geen sprake nie."<sup>1)</sup>

Nietemin is dit duidelik dat diegene wat die antitese tussen die Christelike wetenskap en die-van-God-afvallige-wetenskapsideaal ontken of probeer verdoesel, doelbewus of onwetend die sonde dien. Die antitese in die wetenskap kan ook in die alombekende skema van Augustinus ingepas word as synde 'n stryd te wees tussen die civitas Dei en die civitas terrena. Heel tereg som prof. J.C. Lombard die taak van die Christen wetenskaplike soos volg op: "Deel van ons bouwerk en teenoffensief as vocatio Dei is om die Christelike wetenskap biddend, volhardend, diep afhanklik van Hom in gelowige verwagting op die leiding en verligting van die Heilige Gees, uit te bou."<sup>2)</sup>

Die feit dat die Christelike wetenskap terdeë bewus is van die sonde wat ook in sy arbeid neerslag vind, onthef hierdie wetenskap egter nie van die voorreg om sy navorsingswerk as "Christelik" te kwalifiseer nie. Trouens, as onvolmaaktheid en sondegebondenheid alle aanspraak op Christelikheid kanselleer, sou daar ook nie byvoorbeeld van 'n "Christelike" Kerk gepraat kon word nie.

- 
1. Kock, P. de B., op.cit., p.1.
  2. Lombard, J.C., "Romeine 13 Contra Openbaring 13 en grondmotief, owerheid en antitese: Die Heilige Skrif en religieuse vooronderstellings in die wetenskap" in Op al Sy akkers, red. Wessels, F., p.35.

Die Christelike wetenskap wil dus gehoorsame wetenskap wees. En alhoewel die sonde in dié wetenskapsbeoefening as 'n werklikheid erken word, wil die genoemde onderwerp hom ook gedurig aan die lig van die Woord onderwerp. Dit sou dus geregverdig wees om die Christelike wetenskap te beskryf as "dié wetenskap wat in alles wil luister na God en sy bedoeling vir mens en wêreld. Daarom is Christelike wetenskap 'n gehoorsame wetenskap."<sup>1)</sup>

---

1. Heyns, J.A., op.cit., p.106.

## HOOFSTUK IV

### BYBELKUNDE EN 'n CHRISTELIKE ANTROPOLOGIE

Vir die Bybelkunde is dit uiters noodsaaklik om 'n ware mensbeskouing te formuleer en in sy vakopset noukeurig uit te werk. Die Bybelkunde se antropologiese belangstelling is gekoppel aan die feit dat dié vak oor God se openbaring as 'n gebeure wat in die geskiedenis plaasgevind het, handel. Hierdie openbaring is dus 'n bekendmaking van heilswaarhede wat in die tyd aan die mens, deur die mens en vir die mens deurgegee is. In die Bybelkunde is dit nie alleen noodsaaklik om 'n ware mensbeskouing van die Bybelse karakters daarop na te hou wat die interpretasie van die heilsgebeure moontlik maak nie, maar die vak Bybelkunde word self ook deur mense aangebied, aan mense oorgedra, wat die boodskap van die Bybel dan weer tussen mense moet gaan uitleef.

#### 4.1 BYBELSE LIG OP DIE MENS

Die Bybel bied nêrens 'n volledig uitgewerkte antropologie aan nie, derhalwe kan die Bybel nie as wetenskaplike handboek oor dié onderwerp nageslaan word nie - trouens, die hele doel en opset van die Bybel laat sodanige verwagting buite rekening.

In die algemeen kan gesê word dat die Christelike antropologie die resultaat van eeuelange Christelike besinning is in die lig van die Woord se riglyne oor die geskape struktuur van die mens. Die Bybelkunde is dus vir 'n Bybelse antropologie afhanklik van die sistematiese Christelik-wysgerige denke oor hierdie onderwerp wat telkens getoets word in die lig van die Woord.

Vervolgens word na 'n aantal basiese perspektiewe verwys wat deur die Bybel met betrekking tot die mens geopen word.



4.1.1 Die mens wat deur die Bybel aan ons voorgestel word,  
is GOD SE MENS

Die unieke aard en bestemming van die mens, in teenstelling met al die ander skepsels, blyk uit sy bestaanswyse as synde geskape te wees na die beeld en gelykenis van God: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis..... En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape....." (Gen. 1:26-27).<sup>1)</sup> Dat 'n soortgelyke inleiding by al die orige skeppingsdade ontbreek, is 'n bewys van die besondere aandag wat op die skepping van die mens gevestig word. Hoewel daar groot verskil bestaan oor die vertaling van "na die beeld van God" en sommige na met in, deur of met wil vervang,<sup>2)</sup> is dit tog duidelik dat die Bybel nie 'n analogia entis postuleer nie. In die vertaling wat A. van Selms voorstel, naamlik: "Laat Ons een mensheid maken van onze schaduw",<sup>3)</sup> word die sinryke gedagte gelig dat die mens niks meer en ook niks minder as 'n skaduwee van God is nie. Die gevaar om uit Gen. 1:26-27 'n wesenskontinuiteit tussen Skepper en skepsel af te lei, word deur Van Selms se vertaling uitgeskakel, aangesien 'n skaduwee nie van dieselfde substansie as die werklikheid is nie.<sup>4)</sup>

Dit is derhalwe duidelik dat die Bybel nie impliseer dat die mens God se identiteit ontvang het óf dat hy min of meer soos God geskape is nie. Enige sweem van 'n homogeniteit tussen God en mens moet as 'n on-Bybelse dwaling afgewys word.

Om 'n Bybelse mensbeskouing te verkry, moet die betekenis van die beeldgedagte verklaar word vanuit twee heterogene steunpunte wat dan veronderstel dat die mens se beeldwees in die analogie

- 
1. Cf. Berkouwer, G.C., "De Mens het beeld Gods" in Dogmatische Studiën, Kampen, 1957.
  2. Aalders, G. Ch., Korte Verklaring van de Heilige Schrift. Genesis, p.96.
  3. Van Selms, A., De Prediking van het Oude Testament, Genesis, deel I, p.36.
  4. Cf. Gispen, W.H., Schepping en Paradijs, pp.69-82.

gesoek moet word. In só 'n analogiese-denkkonstruksie moet daarteen gewaak word om die mens as 'n fotobeeld van God voor te stel. Verder moet enige liggaamlikheid wat aan God verbind word ten sterkste afgewys word - God is immers Gees (Joh. 4:24). Terselfdertyd moet alle Goddelikheid wat aan die mens toegeken mag word, eweneens verwerp word.

Die Bybelse perspektief op die mens as beelddraer van God impliseer dat die mens as mens in sy totale somtotaal (siel en liggaam) analogies die beeld van God vertoon en is sodoende God se "verteenvoordiger" op aarde: "Wie aan die mens vat, vat - nie aan God nie, dit is humanisme, vat ook nie aan 'n hoogontwikkelde dier nie, dit is naturalisme - maar vat aan God se verteenvoordiger op aarde."<sup>1)</sup>

As beeld van God is die mens die beelddraer van sommige van Sy deugde. Hierdie deugde word tradisioneel onderskei in God se onmeedeelbare eienskappe (onafhanklikheid, onveranderlikheid, alomteenwoordigheid, ens.) en Sy meedeelbare eienskappe (wysheid, goedheid, liefde, ens.). In laasgenoemde deugde vertoon die mens die beeld van God en impliseer daarmee dat die ou Gereformeerde omskrywing, naamlik dat Gods beeld geleë is in kennis, geregtigheid en heiligheid nie onjuis nie, maar wel onvolledig is.

Die mens is dus as geskapene die sprekende beeld van sy Skepper. Wanneer 'n standbeeld sekere gelaatstrekke van 'n persoon nie vertoon nie, is sodanige beeld geen sprekende voorbeeld van die persoon nie. Die mens is egter 'n sprekende beeld van God, omdat hy die beeld is van God se meedeelbare deugde.<sup>2)</sup>

- 
1. Heyns, J.A., Die Mens. Bybelse en Buite-Bybelse Mens=  
beskouinge, p.87.
  2. De Bondt, A., "Schepping en Voorzienigheid" in Dogma der  
Kerk, red. Berkouwer, G.C., Toornvliet, G., p.249.

4.1.2 Die mens wat deur die Bybel aan ons voorgestel word, is n TOTALITEITSEWESE

Oor die algemeen kan gesê word dat die Bybelse terme nie analities en staties is nie, maar sinteties en dinamies, inklusief en veral eksistensiëel vertoon. Dit gaan steeds om die totale mens, maar dan telkens gesien vanuit 'n bepaalde konkrete aspek.<sup>1)</sup>

Die Bybel stel die mens as totaliteitswese in sy somtotaal van siel en liggaam aan ons voor. Geen dualisme wat 'n antitesis tussen siel en liggaam poneer kan in die Skrif teruggevind word nie. Wat wel duidelik blyk is die dualiteit wat tussen siel en liggaam getrou gehandhaaf word. Daarmee word bedoel dat die twee duidelik onderskei moet word, sonder om die twee los vanmekaar te isoleer. Die een het nie uit die ander voortgespruit nie, maar is albei intiem verenig in die mens: "En die vereniging van die twee maak die mens juist tot mens, tot een harmonisch geheel. De mens is in en door die vereniging een "levende iemand." Worden die twee gescheiden, dan is hij dood."<sup>2)</sup>

Die Bybel leer dus dat die mens aan beide die stoflike én die geestelike wêreld verbind is. Sy stoflike aspek het betrekking op sy liggaam wat ten slotte weer na die aarde terugkeer. (Pred. 12:7). Sy geestelike aspek daarenteen sien op die innerlike lewe van die mens wat ten diepste uitgedruk word met die term siel. Daarom let ons vervolgens op die Bybelse beligting van die siel in verhouding tot die mens-wees in die algemeen.

Die woord siel is afgelei van die Ou-Testamentiese woord נפש wat in sy betekenis veel meer ingesluit het as wat ons vandag aan dié begrip heg. Volgens Koehler en Baumgartner word nefesj

---

1. Cf. Heyns, J.A., op.cit., p.70.  
2. De Bondt, A., op.cit., p.246.

gebruik om die volgende gedagtes tot uitdrukking te bring: keel of nek (Job. 41:13); asem (Ex. 23:13); lewende wese (Gen. 1:20); individu (Lev. 24:17); persoonlikheid (Gen. 27:4); iedereen (Ex. 12:16); lewe of lewensasem (Gen. 19:17); die setel van emosies en begeertes (Num. 21:5).<sup>1)</sup> Nefesj het dus te make met die keel en alles wat daardeur ingaan, dit wil sê met die asem wat lewe en vitaliteit waarborg. As sodanig is nefesj ook ten nouste verbind aan die Woord נַפֶּשׁ wat die betekenis inhou van lug wat beweeg, wind, nietigheid, dinge, gees, asook sin.<sup>2)</sup>

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat aangesien asemhaling 'n kenmerk van lewende wesens is, nefesj ten nouste gekoppel is aan die gedagte "om lewendig te wees." Diegene wat nefesj besit lewe en is deel van die lewendes wat onderskei word van die planteryk en doderyk. Vandaar die gebruik om nefesj ook aan lewende diere te verbind (Lev. 17:11) en om die setel van die nefesj in die bloed te sien (Lev. 17:11, 14; Gen. 9:4), sodat daar gevolglik 'n verbod op die eet daarvan geplaas is (Deut. 12:23).

Daar bestaan veral 'n nou band tussen nefesj en die liggaam, aangesien eersgenoemde daarvoor verantwoordelik sou wees om dinamiese krag na die liggaam deur te gee: "De Israëliet kent die néfesj dan ook uitsluitend in verband met het lichaam. Alleen dáár is een néfesj, waar een lichaam van mens of dier bezig is adem te halen of zich te verplaatsen. Van een néfesj buiten het lichaam (of het bloed) weet een Israëliet niet."<sup>3)</sup>

Alhoewel dit oënskynlik wil voorkom asof die Bybel (o.a. Mrk. 8:35-37) 'n hoër waarde toeken aan die siel van die mens, blyk dit by 'n grondige eksegetiese nie die geval te wees nie. E.P. Groenewald verkies om psige in vers 35 met "lewe" te vertaal:

- 
1. Koehler, L., Baumgartner, W., op.cit., pp.626-628.
  2. Ibid., p.877.
  3. Pop, F.J., Bijbelse Woorden en hun geheim, p.588.

"In hierdie perikoop het ψυχή drie betekenis, naamlik lewe, siel en self; Hebr. נַפְשׁ . Dit gaan hier nie om die siel in onderskeiding van die liggaam nie, soos dit in die Griekse wysbegeerte voorkom, maar om die hele mens, die self."<sup>1)</sup> Wie sy psige verloor, verloor dus sy hele lewe - eweneens kan die hele mens ook behoue bly as die psige gered word. In dieselfde lig moet Matt. 10:28 (Luk. 12:4-5) ook verklaar word.

Die begrip psige vertoon nietemin 'n verdieping in die N.T. en bring elemente by wat nie so breedvoerig uitgedruk word in nefesj nie, soos onder andere dat die psige gered kan word of verlore kan gaan; dat die "saligheid van die siel" (1 Petr. 1:19) die einddoel van die geloof is, ens. Daarteenoor word die vraag nie in die O.T. gevra of daar 'n voortbestaan van die nefesj na die dood is nie. Die nefesj is gekoppel aan lewende wesens wat asemhaal, derhalwe is afgestorwenes die dode of skimme. Wat egter wel belangrik is, is dat die nefesj by die sterwe die liggaam verlaat (Gen. 35:18): "Het leven in het hiernamaals laat de gelovige in het O.T. (zeker in de latere tijd) geheel over aan Jahwe, die de Heer is met wie hij in gemeenschap leeft, en aan wie hij ook in de dood vasthoudt."<sup>2)</sup>

Meermale word die mens self as lewende wese met die woord nefesj omskryf, en dan nie as net die lewe in of van 'n mens nie (Gen. 46:15, 26).

Dikwels verwys die O.T. na "my siel" om daarmee plegtig, emfatisies of digterlik die ek-heid uit te druk - soos veelal in die Psalms voorkom (Ps. 3:3; 16:10; 66:16; ens.): "Dat zal hij gedaan hebben om goed te laten uitkomen, dat hij zichzelf be=doelde in de volle realiteit van zijn aardse bestaan."<sup>3)</sup>

Ten slotte moet daarop gewys word dat nefesj soms die persoon se gemoedstoestand omskryf en alles insluit wat binne in sy

- 
1. Groenewald, E.P., "Die Evangelie volgens Markus", in Kommentaar op die Bybel. Nuwe Testament, pp.211-212.
  2. Vriezen, Th.C., Hoofdlijnen der Teologie van het Oude Testament, p.443.
  3. Pop, F.J., op.cit., p.590.

innerlike plaasvind, soos byvoorbeeld: smart (Job. 19:2); verlange (1 Sam. 1:15); liefde (Gen. 34:3); ens. In dié sin dui nefesj as gevoelsorgaan die lewend-wees van die liggaam aan. In dieselfde verband word psige ook in die N.T. as subjek van die menslike gevoel gebruik om emosie uit te druk byvoorbeeld: smart (Matt. 26:38); vreugde (Luk. 12:19); verbittering (Hand. 14:2); ens. Soos die siel in die O.T. die persoon se hele aardse bestaan aandui, geld dit ook hier van die begrip psige dat, alhoewel die aksent op die innerlike ervaring val, dit niétemin die hele mens wil insluit.

Samevattend kan dus gesê word dat die Bybel geen trigotomie (ten spyte van 1 Thess. 5:23 wat oënskynlik ten gunste van 'n driedeling van die mens pleit) of 'n digotomie van siel en liggaam leer nie. Tereg sê Vriezen: "De mens is in Israël een bezield of liever levend gemaakt lichaam, en niet, zoals in de platonische filosofie, een eeuwige ziel die in het lichaam is ingesloten (dus een belichaamde ziel)." <sup>1)</sup>

Die Bybel gee dus 'n totaliteitsbeeld van die mens, en derhalwe is die Bybelse lig op die beeld van die mens volledig religieus bepaald, dit wil sê die totale mens (siel én liggaam) met al sy geestesvermoëns word op God betrokke geag.

#### 4.1.3 Die Bybel stel die mens voor in die tweespalt van sy bestaan: IN ADAM EN IN CHRISTUS

Die Bybel skryf geen idealistiese denkbeeld van die mens aan ons voor nie, maar skilder die mens realisties voor ons af soos hy in sy gebrokenheid bestaan: enersyds, as die kroon van Gods skepping met die ewigheid in sy hart; en andersyds as sondaar wie se verloreheid in die felste kleure geteken en beween word. <sup>2)</sup>

---

1. Vriezen, Th. C., op.cit., p.440.  
2. Cf. Heyns, J.A., op.cit., p.70.

Hierdie tweeledige bestaanswyse van die mens word in die Bybel onder andere (en veral!) toegelig teen die agtergrond van die teenstelling tussen IN ADAM en IN CHRISTUS. Hiermee word die mens dan uitgedruk in die spanning van sy bestaan in die wêreld en tog nie van die wêreld nie. (Rom. 5; 1 Kor. 15). Volgens Rom. 7:24-25 is die mens vasgevang in die σώματος τοῦ θανάτου τοῦτου, met ander woorde in 'n sekere bestaanswyse waarin hy homself kragtens sy mens-syn bevind. Hierdie σῶμα verbind die natuurlike mens in sy korporatiewe gebondenheid aan Adam, waarvan elke mens 'n lid is en hy die hoof uitmaak. Deur die genade van God wil die mens uit hierdie toestand bevry wees en in Christus word hy oorgeplaas uit die σῶμα τοῦ θανάτου na die nuwe σῶμα waarvan Christus die Hoof is, naamlik die σῶμα τοῦ χριστοῦ : "Hierdie oorgang vind plaas deur die geloof, want geloof beteken in feite 'n inplanting in Christus en dit is gelyk aan 'n inplanting in sy liggaam."<sup>1)</sup>

Die Bybel beskryf die mens dus as synde te bestaan in die liggaam van die dood óf synde te bestaan as herskape mens in die liggaam van Christus. Dit is veral laasgenoemde mens, die herskape mens oor wie die Bybel veel te sê het - trouens, ware mens-wees is uitsluitlik die voorreg van diegene wat hulle lewe in Christus gegrond het.

Die spreekwyse wat die eenheid tussen Christus en die wedergeboré-mens die duidelikste tot uitdrukking bring, word gevind in die term σῶμα τοῦ χριστοῦ . Oor die wyse waarop hierdie eenheid verstaan moet word, is daar verskil van mening en word vele dwalinge ten opsigte van die "Bybelse-mensbeskouing" juis op die verkeerde interpretasie van hierdie beeldspraak gebou. Wanneer die nuwe mensheid (2 Kor. 5:17) as die σῶμα τοῦ χριστοῦ aangedui word, moet dié eenheid met Christus nie in "fisiese" sin verstaan word nie, naamlik dat Christus en die

---

1. Heyns, J.A., Die Kerk as diens aan die Koninkryk, p.19.

nuwe mensheid één organiese geheel vorm, waarvan Hy die Hoof en hulle Sy fisiese liggaam is nie. Ook dui dit nie op 'n voortsetting van die vleeswording van Christus, naamlik dat die nuwe mensheid Christus se aardse verskyningsvorm is nie. (Vergelyk die Rooms-Katolieke standpunt wat die Kerk sien as die inkarnasie van Christus self). Wanneer Paulus praat van die gelowiges as die  $\sigma\acute{\omega}\mu\alpha \tau\omicron\upsilon \chi\rho\acute{\iota}\sigma\tau\omicron\upsilon$ , bedoel hy nie die liggaam van die mens Christus nie. Hierdie identifikasie sou impliseer dat die nuwe mensheid wel die voortgesette inkarnasie is waarin Christus na Sy hemelvaart nog steeds op aarde bly voortbestaan. Hierdie beeld mag dus nie letterlik verstaan word of oorbelas word asof dit 'n sleutelbeeld is wat die wese van die mens (gelowige) verklaar nie.

Die nuwe mensheid as  $\sigma\acute{\omega}\mu\alpha \tau\omicron\upsilon \chi\rho\acute{\iota}\sigma\tau\omicron\upsilon$  is in wese gelyk aan die Adam-Christus-parallel. Christus as Hoof van Sy liggaam (gelowiges) beteken dat die Tweede Adam (Christus) die gelowiges korporatief in Homself insluit. Teenoor die verlore mensheid wat korporatief in hulle hoof Adam behoort tot die  $\sigma\acute{\omega}\mu\alpha \tau\omicron\upsilon \theta\alpha\nu\acute{\alpha}\tau\omicron\upsilon$ , is Christus die Hoof van die nuwe mensheid wat in Hom ingesluit is tot Sy liggaam, die  $\sigma\acute{\omega}\mu\alpha \tau\omicron\upsilon \chi\rho\acute{\iota}\sigma\tau\omicron\upsilon$  (Rom. 7:24): "Die liggaam van Christus is dan ook niks anders nie, as die geheel van diegene vir wie die geboorte, dood en opstanding van Christus betekenis het, omdat hulle kragtens Gods verkiesing in Christus begrepe was toe Hy destyds in Palestina gebore is, gely, gesterwe en opgestaan het en vir wie God, kragtens daardie ingeslotenheid in Christus, alles wat Christus vir hulle gedoen het, só volkome toereken asof hulle dit self gedoen het."<sup>1)</sup> Die gelowiges word nie net "liggaam" genoem nie, maar "liggaam van Christus." Hiermee word die onafskeidbare verband gelê tussen Christus en Sy gelowiges.

Die realistiese mensbeskouing wat die Bybel deurgee toon die mens aan in sy dialektiese bestaan as sondaar in Adam én as verlore sondaar wat onder die heerskappy van Christus deel aan

---

1. Jonker, W.D., Aandag vir die Kerk, p.14.



die nuwe mensheid kan kry (Efes. 1:22; 5:23-24; e.a.). In teenstelling met die eerste Adam wat op 'n bepaalde tydstip geleef en gesterf het, is die Tweede Adam opgewek en leef en regeer Hy tot in ewigheid. Hierdie heerlikheid van die Hoof bring mee dat Hy sy liggaam verlos (Efes. 5:23) en "dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskut en bewaar." (Heidelbergse Katg., vr. 51). Met ander woorde, die nuwe mens moet gedurig word (subjektief) wat hy reeds is (objektief). Die beelde wat in die Nuwe Testament gebruik word om die eenheid van Christus en Sy gelowiges aan te dui (Wynstok en lote; Herder en kudde; ens.), beklemtoon hierdie afhanklikheid van die mens aan Christus, wat die hoeksteen is en waarop elke uitverkorene 'n steen word wat op die fondament Jesus Christus gelê word, totdat die gebou by Sy wederkoms voltooi is.

Vir die onderrig van Bybelkunde kan enkele kerngedagtes uit die Adam-Christus-parallel uitgestippel word. Voor alles impliseer dit dat Christus nie slegs as Verlossingsmiddelaar nie, maar ook as Herskeppingsmiddelaar deur die Skrifopenbaring bekendgestel word. Dit blyk duidelik dat God alles met Homself versoen en verlos het (Kol. 1:13, 14-20). Hy die Skepper van alles, sorg ook weer dat daar 'n Verlosser kom. Uit die mag van die duisternis (in Adam) word die gevalle mens oorgebring na die bevrydende lig wat daar in Christus is (Joh. 8:12).

Verder is die verlossingsplan wat God deur die Bybel aanbied, uniek. Die verlossingswerk word nie deur die mens self verrig nie, maar berus uitsluitlik op die soenverdienste van Christus wat waaragtig God én waaragtig regverdige mens is. Daarom mag Christus se verlossingswerk in die Bybelkunde nie versmal word tot die redding van die siel en die gawe van die ewige lewe nie. Sy verlossingswerk sluit veel méér in en veronderstel dat hierdie herskeppingswerk ook hier en nou in al ons handewerk en lewensuitinge dankbaar voortgesit moet word in gehoorsaamheid aan Sy wet.

Die Adam-Christus-parallel impliseer dat die inwoning en inlywing

van Jesus Christus in die lewe van die verlose sondaar, asook die vernuwing van hart wat by hom ingetree het, deur die werking van die Heilige Gees geskied. Dit is dus die Heilige Gees wat die hart aan Christus bind en die nuwe lewe uitlei tot ont-sluiting en ontplooiing van al die lewensgange van die hart. Hierdie genadewerk deur die Heilige Gees is die nuwe lewens-wortel wat in Christus ingeënt is. Daarom moet die nuwe gees-tesingesteldheid wat in die hart opkom en groei, aan Gods wet genormer word vir alle lewensterreine.

Die mens is dus via die Bybel alleen te begryp as vrug van die heilsgebeure deur Christus se kruis en opstanding én as voort-setting van Sy werk deur die Heilige Gees: "Maar haar ver-houding tot die verhoogde Heer, haar gebondenheid aan Hem en haar verbondenheid met Hem, haar leven uit Hem en haar streven naar Hem toe, zijn ten slotte niet meer te begripen: het is haar diepste mysterie."<sup>1)</sup>

#### 4.1.4 Die Bybel stel 'n mens bekend wat binne 'n VÓÓR- WETENSKAPLIKE WÊRELDDEELD leef

Die Bybel kan nooit losgemaak word van die kultuur-historiese tydvak waarin dit gestalte gevind het nie. Der-halwe moet die mensbeskouing wat vanuit die Bybel gerekonstrueer word binne die vóór-wetenskaplike opset en verwewe met die land en volk van Israel, gesien word. Trouens, ook die talle ver-bindingslyne wat Israel en die omliggende volkere verbind, sal telkens in aanmerking geneem moet word wanneer die Bybelse mens ter sprake gebring word. Hierdie mens wat deur die Bybel aan ons bekendgestel word staan nooit los van die wêreld waarin die Bybelskrywers eksistensieel waarneem en meedeel nie: "Sonder die hulp van sosiologie en sielkunde, antropologie en volkekunde, sonder die tegniese hulpmiddel van die stetoskoop en die diagnostiese metode van die psigo-analise, maar onder leiding van die Heilige Gees, het die Bybelskrywers oor die

---

1. Schnackenburg, R., De Kerk in het Nieuwe Testament, p.159.

mens gaan skrywe in die taal en die idioom van hulle dag."<sup>1)</sup>

Die Bybel praat nie oor die mens in wetenskaplike sin soos dit akademies aan die universiteit gedoen word nie, maar besin oor hom uit die nuwe ervaring en die praktyk van die daaglikse lewe. Vir die Bybelse mens gebeur daar 'n wonder wanneer die son stil staan (Jos. 10:13); is die aarde gegrond op pilare (1 Sam. 2:8); en ervaar hy dat sy niere emosioneel geprikkel word (Ps. 73:21); ens.

Die Bybelse wêreldbeeld is vóór-wetenskaplik van aard en verwysings na die mens moet dus gesien word in die lig daarvan dat die Bybelskrywers nie 'n antropologie wil daarstel nie, maar poog om die geskape dinge (en veral die mens) in verband te stel met God self.

Die Bybelse openbaring kom nie na ons toe as 'n tydlose of ewige waarheid wat as sodanig los van die historiese tyd bestaan nie. Op die terrein van die menslike bestaan egter, wat veral 'n historiese bestaan is, het God met mense, deur mense en tot mense gespreek. Om die mens van die Bybelse tyd te ken, moet ons die Umwelt van die Skrif deeglik verstaan.

#### 4.1.5 Die Bybel stel ons voor aan 'n mens wat RELIGIEUS BEPAALD op God gerig is.

Dit is duidelik dat die mens uit homself nie tot 'n ware kennis van sy selfheid kan kom nie, aangesien hy op homself aangewys slegs vanuit 'n aspek van die werklikheid sodanige uitsprake sou moes doen. En alhoewel die Bybel geen volledig uitgewerkte antropologie daarstel nie, is dit tog waar dat die grondslag vir die regte blik op die mens wel in die Bybel gelê is. Laasgenoemde word moontlik gemaak vanweë die Woordopenbaring wat die mens in verhouding tot God aan ons bekendstel.

---

1. Heyns, J.A., op.cit., p.71.

Hierdie Bybelse perspektief, naamlik dat die mens religieus bepaald op God gerig is, impliseer dat die mens vir ware self-kennis afhanklik is van die kennis wat uit die Woord aangaande God geopenbaar word - en laasgenoemde kennis word in Christus gerealiseer! Heel tereg sê Dooyeweerd: "Tot waarachtige self-kennis kan echter de mens niet komen zonder waarachtige kennis van God, die buiten de Goddelijke openbaring in Christus niet is te verwerven."<sup>1)</sup>

#### 4.2 DIE CHRISTELIK-WYSGERIGE ANTROPOLOGIE

In die lig van die perspektiewe wat die Bybel met betrekking tot die mens open, is dit duidelik dat daar geen sprake van 'n volledig uitgewerkte Bybelse antropologie aan ons geopenbaar is nie. Aangesien die Bybelkunde primêr met die opdrag gemoeid is om die Skrifopenbaring na te vors soos dit geskrywe staan, maak die Bybelkunde gebruik van die totaliteitsbeeld wat vanuit die Christelike Wysbegeerte sistematies oor die antropologie uitgewerk is. Die Bybelkunde erken sodoende die vrugbare wisselwerking wat daar tussen die vakwetenskappe bestaan en gee sanksie aan die oortuiging dat die Bybel ook in ander vakwetenskappe waarhede ontsluit. Daarom sal baie van die begrippe-materiaal wat onder die opskrif van 'n Christelik-wysgerige antropologie behandel word, immers ook as Bybelse perspektiewe nagevors kon word - dink maar aan die sentrale plek wat die hart in die Bybel inneem. Ten einde 'n oormatige duplisering uit te skakel word laasgenoemde egter onder die wysgerige riglyne geplaas.

##### 4.2.1 HART

Die begrip hart is in baie opsigte 'n "mistieke" grootheid en derhalwe moeilik definieerbaar. In die onderskeie vakwetenskappe kom die term "hart" veral vanuit die biologie, psigologie, filosofie en teologie in verskillende betekenisse tot uitdrukking.

---

1. Kalsbeek, L., op.cit., p.178; cf. Dooyeweerd, H., De Wijsbegeerte der Wetsidee, deel II, p.494.

Die Bybel ken 'n verneme plek toe aan die hart van die mens.<sup>1)</sup> F.H. von Meyenfeldt<sup>2)</sup> gee 'n breedvoerige uiteensetting van die Ou Testamentiese begrip wat aan die hart geheg word. By wyse van rubrisering onderskei hy die volgende aspekte wat funksioneel aan die hart toegeskryf word:

1. Die hart in BIOTIESE sin beklee as hooforgaan van die lewe (1 Sam. 25:37; 2 Kon. 9:24; Hos. 13:8; Ps. 45:6) 'n ereplek onder die organe (Hoogl. 8:6). Die O.T. verwys konkreet na die hart en ken geen skeiding tussen biotiese en psigiese lewe nie, derhalwe is die hart ook die subjek van die lewenskrag (Gen. 18:5; Rig. 19:5, 8; Ps. 22:27; 102:5; 104:15).
2. "Hart" word ook as GEVOELSORGAAN aangedui om die ervarings van "diepe"<sup>3)</sup> aard tot uitdrukking te bring, soos onder andere smart (Gen. 6:6; Jer. 4:18); vreugde (Spr. 4:10; 15:13; Pred. 7:3; Jes. 24:7); angs (Lev. 26:36); twyfel (Pred. 2:20); verbystering (Gen. 42:28); ens. Die hart is dus ook die auctor sensualis wat in ongunstige sin vir die mens se afwykende gedrag verantwoordelik is (Deut. 17:7; Hos. 4:11).
3. In NOËTIESE sin dui die hart die plek aan waar verdieping in waarneming plaasvind (Jer. 44:21); waaruit herinneringe opgediep word (Jes. 33:18); uit die hart word betroubare kennis verkry (Spr. 15:7); is die setel van insig (Deut. 8:5); besinning (Pred. 7:2); kritiese beoordeling (Pred. 2:1); juridiese gevoel (1 Kon. 3:9); orgaan van wysheid (Ex. 35:25); en van dwaasheid (Spr. 12:23).
4. Die hart word ook aan WILSHANDELINGE verbind. Die hart is

- 
1. Cf. Koehler, L., Baumgartner, W., 17, 117 in Lexicon in Veteris Testamenti Libros, 1958, pp.468-470.
  2. Von Meyenfeldt, F.H., Het hart (LEB, LEBAB) in het Oude Testament, pp.135-198.
  3. Hoegenaamd nie te vereenselwig of te verwar met die sogenaamde "diepte-psigologie" nie.

die planmaker (Gen. 6:5; Jes. 10:7) waaruit dryfvere gerig (Ex. 25:2; 35:5; 22:29) en dade verrig word (Jer. 17:10).

5. In ETIESE sin is die hart verbind aan die gewete (Pred. 7:22); etiese besef (Spr. 15:21); karakter (Pred. 7:7); gesindheid (Esra 6:22); ens.

Von Meyenfeldt meen dat die hart in al sy verskillende uitingsvorme in representatiewe sin saamgevat kan word: "Wij bedoelen daarmee, dat LEB het schepsel, waarvan het LEB is, vertegenwoordigt."<sup>1)</sup> Die hart dui nie 'n liggaamlike of geestelike gedeelte van die mens aan nie, maar verteenwoordig die hele mens - alhoewel die vertteenwoordiger en vertteenwoordigde onderskei kan word. Ten diepste dui die representatiewe die egte, onvervalste en eintlike werklikheid onverbloemd aan. Anders gesê, die hart kan in hierdie "representatiewe" sin beskou word as die religieuse brandpunt van die hele menslike bestaan: "die hart is die volle selfheid van die mens, soos wat dit in religieuse konsentrasie op sy Oorsprong betrokke bly. Soos die hart is, so sal die mens wees. Wil jy die mens ken, waarlik ken, moet jy hom ken na die hart van sy bestaan"<sup>2)</sup>.

In die N.T. word die hart van die mens in oordragtlike sin gebruik en dui eweneens die geestelike wesenskern of religieuse sentrum van sy volle bestaan aan.<sup>3)</sup> Die Bybel leer dus dat die hart die eenheidswortel van die mens-syn is, die oorsprong en knooppunt van al die lewensuitgange. In die staat van geregtigheid was Adam se hart ten volle aan God veranker. Die sondeval is terselfdertyd ook die afvallig-wording van die mens se hart vanuit sy geskape gerigtheid op God. In Christus word die sondaarshart herstel en word die wortelverband met God weer deur die wederbarende werking van die Heilige Gees, in die Godegehoorsame lewe, op God gerig. Die genade Gods herskep dus die

- 
1. Von Meyenfeldt, F.H., op.cit., p.152.
  2. Kock, P. de B., Christelike Wysbegeerte, p.87.
  3. Ridderbos, H.N., Paulus, pp.126-127.

hart en bewerk daarmee 'n omkeer in die spil waarom die menswees sentreer, sodat die lewensrigting van die mens se lewe vanuit die "hart" radikaal gewysig word. Die diens aan God vanuit die Christus-herbore hart is nie slegs die besit van eensame individuele Christenmense nie, maar ontplooi en word vervleg in die volheid van die Christelike lewe. Onder leiding van die Christelike geloof uit die hart, ontstaan die gemeenskap van die heiliges in die Kerk en vorm as sodanig 'n eenheid van geloofs-genote. Onder leiding van die Christelike liefde uit die hart, word man en vrou in die huwelik verenig en sodoende tot 'n liefdes-eenheid in gesinsverband saamgesnoer. Onder leiding van die Christelike reg kom die Christelike staat tot stand; 'n Christelike bedryf ontstaan onder leiding van die Christelike ekonomie; en onder leiding van die Christelike denke kom die Christelike universiteit tot stand; ens.<sup>1)</sup> In die lig van die voorafgaande kan die hoë premie wat die Heilige Skrif op die hart plaas dus goed begryp word. (Spr. 4:23 - en ook: Eseg. 36:26-27; Hebr. 10:16).

Die WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE ken 'n besondere plek aan die "hart" toe, trouens, laasgenoemde word as die Archimedespunt van die tydelike werklikheid gesien: "Het Archimedisich punt der wijsbegeerte is hier gekozen in de in Christus herboren wortel van het mensengeslacht, waaraan wij deel hebben in de religieuze, de tijd transcenderende, wortel onzer individuele persoonlikheid, in onze herboren zelfheid" (Dooyeweerd)<sup>2)</sup> Hierdie Archimedespunt is dan Jesus Christus as die Wortel van die herstelde mensheid, in Wie ons deur die wedergeboorte van die hart ingeplant word. Vanuit die hart word alle denke, handel en wandel van die mens geestelike gerig. Dis soos 'n penwortel en stam waaruit die takke en vrugte van die lewensboom groei.<sup>3)</sup>

- 
1. Strauss, H., Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys, pp.17-18.
  2. Kalsbeek, L., De Wijsbegeerte der Wetsidee, pp.52-53.
  3. Lombard, J.C., "Romeine 13 Contra Openbaring 13 en grondmoetief, owerheid en antitese: Die Heilige Skrif en religieuse vooronderstellings in die wetenskap" in Op 'al Sy Akkers, red. Wessels, F., p.25.

Hierin blyk die kardinale onderskeid tussen 'n Christelike wysbegeerte en 'n nie-Christelike wysbegeerte: laasgenoemde is nie in staat om 'n Archimedespunt buite die tydelike werklikheid te ontdek nie, vandaar dat daar steeds één van die sin-sye van die werklikheid verabsoluteer word. (Vgl. rasionalisme, biologie, historisme, ens). Iets in die mens word tot die eintlike oorsprong (archè) verhef, sodat die hele beeld van die werklikheid skeefgetrek word. Daarteenoor geld die uitspraak van Augustinus nog steeds as 'n Bybelse a priori wat hierbo vanuit die hart belig is: "Want Gij hebt ons geschapen tot U en ons hart is onrustig, totdat het rust vindt in U."<sup>1)</sup>

#### 4.2.2 AKTSTRUKTUUR

Die Wysbegeerte van die Wetsidee gee die volgende algemene omskrywing van wat onder akte verstaan moet word: "Akte is daardie innerlike gedraginge van die mens waardeur hy hom onder normatiewe gesigspunte bedoelend (intensioneel) rig op stande van sake in die buitewêreld of in die verbeelding en hierdie stande van sake vir homself eie maak deurdat hy hulle op sy ekheid betrek."<sup>2)</sup>

'n Akt is dus 'n innerlike werksaamheid waardeur die mens onder invloed van die normatiewe aspekte, doelbewus besig is om die werklikheid sy eie te maak deur dit op sy selfheid te betrek.<sup>3)</sup>

Dit is belangrik om daarop te let dat die akte nooit as 'n uitsluitlik "geestelike aktiwiteit" (Skolastisisme) gesien moet word wat byvoorbeeld slegs deur die siel van die mens funksioneer nie (Platonisme). Elke menslike akte bring die hele mens in beweging, want alle menslike aktes is religieus bepaald en word vanuit die hart in die vorm van lewensuitgange in kosmiese

- 
1. Augustinus, Belijdenissen, vertaling van Sizoo, A., p.13.
  2. Kock, P. de B., op.cit., p.92.
  3. Cf. Spier, J.M., Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte, p.118; cf. ook, Schoeman, P.G., Grondslae en implikasies van die Christelike Opvoedingsfilosofie, p.135.



handelinge van die mens gemanifesteer. Die menslike aktstruktuur en sy hart staan in 'n onverbreekbare relasie tot mekaar, sodat geen akt buite hierdie religieus-gesentreerde hart voltrek kan word nie.

Alhoewel die aktstruktuur nie in terme van die konkrete volledig omskryf kan word nie, kan dit binne die menslike liggaamsstruktuur tog "aangewys" word. Die menslike liggaam is 'n gekompliseerde totaliteitstruktuur wat, hoewel nie morfologies van mekaar geskei kan word nie, nogtans onderskei kan word in die volgende vier liggaamstrukture:

1. Die mens se fisies-chemiese liggaamstruktuur bestaan uit die stoflike boustowwe wat in die vier modaliteite van getal, ruimte, beweging en energie gestalte vind.
2. Die vegatatief-biotiese liggaamstruktuur is gefundeer op die fisies-chemiese liggaamstruktuur en behels die organiese lewe van die mens soos dit tot uitdrukking kom in die biotiese wetskring.
3. Die psigiese liggaamstruktuur staan in verband met die gevoelslewe van die mens en is afhanklik van die twee voorgaande strukture.
4. Die aktstruktuur van die mens is gebou op die vorige drie liggaamstrukture en strek hom uit oor die nege normatiewe aspekte van die menslike bestaan.

Die aktstruktuur is ten diepste in die hart van die mens gekonsentreerd en deur die hart word die mens se akte religieus bepaald gelei om anastaties op God gerig te wees, of om andersyds apostaties van Hom afvallig te staan.

#### 4.2.3 KENNIS, WIL, VERBEELDING

Die aktstruktuur kom tot uitdrukking in drie grondrigtinge te wete kenakte, wilsakte en verbeeldingsakte. Hierdie drie grondrigtings speel altyd 'n rol, ongeag in watter normatiewe

kader die aktstruktuur ookal plaasvind. Wanneer 'n persoon byvoorbeeld met 'n kenne van die gebedslewe, ook wil bid, stel hy hom voor (verbeelding) dat hy ernstig tot God sal bid.

Wat egter belangrik is ten opsigte van hierdie drie funderende strukture, is die feit dat die aktstruktuur 'n eiesoortige stempel daarop afdruk. Juis daarom is daar 'n radikale verskil tussen die liggaamlike samestelling van 'n mens en dié van 'n dier. Die mens word immers deur die bio-psigiese funksies gelei en daarom is die gevoelslewe van die mens ook gans anders as dié van 'n dier.

Hierdie drie grondrigtings (ken, wil, verbeel) toon verder ook 'n inter-afhanklikheid van mekaar, daarom veronderstel alle kenne die wil om te ken soos blyk uit die konsentrasie van die aandag. Die verbeelding sluit dus aan by die gekende en herskep dit op 'n intensionele wyse binne die verbeeldingsakt.

Die kenakte as kenvermoë moet nie met die logiese wetskring wat as een van die hart se uitgange funksioneer, verwar word nie. As die inhoud van die Bybel byvoorbeeld lerend oorgedra word, appelleer die waarhede aangaande Gods openbaring meer op die kenakte. Die wilsakte kan (nie noodwendig nie!) ook versterk word, sodat daar daadwerklike geloofsgehoorsaamheid by die ontvanger van dié kennis bewerk word. Die verbeeldingsakte visualiseer dan hoe sodanige gehoorsaamheid in die praktyk van die lewe geaktualiseer sal word. In dié geval sal die verbeeldingsakte hier op die agtergrond wees, alhoewel al die vermoëns altyd gelyktydig (dog met gedifferensieerde beklemtoning) gerealiseer word.<sup>1)</sup> In 'n kunslesing sal die verbeeldingsakte weer meer prominent op die voorgrond tree, alhoewel dit tog duidelik is dat beide die ken- en wilsakte ewe veel beklemtoning sal ontvang.

---

1. Cf. Lombard, J.C., Leerstellige godsdiensonderwys en Bybelkunde - Die grondslag en die praktyk, pp.55-56.

In die onderrig van Bybelkunde sal die ken- en wilsakte noodwendig 'n meer dominante rol vervul, aangesien hierdie vak nie slegs Bybelkennis wil oordra nie, maar deur die kennis van die Heilige Skrif die ontvanger daarvan in 'n persoonlik-gehoorsame relasie met God stel.

#### 4.2.4 ONTSLUITING

Om die begrip ontsluiting te begryp moet vooraf daarop gelet word dat die wetskringe van onder (getal) tot bo (geloof) in 'n bepaalde kronologiese volgorde opgebou is. Soos 'n bergspits 'n hoogte dimensie open vanwaar die omgewing bespied kan word, open die pistiese wetskring ook perspektiewe wat van geen ander (laer) kring af bespeur kan word nie. Ons kan dus sê dat die pistiese wetskring die rigting bepaal waarin al die ander lewensuitgange vanuit die hart ontsluit word.

Ontsluiting lei noodwendig tot verdieping van die menslike lewe en ontplooi dit wat sluimerend is tot 'n dinamiese lewensontknoping. Die antitese tussen so 'n sluimerende (onontslote) en ontslote lewensontsluiting, word gesien wanneer die ontslote kultuurlewe van die Christendom gestel word teenoor die ontwikkelde stamstruktuur van byvoorbeeld die tradisionele Afrika-volkere.

Indien ontsluiting dus gesien word as die proses waarin al die laere wetskringe in die rigting van die meer gekompliseerde wetskringe ontknoop en uitgelei word, plaas dit uiteraard 'n hoë premie op die rol wat die geloof in hierdie ontsluiting vervul. Die belangrikheid van die vak Bybelkunde, wat ten diepste daarmee gemoeid is om die mens se lewensuitgange na Bo te lei, kan derhalwe nooit hoog genoeg waardeur word nie. Veral wanneer daarop gelet word dat die ontsluiting van die pistiese aspek op 'n heel ander wyse plaasvind as dié van die ander aspekte. Laasgenoemde kom tot stand onder leiding van die funksies van die hoër aspekte, maar by die hoogste modaliteit (geloof) geskied die ontsluiting langs 'n weg wat deur God self gebaan is, naamlik

die Woord: "Dit geschiedt in de wedergeboorte uit de Heilige Geest en vanuit deze omzetting van de religieuze wortel der menselijke existentie wordt de geloofsfunctie weer gericht op God, die zich in zijn Woord heeft geopenbaard en ontvangt het geloof zijn levende inhoud uit dit Woord."<sup>1)</sup>

Die geloofskring se unieke karakter is daarin geleë dat die gelowige daardeur in staat gestel word om die tydelike te oorskry en deur die bril van die Woord 'n geloofsblik op die Bo-Tydlike te kan kry. Sodoende word die noodsaaklikheid van Bybelkunde as selfstandige akademiese dissipline weer onderstreep, aangesien dié vak 'n noodsaaklike funksie verrig by die bekendmaking van die geopenbaarde norminhoud (Heilige Skrif) vir die geloofsuitgang. Dit moet derhalwe vir die opvoeding en onderwys tot onberekenbare skade gereken word indien hierdie vak glad nie aangebied word nie, of wel sou bestaan maar nie reg aangebied word nie.

Die inhoud van die vak Bybelkunde dien daartoe om met die onder-rig in die Woord die geloofslewe te verdiep, te verinnig, te verryk en te ontsluit. Dit is ook nie net 'n kwantitatiewe kennisverrykende proses nie, maar deur die werking van die Heilige Gees en met behulp van die kennislig van die Woord, word onmiskenbare geestesverdieping tot meerdere geloofsvertroue gerig op God-Drie-Enig.<sup>2)</sup>

#### 4.3 ENKELE ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEWE AS RIGLYNE VIR DIE ONDERRIG VAN BYBELKUNDE

1. Die mens as beeldraer van God is 'n unieke wese wat deur sy besondere gawes en vermoëns radikaal onderskei word van die dier en die res van die skepping (Gen. 2:7).

---

1. Kalsbeek, L., op.cit., p.134.  
2. Cf. Lombard., J.C., op.cit., p.59.

Die gawe van 'n besondere toerusting aan die mens, impliseer ook 'n besondere opgawe van hom. Daarom is die mens 'n antwoordgewende wese wat onder aanspraak van God, sy medemens en die kosmos staan. Omdat die mens na die beeld van God geskape is, veronderstel dit 'n religieuse Godgerigtheid by hom en daarnaas ook 'n medemenslike betrokkenheid. Hy is dus 'n verhoudingswese met 'n Goddelike kultuuroopdrag (Gen. 1:28; 2:15). Laasgenoemde opdrag behels die beheersing, bewerking en bewaking van alle skeppingsaktiwiteite waaraan die mens deel het.

Die taak van die Bybelkunde sluit daarom onder andere ook in dat die studente voorberei word vir hierdie taak en dat hulle gelei word tot volwassenheid en beskawingsmondigheid.

2. Bybelkunde bied ook nie sy vakinhoud aan om die "siel" van die student met "sielvoedsel" te voorsien nie. In hierdie vak word enige mensbeskouing wat op 'n digotomie of 'n trigotomie rus, radikaal as on-Skriftuurlik verwerp. In die Bybelkunde word die mens as 'n totaliteitswese benader in wie daar geen dualisme bestaan nie, maar in wie die siel (gees) en liggaam (stof) as 'n dualiteit funksioneer.

Bybelkunde se betrokkenheid op die mens is dus nie "siele-arbeid" nie, maar persoonsbehartiging wat daarop gerig is om die mens te help om in al sy lewensuitgange só te ontplooi dat hy tot volwassenheid kan kom. Laasgenoemde veronderstel dat sy persoonlikheidsontwikkeling 'n stadium bereik het waar hy kan onderskei tussen sy denke, beheersende vorming, sy taal, sy sosiale verkeer, sy spaarsaamheid, sy netheid, sy liefde en sy geloof. Met ander woorde sy hele ingesteldheid moet lei na die ontsluiting van die aktstruktuur, sodat vanuit die hart en onder leiding van die geloofskring, die geestelike dryfkrag van sy lewe ook in die Bybelkundige navorsing anastaties gerig kan word.

3. Verder veronderstel die Adam-Christus-parallel dat die mens as beeldraer van God nie slegs 'n antwoordgewende mens is nie, maar dat hy ook 'n sondegebroke mens is. Die sonde van

Adam as verbondshoof van die menslike geslag (Rom. 5:12; 1 Kor. 15:22) het meegebring dat die mens in die wortel van sy bestaan van God afvallig geword het. Die vloek wat op Adam se sonde rus, het nie slegs sy nakomelinge getref nie, maar het die ganse skepping geraak (Rom. 3:21-24; 8:19-22).

Hierdie sondegebrokenheid het die beeld van God in die mens egter nie vernietig nie, maar is deur die konserverende genade van God behoue (hoewel geskonde!) gebly. Meer nog, in Christus het God die penwortel en stam van die sondige mensheid behou en verlos, sodat Christus as die Tweede Adam die wortel van die herbore nuwe mensheid is.

In die onderrig van Bybelkunde moet daar met hierdie antitese deeglik rekening gehou word, sodat die Bybelkundige gedurig van sy Christelik-religieuse ingesteldheid en toerusting rekenskap sal kan gee. Veral die Verbond as sentrale motief in die Skrifopenbaring, moet helder en duidelik weerklank in dié vak-onderrig vind, sodat die appél om te word wat ons in Christus reeds is, 'n bekende klank in die aanbieding sal wees.

4. Die Bybelkunde se studieopdrag is primêr gerig op die bestudering van die Bybel as Geopenbaarde Woord van God, derhalwe is sodanige openbaringskennis ook ware kennis van God - en laasgenoemde kennis is 'n absolute voorwaarde vir ware selfkennis. In dié verband haal Kalsbeek vir Dooyeweerd soos volg aan: "Mensen verstaat zichzelf zeer verschillend en dikwijls geheel anders dan de Bijbel hen verstaat. Dat is ook geen wonder, want de Bijbel verstaat de mens van God en Zijn openbaring uit. Dit geeft een geheel ander verstaan, dan wanneer de mens uit zichzelf zich beschouwt."<sup>1)</sup>

Daarom hou die Bybelkunde rekening daarmee dat die Bybelinhoud binne 'n bepaalde vóór-wetenskaplike opset gestalte gekry het. Die Bybel kan dus nie as wetenskaplike handboek geld om

---

1. Kalsbeek, L., op.cit., p.178.

fundamentele uitsprake met betrekking tot die antropologie óf normatiewe gedragkodes vir die hedendaagse samelewing, voor te skryf nie.<sup>1)</sup> Trouens, die Bybelkundige is self ook "kind van sy tyd" en dus tydgebonde aan die hede. Daarom moet hy hom voortdurend van moralistiese projeksies en ander dwalinge in sy eksegese vrywaar deur die getroue toepassing van dié hermeneutiese stelreëls wat op die Skrifuitleg van toepassing is.

5. Die Bybelkunde eien homself nie die alleenreg toe om uitsprake ten opsigte van waarhede aangaande die mens te maak nie. Op grond van die algemene genade asook die erkenning van die sensus Divinitatis in die mens, assimileer hierdie vakwetenskap ook antropologiese inligting wat vanuit die nie-Christelike wetenskapsbeoefening voortspruit - laasgenoemde materiaal word egter krities ondersoek en deeglik getoets in die lig van die Heilige Skrif.

Vir 'n gesistematiseerde antropologie beroep die Bybelkunde hom op die Christelike Wysbegeerte wat hierdie gespesialiseerde taak in sy studie-opdrag ontvang het. Derhalwe is dit duidelik dat die Bybelkundige 'n deeglike kennis van die grondbeginsels van die Christelik-wysgerige antropologie moet bekom, veral omdat dit ook die voetstuk is wat die Christelike didaktiese onderbou van Bybelkundige vakonderrig stut.

---

1. Cf. Infra, Biblisisme, pp.248-251.

## HOOFSTUK V

### DIE FORMULERING VAN 'n KENTEORETIESE GRONDSLAG IN DIE LIG VAN DIE BYBEL

#### 5.1 HOE WORD DIE WOORD GEKEN?

Die Bybelkundige gebruik as vertrekpunt van sy ondersoek die aanvaarding dat die Heilige Skrif die geopenbaarde Woord van God is. Die vraag na die wyse waarop ons die Woord van God ken, is ten diepste 'n vraag na God self. Kennis van die Woord impliseer eerstens 'n ware kennis van die Outeur daarvan en hierdie kennis sanksioneer die Woord as synde die geïnspireerde spreke van God te wees: "De leer van God is immers het fondament van de hele Bijbelse boodschap. Hier vallen de grote beslissingen in onze hele theologie. Als we hier scheef gaan, wordt het hele gebouw scheef."<sup>1)</sup> Om dus te verseker dat ons met die vraag na die kenbaarheid van die Woord nie op 'n bloot irrasionele wyse met die openbaring Gods besig is nie en dat ons geloof in God nie 'n blote projeksie van die menslike verbeelding is, óf nog erger, 'n blote "skoot in die donker" is nie, sal ons vooraf rekenskap moet gee oor die wyse waarop ons God ken, alvorens die vraag na die kenbaarheid van die Woord voldoende beantwoord kan word.

In die Skrifondersoek na die openbaringskennis aangaande God, word ons gelei deur twee spreuke van die Kerkvaders, naamlik: "God kan alleen deur God geken word"; en: "Hy is van Homself alleen die betroubare Getuie!"<sup>2)</sup> Die kennis van God is vir die Christengelowige primêr geloofskennis wat gebaseer is op 'n persoonlike relasie waarin God Homself tot die mens kom plaas het. Hierdie kennis is dus heilskennis - kennis waarop 'n mens hom werklik kan verlaat.<sup>3)</sup> Ons leer God dus nie ken deur ons rede,

- 
1. Runia, K., Religie zonder God? p.102.
  2. Polman, A.D.R., "De Openbaring Gods" in Het Dogma der Kerk, pp.80-81. Cf. Barth, Karl, : "Gott wird nur durch Gott erkannt," Die Frage nach Gott in Grundfragen systematischer Theologie, p.362.
  3. Ridderbos, H., Paulus, p.272.



ons intuïsie, ons aangebore Godsbewussyn of deur 'n innerlike verligting in ons "vroom gemoed" nie, maar ons ken God omdat en eers nadat Hy Homself aan ons bekend gemaak het. Anders gestel: geloof in God word moontlik gemaak deur God se aksie waardeur Hy Homself bekendmakend op die mens rig, asook die mens se gelowige reaksie op sodanige kennis.

Die vraag wat by die moderne mens ontstaan, naamlik of God enigsins ter sake is by die werklikheid, diskwalifiseer die vraag na kennis aangaande God, want dit het vir diegene in elk geval geen werklikheidsfunksie meer nie.<sup>1)</sup> So ontstaan 'n nuwe waardering vir die Aufklärung wat die Reformatoriese sola Scriptura-beginsel verontagsaam en tot gevolg het dat die Bybel nie meer as vanselfsprekend betrek word by diskussies wat na die norm van dinge vra nie. Daarom word die Bybel in die hedendaagse wêreld vry-algemeen as 'n menslike dokument gesien wat slegs betekenis het insoverre dit nog tot 'n verre (en naiewe!) historiese verlede behoort.<sup>2)</sup>

Om dus in die dialoog met die hedendaagse mens sinvol rekenskap te gee aangaande die kennis Gods soos geopenbaar in Sy Woord, is dit noodsaaklik om 'n kenteoretiese grondslag te vind as basis vir sodanige gesprek.

## 5.2 ENKELE KENTEORIEË MET BETREKKING TOT DIE KENBAARHEID VAN DIE BYBEL

### 5.2.1 Skeptisisme

Die skeptisisme bevraagteken die moontlikheid dat enige betroubare kennis vanuit die werklikheid herlei kan word. Voortgaande kennis en insig wat deur die wetenskaplike ondersoek aan die lig kom en meebring dat bestaande teorieë omvergewerp en vervang word, is die voedingsbron waarop die skeptisisme teer.

- 
1. Cf. Van Huyssteen, J.W.V., Teologie van die Rede, p.7.
  2. Cf. Van Dijk, M.P., Naar een nieuwe vrijzinnigheid, Franeker, 1966.

Alle kennis word sonder meer gerelativeer as gevolg van die vraag wat na die grond van sodanige sekerheid gestel word in die lig van moontlike toekomstige kennis wat die huidige as "dwalinge" kan ontbloot.

Die skeptisisme vertoon 'n variasie van vorme waarvan veral die metodiese twyfel vir die Bybelkunde van belang is, aangesien hierdie vorm van skeptisisme die werklikheid van kennis aanvaar, maar juis die twyfel as sleutel gebruik om 'n bepaalde denkpatroon te ontsluit. Descartes (1596-1650) het hierdie metode geskep en soos volg geleer: In laaste instansie is die mens van net één ding onvoorwaardelik seker, naamlik dat hy twyfel! En omdat hy twyfel, dink hy - derhalwe die gevolgtrekking: cogito, ergo sum (Ek dink, daarom bestaan ek!) Die gevolgtrekking van Descartes se metodiese twyfel word deur J.A. Heyns soos volg saamgevat: "In die rasionalistiese filosofie van Descartes.....word 'n volkome emansipasie van alle outonomie en subjektiwiteit voltrek, terwyl die ganse kosmos kennisteoreties uit die subjek en m.n. uit sy denke opgebou word."<sup>1)</sup>

Ander kenteorieë wat aansluiting vind by die skeptisisme tel onder andere die agnostisisme wat uitgaan van die gedagte dat 'n mens nooit met sekerheid kennis van die werklikheid kan bekom nie; asook die pragmatisme wat objektiewe waarheidskennis verwerp en 'n relatiewe voortgaande waarheidskennis wat in wording is, bely.

Oor die dwaling van die skeptisisme skryf E.A. Venter heel tereg: "Nou moet dit in die algemeen toegegee word dat dit uiters moeilik is, so nie onmoontlik nie, om oortuigend te bewys dat die skeptisisme 'n dwaling is. 'n Mens kan miskien daarop wys dat niemand ooit só seker van homself is nie as die skeptikus wat dan juis die moontlikheid van sekerheidskennis ontken."<sup>2)</sup>

- 
1. Heyns, J.A., Die Teologiese Antropologie van Karl Barth vanuit Wysgerig-Antropologiese Oriëntering, p.10.
  2. Venter, E.A., "Aantekeninge oor die Kenleer", in Ned. Geref. Teol. Tydskrif, deel VIII, Nr. 1, Jan. 1967, p.11.

### 5.2.2 Empirisme

Die empirisme het gedien as voedingsbron van onder andere die Sofiste, Stoïsyne, Epikuriste en het verteenwoordigers gehad in persone soos Bacon, Locke, Hume, Berkeley, Mill en die meeste Engelse wysgere.<sup>1)</sup> Hierdie rigting leer dat waarheidskennis nie deur die denke nie, maar deur die ervaring (empirie) verkry word: percipii ergo sum! Die groot bydrae wat hierdie kenteorie gelewer het is om die belangrikheid van waarneembare feite vir die wetenskapsbeoefening weer te onderstreep. Daarenteen word sy gevaarlike eensydigheid as werkhypotese soos volg deur E.A. Venter ontbloot: "Die empirisme is 'n funksionalistiese kenteorie, dit wil sê die sogenaamde menslike kenvermoë word dan tot één enkele funksie (die psigiese) beperk. So moet hy die wetenskap dan ook beperk tot die eksakte wetenskappe."<sup>2)</sup> Die empirisme, tot sy volle konsekwensies deurgevoer, kulmineer dus in 'n volstrekke individualistiese werklikheidsbeskouing.

### 5.2.3 Rasionalisme<sup>3)</sup>

Die rasionalisme herlei die menslike kenvermoë tot die bewussynsfunksie in teenstelling met die empirisme wat die kenproses reduseer tot die sintuiglike waarnemingsvermoë. Die ratio en nie die ervaring nie, is die enigste kennisbron. Rasionalisme staan teenoor empirisme soos denke teenoor waarneming staan. Immanuel Kant (1724-1804) het probeer om hierdie antitesis te oorbrug deur waarheidskennis nie te polariseer met waarneming of denke nie, maar te kulmineer in waarneming en denke. Volgens Kant laat die ervaring ons dinge weet, maar dit is eers wanneer die rede bykom dat ons kan ken - en laasgenoemde is vir Kant die "Bewusstseinuberhaupt."<sup>4)</sup> Ten spyte van Kant se

- 
1. Louët Feisser, J.J., "Empirisme" in Christelike Encyclopedie deel II, 1956, red. Grossheide, F.W., Van Itterzon, G.P., p.598.
  2. Venter, E.A., op.cit., p.13.
  3. Cf. Hart, H., The Challenge of Courage, Toronto, 1974.
  4. Cf. Heyns, J.A., Denkers deur die Eeue, pp.93-105.

lofwaardige poging om die Christendom met die humanisme te versoen, hou hy steeds 'n oorspanne menslike rede voor as kennis-bron.

In bogenoemde sin leer ons nie die kosmos ken nie, maar leer ons slegs die kenvermoë van die mens self ken - en in hierdie werksaamheid van die mens leer ons hom ken as die wetgewer van die kosmos.<sup>1)</sup>

Die rasionalisme het meegewerk dat die subjektivisme van die sewentiende tot die negentiende eeu grootliks die koers van die Reformatoriese openbaringsbegrip verander het.<sup>2)</sup> Vir die Bybelkunde is dit veral belangrik om hier kennis te neem van die Rooms-Katolieke beskouing, naamlik dat ware kennis van God (alhoewel onvolkome) buite die openbaring in Christus, deur die rede verkry kan word - hierdie stukkie rasionalisme is sedert die Vatikaanse Konsilie (1870) as 'n onfeilbare leerstuk van die Kerk aanvaar.

#### 5.2.4 Irrasionalisme<sup>3)</sup>

As reaksie teen die verabsoluttering van die ratio, het die irrasionalisme in sy veelkleurige gewaad van strominge en tendense ontstaan - soos byvoorbeeld die Piëtisme, Metodisme, Wederdopers, Sociniane, en andere. Belangrike verteenwoordigers van die irrasionalisme sluit ook in: Ritschl (etiese); Troeltsch (historisme); Wobbermin, Otto en Heifer (psigologisme); en Schleiermacher (subjectivisme).

Henri Bergson<sup>4)</sup> (1859-1941) wat as die vader van hierdie kenteorie

- 
1. Heyns, J.A., op.cit., p.105.
  2. Cf. Lekkerkerker, A.F.N., Nieuwe Theologie. Schets van de Theologische Situatie, pp.119-136.
  3. Cf. Kuitert, H.M., Anti-metafysische tendens en Hermeneutiek in De Realiteit van het geloof, Kampen, 1968, pp.37-90.
  4. Cf. Van Peursen, C.A., "Bergson" in Christelike Encyclopedie deel I, 1956, red. Grosheide, F.W., Van Itterzon, G.P., p.565.

beskou kan word, het geleer dat die intuïsie en nie die rede nie, die werklikheid deurgrond. Die belangrikste hedendaagse irrasionalistiese strominge wat in die debat rondom die Bybel saampraat, sluit veral die fenomenologie (Husserl) en die eksistensialisme (Heidegger, Marcel, Sartre, Sjestov, e.a.) in.

Die FENOMENOLOGIE was aanvanklik bloot net 'n wetenskaplike metode - en as sodanig waardevol vir die wetenskaplike navorsing. As denkrigting wil hierdie benadering eksakte kennis verkry deur middel van 'n toespitsing op kontak met die wese van die verskynsels van dinge - en dit sluit meer as net verstandskennis in: "Men beijvert zich dan de fenomenen van de werkelijkheid onbevangen te zien, het wezen ervan te schouwen, wat zich daarin manifesteert op zich laten inwerken, de taal die ervan uitgaan te beluisteren."<sup>1)</sup> Vir die Bybelkunde is die gevaar van die fenomenologie daarin geleë dat die navorser sy gevolgtrekkings slegs op sy bevindings binne die verskynsel of ding self grond. Wat hy nie as't ware konkreet en tasbaar daarin ontdek het nie, word sonder meer buite rekening gelaat. Dit impliseer dus dat die geloofsapriori in die hele proses van die kenakte uitgesluit word en dat daar geen rekening gehou word met die religieuse grondmotief wat eie aan menswees is nie.

Aangesien die eksistensialisme elders breedvoerig behandel word<sup>2)</sup>, gee ons vervolgens aandag aan die kenteoretiese grondslag wat deur Schleiermacher gelê is. Schleiermacher het heftig in reaksie gekom teen die ratio, maar het self ook die menslike bewussyn deur middel van die vroom gemoed ("Das Gefühl der schlechthinnigen Abhängigkeit") as uitgangspunt vir sy kennisleer geneem. Schleiermacher leer dat daar in elke menslike bewussyn, 'n bykomstige Godsbewussyn ook gegee is. Sy gevoel van volstreekte afhanklikheid is nie 'n afhanklikheid van God nie,

- 
1. Roscam Abbing, P.J., Actuele uitdagingen aan de Christenheid, p.13.
  2. Cf. Infra, Die Eksistensialistiese Skrifbenadering, pp.121-133.

maar 'n afhanklikheid in God. Nie as voorwerp van die bewussyn nie, maar as selfbewussyn is God in die mens teenwoordig. Hy kom tot hierdie gevolgtrekking omdat hy meen dat die mens se selfbewussyn in die gevoel, op grond van die identiteit met die absolute syn, ook tot identiteit met die Absolute bewussyn, verhef is.<sup>1)</sup> "Schleiermacher's position made the idea of revelation really superfluous, for it actually amounted to a denial that anything is revealed. On his principles, divine revelation must be simply equated with human advance into God-consciousness."<sup>2)</sup> Karl Barth tipeer hierdie vroom selfbewussyn tereg as "das Ein und alles dieser Theologie."<sup>3)</sup> Tog moet daarop gelet word dat ten spyte van Barth se lewenslange felle reaksie teen Schleiermacher, verwys "de oude Barth" in sy diktaat<sup>4)</sup> wat hy in 1956 te Basel opgestel het, soos volg na Schleiermacher: "Nú ben ik nog voorzichtiger geworden. Je komt bij Schleiermacher nooit uitgedacht. Men noemt hem de kerkvader van de negentiende eeuw. Maar misschien, ik herhaal het nog eens, misschien zal hij ook de kerkvader van de twintigste eeuw zijn!"<sup>5)</sup> Voorts motiveer hy sy stelling deur daarop te wys dat wat vandag as "Entmythologisierung" en "Existentialisierung" aangedien word, nie iets nuuts is nie "maar het zijn in wezen verkapte Schleiermacherianen, zij het van lager niveau."<sup>6)</sup>

Schleiermacher, wat tereg beskou kan word as die vader van die moderne liberale teologie, het dus die mistieke element in die hedendaagse sekularistiese Christendenke ingevoer, met die gevolge wat Packer soos volg saamvat: "He sought thereby to save Christianity from rationalistic malaise, but despite all the skill of his ministrations the cure was in some ways worse than

- 
1. Heyns, J.A., Die Teologiese Antropologie van Karl Barth vanuit Wysgerig-Antropologiese Oriëntering, p.15.
  2. Henry, Carl, E., Revelation and the Bible, p.92.
  3. Dekker, A., Puchinger, G., De Oude Barth, p.117.
  4. Barth, Karl, 'n Apologie van 'n Apologeet.
  5. Dekker, A., Puchinger, G., op.cit., p.117.
  6. Ibid., p.118.

the disease."<sup>1)</sup>

Die "bo-natuurlike" element wat Schleiermacher se teologie eensydig oorheers en kenmerk, is in die negentiende eeuse wetenskaplike metodiek gevolg, waar veral deur middel van die evolusie-teorie gepoog is om deur te dring tot die ontstaan van dinge. Laasgenoemde gedagterigting het deur die aanhangers van die "hoër kritiek" uitsprake oor die Bybelinhoud gedoen en probeer om die "storie" van die Hebreeus-christelike godsdiens met behulp van dié naturalistiese beginsel van evolusie, te "korrigeer".

### 5.3 DIE CHRISTELIKE KENTEORETIESE GRONDSLAG: NAÏEWE ERVARING EN WETENSKAPLIKE KENNIS

In die Christelike kenteorie moet die bestaan van beide die naïewe ervaring én die wetenskaplike kennis gehandhaaf word. Die humanistiese kenteorieë maak 'n onoorbrugbare onderskeid tussen hierdie twee vorme van kennis en beskou die naïewe ervaring as absoluut onbetroubaar en minderwaardig teenoor die wetenskaplike kennis wat tot die hoogste goed verabsoluteer word. Die waarheid is egter dat die ondersoeker hom nooit kan losmaak van sy naïewe ervaring nie, want geen mens leef in die ware sin van die woord as "wetenskaplike" nie. Ook die wetenskaplike sê byvoorbeeld soggens dat die son opkom ( 'n opmerking uit sy naïewe ervaring), en tog sal geen wetenskaplike inderdaad glo dat die son "opkom" nie. Die bestaan van beide hierdie soort kennis as synde aspekte van dieselfde werklikheid, word duidelik deur H.J. Strauss soos volg geformuleer: "Die werklikheid wat ons uit ons voor-wetenskaplike of naïewe denke leer ken en die werklikheid wat ons uit ons wetenskaplike denke leer ken, is dus presies dieselfde werklikheid. Daar bestaan slegs één geskape werklikheid en nie twee nie. Daarom behoort ons wetenskaplike kennis en ons naïewe kennis mekaar nooit te weerspreek nie - beide is kennis aangaande dieselfde werklikheid, elk op sy eie manier."<sup>2)</sup>

---

1. Henry, Carl, E., op.cit., p.92.

2. Strauss, H.J., Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys, p.27.

Alhoewel die bestaan van naëwe ervaring én wetenskaplike kennis gehandhaaf moet word, moet die onderskeid tussen naëwe ervaring en wetenskaplike kennis duidelik beklemtoon word. Die naëwe kenwyse is gerig op 'n totaliteitsblik van die werklikheid en is ongesistematiseerde sintuiglike indrukke. Met betrekking tot die Bybelkunde is dit as sodanig nie diep ingrypend nie en in 'n sekere sin alleen tot die buitekant van die Bybelse waarhede beperk.<sup>1)</sup>

Die wetenskaplike kenwyse daarenteen volg altyd die weg van abstraksie; is analities gekwalifiseerd en derhalwe die produk van die menslike denkaktiwiteit; en kom logies-gesistematiseerd tot 'n samevattende opheldering. Wanneer die naëwe kennis na die kern van die waarhede deurdring en gevra word na byvoorbeeld die grondtale en die Bybel se oorspronklike taalbetekenis binne die destydse kultuur-historiese milieu, dan neem die begin van die wetenskaplike kennis in aanvang.

Verder moet daarop gelet word dat, alhoewel hierdie twee vorme van kennis van mekaar onderskei moet word, hulle nie tot mekaar in die verhouding staan van betroubaar (wetenskaplik) teenoor onbetroubaar (naëwe) nie.<sup>2)</sup> Albei is gerig op waarheidsinsig van die kosmiese werklikheid en sal mekaar dus nie weerspreek omdat hulle per se met ander waarhede sou besig wees nie. Trouens, die naëwe ervaring bly steeds die fondament waarop die wetenskaplike denkwysse ontdekkend en sistematiserend op voortbou. In dié sin verdiep die wetenskaplike denkwysse ons naëwe ervaring en kan eersgenoemde immers maar net dieselfde gemeenskaplike navorsingsobjek navors, naamlik die één Goddelike openbaring.

Met betrekking tot die kennis Gods en Sy Woord ontstaan die vraag of daar langs die weg van die wetenskaplike ondersoek en/of die naëwe ervaring wel tot die kennis Gods deurgedring kan word?

- 
1. Heyns, J.A., Jonker, W.D., Op weg met die Teologie, p.128.
  2. Kalsbeek, L., De Wijsbegeerte der Wetsidee, p.62.



Eersgenoemde metode word in elk geval uitgeskakel bloot vanweë die beperking wat op die logiese denke gelê is om enigsins die bestaan van God te bepaal of om tot 'n skeikundige-analitiese-proefondervindelike-gevolgtrekking ten opsigte van God, te kom nie. Die nuwe denke kan hoogstens die drang na God - wat Calvin die semen religiones in die mens noem - as 'n "intuïtiewe" gerigtheid na God toe, noem as 'n vorm van 'n Goddelike kenwyse (Brunner). Die mens is egter geensins in staat om ware kennis van God langs die weg van sy rede, ervaring of intuïtiewe gevoelbelewensisse te verwerf nie. Daarom is die Christelike kenteorie wat ten grondslag lê van die kenbaarheid van die Heilige Skrif, gegrond op openbaringskennis.

#### 5.4 KENNIS VAN DIE WOORD AS OPENBARINGSKENNIS

Die openbaring is die aprioriese sine qua non vir die verstaan van die Bybel. Sou die beswaar teen dié kenteoretiese grondslag geopper word, naamlik dat dit dogmaties van aard is, moet dit as sodanig toegegee word, "want die openbaring word dogmaties aanvaar as uitgangspunt vir die redenering en as laaste norm vir alle kritiek."<sup>1)</sup> Trouens, indien die openbaring as kenteoretiese grondslag vooraf aan 'n toets onderwerp sou word alvorens dit as 'n sleutel vir die inname van kennis aanvaar word, sou dit impliseer dat 'n ander fundamentele norm gesoek moet word. Vir die Christen is die openbaring as uitgangspunt te aller tye 'n finale beslissing om die grondslag van Bybelkennis te bepaal.

Die Christelike kenteorie is egter nie subjektief teenoor die openbaring ingestel in die sin dat die openbaring voetstoots en sonder enige nadenke aanvaar word nie. Inteendeel, die vak Bybelkunde lewer juis deur middel van sy funksionele bemoeienis met die Skrifopenbaring 'n bydrae deurdat dié vak 'n kritiese evaluering van die Skrifgegewens aanwend - altyd egter met die

---

1. Gunter, C.F.G., Opvoedingsfilosofie, p.307.

aanvaarding dat die Skrifgegewens self as finale norm van dié kenleer geld.

Om nou meer spesifiek deur te dring tot die kenbaarheid van die geopenbaarde Woord, moet ons kortliks let op die begrip openbaring en terselfdertyd die kenteoretiese beoordeling as grondslag daarvan, in oënskou neem.

#### 5.4.1 DIE BEGRIP: "OPENBARING"

Die woord openbaring beskryf iets wat verborge was en nou tevoorskyn tree. Letterlik dui dit op bekendmaking van iets wat omhul was ( ἀποκαλύπτω ); iets wat in die heldere lig verskyn ( ἐπιφάνεια ). Die tot nou toe onkenbare, word dus nou deur die openbaring kenbaar gemaak. Die begrip openbaring se primêre betekenis sien dus nie op iets wat subjektief van binne die mens uit plaasvind nie, byvoorbeeld dat die mens (subjek) plotseling 'n mistieke "verligting" (openbaring) ontvang wat hom in staat stel om op 'n "heldersiene wyse", die onsienlike te sien nie. Openbaring is in die Bybelse spraakgebruik 'n objektiewe gebeure waarin God self handelend optree en wel op sodanige wyse dat Hy in Sy openbaring deur die mens geken kan word.<sup>1)</sup>

Die openbaring van God is verder ook nooit absoluut in die ware sin van die woord nie, maar is openbaring in dié mate (en vir dié doel!) waartoe God dit wil. Trouens, die kwalitatiewe verskil tussen Skepper en skepsel skakel byvoorbaat alle onmiddelikheid tussen God en mens uit: "Nooit staan God nakend, en in Sy pure, reine Goddelikheid voor die mens nie - só 'n God kan die mens trouens ook nie ken nie. Die sprekende en handelende, en vir die mens dus kenbare God, is altyd bekleed met, verhuul in, en teenwoordig onder die gewaad van Sy openbaring."<sup>2)</sup> Heel tereg merk W.D. Jonker die merkwaardige verband met God se selfopenbaring op, naamlik dat Hy Hom nie ontklee van 'n bedekking

- 
1. Heyns, J.A., Jonker, W.D., op.cit., p.151.
  2. Ibid., p.151.

wat Hom vir die menslike rede ontoeganklik maak nie, maar dat Hy Hom juis aanklee sodat die mens Hom kan ken. Hy bekleed Hom finaal in sy menswording met die kosmiese kreatuurlikheid deurdat Hy in die daad van sy Selfopenbaring die gedaante van 'n mens aandoen.

#### 5.4.2 ALGEMENE EN BESONDERE OPENBARING

Volgens die Heilige Skrif openbaar God Homself in die natuur en in die Skriftuur. Eersgenoemde openbaring geskied in die werke van die natuur (Ps. 19:1-2; Rom. 1:19-20); in die geskiedenis (Hand. 17:26); en in die mens self (Rom. 2:14-15): "It does not come to man in the form of verbal communications, but in the facts, the forces, and the laws of nature, in the constitution and operation of the human mind, and in the facts of experience and history."<sup>1)</sup> Die openbaring in die Skriftuur vind gestalte in die Heilige Skrif wat veral die boek van God se "spesiale" openbaring is. In die Skriftuurlike openbaring gaan feite en woorde hand aan hand saam - die woorde interpreteer die feite en die feite gee aan die woorde substansie. Die Skriftuurlike openbaring vind sy hoogtepunt in die vleeswording van Jesus Christus (Matt. 3:17; Joh. 1:14; Rom. 8:32; Hebr. 1:3). Herman Bavinck<sup>2)</sup> onderskei vier kenmerke wat die kennis van God in Christus van alle ander kennis wesenlik laat verskil:

1. In oorsprong is hierdie kennis alleen aan Christus self te danke (Joh. 1:18), terwyl alle ander kennis in 'n sekere mate deur eie inspanning verwerf kan word.
2. In voorwerp is die kennis van natuur en geskiedenis tot die eindige beperk, terwyl die openbaring in Christus ons met die Oneindige konfronteer (Joh. 14:9).

---

1. Berkhof, L., A Summary of Christian Doctrine, p.11.  
2. Bavinck, H., Handleiding bij het Onderwijs in den Christelijken Godsdienst, pp.11-12.

3. In wese is hierdie kennis geloofskennis - kennis van God se deugde, geregtigheid, genade, ens. wat berus op 'n persoonlike relasie en wat derhalwe "alleen het eiendom van zijne kinderen is (Matt. 5:8; 18:3; Joh. 3:5; 7:17)." <sup>1)</sup>

Bavinck maak 'n onderskeid tussen weet en ken en sê dat die wete geld vir kennisname van beskrywings wat deur iemand anders van 'n persoon of saak gegee is. Om te ken impliseer dat persoonlike kennisname van die persoon of saak geskied. Derhalwe beklemtoon hy die feit dat verstandelike aanname van kennis ook buite die hart om kan bestaan, maar dit is geen geloofskennis nie.

4. In sy werking is die kennis Gods wat deur Christus deurgegee word, tegelykertyd die ewige lewe.

Hierdie meervoudige openbaring (natuur en Skriftuur) is van vroeg af deur die Gereformeerde teoloë raakgesien en in tweërlei openbaringsvorme onderskei - sonder om 'n dualistiese skeiding te postuleer: "Onze Vaders en broeders in Christus hebben nu reeds van de vroegste eeuwen af ontdek, dat er in de Heilige Schrift van tweeërlei openbaring Gods gesproken word. Men had alleen enige moeite met de naamgeving. Zij spraken van natuur=lijke en bovennatuurlijke, middellijke en onmiddellijke, algemene en bijzondere openbaring." <sup>2)</sup>

Bavinck se onderskeiding van algemene en besondere openbaring het algemeen inslag gevind, alhoewel geringe terminologiese wysigings voorkom soos byvoorbeeld Polman se onderskeiding van fundamentele en besondere openbaring - hy erken egter dat daar saaklik geen wesenlike verskil rakende die saak wat beskryf word tussen hom en Bavinck bestaan nie.

Hedendaags word die onderskeiding tussen algemene en besondere

---

1. Ibid., p.12.

2. Polman, A.D.R., "De Openbaring Gods" in Het Dogma der Kerk, red. Berkouwer, G.C., Toornvliet, G., p.81.

openbaring bevraagteken: "Het schijnt wel, asof de tijd der vanzelfsprekendheid waarmee de Gereformeerde dogmatiek tussen algemene en bijzondere openbaring onderscheidde, voor goed voorbij is."<sup>1)</sup> Hierdie onderskeiding word deesdae afgekeur as gevolg van terminologiese oorwegings, die gevaar om 'n natuurlike teologie daarin te lees, en veral omdat die unieke en eenmalige karakter van die heilsopenbaring in Christus hierdeur gedevalueer word. Dit is vanselfsprekend dat na mate die aksent na die algemene openbaring verskuif, die besondere maklik kan vervaag om dan uiteindelik die gevaar te loop om in die ou supernaturalistiese teologie (E. Troeltsch) te kulmineer, sodat agter die menigerlei godsdienste één universele openbaring bespeur word. Tereg wys Berkouwer daarop dat die onderskeiding tussen algemene en besondere openbaring versigtig hanteer moet word: "Only when it becomes fully clear that the doctrine of the general revelation of God poses no threat to the special revelation of God in Jesus Christ does it become possible for this doctrine to resound throughout the world of our time."<sup>2)</sup>

Ten spyte van die taalkundige tekortkoming om in begrypbare woorde hierdie Skriftuurlike saak bevredigend te terminologiseer, moet ons steeds "waag" om sodanige onderskeiding te handhaaf, aangesien ons immers gedwing word om 'n antwoord te verstrek op die vraag hoe God Homself openbaar en hoe sodanige openbaring kenbaar word: "Weil unsere Zeit so durch die Erfahrung der Verborgenheit Gottes gekennzeichnet ist, darum hat die Frage nach dem Hergang der Offenbarung seiner Gottheit für die gegenwärtige theologische Situation und für viele einzelne Christen so entscheidendes Gewicht bekommen."<sup>3)</sup>

Die Bybelkunde moet van hierdie onderskeiding gebruik maak, want alhoewel sodanige onderskeiding nie pertinent in die Bybel genoem word nie, word die saak tog duidelik omskryf en dui veral

- 
1. Berkouwer, G.C., "De Algemene Openbaring" in Dogmatische Studiën, p.5.
  2. Berkouwer, G.C., "General and Special Divine Revelation" in Revelation and the Bible, (Ed.) Henry, C.F.H., p.19.
  3. Pannenberg, W., "Wie wird Gott uns Offenbar?" in Radius, 1960, nr. 4, p.3.

aan dat God in die geskiedenis handelend optree soos onder andere blyk uit die skepping, sondeval en verlossing van die mensdom.

#### 5.4.3 ALGEMENE OPENBARING

Soos reeds aangetoon is die gevaar van 'n ooraksentuering van die algemene openbaring nie denkbeeldig nie - soos ook blyk uit die "Historiese Skool" se bevraagtekening van die eksklusiwiteit van die Christendom en die sterk pleidooi dat die valse godsdienste nie sonder meer verwerp moet word nie, maar eerder gesien moet word as komende uit die algemene openbaring.

In 'n resente proefskrif verwerp D.C.J. van Wyk die onderskeiding tussen algemene en besondere openbaring, omdat die algemene openbaring die kiem van die natuurlike teologie in hom ronddra.<sup>1)</sup> Van Wyk<sup>2)</sup> beweer dat die Rabbyne geskryfte van oudsher af die opvatting gehuldig het dat die kennis Gods aan die heidene bekend geword het deur die Noagitiese verbond, die Thora en deur die Jode in die diaspora (Strack-Billerbeck). Volgens die Rabbyne het God die Thora aan die volkere van die wêreld aangebied, maar slegs Israel het dit aanvaar (Bietenhard, Hans). Daar is dus geen natuurlike Godskennis by die heidene te bespeur nie - trouens, die meeste vordering wat hulle kon toon is geleë in die oprigting van die altaar aan die onbekende God (Hand. 17:26). Indien die Jode ware Godskennis aan die heidene krediteer, sou Israel daarmee die openbaring deur die Thora moes prysgee. Daarmee sou Israel ten slotte sy bestaansreg as volk van God moes prysgee. Die Bybel leer egter dat die openbaringskennis deur Israel aan die ganse wêreld bekendgemaak is (Ps. 147:19-20; Amos 3:2).

Teenoor die Pelagiane, Rasionaliste en Deïste wat die algemene openbaring as voldoende beskou om tot ware Godskennis te kom, leer die Bybel dat dit vanweë die sonde nie moontlik is nie:

- 
1. Van Wyk, D.C.J., Die Probleem van die Algemene Openbaring - Histories nagegaan en prinsipiëel getoets, Pretoria, 1973.
  2. Cf. Ibid., pp.13-32.

"It was obscured by the blight of sin resting on God's beautiful creation. The handwriting of the creator was not entirely erased, but became hazy and indistinct. It does not now convey any fully reliable knowledge of God and spiritual things." <sup>1)</sup>

Vanweë die sonde het dit noodsaaklik geword dat God die waarhede in Sy skepping vir die mens weer sou her-interpretêr, derhalwe het die noodsaaklikheid van 'n besondere openbaring ontstaan.

#### 5.4.4 BESONDERE OPENBARING

Die algemene openbaring is as Gods werk volmaak, maar die media (skepping, geskiedenis, menslike gewete) is bedorwe. Daarenteen word daar onder die besondere openbaring die bekendmaking van God verstaan soos Hy besondere middele aanwend om Homself aan die mens bekend te stel.

Polman noem drie redes waarom hierdie besondere openbaring "besonder" genoem kan word:

1. Die WYSE waarop God hierdie openbaring deurgee is besonders en sluit die volgende besondere middele in:

(a) TEOFANIE - waarop Vriezen die volgende hoë premie plaas: "Alles bijeengenomen is er reden genoeg om de theofanie in het O.T. ernstig te nemen als een der meest fundamentele uitdrukkingsvormen van het geloof in de gemeenschap van de heilige God en de mens."<sup>2)</sup>

Die teofanie kulmineer en word ten slotte volkome gerealiseer in die Vleeswording van die Woord (Kol. 1:19; 2:9).

- 
1. Berkhof, L., op.cit., p.12.
  2. Vriezen, Th.C., Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament, p.203.

(b) Verder moet die PROFESIE genoem word waaronder die bonatuurlike verskynsels verstaan moet word waardeur God bepaalde persone gebruik as Sy tolk, mondstuk of orgaan. Op uiteenlopende wyse word God se gedagtes aan dié organe oorgedra byvoorbeeld deur die lot (Spr. 16:33); die Urim en Tummim (Ex. 28:30); drome (Gen. 28:12); visioene (Eseg. 8-11); met as hoogste vorm van profesie die inspraak (waar God se spreke sonder bemiddeling van gehoor of spraak, in die orgaan se bewussyn inslag vind) én die toespraak (waar God met die orgaan in dialoog tree - vgl. Gen. 3; 9:1-16; 1 Sam. 3:8-9; ens.).

(c) Die LIRIEK en GOKMA word ook veelvuldig as openbaringsmiddel gebruik en vind ook in Christus volle verwerking (1 Kol. 1:30).

(d) TEKENS en WONDERE is ook besondere middele waardeur God Homself bedien.

2. Die INHOUD van hierdie openbaring kan ook as "besonder" gekwalifiseer word vanweë die sentrale tema daarvan wat deur Christus in Joh. 3:16 saamgevat word: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

3. Die openbaring is "besonder" ook vanweë die PERSONE wat dit daadwerklik ontvang.

Samevattend kan dus gesê word dat God één openbaring (met die ganse wêreld as die terrein van sy bekendmaking) het, want oral waar God skeppend en onderhoudend Sy heerlikheid uitsprei en Sy ontferming bewys, werk Hy openbarend mee. Tog neem Sy openbaring 'n besondere gestalte aan deurdát dit in die Woord gerealiseer is.



## 5.5 VERHOUDING: VLEESGEWORDE WOORD EN SKRIFGEWORDE WOORD

Die probleemstelling rondom die Woord waardeur die besondere openbaring kenbaar word, is geleë in die vraag na die hoe-danigheid van die relasie waarin hierdie Woord (Vox Dei) tot die Heilige Skrif staan. Die Christendom het deur die jare gewoon geraak aan die belydenis: "Sacra Scriptura est Verbum Dei," maar baie Protestante (Gereformeerdes!) weier om vandag hierdie identifikasie tussen die Bybel en die Woord Gods te maak. Veral diegene wat tradisioneel aan die openbaringsgedagte van die verbale-inspirasieleer verbind was, kan nie meer hulle tradisionele standpunte voetstoots aanvaar nie. Daarteenoor kan die liberalistiese verwerping van die openbaring ook nie bevredig nie en word daar derhalwe gesoek na 'n sintese waarin die "waarheidsmomente" van hierdie twee uiterstes saamgevat word. Die probleemstelling in die moderne teologie is derhalwe hoe die konsepsie van die openbaring deur die Bybel herinterpreteer kan word sonder om terug te val op die ou "on-wetenskaplike" gelyk-skakeling van die Bybel met die Woord van God.<sup>1)</sup>

### 5.5.1 BARTHIAANSE SIENING

Barth het ook tot dié debat toegetree en huldig die mening dat die openbaring in Christus (Vleesgeworde Woord) God se enigste en eksklusiewe openbaring is: "The whole revelation of the Triune God is set before us in the Bible. The revelation takes place in Jesus Christ, and the Bible is a collection of witnesses to the event in the form of expectation and recollection."<sup>2)</sup> Getuies ("witness") impliseer vir Barth dat die Bybelse geskifte nie self openbaring is nie, maar as gewone mense woorde getuienis van die openbaring lewer. Barth dwaal dus aangesien hy beweer dat die Bybel nie self openbaring is nie, maar dat die Bybel slegs die openbaringsinhoud bevat. Daarbenewens val openbaring en Vleeswording vir Barth saam en buite hierdie openbaring is daar selfs nie eens in die Bybel openbaring

---

1. Henry, C.F.H., op.cit., p.94.

2. Come, A.B., An Introduction to Barth's Dogmatics for Preachers, p.93.

nie - hoogstens getuienisse daarvan!

Hiermee wil Barth nie beweer dat die Bybel nie by die openbaring ter sake is nie, want "revelation occurs with and through them, so the Church cannot free itself from the very written texts."<sup>1)</sup>

Volgens Barth kan die Bybel die Woord van God bevat, of selfs 'n "vehichle" (Kraemer)<sup>2)</sup> van die Woord wees, maar die Bybel mag nie met die Woord as sodanig vereenselwig word nie. Nietemin is daar vir Barth, behalwe die Skrif self, geen ander kenbron wat van die openbaring Gods getuig nie: "From the history of the Church and of theology it can be demonstrated, Barth asserts, that acceptance of a second source of the knowledge of God - for example, Scripture and tradition, Scripture and reason, Scripture and emotion - has always led to devaluation of the first source."<sup>3)</sup>

#### 5.5.2 BEGRIP: LOGOS TOU THEOU

Die λόγος τοῦ θεοῦ kom in drieërlei gestaltes in die Bybel tot openbaring:

##### 1. God se Woord is Skeppingswoord

God se Woord is nie slegs geartikuleerde woorde of leë sinsnedes nie, maar Sy Woord is 'n gebeure ("Ereignis" of "event"). Met verwysing na Joh. 1:1: " ἐν ἀρχῇ ἦν ὁ λόγος " skryf Walter Lüthi soos volg: "In den beginne was niet de daad. Dat is de eigenaardigheid van het goddelijke handelen, dat het Woord aan de daad voorafgaat. Als God werkt, dan is het als het ware niet zijn gewoonte 'met de deur in huis te vallen', maar dan kondigt Hij zijn daad eerst door het Woord aan."<sup>4)</sup>

- 
1. Ibid., p.94.
  2. Cf. Kraemer, H., The Christian Message in a non-Christian World, Michigan, 1956.
  3. Berkouwer, G.C., "General and Special Divine Revelation" in Revelation and the Bible, red. Henry, C.F.H., p.18.
  4. Lüthi, W., Het Evangelie van Johannes in de wereld van heden p.6. (Cf. N.G.B., art. X).

Elke bedryf in die skeppingsdrama begin met die skeppingswoord wat die daad voorafgaan (Gen. 1:2, 6, 9, 11 ens.); Jeremia sê dat die Woord soos 'n hammer is wat 'n rots vermorsel (Jer. 23:29); en die Psalmdigter skryf die hemele se ontstaan toe aan die skeppingswoord Gods (Ps. 33:6, 9): "To say that Jesus is the Word is to say for a Jew more than that he is the voice of God; it is to say that he is the dynamic and creative power of God in action."<sup>1)</sup>

## 2. God se Woord is Geskrewe Woord

Soos die skeppingswoord 'n gebeure van God is, is ook die Skrifwoord eweneens 'n daad van God.<sup>2)</sup> Allereers moet onthou word dat die Hebreëuse דְּבַר 'n veel meer dinamiese en konkrete betekenis het as ons ekwivalent, te wete woord: dit "kom tot die profete" (Jer. 1:2; Eseg. 1:3; Hos. 1:1) ens. Die lewende element in דְּבַר tree veral na vore in die Nuwe Testamentiese formulering "Woord van God", - wat slegs vir die werk van 'n openbaring in Christus gebruik word. Die uitdrukking "Woord van God" moenie teen die Ou Testamentiese agtergrond van die kultiese orakelwoord (Thora) gesien word nie, maar in die lig waarin die Woord as Godswoord tot die profete gerig is.

Samevattend kan gesê word dat die uitdrukking "Woord van God" 'n ontwikkeling deurgemaak het van 'n aanvanklike Woordopenbaring tot 'n latere aanduiding van die geskrewe Woord as die versameling van God se geïnspireerde Woorde. Dit is juis dié Woord wat die handeling van God in die geskiedenis konkreet binne die tyd bekendgestel het as daadhandeling van God self: "De geschiedenis op zichzelf is dus niet openbarend, maar wordt door God in zijn spreken tot de Godsmannen verklaard; zonder dit spreken Gods, zou Israël zijn geschiedenis niet hebben verstaan."<sup>3)</sup>

- 
1. Barclay, W., Jesus as they saw Him, p.422.
  2. Van Niftrik, G.C., Kleine Dogmatiek, p.303.
  3. Vriezen, Th.C., op.cit., p.206.

Die Skrif is Gods Woord en dit word nie eers  $\lambda\acute{o}\gamma\omicron\varsigma$  τοῦ θεοῦ wanneer dit die leser daarvan aanspreek nie (Barth)<sup>1)</sup>. Daarmee word nie impliseer dat die letters van die geskrewe Bybel self "vergoddelike Skrif" is nie. Die openbaring in die Skriftuur is die besondere openbaring omdat dit in Christus kulmineer. Die begrip  $\lambda\acute{o}\gamma\omicron\varsigma$  τοῦ θεοῦ is 'n baie wyer begrip as net die Skrifopenbaring en sluit die omvattende Selfopenbaring deur Christus ook in (Joh. 21:25).

### 3. God se Woord is Geopenbaarde Woord.

In letterlike sin is net Christus alleen God se Geopenbaarde Woord: "... καὶ ὁ λόγος σὰρξ ἐγένετο ." (Joh. 1:14): "The Logos assumed, not an individual man or a single human personality, but human nature into union with His pre-existent divine personality. He moreover assumed human nature, not apparently and transiently (according to the Gnostic Docetic view), but really and permanently; nor partially (as Apollinaris taught), but totally, with all its essential constituents as created by God, body, soul and Spirit."<sup>2)</sup>

Die  $\lambda\acute{o}\gamma\omicron\varsigma$  τοῦ θεοῦ is nie 'n leerstelling wat aan Christus se volgelingen oorgedra is nie, maar dié Woord is in sy Persoon gesetel: "It is present only in His person, in the historical occurrence which is given with Him, which He Himself is."<sup>3)</sup> Anders gestel: Christus is nie slegs die mondstuk van die  $\lambda\acute{o}\gamma\omicron\varsigma$  τοῦ θεοῦ nie, maar Hy is Self die  $\lambda\acute{o}\gamma\omicron\varsigma$  in dieselfde sin waarin Hy byvoorbeeld nie slegs 'n boodskap van vrede is nie, maar die Vrede self is (Efes. 2:4).

Teenoor Barth wat die Bybel dualisties onderskei in "Gotteswort" én "Menschewort"<sup>4)</sup> en laasgenoemde aan kritiese "loutering"

- 
1. Cf. Come, A.B., An introduction to Barth's Dogmatics for Preachers, p.89.
  2. Lange, J.P., The Gospel according to John, p.72.
  3. Kittel, G., Theological Dictionary of the New Testament (vertaal deur Bromiley, G.W.), p.126.
  4. Cf. Barth, K., K/D. I, 2, p.562.

onderwerp, kan gesê word dat soos die vleesgeworde Woord in sy vernedering vry van alle sonde en dwaling gebly het en derhalwe onfeilbaar was, is ook die Skrifgeworde Woord as't ware in diensknegsgestalte kragtens die beademing van die Heilige Gees, eweneens onfeilbaar.<sup>1)</sup>

Deur die analogie tussen Vleesgeworde en Skrifgeworde Woord te handhaaf, word 'n "verstaanbare" dimensie van die wese van die Skrifopenbaring verkry. Soos die twee nature van Christus die ware Goddelike én tegelykertyd ook die ware menslike bevat het, is Hy ook in sy Persoon in 'n heel unieke sin beide Revelator en Revelatio gelyktydig: "Alle openbaringen Gods, alle woorde Gods in natuur en gesiedenis, in schepping en herschepping, onder Oud en Nieuw Testament hebben in Hem hun grond, hun eenheid en middelpunt."<sup>2)</sup>

#### 5.6 BASIESE RIGLYNE MET BETREKKING TOT KENNIS VAN DIE SKRIFOPENBARING

1. Die kenteoretiese grondslag wat in die lig van die Bybel gerekonstrueer word, veronderstel 'n waarheidsgrondslag wat nie uit empiriese waarneming of menslike ervaring opkom nie, maar aanvaar dat ware kennis van God en sy Woord alleen apriories as geopenbaarde kennis gefundeer kan word. Die aanvaarding van die Heilige Skrif as geopenbaarde kennis sluit verder die erkenning in dat God self die Outeur van die Bybel is. Daarom die oortuiging dat God geken word omdat en slegs insoverre Hy Homself in die Bybel kenbaar gemaak het.
2. Die beperkinge wat die sondegebroke werklikheid op die bestaan en kenvermoë van die Bybelkundige self plaas, verhoed dat die geopenbaarde Woord finaal geformuleerd van die Bybelbladsye afgelees kan word. Daarom staan die Bybelkundige

---

1. Potgieter, F.J.M., Die Teopneustie van die Heilige Skrif met besondere verwysing na Karl Barth, p.12.  
2. Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, deel I, 1967, p.372.

ondersoek steeds in die teken van voorlopigheid, helaas dan ook die noodsaaklikheid daarvan om Bybelkunde op 'n wetenskaplike grondslag te beoefen.

Die voorlopige karakter van reeds en nog nie waarin die Bybelinhoud gesistematiseerd gestalte verkry het, veronderstel allermens dat die Bybelkunde op grond van die belydenis van sy beperkte insigte, 'n knieval voor die relativisme moet maak nie. Ook in sy voorlopige gestalte bly die kennis wat die Bybel ont-hul, steeds ware en betroubare kennis. Al sou dit ook waar wees dat die ware Godskennis eers in die beloofde heilstyd tot volle openbaring kom, het die profete die volk Israel voortdurend opgeroep om God "hier en nou" te ken (Hos. 2:21, v.).

3. Omdat die Bybel as geopenbaarde Woord van God bekendgestel word, veronderstel dit dat die Bybelkundige die geloof as voorwaarde vir ware Bybelkennis (en Godskennis) in die Bybel-ondersoek sal aanvaar. Die rede sowel as die ervaring en alle ander lewensuitgange moet derhalwe anastaties ontsluit in 'n gerigtheid na Bo. Rationele kennis maak slegs die objektiewe aspekte van die Bybelinhoud kenbaar, terwyl ervaringskennis weer lei tot eensydige subjektivisme, sodat insig wat lei tot ware kennis van die Woord vir diegene uitgesluit bly.

4. Die Skrifopenbaring is nie 'n objektiewe spreke wat net om kennisname vra nie, maar het 'n appellatiewe karakter wat die mens in sy hart aanspreek. Die bekendstelling van die Woord roep dus 'n aktiewe Godgerigte gehoorsaamheid by die mens op en veronderstel daarom 'n innige geloofsrelasie met Hom. Hierdie intieme verhoudingskennis word in die Ou Testament uitgedruk met die woord yt'<sup>1)</sup> wat die keersy is van 'n doelgerigte afvalligheid aan God self (Hos. 8:2).

---

1. Cf. Koehler, L., Baumgartner, W., yt' in Lexicon in Veteris Testamenti Libros, pp. 364-366.

Die regte ingesteldheid teenoor die Bybelkundige navorsing veronderstel daarom 'n geloofsverhouding waarin God self as die Outeur van die Heilige Skrif erken word. Vanweë sy Oorsprong word die Skrifopenbaring erken as geïnspireerde Woord van God en laasgenoemde rede vorm die basis waarop 'n sinvolle navorsing, ook op akademiese vlak, met die Bybel as studiebron moontlik is.

---oo0oo---

## HOOFSTUK VI

### DIE HERMENEUTIESE GRONDSLAG VIR DIE VERKLARING VAN DIE HEILIGE SKRIF

#### 6.1 DIE "NUWE HERMENEUTIEK"

Sonder om indringend op die noodsaaklikheid van die hermeneutiek te wys, insoverre dit vir die wetenskaplik-verantwoorde Skrifuitleg onmisbaar is, blyk die belangrikheid van die hermeneutiek veral duidelik wanneer dit gesien word teen die agtergrond van die sogenaamde "Nuwe Hermeneutiek."

Die "Nuwe Hermeneutiek" het in die Duitse teologie as 'n dominante beweging na vore getree en maak aanspraak daarop dat die hermeneutiek as die brandpunt beskou moet word in die debat wat rondom die Bybel sentreer. Die term Nuwe Hermeneutiek word deur Gerhard Ebeling en Ernst Fuchs so dikwels en met soveel elasticiteit van betekenis gebruik, dat daar na hulle benadering verwys word as "die nuwe hermeneutiek" of eenvoudig net "die hermeneutiese skool."<sup>1)</sup> Die sogenaamde "Nuwe Hermeneutiek" is egter nie soos die woord veronderstel, 'n "nuwe" besinning oor die ou bekende hermeneutiese Skrifbeginsels as sodanig nie, maar is inteendeel 'n nuwe metode van Skrifuitleg wat lynreg teenoor die tradisionele benadering te staan wil kom. Die "Nuwe Hermeneutiek" is deur-en-deur 'n antropologiese benadering tot die verstaan van die Heilige Skrif en word totaal oorheers deur die filosofiese apparaat waarmee die Skrif uitgelê moet word: "As a German current of thought, hermeneutics came to be profoundly influenced by German phenomenology and existential philosophy."<sup>2)</sup>

Die eerste fase in die ontwikkeling van die "Nuwe Hermeneutiek"

- 
1. Cf. Braaten, Carl E., "History and Hermeneutics" in New Directions in Theology Today, vol. II, p.131.
  2. Palmer, R.E., Hermeneutics, p.10.



kan teruggevoer word na die verskyning van Karl Barth se Römerbrief (1919). In teenstelling met die tradisionele opvatting dat die hermeneutiek die teorie van interpretasie (eksegese) is en daarom deur middel van die kultuurhistoriese agtergrond en literêre ondersoek die bedoelinge van die skrywer aan sy destydse leserskring moet rekonstrueer, het Barth daarin geslaag om die Bybel op 'n uiters aktuele wyse te vertolk en relevant te maak vir die Duitse volk - wat voos geslaan was deur die Eerste Wêreldoorlog wat toe pas ten einde geloop het. Barth se hermeneutiese benadering kan kortliks soos volg geskets word: Hy erken die goeie reg van die histories-kritiese metode van Skrifondersoek, maar voeg by dat daar wel rekening gehou moet word met die feit dat die Skrif deur die Heilige Gees geïnspireer is. Verder is die interpretasie van die Skrif wesenlik gemoeid met die taak om deur die omringende historiese kleed van die Bybel te dring ten einde tot die gees daarvan te kan kom. Om op hierdie wyse tot op die wesenlike kern van die Bybelinhoud te delf, moet die mens eers kom tot 'n Selbstverständnis - en hiermee het Barth onvermydelik die deur geopen vir Bultmann se eksistensialistiese Skrifbenadering.

Die tweede fase in die ontwikkeling van die "Nuwe Hermeneutiek" word gekenmerk deur 'n krisis-situasie wat ontstaan het rondom die begrip "das Verstehen." Die hermeneutiese krisis van die twintiger jare staan in die teken van 'n worsteling om 'n sisteem te bekom waardeur die Bybel op 'n verstaanbare wyse geken kan word - soos duidelik blyk uit die werk van Joachim Wach: Das Verstehen (1924).

Wanneer Bultmann op die hermeneutiese toneel verskyn, neem die derde fase in die ontwikkeling van die "Nuwe Hermeneutiek" in aanvang. Nadat hy hom aanvanklik besig gehou het met die vorm-historiese ondersoek na die ontstaan van die Sinoptiese Evangelies, tree hy op die voorgrond met sy radikale beskouing, naamlik dat die Bybel beide werklikheid en mite bevat. Volgens hom moet daar tot die werklike kerugma van die Skrif deurgedring word deur te aanvaar dat die Bybelinhoud 'n eie-tydse karakter dra wat hoegenaamd nie in enige ander tydperk as

openbaring begryp kan word nie. Die Bybelse kerugma moet dus vir die hedendaagse mens interpreteer (hermeneuein) word deur dit in terme van die hedendaagse mens se eie "Selbstverständnis" oor te dra. Dit wil Bultmann bereik deur "Sachkritik" op die Skrifinhoud toe te pas. Daarom wend hy die eksistensialistiese benadering aan in 'n poging om die saak en mite van mekaar te skei ("Entmythologisierung")<sup>1)</sup> Bultmann se nuwe benadering het veral vanaf 1942 'n lewendige, soms vurige, en gewoonlik moeilik verstaanbare debat ontketen wat nog steeds voortgaan, en lank reeds by Bultmann verbygesteek het.

Uit hierdie hermeneutiese worsteling rondom Bultmann, het die laaste stadium van die "Nuwe Hermeneutiek" aangebreek toe Fuchs en Ebeling as eksponente van die "hermeneutiese teologie" op die toneel verskyn het. Ernst Fuchs het op die voorgrond getree met sy publikasie van Hermeneutik (1954), waarin die invloed van Martin Heidegger<sup>2)</sup> duidelik te bespeur is. Fuchs vind aansluiting by Bultmann, maar keer sy subjek-objek-verhouding waarmee hy werk, heeltemal om. Teenoor Bultmann se aprioriese "Selbstverständnis" van die Skrifverklaarder, wat vanuit sy eie eksistensie die Skrif ondersoek en ontmitologiseer, is Fuchs van mening "dat nie ons vanuit ons eie selfverstaan die teks vertolk nie, maar die teks vertolk óns selfverstaan; die teks kom op ons af met 'n eie selfverstaan en onderwerp óns selfverstaan aan die ondersoek en kritiek van die teks. Voor die teks gestel, word ons die voorwerp van ontmitologisering, en is die einddoel die bereiking van 'n nuwe selfverstaan van ons eksistensie, en dit op sy beurt mond uit in die prediking."<sup>3)</sup> Met ander woorde die Skrifinhoud moet op 'n "plek" geplaas word waar dit ons begin aanspreek in ons besondere situasie. Die taak van die hermeneutiek impliseer dus vir Fuchs nie dat die Bybelse inhoud woord-vir-woord in ons eie taal interpreteer moet word nie, maar is inteendeel 'n worsteling om 'n "plek" te vind waar die Skrifwoord in sy

- 
1. Cf. Infra, Eksistensialistiese Skrifbenadering, p.128.
  2. Cf. Heidegger, M., Sein und Zeit, 1927.
  3. Groenewald, E.P., "Krisis in die Interpretasie van die Heilige Skrif" in N.G.T.T., Jan. 1969, p.9.

historiese gestalte "ons moet tref soos 'n gebeurtenis binne ons eie bestaan."<sup>1)</sup>

Dit is juis met betrekking tot hierdie "spraak-gebeurtenis" waar die paaie tussen Bultmann en dié van die hermeneutiese skool uitmekaar loop. Hierdie "spraak-gebeure" word as probleem ondervind wanneer dit in verband met die historiese Jesus gebruik word. Bultmann huldig die mening dat net Sy bestaan en kruisiging outentiek is en dat dit derhalwe die kern uitmaak van die kerugma aangaande Jesus. Die nuwe "hermeneutiese skool" beklemtoon daarenteen dat die historisiteit van Jesus nie ter sprake is nie. Al wat saak maak is die "Sprachereignis" en die "Wortgeschehen" wat in die woord aangaande Jesus gesetel is. Die hermeneutiek het derhalwe die taak om hierdie elemente wat in die Bybel aangetref word, in die hedendaagse verkondiging tot 'n "spraakgebeurtenis" te maak. Daarom geniet die begrippe Sprachereignis en Wortgeschehen voorrang in die kontemporêre "post-Bultmanniaanse teologie", bo terme soos onder andere kerugma. Die eersgenoemde twee begrippe wil iets laat blyk van die teks-in-beweging: "Dit is mededelend, aansprekend, aanvanklik in die historiese situasie van destyds, en nou weer in die historiese situasie van ons tyd."<sup>2)</sup>

Gerhard Ebeling het op Fuchs se standpunt voortgebou. Hy sien die taak van die hermeneutiek geleë in die interpretasie van dit wat hy die repeterende "Wortgeschehen" noem. Die "Wortgeschehen" in Jesus se woorde, word repeteer in die "Wortgeschehen" van die Skrifvertolker - in die reël sal dit die prediker wees. Ebeling fundeer sy benadering op die verhouding wat daar tussen geloof en die woord bestaan: "Die geloof voeg niks by die woord nie, maar dit is die effektieword van die woord in sy hoedanigheid as Woord van God. Die implikasie is dat geen enkele Skrifuitspraak verstaan kan word nie tensy dit in geloof aangegryp word."<sup>3)</sup> Dit wil sê dat die Woord van God slegs deur die geloof aanvaar kan word as synde

- 
1. Ibid., p.10.
  2. Ibid., p.11.
  3. Ibid., p.11.

die Woord van God te wees. Sover kan daar met Ebeling saamgestem word. Maar dan voeg hy by dat die relasie tussen Woord en geloof deur Christus as ons Middelaar betrek word op ons menslike eksistensie. Volgens hom moet geloof en die Woord gevolglik analogies gelykgeskakel word aan die verbinding waarin die twee nature van Christus tot mekaar staan. Ebeling maak dus van die Christologie 'n hermeneutiese probleem. Meer nog, hy wil die hele struktuur van die teologie, asook al die geesteswetenskappe onder die oorkoepelende begrip "hermeneutiek" tuisbring.

Alhoewel daar tereg gesê kan word dat die "Nuwe Hermeneutiek" inderdaad in die brandpunt van die hedendaagse debat rondom die Bybel staan, word dit wat deur hierdie rigting gelewer word ook nie voetstoots in teologiese kringe aanvaar nie. Veral gereformeerde teoloë soos S.U. Zuidema<sup>1)</sup> spreek hulle fel uit teenoor hierdie nuwe vrysinnigheid wat na vore getree het. Vir die Bybelkunde impliseer dit dus dat daar voortdurend kennis geneem moet word van dit wat die "Nuwe Hermeneutiek" oplewer (en wat meestal hoogs aanvegbaar van aard is!). Daarteenoor is dit vanselfsprekend dat die Bybelkunde die resultate van sy eie studiemateriaal op so 'n wyse sal postuleer dat daar, veral op die gebiede waar daar aanrakingspunte met hedendaagse on-Skriftuurlike rekonstruksies van die Bybel bestaan, 'n sterk aksent gelê sal word op die eis van gehoorsaamheid aan die boodskap wat die Bybelskrywers as openbaring aan ons deurgegee het.

6.2 DIE HERMENEUTIEK IS BELANGRIK VANWEEÛ DIE BEHOEFTE AAN 'N SISTEMATIESE ORDENING WAARMEE DIE SKRIFINHOUD GEKEN KAN WORD.

Ten spyte van die perspicuitas van die Skrif, is daar sake en omstandighede in die Bybel wat, om dit reg te verstaan, eers nader omskryf en verklaar moet word. Die Skrif kan in sy diepere sin slegs ten dele geken word, hoofsaaklik op grond daarvan dat God as die Ondeurgrodelike (Rom. 11:33-36), Self

---

1. Cf. Zuidema, S.U., De Christus der Schriften en Oecumenische Theologie, pp.7-39.

daarin geopenbaar word. Verder word daarin baie gegewens oor die verborge werklikheid verstrek (bv. engele, duiwels, ens.), wat vir die menslike begripsvermoë grotendeels onpeilbaar bly. En tog is daar vir die mens velerlei duistere sake en omstandighede wat deur die hulpdiens van die hermeneutiese apparaat, hom in staat stel om dieper in die Skrifwaarheid in te dring en sodoende in 'n groot mate hierdie menslike beperkinge te deurpriem.

Die beperkings wat die Skrifondersoeker kniehalter by die hantering van die Skrifinhoud, word gewoonlik in twee kategorieë verdeel, naamlik objektiewe en subjektiewe beperkings. Eersgenoemde het betrekking op struikelblokke wat in die Heilige Skrif self geleë is; laasgenoemde toon die beperkings aan wat in die mens subjektief gewortel is. Die objektiewe beperkings word verder onderskei in die algemeen objektiewe beperkings, dit wil sê hindernisse wat nie slegs vir die Bybelverklaring geld nie, maar ook waar is ten opsigte van alle menslike geskrifte; en die besonder objektiewe beperkings wat spesiaal aan die Bybel as sodanig verbind is.

#### 6.2.1 DIE ALGEMEEN-OBJEKTIEWE BEPERKINGS WAT BY DIE SKRIFVERKLARING GELD

1. Weens die DIFFERENSIASIE plus vervreemding, disintegrasie en begripsblokkering wat daar by die mensdom onderling bestaan, is daar gedurig 'n sekere mate van "kort-sluiting" tussen kommunikante te bespeur. Derhalwe die vraag na die hermeneutiese beginsels wat as riglyne moet dien vir die regte interpretasie van die hindernisse wat probleme in dié verband veroorsaak. Die misverstand wat tussen Jesus en Nikodemus ontstaan (Joh. 3:3-4) is 'n sprekende voorbeeld van so 'n kommunikasieprobleem: Jesus praat van die wedergeboorte en Nikodemus verstaan daarmee 'n tweede fisiese geboorte.

As daarop gelet word dat die Bybel 'n brug tussen God en die mens is - 'n brug tussen hede en verlede; tussen ewigheid en

die tyd,<sup>1)</sup> dan is dit te verstane dat die beginsel van differensiasie ook op die Bybel van toepassing is en dat daar gevolglik 'n behoefte bestaan aan hermeneutiese riglyne waarmee die Skrif getrou ondersoek kan word. Herman Bavinck<sup>2)</sup> sê tereg dat die Skrif 'n blywende rapport tussen die hemel en die aarde is. Daarom is die Skrif nooit op homself as sodanig aangewese nie en kan dus ook nooit in deïstiese sin ondersoek en verklaar word nie. Die Skrif is gegrond in die vrug van God se historiese openbaring aan Israel en in Christus. En alhoewel die Skrif hierdie openbaring histories wil vaslê, is dit nie die Skrif se bedoeling om 'n geskiedkundige verhaal te lewer wat volgens die sogenaamde "wetenskaplike ondersoek" nagevors moet word nie - die Bybel is voor alles 'n voortgaande spreke van God met die mens: "De Heilige Schrift is geen dor verhaal en geen oude kroniek, maar zij is het altijd levende, eewig jeugdige woord, dat God nu in dezen tijd en altijd door tot zijn volk laat uitgaan. Zij is de altijd voortgaande sprake Gods tot ons."<sup>3)</sup> Omdat daar 'n grenslyn tussen God en die geskapene bestaan, is Hy vir die mens in 'n totaal andersoortige bestaan verhuul. Daarom ontstaan daar noodwendig 'n behoefte vir hermeneutiese riglyne om die kommunikasie tussen die mens en die Woord te bewerkstellig. In diepere sin sal daar dus ook die behoefte na kommunikasie tussen die mens en die Outeur van die Bybel bly bestaan.

2. Die Bybel bied 'n BEPERKTE GEVOELSUITDRUKKING aan die leser daarvan, derhalwe die noodsaaklikheid van 'n hermeneutiese grondslag om die Bybelverklaring te vergemaklik.

4)  
Geleerdes soos Hayakawa gee te kenne dat die alledaagse taalgebruik wesenlik emosioneel gekleur is. Selfs 'n wetenskaplike verslag kan nie bloot rasionele feite weergee nie, maar

- 
1. Cf. Heyns, J.A., Brug tussen God en Mens, 1973.
  2. Cf. Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, deel I, p.356.
  3. Ibid.
  4. Cf. Hayakama, S.I., Simbool, status en persoonlikheid, Athenalum, Amsterdam, 1970.

bevat bestemmings konnotasies wat die boodskap gevoelsmatig maak. Om die gevoelsmatigheide in 'n skriftelike boodskap op te neem, verg van die skrywer 'n besondere kundigheid om te skryf in die taal wat die bestemming "aanspreek". Om dit te bereik vereis 'n vaardigheid in die kodifiseringsmoontlikhede van 'n taal, byvoorbeeld sinspeling, vergelyking, metafoor, alliterasie, ens. Daarbenewens moet die skriftelike kommunikasie ook elemente wat spontaan in die mondelinge voordrag na vore kom, vaslê. Dit doen die skrywer deur onder andere stemintonasies en aksentuerings in die geskrewe woord op te vang deur uitroep-, aanhaal-, vraag- en aksenttekens.

In ons eie taal is dit 'n lang gevestigde tradisie om woorde as "dinge" te benader. Daardeur word die gevoelsmoment juis in die geskrewe woord verskraal. Indien daar op die ou Hebreeuse en Griekse taalgevoel van die Bybelse tydperk gelet word, sal dit duidelik blyk dat die ervaringsfeite wat aan die destydse leserskring oorgedra is in 'n taalkode wat hulle moes "aanspreek", onmoontlik geabstraheer en op ons geobjektiveer kan word sonder om 'n basiese grondslag vir kommunikasie te veronderstel nie. Dit is hier waar die hermeneutiek as 'n onmisbare element vir die "gevoelvolle" verstaan van die Skrif, 'n noodsaaklike, dog steeds beperkte funksie verrig: "We must accept the disheartening probability that neither of us can ever completely grasp a meaning as the other has experienced it."<sup>1)</sup>

3. As 'n Oosterse geskrif, stel die Bybel die leser daarvan voor 'n TAALPROBLEEM wat slegs via die gebruik van hermeneutiese riglyne suiwer geïnterpreteer kan word.

In die Heilige Skrif word die gedagtes en bedoelinge van God in woorde geopenbaar - woorde wat eers uit die Hebreeus en Grieks (en in mindere mate ook Aramees) in 'n tans bekende taal vertaal moet word, alvorens dit as draer van die openbaring kan funksioneer. Verder spreek die Heilige Skrif ons ook vanuit 'n ver verwyderde historiese tydperk aan, verwys na omstandighede, gebeurtenisse en gebruike van 'n antieke kultuur, en

---

1. Keltner, J.W., Interpersonal Speech-communication Elements and Structure, p.69.

deel ons die Woord van God mee deur mense wie se gemoedsleuens radikaal verskil het van ons eie. Die meeste van hierdie moeilikhede val weg wanneer die Heilige Skrif vertaal word, en wanneer die argeologiese navorsing tot 'n groot mate die kultuur-historiese situasie van destyds rekonstrueer. Nogtans bly die relevansie van die hermeneutiek steeds die sine qua non vir die verstrekking van 'n antwoord op die vraag, naamlik hoe oor die getrouheid en juistheid van die oorspronklike in weergawe van die vertaling geoordeel moet word. Begrippe soos Verbond, Koninkryk, verlossing, ens. wat in die vertaling voorkom, is "geloofstaal" wat uit 'n voorchristelike tydvak dateer en derhalwe ook hermeneuties begripvol verklaar moet word: "Enige verstaan van hierdie Bybelse gebeure is daarom sonder meer 'n hermeneutiese en linqwistiese opgawe, omdat die wyse waarop hierdie destydse gebeure verbaal gestalte gevind het, nooit onhistories en op absolute wyse losgemaak kan word van die gebeure self nie. Alleen d  arom reeds kan die taal van die Bybel nie sonder meer vertaal word in hedendaagse taal nie."<sup>1)</sup>

#### 6.2.2 DIE BESONDER-OBJEKTIEWE BEPERKINGS WAT BY DIE SKRIFVERKLARING GELD.

##### 1. In die Bybel spreek God as die Auctor Primarius.

Een van die basiese verskilpunte tussen God en die afgode is gele  in die feit dat God in die Bybel sprekend optree (cf. Jer. 10:1-16). Wat hierdie spreke van God egter uniek maak is die feit dat, in teenstelling met menslike geskrifte waarin die outeur se gewaarwordinge en denkbeelde inderdaad met die leser gedeel kan word, introduseer God Homself in die Heilige Skrif as die hoog verhewe Transendente.<sup>2)</sup> Die Bybel is dus 'n brug tussen God en mens (Heyns) "zoodat we daarin Gods eigen gedachten en bedoelingen door Hem Zelfen ons geopenbaard mogen ontvangen."<sup>3)</sup>

- 
1. Van Huyssteen, J.W.V., Wat is Bybelkunde?, p.15.
  2. Cf. die herhaalde afgodspot met die gode wat stom is. (Ps. 115:5; 135:6; Jes. 46:7; Jer. 10:5); cf. ook: K nig, A., Hier is Ek! Gelowig nagedink oor God, deel I, pp.32-36.
  3. Greijdenus, S., Schriftbeginselen ter Schriftverklaring, p.27.



Die hermeneutiek word dus voor 'n dialektiese-probleemstelling geplaas wanneer die Bybel as geopenbaarde Woord van God ondersoek word: Enersyds is dit God se woord en gedagtes in mensetaal vasgelê - en derhalwe kenbaar; andersyds is dit God se woord en gedagtes in mensetaal vasgelê - en derhalwe nooit werklik ten volle kenbaar nie!

## 2. In die Bybel spreek God deur 'n auctor secundarius

Met die mens as auctor secundarius word bedoel dat God as die Auctor Primarius die Outeur en Meedeler van die Bybelinhoud is. Die mens het dus by implikasie die Bybelinhoud deur middel van inspirasie<sup>1)</sup> ontvang en kan dus nie as die skepper daarvan beskou word nie - daarom is dit absurd om te verwys na die "teologie van Paulus", die "teologie van Johannes", ens. Nog 'n verdere probleem roep om 'n verduideliking in hierdie verband: In die Bybel is God nie Self oral regstreeks aan die woord nie<sup>2)</sup>, maar openbaar Hy Homself ook deur die spreke en handeling van Sy skepsels. Mense en engele tree as sprekers op (Luk. 1:11-20; e.a.) - selfs satan kry meermale 'n spreekbeurt (Gen. 3:1 v.).

Die knelpunte ontstaan rondom die vraag in hoeverre dergelike meedeling steeds as Woord van God aanvaar moet word. Die onderskeiding tussen auctoritas historiae en auctoritas normae bied 'n genoegsame antwoord op hierdie ingewikkelde vraagstuk. Met die bogenoemde onderskeiding word bedoel dat God deur die opneming van menslike gesegdes in die Heilige Skrif "ons met Zijne Goddelijke autoriteit slechts waarborgt, dat aldus gesproken is, en ons waarschuwt, niet aldus te doen, doch geen regel van navolging of voorschrift van handelen daarin geeft."<sup>3)</sup> Die auctoritas normae het betrekking op alles wat ontwyfelbaar en duidelik God se openbaring aan die mens is - en gevolglik ook as reël vir ons geloof en lewensbeskouing geld. Die auctoritas

---

1. Infra, Inspirasie van die Heilige Skrif, p.263.

2. Cf. Gen. 3:14-19; Jes. 6:8-13; ens., waar God Self sprekend optree.

3. Greijdanus, S., op.cit., p.28.

historiae stel die Skrifverklaring voor die ondersoek na die wesenlike inhoud van die gesprekke wat deur die verskillende sprekers en skrywers meegedeel word. Daar moet dus ondersoek word in hoeverre hierdie gesproke woorde, in ooreenstemming met die strekking van die Heilige Skrif in sy geheel, geloofwaardig aanvaar moet word. Selfs wanneer die mens-gesproke-woorde aan wanopvattinge en dwalinge onderworpe is, bevat dit nogtans binne die raamwerk van die auctoritas historiae verskuilde Goddelike waarheid wat as normatief vir ons lewens geld. (Cf. Joh. 11:49-52). Daarom bevat 'n boek soos Job Goddelike openbaringswaarhede (Job 4:17-19; 1 Kor. 3:19); ten spyte van Bybel-vreemde-gedagtes wat uit die gesprekke van Job en sy vriende na vore kom (Job 42:7-8). In dieselfde sin is die seremoniële en kultiese dienste in die Ou Testament nie sonder normatiewe betekenis vir die christelike era nie.<sup>1)</sup>

En al sou die presiese bedoelings van die Bybelskrywers gesnap en die eietydse voorstellings ontmasker word, veronderstel dit nie dat die taak van die hermeneutiek daarmee afgehandel is nie. Die hermeneutiek moet ook riglyne aantoon wat verder strek as die mening van die auctores secundarii, sodat die bedoeling van die Auctor Primarius (Testimonium Spiritus Sancti) duidelik kan blyk. Vir hierdie doel maak die hermeneutiek gebruik van grammatikale, leksikografiese, historiese en ander relevante gegewens wat verweef lê in die philologia Sacra waarin die Heilige Skrif geklee is.

### 3. In die Bybel spreek God deur Sy Dade

Soos reeds gesê<sup>2)</sup> is die geskrewe Woord as geopenbaarde Woord, terselfdertyd ook Skeppingswoord. Die woorde van die Here het nie slegs 'n noëtiese of verduidelikende betekenis in die Bybel nie, maar doen iets - dit bepaal trouens die gang van die geskiedenis (Hebr. 4:12).

---

1. Cf. Infra, Verhouding: O.T. en N.T. pp.235 et seq.  
2. Cf. Supra, Begrip: Logos tou Theou, p.97.

Hierdie woord-gebeure het nie net betrekking op die skepping nie,<sup>1)</sup> maar moet ook gesien word in die verloop en gebeure van die geskiedenis.

In die Bybel word God se gedagtes en bedoelinge nie alleen deur duidelike omskrywings en klare uitsprake gekenmerk nie,<sup>2)</sup> maar kom ook tot uitdrukking in Sy dae (Jes. 40:26; 42:23-25; Amos 4:6-11; Matt. 19: 4-6; Hebr. 7:1-10). Die hermeneutiek moet dus sy taak sien as 'n worsteling om onder andere beginsels te formuleer waarmee God se gedagtes, wat in Sy dae openbaar en in die Heilige Skrif beskryf word, geken kan word.

#### 4. In die Bybel word na God as Antropomorf verwys

In die Bybel word dikwels deur middel van 'n mensvormige spreekwyse (antropomorfisme) oor God gespreek. Antropomorfismes is ook ingewef in die lerende gedeeltes van die Nuwe Testament, onder andere in uitsprake waar die gelowiges opgeroep word om "soos God" of "soos Christus" te wees of te handel.

Hoewel die antropomorfismes van die vroegste tye af die aandag getrek het, het die vroeë kerk negatief geoordeel oor die menslike wyse waarop die Skrif na God verwys. Trouens, 'n duidelike anti-antropomorfistiese tendens is via Xenophanes se kritiek op die antropomorfistiese voorstellings van die Homeriese gode, in die teologiese denke van die vroeë kerk ingedra.

Die Bybelse antropomorfismes kan in drie groepe verdeel word m.n. die menslike spreekwyse ten opsigte van God se gestalte, gevoelens en dae. Oor God se GESTALTE word onder andere na die volgende verwys: Sy aangesig (Ex. 20:3; Openb. 6:16); Sy oë (Deut. 11:12; Hebr. 4:13); Sy mond (Jes. 1:20); Sy ore (Jes. 59:1; Jak. 5:4); Sy neus (Ps. 18:16); Sy hart

- 
1. Cf. Gen. 1:3 "En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig." Sien ook: Ps. 33:6, 9; Jes. 40:26; 48:13; 50:2; ens.
  2. Cf. 1 Sam. 3:11-14; 1 Kon. 13:21-22; Jes. 8:1 et seq.

(1 Sam. 2:35; Hand. 13:22); ens. Na God se GEVOELENS word verwys deur onder andere die volgende spreekwyses: Hy het lief (Hos. 11:1; Joh. 3:16); Hy het berou (Gen. 6:6, 7); Hy is bly (Deut. 28:63; Luk. 15:7); Hy is toornig (Rom. 1:18); ens. Oor God se DADE word gesê: Hy sien (Ex. 3:4; Matt. 6:4); Hy hoor (Gen. 16:11; Joh. 11:41, 42); Hy praat (Gen. 1:3; Mrk. 1:11); ens.

Dit is duidelik dat die vergeesteliking van die antropomorfismes nie soseer uit die denke van die vroeë kerk ontstaan het nie, maar eerder deur die oornamie daarvan uit hulle omgewing. König<sup>1)</sup> sê dat Bavinck alreeds besef het dat die onderskeiding tussen antropomorfistiese uitsprake (wat anders as hulle klaarblyklike betekenis uitgelê moet word) en eintlike of direkte uitsprake (bv. oor God se liefde), ongeldig is. Vanuit die feit dat die openbaring van God aan mense gerig is en dus deur mense verstaan moet word, het Bavinck geoordeel dat ons in die Skrif nie maar net sporadiese verwysings na antropomorfismes aantref nie, maar dat die ganse Skrif antropomorfisties is, aangesien die ganse openbaring gekonsentreer is in die Woord (Jesus Christus) en as't ware 'n menswording van God is.<sup>2)</sup> Volgens König het Bavinck ongelukkig hierdie standpunt self nie konsekwent deurgevoer nie: "Wanneer hy byvoorbeeld oor die onveranderlikheid van God handel en die talle tekste opnoem wat duidelik van God se betrokkenheid by die geskiedenis, van sy berou, ens. praat, dan wen die Griekse wysbegeerte dit tog weer op hierdie uitsprake en kom hy nie verder as om te verklaar dat God, als het ware die lewe van sy skepsele en veral van sy volk meemaak."<sup>3)</sup> Dit impliseer dus dat bepaalde antropomorfistiese uitsprake by Bavinck nie sê wat hulle bedoel nie, maar dat hulle 'n oneintlike betekenis kry.

Die hermeneutiek is dus belas met die begrensing van die menslike spreekwyse oor God, aangesien hierdie analogie ook nie

- 
1. König, A., op.cit., pp.73-132.
  2. Bavinck, H., Gerëformeerde Dogmatiek, deel II, 1967, p.68.
  3. König, A., op.cit., p.88.

onbeperk voortgesit kan word nie. Anders gesê: dit is nie reg om sonder meer antropomorfisties oor God te praat nie - alle antropomorfistiese spreke oor God sal slegs binne die raamwerk van die Skrif as legitiem kan kwalifiseer. Tereg sê König dat die antropomorfismes by uitstek die nabyheid van God verkondig, sodat ons verlos word van 'n godsbegrip wat God so anders en ongenaakbaar maak dat ons praktiese deifste word wat dink dat ons klein wêreldjie en ons klein persoonlike lewetjie te gering is om vir Hom saak te maak.<sup>1)</sup>

5. Teenoor die Bybelse spreke is geen neutraliteit moontlik nie

In teenstelling met ander geskrifte, is die mens self regstreeks en persoonlik betrokke by dit wat die Bybel sê. Die mens kan dus nooit neutraal of afsydig teenoor die Skrif=openbaring staan nie, maar is by wyse van 'n Goddelike imperatief op die Heilige Skrif aangewys: "Dientengevolge kan hij er niet neutraal teenover staan. Hij wordt genoodzaakt positie te kiezen. En ook zijns ondanks kiest hij, hetzij voor, hetzij tegen. Hij weet, ten aanzien van de Heilige Schrift en wat zij zegt, positie te moeten kiezen. En deze positie beheerscht zijn geheele bestaan, voor tijd en eeuwigheid."<sup>2)</sup>

Die besonder-objektiewe beperkings wat by die Skrifverklaring geld en wat nie op ander geskrifte van toepassing is nie, is geleë in die feit dat die Bybel as openbaringsbron, die Heilige Skrif is. God is Self die Outeur daarvan, alhoewel hy van die mens as auctor secundarius gebruik maak. Die Bybel is ook nie net beperk tot die woorde wat God gespreek het nie, maar openbaar Hom ook deur dae wat in die geskiedenis kulmineer. Die spreke oor God word verder bemoeilik deur die menslike spreekwyse waarmee na Hom verwys word en wat om interpretasie vra, want die mens kan nooit neutraal teenoor die openbaring staan nie.

---

1. Ibid., p.132.

2. Greijdanus, S., op.cit., p.33.

### 6.2.3 SUBJEKTIEWE BEPERKINGS WAT BY DIE SKRIFVERKLARING GELD

#### 1. Die sonde as 'n eksistensiële werklikheid

Alvorens die Bybel verstaan kan word, moet dit eers na sy wesenlike en diepe sin ontsluit word (Luk. 24:32). En ofskoon die Woord self 'n lig is (Ps. 119:105) wat van God die Ewige Lig sy ontstaan te danke het (1 Joh. 1:5); en ofskoon die Woord Jesus Christus as die Lig van die wêreld in die mens se gesigsveld stel (Joh. 8:12), is die mens vanweë die sondeval so afvallig en in sy verstand verduister (Efes. 4:18) dat sy oog selfs vir die heldere lig van die Goddelike Woord kortsigtig is (cf. Rom. 1 en 2). Derhalwe sou die stelling gemaak kon word dat die hermeneutiek funksioneel gesien moet word as 'n reaksie op die sonde waardeur gepoog word om riglyne te formuleer ten einde die mens in staat te stel om die diepere sin van die Heilige Skrif te sien en die fokus te stel op die fokuspunt waarop dit gerig is, naamlik God Self!

#### 2. Die sonde en die *perspicuitas* van die Heilige Skrif

Op Reformatoriese grondslag word bely dat die Heilige Skrif, ten spyte van die verduistering wat die sonde daarop werp, nogtans deursigtig en vir die mens kenbaar is. Daarmee word nie impliseer dat alles wat in die Bybel geskrywe staan, ten volle en klink-klaar ter verduideliking uitgelê kan word nie. Maar teenoor Rome wat die regte verstaan van die Heilige Skrif aan die onfeilbare uitleg van die Kerk onderworpe maak, bely die Reformatore dat die korrekte en Skrifgetroue hermeneutiese beginsels die mens in staat stel om die Skrif self te kan uitleë en om dit minstens in só 'n mate duidelik te ken, dat die ware heilskennis onomwonde daaruit afgelei kan word.

### 6.3 BASIESE GRONDSLAE IN DIE HEDENDAAGSE HERMENEUTIEK

#### 6.3.1 DIE ROOMS-KATOLIEKE SKRIFBENADERING

Die Rooms-Katolieke Skrifbenadering vorm 'n integrale

deel van die hele teologiese apparaat waarmee hierdie Kerk opereer. Omdat die grondmotief en basiese grondslae van die Roomse denkrigting reeds in hierdie studie behandel is, word dit voorts as bekend veronderstel. Daarom word hier slegs gepoog om 'n oorsigtelike perspektief op die belangrikste beginsels wat ten grondslag van hulle Skrifbenadering lê, te skets. Die beginsels waarvolgens die Kerk van Rome die Skrif benader, is reeds in 1545 op die Konsilie van Trente vasgelê en kan basies soos volg saamgevat word:

1. Nie alleen die Bybel nie, maar ook (en veral!) die oorgelewerde besluite van die Kerk, dien as uitgangspunt om die Skrifinhoud te ken. Die mens word dus gediskwalifiseer om op grond van die Skrif self tot die kennis daarvan deur te dring: "Met die doel om prikkelbare gedagtes te weerhou, verorden die Konsilie verder dat, in sake van geloof en sedes en alles wat saamhang met die instandhouding van Christelike leerstelling, niemand sal waag om, terwyl hy op sy eie oordeel vertrou, die Heilige Skrif na sy eie aanvoeling daarvan te wysig, in teenstryd met dit wat gehou was, en nog gehou word, deur die Heilige Moederkerk, wie se reg dit is om die ware betekenis en verklaring van 'n heilige geskrif te oordeel, of in teenstryd met die eenparige toestemming van die vaders, selfs al sou sulke verklarings nooit gepubliseer word nie. Indien enigiemand ongehoorsaam is, laat hulle veroordeel word deur die Opsieners en volgens wet gestraf word."<sup>1)</sup>

Die Kerk van Rome eis dus die reg op om alleen duistere en twyfelagtige tekste uit te lê. Die Kerk (pous) oordeel dus in laaste instansie oor die suiwere Skrifuitleg, hoofsaaklik op grond daarvan dat hulle van mening is dat die Kerk die Bybel voortgebring het. Daarbenewens handhaaf Rome dat die Kerk die mistieke voortgesette inkarnasie van Christus is (1 Kor. 12:12), sodat dit inderdaad Christus self is wat op een of ander wyse, deur middel van die Kerk, die Bybel verklaar. Die-Skrif-alleen is volgens Rome nie 'n geskikte beginsel vir

---

1. Gardner, J., Rooms-Katolisisme in teenstryd met die Bybel, p.3; cf. Konsilie van Trente, Sess. IV.

geloofwaardigheid nie, want die Skrif bevat immers nie die hele Christelike leer nie en het dus 'n behoefte aan aanvulling. Daarom het Christus, aldus Rome, die tradisie as kriterium ingestel ten einde die ware leer van die valse te kan onderskei: "De authentieke en onfeilbare uitlegster van de Heilige Schrift is de ecclesia docens, d.i. de Kerk in haar onderwyzend deel, de geestelijkheid, en niemand anders."<sup>1)</sup>

Die absolute gesag waarmee die Kerk as vertolker van die Skrif bekleed word, impliseer dus noodwendig dat die Kerk se "onfeilbare" insig die enigste wettige grondslag vorm vir die Skrifverklaring.

2. Rome se gelykskakeling van die tradisie met die Bybel, bring mee dat die Apokriewe boeke ook as die Woord van God erken word: "Hulle (tradisie) is aan ons oorgelewer, óf ontvang deur die apostels van die lippe van Christus self óf oorgelewer deur die hande van dieselfde apostels deur die ingewing van die Heilige Gees.....en moet met gelykwaardige piëteit en ontsag (pari pietatas effectu ac reverentia) as die Skrif ontvang word."<sup>2)</sup>

3. Rome stel die Vulgaat met die grondteks gelyk en wil dit ook as normatiewe grondteks laat geld: "Met verwerping van alle andere vertalings, houden zij alleen de Vulgaat vast, en bevelen, dat deze voor authentiek gehouden zal worden."<sup>3)</sup>

#### SLOTOPMERKINGS

By die beoordeling van die Rooms-Katolieke Skrifbenadering is dit belangrik om te let op die vernuwing wat tans in die binnekring van die Roomse Kerk plaasvind. Teenoor diegene wat die tradisionele standpunte slaafs navolg en onderskryf, gee

- 
1. Greijdanus, S., op.cit., p.191.
  2. Gardner, J., op.cit., pp.3-4; cf. Konsilie van Trente, Sess. IV.
  3. Greijdanus, S., op.cit., p.189.



Roomse teoloë soos Yves Congar (Frankryk), E. Schillebeeckx (Nederland), en veral die Duitse geleerdes Karl Rahner en Hans Küng 'n nuwe interpretasie aan hulle Kerk se leerstukke.<sup>1)</sup>

Die teenstelling tussen hierdie twee groepe in die Roomse Kerk het veral duidelik geword by die bespreking van die sogenaamde twee openbaringsbronne (synde Skrif en tradisie) tydens die eerste sitting van die tweede Vatikaanse Konsilie (1962-1965). Diegene wat 'n nuwe vertolking van die besluite van Trente bepleit het, is sedertdien met die stroming wat bekendstaan as die "nouvelle theologie" vereenselwig.<sup>2)</sup>

Volgens G.C. Berkouwer<sup>3)</sup> is daar 'n paar duidelike trekke in diè "nuwe teologie" herkenbaar. 'n Sterk nadruk word byvoorbeeld gelê op die noodsaaklikheid daarvan om die teologiese denke te bevry van 'n geïsoleerde intellektualiteit. Derhalwe word gepoog om die teologie te sien in noue verband met die lewende realiteit van die Kerk in die wêreld. Verder bestaan daar 'n ongekende openheid in die konfrontasie met allerlei nuwe eietydse probleemstellings. Veral word daarna gestrewe om 'n duidelike onderskeiding te maak tussen onveranderlike affirmasies en veranderlike presentasies van die waarheid: "Vooral ging men nadenken over de traditie als 'aanvulling' van de Heilige Schrift en ging men wegen bewandelen, waarop de traditie niet meer zozeer additief als wel interpretatief werd verstaan, interpretatief ten opzichte van de Schrift."<sup>4)</sup>

Dit spreek vanself dat 'n vernuwingsteologie in die styl van Hans Küng met sy sterk Bybelse gerigtheid en bereidheid tot 'n radikale herinterpretasie van spesifiek Rooms-Katolieke dogma, die hoop op 'n nuwe reformasie sal opwek. Wie egter nie maklik deur oppervlakkige strominge op sleeptou geneem word

- 
1. Cf. Küng, H., Waarachtigheid. Over de toekomst van de Kerk, pp.7-19; Küng, H., De Kerk, Antwerpen, 1967.
  2. Cf. Lekkerkerker, A.F.N., Nieuwe Theologie, p.125.
  3. Cf. Berkouwer, G.C., Vatikaans Concilie en Nieuwe Theologie, pp.67-68.
  4. Berkouwer, G.C., Een halve Eeuw Theologie, p.150.

nie, maar let op die grondmotief wat die onderbou van die Skrifondersoek kenmerk, sal spoedig merk dat die tradisionele Rooms-Katolieke grondmotief (natuur en genade) nog steeds helder verrys in beide die ou en nuwe Roomse denke. Die dualisme tussen natuur en genade blyk veral duidelik uit die Nieuwe Katechismus, geloofsverkondiging voor volwassenes wat in opdrag van die Nederlandse biskoppe in 1966 gepubliseer is. Die volgende sitaat uit die pen van A.F.N. Lekkerkerker bevestig die stelling dat die Kerk van Rome, selfs in sy nuwe gedaante, nog steeds met soveel aprioriese dogmas gerig is op die Bybel, dat dit sonder teëspraak as 'n eie selfstandige Skrifbenadering getipeer kan word: "Het diepe geluid van zonde en genade, schuld en verzoening, wordt in de Nieuwe Katechismus nauwelijks gehoord. Zonde lijkt hier soms wel op een tekortkoming in de ontwikkeling van de menselijke natuur. Wel hoor ik over natuur aangelegd op bovennatuur, zij het ook met geheel andere woorden dan vroeger. In wezen is daarmee de tegenstelling tussen Rome en Reformatie gebleven."<sup>1)</sup>

### 6.3.2 EKSISTENSIALISTIESE SKRIFBENADERING

Rudolf Bultmann is die vader<sup>2)</sup> van die eksistensialistiese Skrifbenadering: "Bultmanns teologie kan men nl. de existentialistische benadering en uitlegging van de bijbelse boodschap noemen."<sup>3)</sup> Bultmann wat van 1921 tot 1951 hoogleraar in die Nuwe Testamentiese wetenskap te Marburg (Duitsland) was, verteenwoordig die radikaal-kritiese vleuel van die Duitse Bybelwetenskap. As opvolger van sy liberale leermeester Ad. Jülicher, het hy die vrysinnige tradisie van die Marburgse teologiese fakulteit voortgesit, wat via W. Heitmüller, Ad. Harnack, H.J. Holtzmann, en deur die sogenaamde Tübinger Skool (F. Chr. Baur), teruggevoer kan word tot die Aufklärung van die agtiende eeu. Hierdie "verligtes" het die kern van die evangelie gesien in die koninkryk wat Jesus verkondig het -

- 
1. Lekkerkerker, A.F.N., op.cit., pp.135-136.
  2. Die bevruggende invloed wat Karl Barth op Bultmann se Skrifbenadering gehad het, word hier veronderstel - cf. pp.96-97 en pp. 103-104.
  3. Ridderbos, H., "Bultmann" in Denkers van deze Tijd, p.197.

en laasgenoemde was vir hulle 'n geestelike ryk van liefde. Vir hulle was die persoon van Christus nie ter sake nie, aangesien slegs die prediking van Jesus die oorspronklike kern van die evangelie gevorm het.

Hoewel Bultmann duidelik die lyn van die radikale Bybelkritiek van D.F. Strausz, e.a., verder trek, stuit ons by Bultmann voor 'n nuwe vrysinnigheid - veral met betrekking tot die persoon van Jesus. In teenstelling met die liberale teologie wat 'n "lewe van Jesus" wou rekonstrueer sonder "bonatuurlike elemente", beweer hy dat die geskiedenis van Jesus in die evangelies wel "bonatuurlike geskiedenis" is, wat tegelykertyd ook die vorm van prediking (kerugma) dra.<sup>1)</sup>

Reeds in 1921 openbaar hy in Geschichte der synoptischen Tradition sy radikale siening met betrekking tot die totstandkoming van die Evangelies. Hierdie werk het hy in 1926 opgevolg met 'n boek oor Jesus waarin hy beweer dat Jesus aanvanklik 'n gewone mens was, maar deur die latere geloof van die gemeente tot Godheid verhef is. Dit was egter die referaat wat hy in 1941 voor die "Gesellschaft für Evangelische Theologie" gelewer het en 'n jaar later onder die titel Neues Testament und Mythologie laat verskyn het, wat 'n beroering in die teologiese wêreld veroorsaak het. Dit word bykans sonder teësprak aanvaar dat Bultmann met sy publikasie van Kerygma und Mythos; Ein Theologisches Gespräch (1948), die mees omstrede teoloog van ons moderne tyd geword het. Stauffer<sup>2)</sup> aarsel ook nie om Bultmann die erfgenaam van die ou liberale skool te noem nie en beskou hom as die mees radikale eksponent van hulle nalatenskap.

Bultmann se uitgangspunt vir die verklaring van die Bybel berus op die veronderstelling dat die Nuwe-Testamentiese boodskap in terme van 'n sodanige voor-wetenskaplike kosmologie aan ons voorgehou word, dat dit vanweë die voor-Copernikaanse opset waarin die Bybelboodskap aangebied word, die Bybel noodwendig in

- 
1. Cf. De Villiers, J.L., "Rudolf Bultmann en die Nuwe Testament" in N.G.T.T., Maart 1960, p.14.
  2. Cf. Ibid., p.17.

botsing moet bring met die moderne na-Copernikaanse mens. Hy is van mening dat die hedendaagse mens nie van elektriese lig, radiotoestelle en moderne mediese middele gebruik kan maak en tegelykertyd ook nog kan glo aan die wêreld van wondere en geeste soos wat dit in die Nuwe Testament weerspieël word nie.<sup>1)</sup> Die Skrifuitlegger staan dus voor die uitdaging om die Skrif sò te verklaar dat dit deur die hedendaagse mens begryp en aanvaar kan word: "Als de geschiedenis der verlossing zijn zal hebben voor de mens van deze tijd, dan moet ze geheel en al vertaald worden in existentiële kategorieën."<sup>2)</sup>

Bultmann meen dat die Nuwe Testament 'n kerugmatiese kern van die ware evangelie bevat. Hierdie kern is egter ineengewef met die denkvorm van die Bybelskrywers en soseer bekleed met hulle eie-tydse mitologiese voorstellings, dat hierdie vorm of kleeed eers verwyder ("erledigt") moet word alvorens die Bybel "geglo en verstaan" kan word<sup>3)</sup>. Bultmann skryf: ".....does the New Testament embody a truth which is quite independent of its mythical setting? If it does, theology must undertake the task of stripping the kerygma from its mythical framework, of 'demythologizing' it."<sup>4)</sup>

Bultmann vind aansluiting by die godsdienst-historiese skool (W. Bousset; R. Reitzenstein; e.a.) wat geleer het dat die wêreldbeeld van die Nuwe Testament vol mites is. Daarom probeer hy om op allerlei wyse 'n verband te lê tussen die Nuwe Testament en die nie-Christelike godsdienste. Volgens hierdie standpunt moet die kern van die Bybelboodskap gesoek word in die religieuse beleving van die unio mystica met Christus, waarin God slegs 'n simboliese gestalte verteenwoordig. Bultmann het self groot waardering vir die historiese en filologiese bydrae wat hierdie kritiese geleerdes gelewer het en erken

- 
1. Cf. Ridderbos, H., op.cit., p.197.
  2. Runia, K., Religie zonder God?, p.71.
  3. Cf. die titel van Bultmann se omstrede publikasie wat hy in die voorwoord aan Heidegger opdra: Glauben und Verstehen, 1933.
  4. Bultmann, R., Kerygma and Myth, p.3.

die nie-Christelike godsdiens. Volgens hierdie standpunt moet die kern van die Bybelboodskap gesoek word in die religieuse beleving van die unio mystica met Christus, waarin God slegs 'n simboliese gestalte verteenwoordig. Bultmann het selfs groot waardering vir die historiese en filologiese bydrae wat hierdie kritiese geleerdes gelewer het en erken dat hy een van hulle navolgers is. Maar ook hier toon hy dat hy geen epigoon van die liberale-teologie is nie - veral wanneer hy die beslissende handeling van God in Christus as 'n historiese heilsgebeure met felheid verdedig: "Hy beskuldig hulle ook van "Substraktions-verfahren", die eliminerings van die mitologiese in die Nuwe Testament in plaas van die interpretasie daarvan vir die moderne mens." <sup>1)</sup>

Volgens Bultmann is die Skrifopenbaring werklik histories van aard en hy word ook tereg in teologiese kringe as een van die vaders van die sogenaamde vorm-historiese skool beskou. Dit wil egter nie sê dat Bultmann die Skrifgegewens sonder meer voetstoots aanvaar nie. Volgens hom is die Evangelies nie soseer 'n historiese getuigenis van Jesus se woorde en daede nie, aangesien dit ook vele "zeitgebunden" elemente bevat. Die Evangelies bevat dus nie meer Jesus se werklike doen en late nie, maar illustreer die geloof en vertelling (prediking) wat die vroeë gemeente aangaande Jesus se optrede bely het (dit wil sê, gemeente-teologie!). En wat hom as historikus interesseer is die vraag hoe hulle prediking hierdie spesifieke vorm aangeneem het. Anders gesê: langs watter weg het hierdie vertelling tot die Bybelse evangelie-verhale uitgegroeï? Vir Bultmann is dit veral belangrik om daarop te let dat die openbaring in Christus nie 'n heilsdaad van God is wat in die verlede histories afgehandel is nie, maar vir hom is dit 'n kosmiese, eskatologiese, en veral 'n eksistensiële realiteit wat vandag in ons eie lewe plaasvind: "Dit wil dus voorkom asof ons hierdie twee lyne by Bultmann het, sy poging naamlik om die geloof aan die geskiedenis te bind, en daarnaas

---

1. De Villiers, J.L., op.cit., p.16.

die neiging om die geloof te onthistoriseer en te spiritualiseer."<sup>1)</sup>

Wat tot dusver van Bultmann gesê is vorm die agtergrond waarteen sy radikale Skrifbenadering gesien moet word. Om tot 'n duidelike begrip van sy eksegetiese metode deur te dring, moet vooraf gelet word op wat hy onder die begrip MITE verstaan. Verder moet gelet word op die wyse waarop hy ontmitologiserend die kern vanuit die vorm aflei. En dan moet daar op die interpretasiewyse waarop die kernboodskap verkondig word, gelet word:

### 1. Mitologiese vorm van die Evangelies

Die woord mite is van die Griekse μυθος afgelei wat aanvanklik spraak of toespraak, en later fiksie of fabel (Latyn: fabula), beteken het. In die Bybel kom die woord voor in 1 Tim. 1:4; 4:7; 2 Tim. 4:4; Titus 1:14 en 2 Petr. 1:16, en blyk daaruit dat mite alles insluit wat teenoor die (dit wil sê die profetiese woord - 2 Petr. 1:16) gestaan het. Laasgenoemde was die waarheid "de realiteit van het historiese heilshandelen Gods in Jezus Christus van het verleden, het heden en de toekomst. Alles wat daarnaast als goddelijk handelen aangeprezen wordt, heet zeer radicaal mythe."<sup>2)</sup> Alhoewel Bultmann nêrens 'n duidelike beskrywing gee van wat hy alles onder die begrip "mite" verstaan nie, maak hy by wyse van 'n voetnota die volgende opmerkings in Kerygma und Mythos<sup>3)</sup>: Die eintlike sin van die mite is nie om 'n objektiewe wêreldbeeld te gee nie. Veeleer word deur die mite vertel hoe die mens homself in die wêreld verstaan. Die mite moet dus nie kosmologies vertolk word nie, maar antropologies, of beter nog, eksistensiël. Die mite is sprekend van die mag of magte wat die grense daarstel vir die wedervaringe wat die mens in die wêreld ondervind. Die mite vertolk hierdie magte op so 'n

- 
1. De Villiers, J.L., op.cit., p.17.
  2. Pop, F.J., Bijbelse woorden en hun geheim, p.396.
  3. Bultmann, R., Kerygma und Mythos, deel I, pp.22-23; cf. Groenewald, E.P., op.cit., p.6-7.

wyse dat dit hulle inlyf in die voorstellings- en begripsgebied van die bekende wêreld van dinge en kragte, en in die gebied van die menslike lewe met sy effekte, motiewe en moontlikhede. Byvoorbeeld wanneer die mite van 'n wêreld-eier of wêreldboom praat om die grond en oorsprong van die wêreld aanskoulik voor te stel, of as dit van die stryd van die gode (Götterkämpfen) praat waaruit die toestande en natuurordeninge van die bekende wêreld sou ontstaan het. Dit spreek van die on-wêreldse op 'n wêreldse, en van die gode op 'n menslike wyse.

In die mite kom die geloof tot uitdrukking dat die bekende en kontroleerbare wêreld waarin die mens lewe, nie sy grond en doel in homself het nie. Veeleer lê sy grond en grens buite die bekende en kontroleerbare dinge, en word laasgenoemde steeds deur die bo-aardse magte deurtrek en bedreig. En tege- lykertyd gee die mite uitdrukking aan die wete dat die mens nie heer oor homself is nie en dat hy nie net van die dinge binne die bekende wêreld afhanklik is nie, maar dat hy juis van die heersende magte buite die bekende wêreld afhanklik is, en dat hy juis in sy afhanklikheid van die onbekende magte bevry kan word van die bekende magte. Gevolglik lê daar in die Mythos self die motief vir kritiek op die Mythos, dit wil sê op sy objektiverende voorstellinge omdat sy bedoeling om van die magte te praat waaraan die mens en die wêreld onderwerp is, juis deur die objektiverende karakter van sy uitsprake gestrem en bedek word.<sup>1)</sup>

Die mite beskryf dus tipies aardse verskynsels en gebeurtenisse as ingryping van bonatuurlike magte. Die mitologiese denke konstateer só wat wêrelds is as nie-wêrelds: en wat menslik is as goddelik! Die mitologiese vormgewing van die Nuwe Testament is as goeddeurdagte-gemeente-teologie die produk van akkulturalistiese voorstellings wat vanuit die omliggende heidense milieu ontleen is. Bultmann spoor elemente van Hellenistiese, Griekse, Babiloniese, en veral Egiptiese,

---

1. Bultmann, R., op.cit., p.23; cf. Groenewald, E.P., op.cit., p.7.

koningslegendes in die mites op: "Bultmann apparently operates with two criteria for spotting the mythological. Positively, the mythological is any typical Greek gnostic redemptive myth or Jewish apocalyptic myth. Negatively, the mythical is that which runs contrary to the scientific understanding of the order of the universe."<sup>1)</sup>

In teenstelling met diegene wat Jesus se maagdelike geboorte, wonderwerke, opstanding, hemelvaart en wederkoms, as mitologies beskou en dit as fantasieë (D.F. Strausz) verwerp, is daar teoloë wat die Bybelse "mite" 'n legitieme plek gun en dit as 'n kommunikasiemiddel aanvaar waardeur die Transendentale (God) Sy wil op 'n historiese en teologiese wyse aan die mens bekendmaak. Dit is veral Emil Brunner<sup>2)</sup> wat pleit dat die paganistiese mite van die Bybelse mite onderskei moet word, aangesien daar volgens hom in laasgenoemde, veral vier mitologiese meedelingte verteenwoordig word, te wete skepping, sondeval, versoening en verlossing. Selfs Karl Barth wat in latere jare skerp aanvalle op Bultmann geloods het, het self ook 'n groot waardering gehad vir die onverbiddelikheid waarmee Bultmann die mens in sy totaliteit (eksistensiëel) onder die aanspraak van die Woord gestel het. In latere jare het "de Oude Barth"<sup>3)</sup> met heimwee teruggedink aan die wonderlike lentetyd van die twintigerjare toe hulle as medewerkers in Zwischen den Zeiten "für eine Gute Weile" 'n gesamentlike front gevorm het - daarom ook die voortdurende versoek dat Bultmann reg verstaan moet word.<sup>4)</sup> Barth definieer mites as "stories" oor die gode wat vir hom onaanvaarbaar is as werkhipotese in die Christelike denke: "He believes that there are myths or fragments of myths in Scripture, but these myths do not pertain

- 
1. Ramm, B., A Handbook of Contemporary Theology, p.86.
  2. Cf. Ibid., p.87.
  3. Cf. Dekker, A., Puchinger, G., De oude Barth, in 1969 uitgegee as 'n bundel wat saamgestel is: "Zoals we hem hoorden in colleges en gesprekken."
  4. Cf. Barth, K., "Rudolf Bultmann, Ein Versuch ihn zu verstehen" in Theol. Studien, Heft, 1952, p.9.



to the substance of the witness of Scripture to revelation."<sup>1)</sup> Hy ontken byvoorbeeld dat die Bybelse skeppingsverhaal 'n mite is en gee in plaas daarvan, voorkeur aan die term "sage" - alhoewel hy nie ontken nie dat daar wel mites in die materiaal waaruit dit saamgestel is, teenwoordig is.<sup>2)</sup>

Volgens Bultmann word die mitiese voorstellings in die Skrif geïnspireer deur die drie-verdieping-heelal-wêreldbeeld wat die Bybelskrywers as kader van hulle boodskap gebruik. Die boonste verdieping of hemel word deur God en die engele bewoon. Die middelste verdieping of aarde is die woonplek van die mensdom. Die onderste verdieping of onderwêreld is gevolglik die woonplek van Satan en sy demone. Wonderwerke word verklaar uit die inter-aksie wat daar tussen hierdie drie verdiepings plaasvind, deurdat beide God en Satan op die aarde ingryp. Aldus Bultmann word Christus deur die Bybelskrywers in hierdie mitologiese kleed toegedraai deur die voorstellings van Sy maagdelike geboorte, goddelike eienskappe en bo-natuurlike opstanding en hemelvaart: "but he asserted that these categories of pre-existence and incarnation, descent and ascent, miraculous intervention and cosmic catastrophe were mythological, and, for us today, were as primitive in their philosophy as the Book of Genesis was in its science."<sup>3)</sup>

Omdat die mitologiese vorm die ware kerugmatiese openbaringsboodskap in die Evangelies bevat, moet daar metodologies deurgedring word tot die kern van die Bybelboodskap. Volgens Bultmann is sy kritiek op die Bybelse geskryfte niks anders nie as 'n hermeneutiese metode<sup>4)</sup> - en laasgenoemde lei hom om die mitologiese Bybelboodskap te ontmitologiseer.

## 2. Ontmitologisering ("Entmythologisieren")

Die ontmitologisering van die Evangelies moet volgens

- 
1. Ramm, B., op.cit., p.87.
  2. Cf. Barth, K., Church Dogmatics, III, I, p.84.
  3. Mehta, Ved, The New Theologian, p.16.
  4. Cf. De Villiers, J.L., op.cit., p.16.

Bultmann nie bloot op grond van seleksie van aanvaarbare gedeeltes geskied nie. Die mitologiese omhulsel moet ook nie by wyse van eliminasie tot by die ware kern gestroop word nie. Die onlosmaaklike samehang waarin die kern van die Skrifboodskap met die mitologiese onderbou verstrengel is, noodsaak dit dat die mites self geïnterpreteer word, ten einde die diepere sin daarvan uit te lig. Die interpretasie van die mite vra ook nie wat die mite is nie, maar vra wat die mite bedoel om te sê.<sup>1)</sup> Die vraag waarop dit neerkom is dus nie of en in hoeverre die objektiverende voorstellings waarvan die mitologiese inkleding gebruik maak, waarheidsgehalte bevat nie, maar of die begrip wat daarin uitgespreek word vir die menslike "Existenzverständnis" aanvaarbaar is of nie.<sup>2)</sup> "This mythology conceals rather than conveys the message that man is a prey to an inauthentic existence, that Jesus summons him to a decision, by which he can face up to his being as that of one who is going to die and so begin to live authentically..... When the gospel is de-mythologized, a theistic existentialism is what remains."<sup>3)</sup> Die mite moet dus van-die-mens-uit, dit wil sê eksistensiële verklaar word.

### 3. Eksistensialistiese Interpretasie ("Existenzverständnis")

Soos reeds gesê wil Bultmann die mite s6 interpreteer dat die moderne mens nie noodwendig 'n sacrificium intellectus moet maak nie, maar dat die mens sy eie eksistensie daarin moet vind sodat hy voor 'n beslissing ("Entscheidung") gestel kan word. Bultmann leun sterk op die filosofiese gedagtes van Heidegger (sy kollega te Marburg) en ontleen veral sy aktualistiese siening van hom, naamlik dat die mens eers waarlik eksisteer wanneer hy in verantwoordelikheid vir sy vryheid kies.<sup>4)</sup>

- 
1. Cf. Heyns, J.A., Die Evangelie in Krisis, p.27.
  2. Ridderbos, H., op.cit., p.199.
  3. Mehta, Ved, op.cit., p.45.
  4. Cf. De Villiers, J.L., op.cit., pp.71-72.

'n Voorbeeld van Bultmann se eksistensialistiese Skrifverklaring vind ons onder andere in wat die Nuwe Testament van die opstanding sê. Die opstanding moet (aldus Bultmann) as 'n mite beskou word, want 'n dooie kan tog nie weer lewendig word nie. Die opstanding moet derhalwe eksistensieel verklaar word deur uit te gaan van die veronderstelling dat die dissipels in werklikheid begin glo het in Jesus Christus as die Lewende: "De opstanding heeft dus ook een kosmische en eschatologische betekenis. Het betekent het nieuwe, authentieke leven in Christus."<sup>1)</sup>

Indien die "mitologiese opstandingsverhaal" as 'n "beglaubigen=des Mirakel" verwerp word, ontstaan die vraag hoe die objektiewe verwysings na Christus se opstanding verklaar moet word. Weliswaar word die opstanding as historiese gebeurtenis meermale in die Bybel geponeer - selfs aan die hand van ooggetuies (1 Kor. 15:3-8). Bultmann meen dat hierdie getuienisse geen argument teen sy eksistensialistiese Skrifbenadering is nie: "Niet alleen omdat de terugkeer van een gestorvene in het leven een mythische gebeurtenis is en de opstanding ook door nog zoveel getuigen niet als een objectief feit kan worden vastgesteld als garantie voor het geloof, maar ook omdat de opstanding zelf voorwerp van het geloof is. Zij kan dit echter slechts zijn, doordat zij in onze existentie intreedt en de betekenis van het kruis duidelijk maakt."<sup>2)</sup> Soos Christus se kruisiging nie net tot die kruisdood beperk is nie, maar in die geloofsoorgawe telkens opnuut teenwoordige tyd word, kry die opstanding ook weer telkens aktualiteit. Hierdie aktualisering vind plaas wanneer in verantwoordelikheid tot vryheid gekies word in die aflegging van die werke van die duisternis en in die terugkeer van die mens tot sy eintlike "Seinsverständnis." Op dieselfde wyse verklaar hy ook die pre-eksistensie van die Seun, sonde, verlossing, ens.

- 
1. Runia, K., op.cit., pp.71-72.
  2. Ridderbos, H., op.cit., p.204.

4. Evaluering van Bultmann se eksistensialistiese Skrif=  
benadering

Die groot beswaar teen Bultmann se Skrifbenadering is nie in sy eksegese as sodanig geleë nie,<sup>1)</sup> maar skuil in die dogma waarmee hy die Skrif benader. Sy begrip van "mite" ontbloom sy deïstiese Godsbeskouing, naamlik dat hy van mening is dat die Transendentale en immanente twee selfstandige groothede is wat geensins op mekaar ingrypend betrokke kan wees nie!

"Terecht is gezegd, dat op hetzelfde ogenblik, waarop men de 'mythe' van het Nieuwe Testament wegdoet, er niet alleen voor Christus als de Zoon van God geen plaats meer is, maar ook de Godsvoorstelling zelf een andere wordt, nl. die van een verre, niet handelende, majesteitelijke God."<sup>2)</sup>

In sy wetenskapsbeskouing sluit Bultmann aan by die empirisme en hy handhaaf die betroubaarheid van Skrif- en geloofswaarhede slegs insoverre as dit vroeër of later deur die natuurwetenskap kontroleerbaar is: "Hij wijst ieder compromis af tussen geloof en wetenschap, waarin de resultaten van de laatste genegeerd worden of onverzoend tegenover de geloofsinhoud blijven staan, kortom, in zijn optreden en critiek herleeft de strijd, die er in dit opzicht sinds de Aufklärung is gestreden."<sup>3)</sup>

Verder vervang Bultmann die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, met die humanistiese uitgangspunt van natuur en vryheid. Trouens, sy eksistensialistiese Skrifbenadering word in sò 'n mate oorwoeker dat sy hele teologie uiteindelik in 'n blote antropologie vervaag: "En daarom is uitlegging van het Nieuwe Testament, die iets mèer wil zijn dan historische arbeid, in de grond der zaak niet anders dan de uitlegging van de Nieuwtestamentische beoordeling der menselijke existentie."<sup>4)</sup> Bultmann se Skrifbenadering lei derhalwe tot

- 
1. Cf. sy kommentaar oor die Johannes-Evangelie wat as 'n hoogstaande akademiese prestasie beskou word.
  2. Ridderbos, H., op.cit., p.212.
  3. Ibid., p.206.
  4. Ibid., p.221.

'n verenging van die Skrifinhoud, aangesien die magnalia Dei vir hom geen ander aktualiteit inhou nie, behalwe om die indiwiduele mens self aan te spreek nie. Daardeur word die groot wêreld van God gereduseer tot die klein wêreldjie van die mens. Verder word die handeling van God in Christus geheel-en-al begrens deur die kader waar 'n gesekulariseerde eksistensiefilosofie opereer.

In sy poging om die Nuwe Testament van sy mitologiese vorm tot op sy ware kerugmatiese kern te "ontmitologiseer", val Bultmann ook hulpeloos tot prooi van die relativisme, en bly hy 'n antwoord skuldig op die vraag waarom daar nie nog verder gegaan en 'n program van "Entkerygmatisierung" voortgesit kan word nie.

In die praktiese toepassing van sy Skrifuitlegging stuit ons by Bultmann voor baie ongerymdhede. Hy stel byvoorbeeld in die plek van die objektiewe opstandingswerklikheid, die geloof aan die opstanding as die bron en uitgangspunt vir die Christelike kerugma. Dit is dus duidelik dat hierdie voorstelling van Bultmann beheers word deur 'n werklikheidsbegrip wat op bygeloof berus. Dit wil sê, die opstanding bring volgens Bultmann nie die geloof voort nie, maar die geloof bring die opstanding voort.<sup>1)</sup> Vanweë Bultmann se historiese skeptisisme ten opsigte van die Nuwe-Testamentiese gebeure, kom hy tot 'n onderskatting van die werklike erns waarmee die vroeë Kerk sy historiese gegewens nagevors het. (Cf. die proloog tot die Evangelie van Lukas). Selfs een van Bultmann se getrouste epigone, John Robinson die biskop van Woolwich, verskil in dié opsig van hom: "I think his demythologization is based on the fact that he thinks the primitive Christians did not take history as seriously as I think they took history. I think we ought to take history very seriously, because the primitive Christians took history very seriously."<sup>2)</sup>

Basies kom Bultmann se Skrifbenadering neer op 'n radikale

- 
1. Stel hierteenoor 1 Kor. 15:14.
  2. Mehta, Ved, op.cit., pp.99-100.

frontale aanval op die tradisionele wyse waarop die Kerk sy geloof bely het. Die implikasies van sy Skrifbenadering lei tot 'n geloofsbelydenis waarin Jesus soos volg bely moet word: "Ek glo in Jesus Christus.....wat nie ontvang is van die Heilige Gees en nie gebore is uit die maagd Maria nie. Wat wel gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, maar nie ter helle neergedaal het nie, op die derde dag nie opgestaan het nie, nie opgevaar het na die hemel nie, en nie gaan sit het aan die regterhand van die Vader nie, vanwaar Hy ook nie sal kom om te oordeel oor die lewende en die dode nie."

Ons kan dus konkludeer dat Bultmann hard probeer om 'n sintese tussen die eksistensiële filosofie en die Bybel te bewerkstellig, maar die resultaat daarvan is duidelik 'n oorwoekering van eersgenoemde. Op die duur sal sy beskouinge ook geen weerstand teen die ateiïstiese strekking binne die sfeer van die eksistensiële filosofie self, kan bied nie. "Die mens wat by sò 'n wêreldbeeld pas, is die mens wat geleidelik die funksie van God oorneem: hy bepaal wat vorm en wat inhoud is, hy stel vas wat mite en wat boodskap is, hy oordeel wat Bybel en wat Gods Woord is."<sup>1)</sup> Met die moderne mens as kriterium poog Bultmann sò hard om die Skrif binne die hedendaagse mens se ervaringsveld te plaas, dat hy uiteindelik sy eie evangelie vir hulle geskryf het.

### 6.3.3 DIE REFORMATORIESE SKRIFBENADERING

Die Reformatoriese Skrifuitleg berus op die beginsel dat die Bybel sy eie uitlegger is: Sacra Scriptura sui ipsius interpres. Hiermee word ontken dat die Kerk prinsipiële aangewys is om die Skrif te verklaar (Rome), óf dat die Skrif vanuit die mens as uitgangspunt geïnterpreteer moet word (eksistensialisme). Die Reformatoriese beginsel veronderstel dat die Skrif self duidelik en verstaanbaar genoeg is, en as openbaring van God, juis van ons vra om verstaan te word. Vanselfsprekend sal die verstaan van die Skrif noodwendig 'n

---

1. Heyns, J.A., op.cit., p.33.

interpretasie van die inhoud veronderstel, aangesien die Skrifboodskap tog immers in 'n vreemde "Umwelt" gestalte aangeneem het.

Die belydenis, naamlik dat die Skrif self duidelik genoeg is, impliseer 'n gerigtheid op die Skrif sonder aprioriese dogmas. Die Reformatoriese uitgangspunt wil slegs een absolute apriori beklemtoon: die Bybel kan reg begryp word deur na die Bybel self te luister! Die Reformatoriese Skrifuitleg word dus voortdurend gekonfronteer met die vraag na die bedoeling van die teks soos wat die skrywer dit aan sy lesers gerig het; en verder: wat is die dieperliggende boodskap wat die Heilige Gees daarin geplaas het vir die leser van alle eeue - dus ook vir die Bybelleser van vandag?

Aangesien 'n mens nooit met 'n tabula rasa kan begin wanneer die Skrif uitgelê word nie, is dit nodig om sover as moontlik alle eie voorveronderstellings, dogmas en idees die swye op te lê. Om dus van vooropgestelde dogmas enersyds, en 'n moontlike neutraliteitsideaal andersyds, gevrywaar te word, is dit nodig om te let op sekere basiese beginsels wat uit die Skrif self aangewys word, alvorens 'n poging aangewend kan word om die Skrifinhoud te verklaar. Om te wete te kom wat die Skrif self as uitlegging aanbied, moet daar op die volgende drieërlei aspekte van die geskrewe Woord gelet word, naamlik die grammatikale vorm, die historiese omhulsel, en die diepere betekenis wat in die Bybelverse opgesluit is.

#### 6.4 FILOLOGIESE SKRIFUITLEG

Die begrip filologiese Skrifuitleg het 'n wye betekenis en sluit alle aspekte van die grammatika in wat aangewend word om die inhoud van die oorgelewerde tekste te verklaar.<sup>1)</sup>

"Ons moet dus nie net rekening hou met die woordgebruik, vormleer en sintaksis nie, maar ook met die literatuurtypes en stylsoorte, terwyl ons ook aandag moet gee aan kritiese standpunte ten opsigte van die literêre geskiedenis, vormgeskiedenis

---

1. Cf. Van Zyl, A.H., Die vereistes vir die hedendaagse Hebraïkus, pp.5-7.

en tradisiegeskiedenis."1)

6.4.1 DIE WOORD EN SY BETEKENIS AS HERMENEUTIESE  
BEGINSEL VIR DIE VERKLARING VAN DIE BYBEL

Die Bybel is God se Woord gegee in mensetaal, derhalwe is dit 'n logiese benadering om die Bybel primêr filologies te verklaar. Om die filologiese sin van 'n teksvers te bepaal, kan daar op twee maniere te werk gegaan word. Die Skrifverklaarder kan die globale metode volg en met die sin of sinsnede begin en vanuit die skrywer se gedagte in sy geheel, deduktief-analiserend deurdring tot die betekenis van die verskillende woorde. 'n Alternatiewe benadering is die omgekeerde werkwyse van bogenoemde, naamlik om van die woord self uit te gaan en geleidelik uit te brei na die gedagte wat die sin in sy geheel inhou. Alhoewel die eersgenoemde metode vanuit 'n logiese standpunt gesien, voorrang behoort te geniet, is dit om praktiese redes wenslik om by die interpretasie van vreemde tale, van die woord as vertrekpunt uit te gaan - dit geld dan ook vir die bestudering van die Bybel wat oorspronklik tog in vreemde tale geskryf is.<sup>2)</sup>

Die interpretasie van die woord bring ons te staan voor die ETIMOLOGIE van woorde - en wat as sodanig buite die studieveld van die Bybelkundige ondersoek geleë is. Die etimologiese ondersoek na die betekenis van woorde is 'n moeilike taak en kan indringend slegs deur gespesialiseerde filoloë doeltreffend ondersoek word. Laasgenoemde studie val hoofsaaklik op die terrein van die eksegetiese studie in die Bybelse grondtale te wete Hebreeus en Grieks. Dit vorm ook 'n onderdeel van die eksegeese wat in die Ou en Nuwe Testamentiese wetenskappe van die Teologiese vakdissipline beoefen word. Veral as gevolg van die vak Bybelkunde se meer algemene doelstelling, en ook vanweë die feit dat die Bybelkundige gewoonlik nie oor 'n gevorderde taalstudie as agtergrond vir 'n indringende

- 
1. Verhoef, P.A., Metodiek van die Eksegese, p.28.
  2. Cf. Berkhof, L., Principles of Biblical Interpretation, p.67.



etimologiese ondersoek van die Bybelwoord beskik nie, veronderstel dit dat die Bybelkunde sal konsentreer op die woorde waarvan die etimologiese betekenis reeds deur die genoemde vakdissiplines ontgin is. Die Bybelkunde kan dus bevrugtend op dié betrokke vakdissiplines inwerk, deurdát vrae aan hulle gestel word wat aanleiding kan gee dat "verborge skatte" uit die Woord na vore gebring kan word. In uitsonderlike gevalle waar studente in die Bybelkunde reeds oor gespesialiseerde taalkennis beskik, óf dit saam met hulle studie in die Bybelkunde aanvul, verval hierdie beperking op dié vakgebied. Myns insiens sal hierdie bykomstige toerusting die uitsondering eerder as die reël wees.

Die etimologiese ondersoek van die Bybelse woord stuit nog verder voor die vraag in hoeverre kennis van die Bybelse grondtale noodsaaklik is om die vak Bybelkunde doeltreffend te kan beoefen. Sommige Bybelkundiges<sup>1)</sup> is van mening dat dieselfde taalvereistes wat aan teologiese fakulteite gestel word, ook op die vak Bybelkunde van toepassing moet wees, wanneer op honneursvlak en verder gestudeer word. Alhoewel die waarde van sodanige grammatikale kennis nie hoog genoeg geskat kan word nie, is dit tog moontlik om as gevolg van die doelstelling wat die Bybelkunde beoog, met behulp van die wisselwerking met aanverwante vakdissiplines wat etimologiese ondersoeke doen, genoegsame taalkundige kennis te bekom om nog steeds ten volle reg aan die vak Bybelkunde te laat geskied. Myns insiens is 'n leeskennis van die Bybelse grondtale nodig vir toelating tot 'n honneurskursus en verder, sodat selfstandige studie aangepak kan word deur middel van leksikons en wetenskaplike kommentare op die Bybel. Die etimologiese betekenis van die Bybelse woord, wat by wyse van die woordeboek vasgestel word, is die eerste stap op die lang pad om deur te dring tot die eindproduk van die Skrifuitleg. Hier moet egter gewaarsku word teen 'n oorbeklemtoning van die resultaat wat gewoonlik deur leksikons verstrekkend word. Leksikons is nooit in absolute

---

1. Combrinck, H.J.B., Die Bestudering van die Nuwe Testament as wesenlike element van die vak Bybelkunde (referaat), p.5.

sin betroubaar nie - soos duidelik blyk uit die feit dat leksikons onderling van mekaar soms radikaal verskil. Die afleidings wat daarin gepostuleer word, is dikwels slegs 'n beginselbetoog vir die dogmatiese onderbou wat in hierdie geskifte bevestig moet word: "They merely embody those results of the exegetical labors of various interpreters that commended themselves to the discriminating judgment of the lexicographer, and often reveal a difference of opinion. It is quite possible, and in some cases perfectly evident, that the choice of a meaning was determined by dogmatical bias."<sup>1)</sup>

Die neiging om leksikons slaafs na te praat hou verder ook die gevaar in dat nie genoegsaam tred gehou word met die ontwikkeling van veral die Griekse woord nie. Die Koine-gebruik van Griekse woorde het heel dikwels 'n ander betekenis aan 'n woord geheg as wat dit in die klassieke Grieks gehad het. Daarbenewens is dit nie 'n betroubare beginsel om aan die betekenis van 'n klassieke Griekse woord sonder meer dieselfde konnotasie te heg wanneer dit in die Nuwe Testament voorkom nie. Die Christendom het in baie gevalle nuwe inhoud aan bekende woorde gegee, en daarom is Greijdanus reg wanneer hy waarsku: "We moeten niet vergeten, dat ook de Openbaring Gods groote taalvormende beteekenis heeft. Vele woorden hebben juist door het ceremonieele, het zedelijke, en in het algemeen door het religieuze element in de Heilige Schrift eene andere beteekenis gekregen."<sup>2)</sup> 'n Basiese lees kennis is dus 'n vereiste vir 'n meer gevorderde Bybelkundige navorsing, want die saamgestelde hulpbronne maak vrylik van die Bybelse grondtale gebruik. Trouens, sonder 'n lees kennis van die grondtale bly selfs gevorderde wetenskaplike kommentare vir die Bybelstudent ontoeganklik.

Die Bybelkundige wat egter 'n indringende studie in die Ou of Nuwe Testament wil aandurf, sal benewens 'n lees kennis van die

- 
1. Berkhof, L., op.cit., p.69.
  2. Greijdanus, S., op.cit., p.14; cf. Berkhof, L., Beknopte Bijbelsche Hermeneutiek, p.89.

grondtale, ook 'n elementêre kennis van die grammatika moet bekom. In elk geval is 'n basiese grammatikale kennis in minstens die besondere testament wat nagevors word onontbeerlik, aangesien woorde en tekste slegs binne hulle samehang en konteks reg verstaan kan word. Sodanige kennis kan deur middel van 'n standaard grammatika-handboek verkry en deur selfstandige studie verwerf word.<sup>1)</sup> Selfs die Bybelkundige wat slegs oor 'n basiese lees kennis van die grondtale beskik, kan veel baat deur grammatikaboeke te raadpleeg. Dikwels word in die indeks na Skrifverse verwys wat êrens in die handboek breedvoerig bespreek word en derhalwe waardevolle inligting in dié verband verstrek. Vergelyk in dié opsig die bespreking van die Godsnaam wat deur Gemser in sy Hebreuse grammatika uiteengesit word.<sup>2)</sup>

Die belangrikheid van 'n basiese taalkennis word veral duidelik wanneer gelet word op sommige van die probleme waarvoor die filologiese Skrifondersoek in sy navorsing te staan kom.

1. Vir eers kan die sogenaamde hapax legomena genoem word. Dit is die verskynsel waar 'n sekere woord slegs één keer in die Bybel voorkom en derhalwe besondere aandag verg, terwyl dit uit die vertalings nie altyd opgemerk sal word nie. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld ἐπιούσιον = "daaglikse" in Matt. 6:11 en Luk. 11:3, asook πιστικὴς = "egte" in Mrk. 14:3 en Joh. 12:3.
2. 'n Basiese taalkennis is ook nodig om die wyer en die spesifieke betekenis van SINONIEMES vas te stel - wat vir die leek andersins die verklaring van sinoniemes in 'n fasinerende "speletjie" kan laat verval. Die Skrifverklaarder wat byvoorbeeld meen dat alle sinoniemes se besondere betekenis beklemtoon moet word, loop in gevaar om in allerlei "interes="

---

1. Cf. Weingreen, J., A Practical Grammar for Classical Hebrew, Oxford: Clarendon Press; Davidson, A.B., An Introductory Hebrew Grammar, Edinburgh: T. and T. Clark; Gemser, B., Hebreuse Spraakkuns, J.L. van Schaik: Pretoria; Nunn, H.P.V., The Elements of New Testament Greek, Cambridge: University Press.

2. Cf. Gemser, B., op.cit., pp.20-21.

sante" afleidings verstrengel te raak. Kennis van die konteks waarin 'n woord voorkom sal hier deurslaggewend wees vir die bepaling van die algemene of spesiale konnotasie wat aan 'n spesifieke sinoniem geheg moet word. In die reël kan gesê word dat wanneer twee of meer sinonieme woorde of uitdrukkings in dieselfde Skrifgedeelte voorkom, dit 'n aanduiding is dat hulle betekenis spesiale aandag verg.<sup>1)</sup>

3. 'n Basiese taalkennis is ook onontbeerlik omdat die WOORDORDE 'n belangrike funksie by Skrifverklaring vervul. In Hebreeus is die gewone sinsorde: werkwoord, onderwerp en voorwerp. Indien die voorwerp voorop staan of die onderwerp eerste of laaste staan, dan dra hulle emfatiese krag. Die voorste plek is die belangrikste aksentdraende posisie in die sin, maar die emfatiese woord kan ook die laaste plek inneem. In Grieks beklee die onderwerp gewoonlik die voorrangsposisie, gevolg deur die werkwoord en sy kwalifiserende woorde, met die voorwerp aan die einde. Die adjektief volg in die reël die naamwoord waarop dit betrekking het, en 'n genetiese selfstandige naamwoord wat dit regeer. Indien hierdie volgorde verander word, dui dit gewoonlik op die aksentuering van een van die woorde.<sup>2)</sup> Behalwe die plek wat 'n woord in die sin inneem, is die vorm van 'n woord ook belangrik en moet daar aandag gegee word aan onder andere die naamval en getal by naamwoorde, en op tyd en wyse by werkwoorde. So bring byvoorbeeld die partisipium die tydsvorm na vore, sodat bepaal kan word of 'n sin voorwaardelik (Luk. 9:25); oorsaaklik (Hand. 4:21); of doelmatig is (Matt. 27:49).

Die eerste beginsel vir noukeurige Skrifverklaring is dus om die betekenis van die oorspronklike woord in sy samehang te bepaal.

---

1. Cf. Berkhof, L., op.cit., p.73.  
2. Ibid., p.93.

Wanneer die woord begryp word, moet sy relasie tot ander woorde in die sin ook bepaal word: "Het etymologiesch-lexicalische leidt tot, en gaat geleidelijk over in, het syntactische: van het woord komen we tot den zin als woord=verbinding of woordgroepering, tot uitdrukking voor een gedachte of een gedachten-complex."<sup>1)</sup>

#### 6.4.2 DIE LOGIESE SAMEHANG VAN SINNE EN SINSDELE

Die tweede beginsel wat die basis vir noukeurige Skrif= uitleg vorm, is die navorsing van die logiese samehang van die onderlinge sinne en sinsnedes. Veral die lidwoorde en voeg= woorde wat sinsdele aan mekaar verbind, moet noukeurig mee rekening gehou word. Die lidwoord kan byvoorbeeld modaal gebruik word (Matt. 19:22: "....het hy bedroef weggegaan...."); of kousaal (Hand. 4:21: "....aangesien hulle geen rede kan vind om hulle te straf nie, ..... is hulle losgelaat."); voorwaardelik (Rom. 2:27); ens.

Dit is nie voldoende om net op die etimologiese betekenis van die afsonderlike woorde, of net op die verskillende onderdele van die sin, te konsentreer nie. Vir die verstaan van die skrywer se gedagtegang moet daar ook 'n globale indruk van die sentrale doelstelling wat die hele sin beoog, begryp word. In die lig van die cruces interpretum wat die Skrif kenmerk, is dit geen geringe taak waarvoor die Skrifverklaarder te staan kom nie - en sonder 'n basiese taalkundige onderbou, is dit 'n totaal onbegonne taak om te bemeester.

Wanneer die Bybelverklaarder sy ondersoek na die betekenis van 'n woord afgehandel het, word sy navorsing voortgesit in die rigting waar hy die skrywer se gedagte probeer snap, ten einde insig te verkry aangaande die werklike rykdom (of armoede!) waarmee spesifieke woorde gelaai is: "De verklaring van de Heilige Schrift moet derhalve beginnen met het nauwlettend

---

1. Greijdanus, S., op.cit., p.18.

acht geven op, en overwegin van, het gekozen woord en zyn beteekeenis, zyn vorm, zyn verband."<sup>1)</sup>

Die noodsaaklikheid van 'n deeglike kennis van die verband wat 'n sekere teksvers voorafgaan en onmiddellik opvolg, is die conditio sine qua non vir elke vorm van suiwer Skrifuitleg. En tog word hierdie beginsel dikwels verwaarloos, veral deur die fundamentaliste en diegene wat die Bybelinhoud as 'n katalogus van "bewys-plaatse" beskou.

Veral die volgende vier tipe verbande behoort by die Skrifuitleg aandag te geniet:<sup>2)</sup>

1. Suiwer historiese verbande wat geneties en ideologies aan mekaar verbind is, byvoorbeeld Matt. 3:13-17 en 4:1-11.
2. Histories-dogmatiese verbande, dit wil sê dogmatiese leringe wat aan 'n historiese feit verbind word, soos byvoorbeeld Joh. 6:1-14 en verse 26 tot 65.
3. Logiese verbande waar gedagtes in 'n streng logiese volgorde gesistematiseer is (1 Kor. 15:12-19).
4. Psigologiese verbande waar die samehang gelê word deur die assosiasie wat die gedagtegang oproep (Hebr. 5:11 v.).

Die betekenis van die woord in sy verband word ook grootliks beïnvloed deur die besondere skopus van die skrywer,<sup>3)</sup> en veral die sentrale doelstelling wat getematiseer en dikwels duidelik deur die skrywer aangekondig word (cf. Rom. 11:14; ens.).

#### 6.4.3 PARALLELE GEDEELTES AS HERMENEUTIESE RIGLYN

Deur parallelle gedeeltes met mekaar te vergelyk is dit ook moontlik om 'n dieper insig te bekom van moeilike woorde

- 
1. Greijdanus, S., op.cit., p.13.
  2. Cf. Berkhof, L., op.cit., p.105.
  3. Cf. Infra, Die Skopus van die Skrif, pp.205 et.seq.

of selfs verbande, waarvan die skrywer se bedoeling nie so duidelik bepaal kan word nie (cf. Hand. 9:3-8 en 22:6-11).<sup>1)</sup>

#### 6.4.4 FIGUURLIKE WOORDGEBRUIK EN SKRIFVERKLARING

Die verklaring van die woord in sy verband word ook deur verskeie inwendige faktore bemoeilik, waaronder veral die figuurlike gebruik van woorde aanleiding gee tot omstrede Skrifstandpunte.

Die volgende vorms van figuurlike woordgebruik kom dikwels in die Bybel voor:

##### 1. Metafoor

Die metafoor is 'n beknopte vergelyking waardeur een voorwerp met 'n ander in verband gebring word deur dit met mekaar te identifiseer, of om by wyse van woordspeling 'n sodanige ooreenkoms te veronderstel (Ps. 18:2; Luk. 13:32; e.a.). Die Bybel maak in besonder van antropomorfismes gebruik wanneer metafories na die Goddelike Wese verwys word. Menslike emosies word aan God toegeskryf (Gen. 6:6; Deut. 13:17; Efes. 4:30; ens.); fisiese hoedanighede word aan Hom verbind (Ex. 15:16; Ps. 34:16; Jak. 5:4); en Sy dae en handeling word op 'n menslike spreekwyse uitgedruk.<sup>2)</sup>

##### 2. Metonimie (metonimia)

Metonimie kom ook meermale in die Bybel voor. Hierdie skryfstyl word gebruik wanneer twee begrippe in noue verband met mekaar staan en die een gebruik word as plaasvervanger vir die ander, dit wil sê deur oor-noeming te laat plaasvind.

- 
1. Cf. Augustinus se verklaring in dié verband: "Ubi autem apertius ponuntur, ibi discendum est, quo modo in locis intelligantur, obscuris", in De Doctrina Christiana, deel III, p.26.
  2. Cf. Supra, In die Bybel word na God as Antropomorf verwys, pp.114-116.

Só verwys Paulus byvoorbeeld na die besondere manifestasie van die Heilige Gees, en dan skryf hy: "Blus die Gees nie uit nie." (1 Thess. 5:19).

### 3. Sinekdogees

Hierdie woordgebruik kom baie met metonimes ooreen en word gebruik wanneer slegs 'n deel van 'n geheel genoem word, maar die hele gedagte by die leser veronderstel word. Wanneer ons byvoorbeeld bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood," sal ons seker gou begin murmureer indien ons daaglik net brood sou ontvang (Matt. 6:11). Brood word dus as 'n sinekdogee gebruik om voedsel in die algemeen te beskryf.

Hermeneutiese riglyne blyk dus noodsaaklik te wees vir die bepaling van die letterlike en/of figuurlike waarde wat aan woorde geheg moet word. Veral wanneer kennis geneem word van die wyse waarop die Jode (en ook die dissipels!) as kinders van hulle tyd, dikwels 'n letterlike verklaring aan 'n geestelike bedoeling van Jesus se woorde gegee het (Joh. 6:52). Die volgende oorweginge kan as leidrade dien by die bepaling van die figuurlike of letterlike interpretasie van sinsnedes:

1. In die reël kan historiese vertellings, konfessionele geskrifte en gedeeltes met 'n juridiese strekking, letterlik verklaar word, aangesien duidelikheid van begrip hier 'n absolute voorvereiste is vir die verstaan en sinvolle toepassing van sulke gedeeltes - en hierdie feit moes sekerlik ook deur die skrywer van derglike geskrifte vooraf begryp gewees het.
2. Soos reeds gesê, moet die woord (of woorde) wat ondersoek word binne hulle konteks, samehangende woordorde, en met inagneming van parallelle gedeeltes, verklaar word: "The interpreter should have strict regard to the immediate context, to the adjuncts of a word, to the character of the subject and the predicates ascribed to it, to the parallelism, if it is present, and to the parallel passages."<sup>1)</sup>

---

1. Berkhof, L., op.cit., p.85.



3. Die kultuur-historiese faktore wat gegeld het en die "Umwelt" uitmaak van die Bybelskrywers en hulle Geskrifte, is 'n sine qua non vir die bepaling van die wyse waarop 'n Skrifgedeelte interpreteer moet word (Ps. 103:15, 16; Mrk. 10:25; ens.).
4. Die skrywer se doelstelling sal die Skrifverklaarder lei om die tertium comparationis vas te stel, sodat nie te veel klem op die besonderhede geplaas word en sodoende die sentrale gedagte na die periferie verplaas en figuurlik verklaar word nie (Matt. 24:42-44; Openb. 16:15).

#### 6.4.5 DIE LITERATUURVORM AS HERMENEUTIESE BEGINSEL BY DIE VERKLARING VAN DIE BYBEL

Die Bybel is ryk aan literatuurvorme en elke vorm stel sy eie besondere eise aan die Skrifuitleg. In die Bybel kan veral vyf basiese literatuursoorte onderskei word, naamlik die verhaal, die profesie, die poësie, die wysheidslering of onderwysing, en die Nuwe-Testamentiese didaktiese lering.

##### 6.4.5.1 Die Verhaal

Die verhaalvorm bied die geskiedkundige gedeeltes van die Bybel aan, nie as bloot historiese feite nie, maar dra 'n eie karakter wat deur die besondere doelstelling wat dit beoog bepaal word, naamlik om primêr die openbaring van God se hande-linge en ingrypinge in die tyd, bekend te stel.

Die verhaalvorm word veral gekenmerk deur die objektiwiteit waarmee persone en gebeure beskryf word - die negatiewe voorstelling van Dawid se optrede is hier 'n sprekende voorbeeld. (Cf. 2 Sam. 11).

Nog 'n kenmerk van die verhaalvorm is die dinamiese aanskoulik-heid waarmee die verhale gekleur is, en dikwels meebring dat feite en gebeure nie kronologies gesistematiseer word nie, maar eerder aanmekaar geskakel en verbind word. Beskrywing van

gebeurtenisse word deur algemene oorsigte voorafgegaan en opsommings van feite wat reeds plaasgevind het, word afgewissel met kort antispasies of insidente wat nog later sal volg.<sup>1)</sup> Die Skrifverklaarder wat nie met hierdie eie-aard van die verhaalvorm rekening hou nie, sal noodwendig voor talle skynbare teenstrydighede en anachromismes stuit. Daarom sentreer die hedendaagse polemieke in die Bybeluitleg juis rondom die vraag hoe die verhaalvorm interpreteer moet word: het die gebeure werklik plaasgevind? (godsdienst-historiese skool); of is dit gebeure wat eers geïnterpreteer moet word deur dit te reduceer tot by sy ware historiese kern? (Bultmann). Soos reeds aangetoon, moet beide hierdie standpunte as onhoudbaar met die Bybelse lering, verwerp word.

In die Nuwe Testament word die gelykenisse en die wonderwerke as 'n besondere verhaalvorm aangewend. Die gelykenis vervul in die Bybel die rol van 'n aardse verhaal met 'n hemelse betekenis. Wat dan ook veral belangrik is vir die Skrifuitleg is die feit dat die verhaal in die vorm van 'n gelykenis slêgs èèn sentrale doelstelling het, en derhalwe moet dit duidelik van die allegorie onderskei word. In laasgenoemde skryfstyl het elke persoon, plek of ding 'n geestelike betekenis wat verklaar moet word. Die allegoriese Skrifbenadering is 'n maklike metode om te hanteer, juis omdat dit nie rekening hou met die werklike historiese feite nie, en moet as hermeneutiese metode nie 'n plek in die hermeneutiese opset gegun word nie.

#### 6.4.5.2 Die Profesie

Die profesie is die metode waarvolgens God sy verkondiging in die verlede, hede en toekomstige gebeure aan die mens bekendmaak. Profesie is dus 'n ruimer begrip as blote voorsegginge van toekomstige gebeure soos byvoorbeeld wanneer in die gewone spraakgebruik na sogenaamde "weerprofete" verwys word wat klimatologiese voorspellings in die toekoms waag.

---

1. Verhoef, P.A., op.cit., p.36.

Die profetiese getuienis is die outentieke oorkonde van die wyse waarop God deur middel van woorde en dae bemoeienis ge=maak het met Sy bondsvolk: "Het toont in èèn woord God op weg door Israël heen naar de mensenwereld. Een Geestesstroom gaat door het O. en N.T. heen; de openbaring, in Jezus Christus gegeven, vormt de laatste fase van de openbaring Gods in Israël." <sup>1)</sup>

Om die Bybel korrek uit te lê, moet daar by die verklaring van profetiese materiaal, veral met die volgende aspekte rekening gehou word:

1. Die profesie is geneig om wyd-uitmekaar-geleë-gebeurtenisse, as 'n eenmalige gebeure te verenig: "Histories-bepaalde en eindhistoriese feite en gebeurtenisse word tot een tableau met mekaar verbind, maar dan altyd sò dat die profesie oor al die tussenstadiums heen op die groot einde gerig is." <sup>2)</sup> Die profete kyk na die toekoms soos 'n bergklimmer na die berghange in die verte kyk. Volgens sy waarneming lyk dit asof die een bergspits langs die ander een verskyn, terwyl hulle inderwaarheid kilometers van mekaar verwyderd is. <sup>3)</sup> In die Ou Testament word hierdie verskynsel versterk deur die gebruik van die profetiese perfektum. Die Hebreuse taal gebruik net twee werkwoordtipe, naamlik die perfektum en die imperfektum om handeling aan te dui wat of afgehandel is of wat nog onvoltooid is - ongeag daarvan of die handeling in die verlede, hede of toekoms geskied. Die profete is egter geneig om hulle sò sterk en seker in die toekomstige dinge wat aan hulle geopenbaar is in te leef, dat hulle daarna verwys in die perfektum, dit wil sê asof dit reeds plaasgevind het. Soms word die profetiese perfektum afgewissel met die imperfektum, wat duidelik laat blyk dat die voorsegginge nog in die toekoms moet plaasvind. Hierdie skryfstyl gee 'n dinamika aan die profetiese skrywe en druk veral die sekerheid en vastigheid van

- 
1. Vriezen, Th.C., Hoofdpijnen der Theologie van het Oude Testament, p.121.
  2. Verhoef, P.A., op.cit., p.38.
  3. Cf. Verhoef, P.A., "Die Dag van die Here" in Exegetica, 1956, pp.86-89.

die vertrouwe in die profetiese voorsegginge uit.

2. Die toekomstige profetiese voorsegginge word ook in terme van die profeet se eie tyd-historiese-situasie voorspel - soos duidelik blyk uit die komende Koninkryk van God wat deur die profete aanvaar word as 'n verheerlikte Israelitiese teokrasie. Vir die profete is die openbaring 'n deel van die geskiedenis wat 'n eenheid met die verlede, hede en toekoms vorm, en daarom vertoon alle gebeure 'n doelgerigte gang waardeur God alle dinge na die groot eskatologiese eindpunt toe lei. Nuwe openbaringe sluit dus steeds aan by wat Israel reeds vroeër ontvang het (cf. Ex. 3:6; Jer. 6:16; Amos 2:11). Nogtans het die profete soms daarin geslaag om, onder die leiding van die Heilige Gees, uit hul eie bedeling gelig te word en staanplek op 'n meer geestelike bedeling in die toekoms in te neem - soos blyk uit Skrifgedeeltes soos Jer. 31:31-34 en Mal. 1:11: "In such cases the prophetic horizon was enlarged, they sensed something of the passing character of the old forms, and gave ideal descriptions of the blessings of the New Testament."<sup>1)</sup>

3. Vir die verklaring van die profesie is dit ook belangrik om op die vervulling daarvan te let. Baie profesieë word letterlik vervul; ander slegs gedeeltelik; terwyl die vervulling soms totaal uitgesluit word. Laasgenoemde geld veral wanneer die profesie deur 'n digterlik-hiperboliese styl gekenmerk word: "The fulfilment of some of the most important prophecies is germinant, i.e., they are fulfilled by instalments, each fulfilment being a pledge of that which is to follow."<sup>2)</sup> Dit bly byvoorbeeld 'n omstrede vraag of Joël 2:28-32 op Pinkster ten volle vervul is, aldan nie!

In die vasstelling van die vervulling van profetiese voorsegginge, moet daar rekening gehou word met die gerigtheid wat die profesie as einddoel beoog, dit wil sê daar moet vasgestel word of die vervulling 'n zeitgeschichtliche, heilsgeschichtliche

---

1. Berkhof, L., op.cit., p.152.

2. Ibid., p.153.

en/of 'n endgeschichtlike karakter dra. En, alhoewel die profesie nooit eksklusief tot net èen van hierdie sferes beperk is nie, dra die vervulling van elkeen afsonderlik 'n eie karakter en moet dus deur die Skrifuitlegger ook s6 gelees word: "Elke histories-bepaalde oordeels- of heilsverkondiging het tewens 'n heils- en eindhistoriese aspek. Omgekeerd is dit 'n gesonde uitlegkundige reël om altyd te vra watter betekenis 'n profesie in die eerste plek vir die tydgenote het, al is daardie profesie sentraal in die feite van die eerste koms en finaal in dié van die wederkoms vervul."<sup>1)</sup>

4. Die profesie dra dikwels 'n voorwaardelike karakter, sodat die voorspelling ook afgeweer kan word indien aan sekere voorvereistes voldoen word. Die profesie van Jona aan die stad Nineve is 'n sprekende voorbeeld om bogenoemde mee te illustreer.

5. Die profesie word ook gekenmerk deur die digterlike skryfstyl wat daarin voorkom, soos onder andere in Job 38:4-11 na vore kom. Die gelykenis (2 Sam. 12:1 v.) en die allegorie (Jes. 1:5 v.; Eseg. 13:10-15) is ook bekende vorms waarin die profetiese verkondiging meegedeel word. In die reël egter, moet die woorde van die profete in letterlike sin verstaan word, tensy die verband uitdruklik van die teenoorteenwoordige oortuig. Daar moet ook gewaak word teen vindingryke "sleutels" wat saamgestel word om die figuurlike Skrifgedeeltes te ontsluit. Elke Skrifgedeelte moet volgens suiwer hermeneutiese beginsels wat deur die Skrif self gesanksioneer word, benader en ontleed word en op eie meriete behandel word: "Though the prophets often express themselves symbolically, it is erroneous to regard their language as symbolical through-out. They did not, as some writers on prophecy supposed, construct a sort of symbolical alphabet to which they habitually resorted in the expression of their thoughts."<sup>2)</sup>

---

1. Verhoef, P.A., Metodiek van die Eksegese, p.39.  
2. Berkhof, L., op.cit., pp.150-151.

Die boek Openbaring is 'n Nuwe-Testamentiese voorbeeld van die profesie as literatuursoort en dra in 'n groter mate as die Ou-Testamentiese profesie, 'n baie sterk Apokaliptiese karakter.

#### 6.4.5.3 Poësie

Daar is nie eenstemmigheid oor watter boeke as poëtiese literatuur beskou moet word nie. Psalms, Hooglied en Klaagliedere kan egter sonder teësprak as digterlike boeke getipeer word, terwyl 'n saak uit te maak is of die boeke Job en Spreuke nie ook (vanweë hulle baie poëtiese kenmerke) in hierdie kategorie moet ressorteer nie. Behalwe bogenoemde boeke kom daar ook verspreide digterlike stukke in die ander boeke voor. Voorbeelde hiervan is die lied van die Israeliete na die ondergang van die Egiptiese leer in die Rooi-See (Ex. 15:1-18); die lied van Moses (Deut. 32:1-43) en van Debora (Rigt. 5); die lofsang van Hanna (1 Sam. 2:1-10); Dawid se klaagliedere oor Saul en Jonathan (2 Sam. 1:19-26); ens.

Die poësie word gekenmerk deur 'n rykdom van beelde, gewaagde uitdrukkings en gesegdes, asook deur ongewone grammatikale verskynsels. Voorbeeld hiervan is die veel groter vryheid met betrekking tot die aanwending van die bepaalde lidwoord; 'n voorkeur aan  $\text{הַ}$  in plaas van  $\text{אֵת}$ ; ens. Hierdie gekompliseerde taalstyl word aangedui met die benaming dictio of dialectus poetica.<sup>1)</sup>

'n Ander kenmerkende verskynsel by die poësie is die sogenaamde parallelismus membrorum, dit wil sê die verskynsel om dieselfde gedagte in twee opeenvolgende sinsnedes uit te druk. Hierdie parallelismes kan sinonieme parallelle wees, as gevolg daarvan dat die gedagte uit die eerste deel in die tweede deel in ander woorde herhaal word (Ps. 25:4). Dit kan ook 'n sintetiese parallel wees, waardeur die tweede deel nie slegs 'n aanverwante gedagte aanbied nie, maar terselfdertyd ook daarop verder

---

1. Cf. Aalders, G. Ch., Oud-Testamentische Kanoniek, p.290.

voortbou (Ps. 19:6). Die parallelisme kan mekaar ook antiteties kontrasteer, alhoewel hulle tog formeel ooreenkom (Ps. 20:8, 9).

Met betrekking tot die vraagstuk van die Hebreëuse metrum,<sup>1)</sup> kan volstaan word met die opmerking dat die metriese sisteem in die Hebreëuse poësie - in teenstelling met die klassieke tale - wesenlik 'n aksentuerende sisteem is. Nêrens (met die moontlike uitsondering van Ps. 114) is daar 'n uniformiteit in die ritmiese patrone van die Ou-Testamentiese poësie nie.

Die strofes is nie altyd maklik in die Bybel aan te dui nie en word gewoonlik onderskei in simmetriese en a-simmetriese strofes. Eersgenoemde is poësie met strofes wat uit 'n gelyke aantal reëls saamgestel is (Ps. 2 en 110). Laasgenoemde is strofes met 'n ongelyke aantal reëls (Ps. 27 en 45). In die reël word die Ou-Testamentiese poësie deur 'n a-simmetriese strofebou gekenmerk.<sup>2)</sup> Die strofes word ook dikwels gekenmerk deur die aanwending van 'n refrein (Ps. 42:6, 12; 43:5; Hooglied 2:7; 3:5; 8:4). 'n Heel interessante verskynsel kom voor in Ps. 136 waar die laaste deel van elke vers dieselfde doksologie bevat: "want sy goedertierenheid is tot in ewigheid."

Die Ou-Testamentiese poësie ken ook die akrostika in die vorm van alfabetiese liederes, onder andere Ps. 25, 34, 37, 111, 112 en 145; die eerste vier Klaagliedere; Spreuke 31:10-31. In Ps. 119 is daar telkens agt verse wat die psalm in gelyke strofes verdeel volgens die getal van die alfabet se letters.

Die poësie is veelvuldig gebruik deur die Israëliete, veral tydens stryd en oorwinning (1 Sam. 18:7); by sterfgevallen (Amos 5:16); op die bruilof (Ps. 78:63); ens.: "De poëzie die wij in het O.T. aantreffen is echter louter religieus van aard. Een enkel specimen van volstrekt profane poëzie is ons

---

1. Cf. Aalders, G. Ch., op.cit., p.292.

2. Cf. Kraft, C.F., The Strophic Structure of Hebrew Poetry, Chicago, 1936.

bewaard in het lied van Lamech (Gen. 4:23, 24); en velen menen dat ook in het Hooglied niet anders dan een collectie van zuiver wereldlijke bruiloftsliederen te zien is, doch geheel ten onrechte."<sup>1)</sup> Ook die oorwinningsliedere (Ex. 15: 1-18 en Rig. 5) besing ten diepste die sege van die Here, en is derhalwe suiwer religieus gemotiveerd.

Die aard van die literatuursoort waarin 'n Skrifteks of -tekste voorkom, moet deeglik in ag geneem word by die verklaring daarvan. Om die implikasies te illustreer wat voortspruit uit die inagneming van die literatuurvorm as hermeneutiese beginsel, kan die psalms as voorbeeld van 'n poëtiese boek gebruik word om aan te toon hoe die verskillende aspekte in berekening geneem moet word by die Skrifuitleg.

1. Die kultiese agtergrond het 'n belangrike rol gespeel as onderbou van die psalms. Dit blyk duidelik uit baie opskrifte, asook uit die inhoud van sommige psalms. Veral as bron vir die musikale begeleiding, het die psalms 'n wesentliche deel van die erediens gevorm.<sup>2)</sup>
2. Die ervaringskarakter van die psalms plaas 'n hoë premie op die psigologiese element wat 'n rol speel by die Skrifuitleg. Die psalmdigters bring 'n persoonlike element by hulle Skrifbeskrywing in deurdat hulle onder leiding van die Heilige Gees van hul eie historiese omstandighede en persoonlike ondervindings skryf - soos blyk uit die opskrifte van Ps. 3, 6, 7, 18, 30, e.a. Tog is dit duidelik dat die psalms 'n universele betekenis het, wat die persoonlike en historiese element transendeer en derhalwe 'n representatiewe karakter dra: "But these experiences, though personal, yet have a representative character. In the innermost recesses of his soul, the poet is conscious of his solidarity with mankind as a whole, and feels the pulse of the communal life of man. And the song that

---

1. Aalders, G. Ch., op.cit., p.292.

2. Cf. Ridderbos, N.H., "Psalmen en Eredienst" in Korte Verklaring van de Heilige Schrift. De Psalmen, pp.15-20.



is born of his consciousness is a song which, in its crescendoes and diminuendoes, interprets the joy and sorrow, not only of the poet, but of man in general."<sup>1)</sup> 'n Groter aksent sal dus gelê word op die psigologiese opset van die skrywer en die historiese gebeure wat aanleiding gee tot die skepping van die psalms (cf. Ps. 3, 32, 51, 63, e.a.).

3. Om die agtergrond van die psalms makliker te ontdek, word hulle gewoonlik volgens die volgende soorte verdeel<sup>2)</sup> - nogtans moet daarmee rekening gehou word dat daar feitlik nooit net èen faset in die psalms na vore kom nie:

i) Lofpsalms of Himnes (Ps. 33, 65, 95-100, 103-107, 145-150) word gekenmerk deur ootmoedige aanbidding waarin veral Jahwe se mag oor die duisternis besing word (cf. Ps. 33, 104, 148, 150). Dit is opvallend dat die psalms in dié opsig aansluit by die vaste stylvorm wat in die Babiloniese en oud Oosterse digkuns ook voorkom, maar dat die mitologiese motiewe waarmee hulle hierdie tema inkleef, totaal ontbreek by die inhoud van die psalms.<sup>3)</sup>

ii) Boetepsalms is die benaming wat reeds in die ou Christelike Kerk (vermoedelik sedert Origenes) aan die sewetal psalms (6, 32, 38, 51, 102, 130, 143) gegee word. Die benaming is gegrond op die karakter van skuld- en sondebedrydenis wat hierdie psalms kenmerk.<sup>4)</sup>

iii) Konings- en Messiaanse Psalms (Ps. 2, 18, 20, 21, 45, 72, 89, 110 en 132). Hierdie psalms word koningspsalms genoem omdat die persoon van die koning en sy handeling daarin die hooftema uitmaak. Hierdie psalms speel af teen die

---

1. Berkhof, L., op.cit., p.155.

2. Cf. Du Toit, S., "Psalms" in Die Bybel met Verklarende Aanteekeninge, deel II, p.1090.

3. Cf. Verhoef, P.A., op.cit., p.42.

4. Cf. De Liagre Böhl, F.M. Th., Gemser, B., De Psalmen, p.9.

agtergrond van die koninklike hof en handel oor die koning se troonbestyging, sy regering en sy persoonlike verhouding teenoor God. Deurgaans is dit duidelik dat wat van 'n aardse koning in hierdie psalms gesê word, nie toegepas kan word op enige van Israel se konings nie, en derhalwe is dit duidelik dat hierdie psalms ten diepste 'n Messiaanse voorsegging maak. Hierdie psalms is dus gedig omdat die digters in die nuwe koning wat op die troon gekom het, die Messias gesien het: "En telkens moes hulle teleurgesteld gewees het dat die koning nie die Messias geblyk het en sy regering nie die verwagte vrederyk gebring het nie. Maar deur die Messiaanse psalms het die hoop op die komende Messias brandend gebly.<sup>1)</sup>

iv) In die Klaagpsalms (Ps. 3, 7, 31, 42, 54-57, 61 en 86) hoor ons die klagte van die digter vanweë sy gevoel van godverlatenheid; van verguising in die aangesig van spotters; oor persoonlike lyding wat die Jood as straf op sy ongeregtigheid aanvaar het.

v) Natuurpsalms (Ps. 19, 29, 65 en 104) waarin die Here se beskikkingsmag oor Sy skepping aangeprys word.

vi) Pelgrims- en bedevaartsliedere is gesing tydens die pelgrimstog na Jerusalem en deur die prosesie wat hulle weg deur die voorhof van die tempel gebaan het (Ps. 48, 120-134).

vii) In die dankliedere (9, 18, 21, 23, 30, 32, 67, 103, 107, ens.)<sup>2)</sup> oorheers die stemming van dank teenoor die Here vir talryke seëninge wat ontvang is.

viii) Die Seën- en vloekpsalms (Ps. 28, 59, 68, 109, 134, 137, 139, ens.) word die seën of vloek van die Here

- 
1. Du Plessis, S.J., Oberholzer, J.P., Van Wyk, W.C., Fensham, F.C., Van Niekerk, J.G., Hurn, H.J., Openbaringsgeskiedenis. Die Ou Testament, p.171.
  2. Cf. Helberg, J.L., Van Wyk, J.H., Bybelstudie. Ou Testament. Standaard 9, p.92.

op persone afgebild. <sup>1)</sup> In hierdie psalms gaan dit egter nie om wraakgevoelens wat na vore kom omdat die digter se persoonlike lewe aangeraak word nie. Ten diepste is die motief vir die vervloeking gebaseer op die feit dat God se eer aangetas word. (Cf. soortgelyke vervloekings in die N.T. - 1 Kor. 16:22). Rekening moet gehou word met die eie-aard van die Ou-Testamentiese konteks waarin hierdie psalms voorkom, sodat beide die kontinuïteit as die diskontinuïteit daarvan in die Nuwe-Testamentiese bedeling, suiwer uitgelê kan word.

ix) Liedere ter ere van die Wet (Ps. 19 en 119) waarin dit beklemtoon word dat die onderhouding van die Wet nie 'n las is nie, maar 'n lus.

#### 6.4.5.4 Onderwysing of Wysheidsliteratuur

Tot bogenoemde literatuursoort word die boeke Spreuke, Prediker en Job gereken. Die Hebraëuse woord wysheid ( חָכְמָה = "ervare-, geskik-, wyswees") <sup>2)</sup> het nie 'n suiwer intellektuele kleur nie, maar veronderstel veral praktiese insig waardeur die mens in verskillende situasies kan weet hoe hy moet optree. <sup>3)</sup> Die wysheidsliteratuur word in verskillende vorme gegiet, waarvan die spreekwoord (1 Sam. 10:11; Esej. 18:2) 'n bekende voorbeeld is. 'n Ander manier om die wysheid te beoefen is deur middel van raaisels (Spr. 6:16 v.; 30:15 v.). In 'n mindere mate geld die fabel ook om die wysheid uit te brei (Rigt. 9:8 v.; 2 Kon. 14:9). Die mees algemene wysheidslering het egter deur middel van die spreuk ( מִשְׁלֵּט = gelykenis; vergelyking) geskied: "Wat ons in Spreuke het, is nie soseer populêre gesegdes nie as die spreuke van wyse manne wat onder inspirasie van die Heilige Gees, op die grondslag van wet en profete, die beginsels van die wysheid op die praktiese lewe toepas." <sup>4)</sup> 'n Spreuk bestaan

- 
1. Ridderbos, N.H., op.cit., pp.30-32.
  2. Cf. Koehler, L., Baumgartner, W., Lexicon in Veteris Testamenti Libros, p.298.
  3. Cf. Aalders, G. Ch., op.cit., p.293.
  4. Du Toit, S., "Spreuke" in Die Bybel met Verklarende Aanteekeninge, deel II, p.1333; cf. Gispén, W.H., De Spreuken van Salomo, deel I, Kampen, 1954.

uit een of meer versreëls. So ontstaan die sogenaamde masjaal-ketting waar verskillende spreuke wat oor dieselfde onderwerp handel, bymekaar gevoeg word (Spr. 6:6 v.; 8:22). Die leerdig is die stylsoort waar 'n deurlopende gedagte 'n hele boek saamsnoer, soos byvoorbeeld Job en Prediker.

Die volgende verklaringsbeginsels moet by dié tipe skryfstyl in gedagte gehou word:

1. Die grondgedagte is gebaseer op die stelling dat daar 'n analogie tussen die natuurlike en geestelike wêreld bestaan (Cf. 1 Kon. 4:33 en Spr. 10:26). Daarom is daar 'n neiging om sake skerp te onderskei deur die algemene reël te stel, sonder om op uitsonderings uit te wy (Spr. 12:21).
2. Besonder karakteriserend van die spreuk is die konkrete en aanskoulike wyse waarop dit tot uitdrukking kom (Spr. 26:1). Die neiging om sterk of kras uitdrukkings te gebruik, dra by om die aanskoulike elemente te verhoog. Daar kan in die algemeen dus gesê word dat op die letterlike sin nie so 'n nadruk gelê moet word as byvoorbeeld by die verklaring van die wette van Moses nie (cf. Spr. 17:3 en Num. 15:37-40).
3. In die wysheidsliteratuur gaan dit nie om beredeneerde gevolgtrekkings nie, maar berus eerder op spontane en intuïtiewe denke. Die sin van die spreuk word dikwels eers deur 'n goeie verstaner ingesien.<sup>1)</sup> By die Skrifverklaring moet daar dus rekening gehou word met die feit dat daar nie met allerlei komplikasies en uitsonderings, indringend op die formele elemente in hierdie stylsoort ingegaan moet word nie.

Behalwe die aard van die geskrif, moet ook gelet word op die wyse waarop iets gesê word. Daar moet dus gevra word of die meedeling verhalend of vraënd van aard is; of dit 'n bewering of toegewing is; en of dit bloot 'n stelling is wat gemaak

---

1. Verhoef, P.A., op.cit., p.44.

word. Wanneer Miga vir Agab sê: "Trek op, en u sal voor=spoedig wees, en die Here sal dit in die hand van die koning gee" (1 Kon. 22:15), blyk dit duidelik uit Agab se reaksie (v. 16) en Miga se regstelling van dit wat God inderwaarheid oor Agab sal bring (vv. 17-28), dat vers 15 nie as 'n letterlike stelling opgeneem moet word nie.

#### 6.4.5.5 Didakties-lerende literatuur

In die Nuwe Testament dra die skryfstyl 'n tipies Grieks-Romeinse aksent. Veral in die Sendbriewe kom die didaktiese onderrig sterk op die voorgrond. Min historiese gegewens word in die geskifte self ingesluit en die inhoud is op direkte en persoonlike lering ingestel. Dit is veral hierdie Skrifge=deeltes wat vra om 'n mikroskopiese ondersoek ten einde te kan deurdring tot die betekenis van bepaalde woorde. Die relevan=sie van die didaktiese stof in die Nuwe Testament spruit verder ook voort uit die feit dat dit op die fondament van die ver=vulling in Christus rus. Teenoor die Ou Testament, wat by wyse van beloftes spreek en dus primêr gerig is op die heils=werk wat in Christus vervul mōet word, is die vervulde lering van die Nuwe Testament duideliker as normatiewe riglyne op die hede van toepassing.

Die belangrikheid van 'n deeglike filologies-historiese Skrif=ondersoek in die Bybelkundige navorsing, kan hier dus sonder vrees vir enige teëspraak, as vanselfsprekend veronderstel word. Eweneens is dit bykans onmoontlik om die Woord-in-sy=konteks reg te begryp indien die didaktiese Skrifgedeeltes nie ondersteun word deur die raamwerk van 'n gesistematiseerde ordening van dit wat die Bybel in die algemeen leer nie. Daarom is daar inderdaad 'n behoefte aan 'n afdeling wat, naas die Ou en Nuwe Testamente in die Bybelkunde, ook 'n deeglike studie sal maak van die algemene lering wat uit die Bybel self voortspruit.

6.4.6 OBJEKTIWITEIT AS HERMENEUTIESE BEGINSEL BY  
DIE SKRIFUITLEG

Met objektiwiteit as hermeneutiese beginsel word bedoel dat getrag word om die Skrif só uit te lê dat die gedagtes wat God daarin vasgelê het, so suiwer en volledig as moontlik, weergegee word. Objektiwiteit is dus 'n poging om die voorstellings en ingewings oor wat die Skrif "skynbaar" sê, te vervang met 'n opregte soeke na wat die Skrif inderdaad sê (cf. Jer. 23:25-26, 32). Die subjektiwiteit of aprioriese uitgangspunt van die Skrifverklaarder word hiermee nie ontken asof daar 'n moontlike neutraliteitsideaal by die Skrifuitleg gestel word nie. Greijdanus vat hierdie verhouding mooi saam wanneer hy sê: "Maar het object van de uitlegging, de Heilige Schrift, moet toch ontsloten worden naar eigen inhoud, zonder dat het subject van de exegese iets van het zijne aan dat object wil toevoegen, óf ontnemen, of daarin wijzigen. De Heilige Schrift, het Woord Gods, dat alleen, moet verklaard worden, en wel uitsluitend naar eigen bedoeling."<sup>1)</sup> Met ander woorde die Skrifverklaarder moenie na die Heilige Skrif deur die gekleurde glas van 'n subjektiewe bril kyk, wat slegs sy eie persoonlike oortuigings by die Skrifondersoek laat geld nie. In Matt. 14:25 kan "op die water" onmoontlik vervang word met "langs die water," bloot omdat sommige Skrifverklaarders van mening is dat niemand in staat is om werklik op water te kan loop sonder om te sink nie.<sup>2)</sup> Die Skrif moet by die uitleg daarvan ontvou word in ooreenstemming met sy eie sin en inhoud, sonder om enige akkommodasie in watter rigting ookal, te maak. Dit impliseer dat die Skrifverklaring nog rasionalisties, nog oorgeestelik van die teks sal afwyk nie, en veral nie in stryd sal kom met die letter van die teks nie.

Dit is duidelik dat nie alles wat in die Bybel aangeteken is, letterlik verstaan moet word nie. Talryke verwysings na die

---

1. Greijdanus, S., op.cit., p.112.

2. Cf. Bultmann se ontmitologiseringstegniek wat poog om die moderne mens rasioneel aan te spreek, pp.128-129.

werklikheid van die geestelike sfeer, word gewoonlik in terme van immanente bevatlikheidsbegrippe voorgestel (cf. Openb. 21:2). Maar ook wanneer sodanige verse uitgelê word, moet die verband met wat daar letterlik geskrywe staan bewaar word, ten einde daaruit noukeurig die bedoeling van die figuurlike betekenis te kan aflei: "Ook wanneer, vergeestelijking geboden is, mag zij niet ontaarden in vernuftspeling, maar dient zij inderdaad Schrifverklaring te bieden, en afgeleid te worden uit wat de tekst daar metterdaad en woordelijk zegt."<sup>1)</sup> Die hermeneutiëse beginsel geld dus dat daar van wat letterlik gesê uitgegaan moet word, alvorens die geestelike verklaring ontknoop word. Wanneer Ps. 48:12 byvoorbeeld sê: "Laat die berg Sion bly wees", moet ons dié vers nie allereers verklaar asof daar van die geestelike Sion en die gemeente van die Here gepraat word nie. Primêr het hierdie vers 'n letterlike gerigtheid op die Sionsberg te Jerusaleem met sy bewoners van ouds. Eers daarna kan tot die verdere doelstelling oorgegaan word soos dit geestelik uitkristaliseer in die gemeente van Sy uitverkorenes, waar Hy ook in die hede Sy woning wil maak.

#### 6.4.7 ANALOGIA FIDEI EN SKRIFVERKLARING

Die analogia fidei-beginsel stel die eis aan die Skrifverklaarder om die Skrifinhoud uit te lê in reël met die geloof. Suiwer uitleg van die Heilige Skrif veronderstel dat die Bybel só uitgelê sal word dat die resultaat wat daardeur verkry word, nie sal bots met geloofswaarhede wat God elders duidelik in Sy Woord geopenbaar het en wat algemeen as geloofwaardig bewys en aanvaar word nie. Uit Joh. 17:3 kan derhalwe nie afgelei word dat die teks 'n antitrinitariese ideaal leer nie, trouens duidelike uitsprake soos Matt. 28:19 en 2 Kor. 13:13 toon die teendeel. Eweneens leer Matt. 10:41 in die lig van Luk 17:10 en 1 Kor. 15:10 nie die verdienstelikheid van goeie werke nie.

---

1. Greijdanus, S., op.cit., pp.138-139.

Tradisioneel word "in die reël van die geloof" soos volg in die Skrifuitleg onderskei:

1. Analogia Scripturae of ooreenkomstig met wat die Skrif duidelik leer - al sou dit nie oor 'n bepaalde punt van die geloofsleer handel nie.
2. Analogia fidei in engere sin, dit wil sê in ooreenstemming met wat die Heilige Skrif leer aangaande die ware geloof.
3. Analogia dogmatis, met ander woorde in ooreenstemming met die geloof wat die Kerk op grond van die Heilige Skrif formuleer en in die belydenisskrifte vaslê.

#### 6.4.8 SKRIFVERKLARING EN DIE BELYDENISSKRIFTE

Die vraag na die verhouding van die Skrifuitleg en die belydenisskrifte is ten diepste 'n vraag na die relasie wat daar bestaan tussen die belydenisskrifte en die Heilige Skrif self. Hierdie verhouding word bepaal deur die Skrifbeskouing van die instansie aan wie hierdie vraag gestel word.

Volgens Rome word die belydenisskrifte as onfeilbare dekreet aanvaar: "Roma locuta, causa finita!"<sup>1)</sup> Sedert die Vatikaanse Konsilie (1870) is onder meer die onfeilbaarheid van die pous as leerstuk geproklameer: ".....dat het een van God geopenbaard dogma is, dat de Pous van Rome, wanneer hij van zij leerstoel af (ex cathedra) spreekt, dat is wanneer hij het ambt van aller Christen Herder en Leeraar vervullend, met zijn hoogst apostolisch gezag, een leer over geloof en zeden, door geheel de Kerk te houden, voorschijft, door de goddelijke bestand, hem in den heiligen Petrus beloofd, die onfeilbaarheid bezit, waarmede de goddelijke Zaligmaker zijn kerk heeft willen toerusten in de vaststelling van de leer, behoorende tot geloof en zeden, en dat derhalve dusdanige verklaringen van den

---

1. Cf. De Klerk, P.J.S., Gereformeerde Simboliek, pp.32-37;  
Cf. Supra, Die Rooms-Katolieke Skrifbenadering, pp.117-121.



Roomschen opperpriester uit zichzelf, met echter krachtens de toestemming der kerk, onhervormbaar zijn."<sup>1)</sup>

Teenoor die Roomse standpunt staan die biblisisme<sup>2)</sup> wat alle belydenisgesag verwerp. Hulle beroep hulle op die letterlike interpretasie van spesifieke Bybelverse, wat hulle los van die konteks waarin hulle voorkom verklaar, met 'n beroep op die resultate van hulle "Skrifuitleg" as synde die enigste ware gesagsnorm te wees. Hierdie standpunt word aangetref by die spiritualistiese groepe wat voorgee dat hulle hul op die Bybel beroep. Weliswaar is 'n beroep op die Skrif vir hulle ten diepste 'n beroep op die daadwerklike, persoonlike en onmiddellike verligting van die Heilige Gees, sodat hulle die Heilige Skrif ondergeskik stel aan die "ingewing" van die Heilige Gees waarop hulle hul beroep.

Tussen die Roomse en biblisistiese standpunte, tref ons die modernisme of neo-modernisme aan, wat die relatiewe waarde van die belydenisskrifte erken. Hulle wil die belydenisskrif egter nie slegs aan die Skrif onderwerp nie, maar ook (en veral!) ondergeskik stel aan die nuwe lig wat deur die moderne wetenskap opgediep word.<sup>3)</sup>

Die bydrae van Karl Barth in die stabilisering van hierdie relativistiese evaluering van die belydenisskrifte kan nie te gering geskat word nie. Barth sê dat die belydenisskrifte slegs "alarmtekens" is wat beweer dat God se Woord altyd die Woord van God bly. Geloofsbesinning (wat volgens Barth die taak van die Kerk is) is dus 'n waagstuk, want die waarheid is nooit gereed en pasklaar nie. Die resultate van vroeëre dogmatiese besinning kan, net soos ons eietydse denkarbeid, slegs dien as "tekens" van die koms van die waarheid."<sup>4)</sup>

- 
1. Polman, A.D.R., Onze Ned. Geloofsbelijdenis, p.10.
  2. Cf. Infra, Biblisisme, pp.248-251.
  3. Runia, K., I believe in God. Current Questions and the Creeds, pp.48-74.
  4. Cf. De Klerk, P.J.S., op.cit., pp.19-20.

In 'n poging om tot klaarheid te kom ten opsigte van die verhouding wat daar tussen die belydenisskrifte en die Skrif self bestaan, is dit duidelik dat die verskillende standpunte telkens weer in een van twee gedagterigtings kulmineer. Eensyds die handhawing van die belydenis as in volle ooreenstemming met die Heilige Skrif omdat (quia) dit met die Skrif ooreenstem; of andersyds die aanvaarding van die belydenisskrif in sover as (quatenus) dit met die Heilige Skrif ooreenstem. Laasgenoemde standpunt bring groot willekeurigheid mee wanneer gesamentlike pogings tot Skrifverklaring aangewend word en lei tot groot individualisme en eiesinnigheid. Die spanning waartoe hierdie polarisering rondom die belydenisskrifte kan lei, blyk duidelik uit die sogenaamde quia-quatenusstryd van die vorige eeu wat ook hewig in Suid-Afrika gewoed het.<sup>1)</sup> Sedert 1837 het die Kaapse Sinode (Ned. Geref. Kerk) sy ondertekeningsformulier vir leraars gebaseer op die quia-standpunt. Daarmee is die gesag van die belydenisskrif nie absoluut gestel nie, maar bly steeds ondergeskik aan die Heilige Skrif as norm. Verder word die gewetensvryheid van die lidmaat gehandhaaf deur die reg wat voorbehou is om, indien nodig, deur middel van 'n beswaarskrif (gravamen) by die kerklike vergaderings, 'n beroep op die Heilige Skrif te maak.

Die Reformatoriese siening van die verhouding tussen die Heilige Skrif en die belydenisskrif kan alleen tot sy reg kom indien dit teen die Reformatoriese kerkbegrip gesien word. König<sup>2)</sup> herlei die Reformatoriese-belydenisbegrip tradisioneel terug tot 'n begrensende, hersienbare en relatief-otoritatiewe belydenis.

#### 1. Die belydenisskrif in sy begrensdeheid

Die Reformatoriese kerk wou 'n onderworpe kerk wees, derhalwe sou sy woord nooit meer as mense-woord en as antwoord op God se Woord kon wees nie. Toornvliet toon die begrensdeheid

- 
1. Cf. Hanekom, T.N., Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, Stellenbosch, 1951.
  2. Cf. König, A., "Die Heilige Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid" in N.G.T.T., Jan. 1966, pp.21-29.

van die belydenisskrifte soos volg aan: "In de kerklijke belijdenis is Gods Woord door het feilbare denken en belijden van mensen heengegaan; wie beiden gelijk wil schakelen overschrijdt de grens, dié ons spreken van Gods spreken scheidt."<sup>1)</sup>

## 2. Die belydenisskrif in sy hersienbaarheid

Die begrensdeheid van die belydenisskrif lei Toornvliet daartoe dat hy hom soos volg uitlaat oor die prinsipiële voortdurende hersienbaarheid van die belydenis: "Hier hebt ge mijn belijdenis, die wij uit de Schriften hebben geput, maar wij houden de deur wijd open voor het Woord van God, dat met zijn critiek ons mensenwerk altijd kan korrigeren. Onderzoek mijn belijdenis; doorgraaf de Schriften en leg als het moet dynamiet van de Schrift onder mijn formuleringen."<sup>2)</sup>

Die belydenisskrif is dus prinsipiël en te alle tye hersienbaar en met hierdie oneindige opgawe moet die Kerk voortdurend besig wees.

König wys tereg daarop dat die Reformatoriese kerk voortdurend in die gevaar verkeer om die belydenis - indien nie in teorie nie, dan tog wel in die praktyk - as onaantasbaar te beskou. Veral twee verskynsels mag as tekens daarvan genoem word. Eerstens moet daarop gelet word dat daar haas geen noemenswaardige uitbouing van die Reformatoriese belydenisskrifte sedert 1619 plaasgevind het nie - terwyl daar ongetwyfeld Skrifwaarhede is wat om noukeurige vaslegging roep. (Soos byvoorbeeld die eskatologie en die sending-evangelisasie-apostolaatskompleks).

Tweedens word die skynbare onaantasbaarheid van die belydenisskrifte ook weerspieël in die feit dat dit kenmerkend van die kategismusprediking geword het om glad nie 'n Skrifteks aan

- 
1. Toornvliet, G., "De Waarde van Dogma en Dogmatiek" in Het Dogma der Kerk, red. Berkouwer, G.C., Toornvliet, G., p.11.
  2. Ibid., p.16.

te gee en om bykans geen Skrifuitleg te doen nie. Die gevaar van konfessionalisme waarteen Berkouwer waarsku, word deur hierdie wyse van omgang met die Woord 'n treurige realiteit: "De belijdenis ging de Schrift, vervangen', zoals het excerpt een studieboek vervangt..... De Schrift heeft haar 'vormgeving' gevonden in de confessie.... Ze moge in ons Bijbelonderzoek nog een plaats hebben, maar ze heeft dat toch alleen om het gevondene dieper te funderen en apologetisch veilig te stellen."<sup>1)</sup>

### 3. Die belydenisskrifte se relatiewe outoriteit

Daar is algemene konsensus dat die belydenisskrif wel outoriteit moet besit - wat Toornvliet<sup>2)</sup> "een outoritatieve beslissing" noem, terwyl Van Niftrik<sup>3)</sup> dit as "een afgeleid gezag" aandui. Die outoriteit van die belydenis hang dus af van sy gefundeerdheid in die Heilige Skrif.<sup>4)</sup>

Dit blyk dus dat daar geen enkele uitwendige waarborg is dat die belydenisskrif die Heilige Skrif getrou weergee nie - selfs die aanhaling van 'n menigerlei Bybeltekste is geen waarborg dat die Skrif getrou weergegee word nie: "Apriosche sancties zijn juist hier uitgesloten. Beslissingen valt in de kerkgeschiedenis alleen in de daad en het leven der kerk, waarin ze zich aan het Evangelie der genade onderwerp en de Heer der Kerk erkent in Zijn hoogheid en genade. Dat is de enige 'waarborg' in de luisterende en daarom lerende kerk."<sup>5)</sup>

Samevattend kan gesê word dat die Heilige Skrif God se Woord is, terwyl die belydenisskrif die mens se antwoord op God se Woord is. Die belydenisskrif is ondergeskik aan die Heilige Skrif en besit slegs begrensde gesag wat voortdurend in

- 
1. Berkouwer, G.C., Conflict met Rome, p.43.
  2. Toornvliet, G., op.cit., p.11.
  3. Ibid., p.16.
  4. Cf. König, A., op.cit., p.27.
  5. Berkouwer, G.C., op.cit., p.49.

gereedheid verkeer om gewysig of uitgebou te word. Die Heilige Skrif daarenteen besit absolute gesag en is nie onderworpe aan enige wysigings nie.

Die belydenisskrifte het 'n nuttige funksie by die Skrifverklaring, want dit vrywaar die Skrifverklaarder van dwaling en dwing hom terselfdertyd om nuwe eksegetiese insigte eers deeglik te toets alvorens dit as suiwere Skrifuitleg voorgehou word.

#### 6.4.9 HERMENEUTIESE RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE WOORD VAN GOD IN FORMELE EN MATERIËLE SIN

In die lig van Skrifuitsprake soos 2 Tim. 3:16 en 2 Petr. 1:21 is die standpunt onhoudbaar wat beweer dat die Bybel slegs gedeeltelik God se Woord is. Anders gesê, dit is onhoudbaar om te beweer dat die Bybel God se Woord te midde van mensewoorde is. Die hele Skrif is inderwaarheid die geïnspireerde Woord van God. En tog is dit ook waar dat nie alles wat in die Heilige Skrif meegedeel word, na sy inhoud, dit wil sê in materiële sin, Gods Woord is nie: "De geheele Heilige Schrift met alles wat zij bevat of mededeelt, is Gods Woord formalitêr, in formeelen zin, maar niet alles, wat zij zegt of weten doet, is Gods Woord materialiter, naar zijn materie of inhoud, dus in materieelen zin."<sup>1)</sup> In die algemeen is die Skrifinhoud Gods Woord in sowel materiële as in formele sin. Daar is onteenseglik ook dele aan te wys wat inhoudelik formeel Gods Woord is, dog na sy wesenlike sin dit nie is nie, maar aangewys kan word as blote versinsels van die menslike gemoed. So spreek Natan byvoorbeeld aanvanklik sy seën uit oor Dawid se begeerte om vir die Here 'n huis te bou (2 Sam. 7:3), maar word gedurende die nag deur God gekorrigeer (v. 4-13). Verder is die slang of duiwel soms aan die woord (Gen. 3:1, 4, 5), terwyl leuenprofete se woorde en ander dwalinge ook in die Bybel aangeteken word (1 Kon. 13:18;

---

1. Greijdanus, S., op.cit., p.118.

Joh. 9:16). Hierdie gedeeltes word tradisioneel as auctoritas historae aanvaar, dit wil sê dat alhoewel hierdie uitsprake nie normatiewe gesag vir leer en lewe sanksioneer nie, die sogenaamde menslike gedagtes wat daarin vervat is, nogtans deur die Heilige Skrif met outoritêre gesag bekleed is "zodat wij het medegedeelde als van Godswege ons als historisch waar geopenbaard, gelooven en aannemen moeten."<sup>1)</sup>

Teenoor die Skrifinhoud wat net in materiële sin God se Woord is en slegs met 'n historiese gesag bekleed is, word die openbaring van God se wil en gedagtes wat Hy regstreeks (Gen. 2:16-17; 3:15; e.a.) óf intermediêr deur engele en mense bekendmaak (Luk. 1:11 v.; 26 v.; Rom. 1:1; ens.), as auctoritas normae aangedui.

Ten spyte daarvan dat die hele Skrif God se openbaring is en derhalwe met Goddelike outoriteit en lering bekragtig is, vra dit nogtans van die Skrifverklaarder om by die verklaring van die Skrifinhoud steeds noukeurig daarop te let of dié bepaalde inhoud formeel of slegs materieel die gedagtes van God wil oordra.

#### 6.4.10 USUS LOQUENDI AS HERMENEUTIESE BEGINSEL

By die verklaring van 'n woord is die essensiële elemente nie in die etimologiese betekenis geleë nie, maar is verweef in die verband waarin die woord voorkom. Dit is belangrik om daarop te let dat woorde slegs een bepaalde betekenis het in die verband waarin dit voorkom. Die Bybelkunde sal voortdurend voor die versoeking gestel word om by die Skrifverklaring ook aan die begeerte van die leke-leserskring van die Bybel te voldoen, deur hulle te wil verras met "oorspronklike" woordverklarings. Slegs die usus loquendi-beginsel wat die betekenis van woorde slegs binne hulle konteks wil verklaar, sal die Bybelnavorser van bogenoemde "vindingryke" Skrifuitleg

---

1. Ibid., p.118.

vrywaar.

Dat die betekenis van 'n spesifieke woord nie noodwendig in alle verbande waarin dit voorkom, dieselfde inhoud impliseer nie, kan geïllustreer word deur op die Griekse woord σάρξ in verskillende verbande te let. In 1 Kor. 15:39 toon die verband aan dat hier vleis bedoel word; terwyl verse soos Hand. 2:26; Efes. 2:15 en 5:29 na die mens se somatiese disposisie (hele liggaam) verwys; dieselfde woord word in Joh. 1:13 gebruik om die menslike natuur te beskryf; en in Gal. 5:16-17 word dieselfde woord gebruik om die sondige natuur van die mens tot uitdrukking te bring. Indien die Skrifverklaarder al bogenoemde, of slegs die laasgenoemde betekenis van σάρξ aan die vertaling van dié woord in Joh. 6:53 verbind, dan sou Christus self ook nie van die sonde vrygespreek kon word nie.

#### 6.4.11 SLOTOPMERKINGS

Aangesien hierdie studie slegs basiese riglyne vir die hermeneutiek wil aantoon, word met die reeds genoemde hermeneutiese beginsels volstaan. 'n Menigerlei fasette van die hermeneutiek is egter nog glad nie aangeraak nie en sou slegs tot sy reg kom deur middel van 'n studie wat net op die hermeneutiek as sodanig gerig is.

Vervolgens word die historiese en teologiese grondslae waarop die Skrifuitleg rus behandel. Aangesien hierdie twee aspekte van die Skrifuitleg nie in waterdigte kompartemente van die filologiese Skrifbenadering geskei kan word nie, is dit nodig om daarop te let dat bykans al die beginsels wat onder die historiese en teologiese afdelings ressorteer, eweneens indringende grammatikale implikasies veronderstel. Trouens, dit sou moontlik wees om die onderafdelings wat onder die historiese en teologiese Skrifbenaderings ressorteer, ook doeltreffend onder die filologiese Skrifbenadering na te vors.

## 6.5 HISTORIESE SKRIFUITLEG

### 6.5.1 ONDERSKEIDING: FILOLOGIESE EN HISTORIESE SKRIFUITLEG

Die filologiese en historiese benadering tot Skrifuitleg staan nie as twee onafhanklike entiteite teenoor mekaar nie. Immers, die filologiese betekenis kan eers binne die historiese konteks waarin dit voorkom, reg begryp en verstaan word. Daarom is geleerdes soos Davidson van mening dat hierdie twee aspekte van Skrifuitleg in wese dieselfde is: "Grammatical and historical interpretation, when rightly understood, are synonymous. The special laws of grammar, agreeably to which the sacred writers employed language, were the result of their peculiar circumstances; and history alone throws us back into those circumstances."<sup>1)</sup> Dit is duidelik dat diegene wat die grammatikale en historiese benadering tot die Skrif as 'n onafskeibare eenheid laat saamval, gewoonlik die vrysinnige Skrifverklaarders in die oog het. Hulle bepleit 'n eenheid om te verhoed dat die historiese Skrifuitleg as metode verwar of vereenselwig mag word met liberale Skrifbenaderings, soos onder andere die akkommodasie-teorie van Semler en die histories-kritiese rigtings wat die geskiedenis probeer navors op die grondslag van 'n evolusionistiese denkpatroon. Om praktiese redes en met inagneming van die dwalinge van liberale strominge wat self ook die geskiedenis navors, kan daar saam met geleerdes soos Verhoef,<sup>2)</sup> Berkhof,<sup>3)</sup> König en andere 'n onderskeiding tussen hierdie twee aspekte van Skrifuitleg gehandhaaf word, en wel só dat die filologiese benadering meer op die formele en die historiese benadering meer op die inhoudelike aspekte van die Skrif betrek word.

### 6.5.2 DIE AKTUALITEIT VAN DIE HISTORIESE SKRIFBENADERING

Die aktualiteit van die historiese Skrifbenadering as 'n selfstandige aspek van die Skrifuitleg, blyk veral uit die volgende:

- 
1. Berkhof, L., Principles of Biblical Interpretation, p.113.
  2. Verhoef, P.A., Metodiek van die Eksegese, p.61.
  3. Berkhof, L., op.cit., p.113.



6.5.2.1 Die belangstelling in die geskiedenis as brandpunt in die hedendaagse teologiese diskussies ("Geskiedenis-teologie")

Sedert die vyftigerjare is die oorheersende tydperk van die dialektiese teologie (Barth en Gogarten) vervang deur nuwe teologiese denkrigtings wat op die voorgrond getree het. Daar is reeds gewys op die invloed van die "Nuwe Hermeneutiek" wat die dialektiese teologie se beklemtoning van die Woord van God as uitgangspunt geneem en aan taal as gebeure verbind het. In laasgenoemde "gebeure" sou die werklike sin van die openbaring dan gerealiseer word<sup>1)</sup>. 'n Tweede teologiese beweging staan veel meer krities teenoor die erfenis van die dialektiese teologie en soek 'n konfrontasie met hierdie teologie deur die swaartepunt vir die teologie in die geskiedenisbegrip te vind en dit uit te bou tot 'n omvattende "geskiedenis-teologie."<sup>2)</sup> Hierdie nuwe waardering en evaluering van die geskiedenis in die teologiese debat, het veral in die Duitse literatuur 'n duidelike neerslag gevind. Die sogenaamde "teologie van die geskiedenis" is in een of ander vorm bepleit deur onder andere Ulrich Wilckens,<sup>3)</sup> Hans Grass, Rolf Rendtorff, Klauss Koch, Jürgen Moltmann<sup>4)</sup> en Wolfhart Pannenberg<sup>5)</sup>. Moltmann en veral Pannenberg het die "geskiedenis-teologie" of "teologie van die opstanding" aanvanklik gefinisieer. Beide Pannenberg en Moltmann deel in die belangstelling na die vraag oor die verhouding waarin die geskiedenis tot die geloof staan. Albei wil 'n eskatologiese perspektief op die openbaringsgeskiedenis nahou, veral gesien vanuit die wesenlike sin wat

- 
1. Cf. Supra,.....Die "Nuwe Hermeneutiek", pp.103-107.
  2. Van Huyssteen, J.W.V., Teologie van die Rede, p.1.
  3. Wilckens, U., Auferstehung. Das biblische Auferstehungszeugnis historisch untersucht und erklärt, Stuttgart, 1970.
  4. Moltmann, J., Theologie der Hoffnung. Untersuchungen zur Begründung und zu den Konsequenzen einer christlichen Eschatologie, München, 1966.
  5. Pannenberg, W., Die Prädestinationslehre des Duns Scotus, im Zusammenhang der scholastischen Lehrentwicklung, Göttingen, 1954, (proefskrif).

Christus se Opstanding in dié verband vervul. Van Huyssteen<sup>1)</sup> toon aan dat Pannenberg se nadruk op die toekoms as uiteindelijke vervulling waarin die voorlopiegheid van verlede en hede opgelos sal word, sprekend is van Hegel se sterk invloed op die denke van Pannenberg. Verder poog albei om weg te breek van die eksistensialistiese benadering van Bultmann. Nietemin is daar ook groot klemverskuiwings tussen Moltmann en Pannenberg aan te toon, byvoorbeeld dat Moltmann nie soos Pannenberg die geloof grond in die historiese verlede nie, maar vir hom het geloof betrekking op die historiese toekoms: "According to Moltmann, faith relates itself to the future, not to the God who said, but to the God who will say."<sup>2)</sup> Moltmann staan in dié opsig baie nader aan Bultmann, aangesien hy ook nie die liggaamlike opstanding van Christus as enigins ter sake beskou nie, terwyl Pannenberg daarenteen die historiese realiteit van die Opstanding as onontbeerlik in sy denke aanwend. Om Pannenberg reg te begryp, moet daarop gelet word dat die Joods-apokaliptiese oorleeringsgeskiedenis 'n wesenlike betekenis vir hom verkry. Dit vorm vir hom die kontinuiteit tussen Ou en Nuwe Testament en tussen Israel en die vroeë Christelike gemeente: "In die opwekking van Jesus het die eskatologiese werklikheid gebeure aan Hom geword en bevestig dit die proleptiese struktuur van sy optrede en geskiedenis: juis omdat Jesus opgewek is, het die einde van die geskiedenis in Hom aangebreek. En omdat eers aan die einde van alle gebeure God ten volle in Sy Godheid openbaar sal wees, daarom is God in Jesus definitief openbaar."<sup>3)</sup>

Pannenberg wil weer die basiese verhouding tussen geskiedenis en geloof ondersoek en verwerp gevolglik Bultmann se benadering waardeur die geskiedenis in die eksistensiële opgelos word.

- 
1. Cf. Van Huyssteen, J.W.V., op.cit., p.4.
  2. Conn, H.M., Contemporary World Theology, p.67.
  3. Van Huyssteen, J.W.V., "Die Geskiedenissteologie van Wolfhart Pannenberg" in N.G.T.T., Deel X, No. 4, Sept. 1969, p.205; cf. Pannenberg, W., Grundzüge der Christologie, Gütersloh, 1964, p.54.

"Teenoor 'n moderne gesekulariseerde wêreld, en die daarmee samehangende problematisering van die Godsbegrip in die hedendaagse teologie (vgl. véral die God-is-dood-teologie), wil Pannenberg op rasioneel verantwoorde wyse heenwys na die omvattende wyse waarop die werklikheid in sy totaliteit betrokke is op die God van die christelike geloof."<sup>1)</sup> Pannenberg beweert dat Barth en Bultmann se pleidooi vir 'n kerugma sonder geskiedenis, slegs "a meaningless noise" is. (Carl E. Braaten).<sup>2)</sup> Tereg beweert hy dat die verkondiging van Gods Woord betekenloos is, indien dit losgemaak word van die werklike gebeure wat dit veronderstel: "Christology, in beginning with the man Jesus, cannot leap over the actual event of his resurrection without depriving the kerygma of its truth and meaning. Otherwise the kerygma's assertions about Jesus are arbitrary ejaculations of faith, devoid of historical reality, and indistinguishable from superstition."<sup>3)</sup> Pannenberg werk met die konsep van die geskiedenis as "Universalgeschichte" en huldig die mening dat God met die regte metodologiese benadering oral in die geskiedenis gevind kan word. Hy maak dus geen onderskeid tussen "Historie" en "Geschichte" nie en grens dus sy beskouing skerp af van die eksistensialistiese benadering, wat die geskiedenis laat opgaan in 'n "Geschichtlichkeit" wat as sodanig die struktuur van ware mens-wees vorm. Hy neem ook standpunt in teen Barth se openbaringsteologie waarin die geloof met 'n bo-historiese inhoud gevul word. Vir Pannenberg is die "Universalgeschichte" die medium waardeur God Homself aan die mens openbaar. Historiese kennis voorsien nie enkel en alleen die basis vir die geloof nie, maar geloof val ten diepste saam met die kennis van wat waar is van die geskiedenis. Pannenberg druk dit soos volg uit: "Geschichte ist der umfassendste Horizont christlicher Theologie. Alle theologischen Fragen und Antworten haben ihren Sinn nur innerhalb des Rahmens der Geschichte, die Gott mit der Menschheit und durch sie mit seiner ganzen Schöpfung hat, auf eine Zukunft hin, die vor der Welt noch

- 
1. Van Huyssteen J.W.V., Teologie van die Rede, p.3.
  2. Conn, H.M., op.cit., pp.67-68.
  3. Braaten, C.E., New Directions in Theology Today. History and Hermeneutics, Vol. 2, p.94.

verborgen, an Jesus Christus jedoch schon offenbar ist."<sup>1)</sup>

Die is duidelik dat Pannenberg 'n noemenswaardige bydrae tot die hedendaagse teologiese diskussie gelewer het. Op die vraag of sy beskouinge enige implikasies vir die Bybelkunde inhou, moet daar bevestigend geantwoord word. Myns insiens moet die Bybelkundige, alvorens hy Pannenberg by die Skrifondersoek betrek, eers vooraf op die volgende aspekte let.

Eerstens vrywaar die ingewikkelde teologiese apparaat waarmee Pannenberg opereer, onder andere die voorlopigheidstruktuur<sup>2)</sup> wat eie aan sy denke is, hom daarvan om beide óf as konserwatis óf as radikalis beskryf te word. Ten spyte daarvan dat Pannenberg die eensydige verwerping van die historiese openbaring in die dialektiese teologie, ontmasker het as 'n ontkenning van die werklike realiteit van die openbaring self, is Pannenberg se beskouinge geensins te vereenselwig met die Reformatoriese benadering tot 'n historiese Skrifuitleg nie.

Die blote feit dat Pannenberg se teologiese denkarbeid as 'n "teologie van die rede" bekend staan, toon aan waar die swaartepunt in sy benadering geleë is. Van Til<sup>3)</sup> vereenselwig selfs Pannenberg se rasonale ingesteldheid met Kant se voorkeur aan die "praktiese rede." Van Huyssteen is ook van mening dat Pannenberg by uitstek as 'n intellektualis beskryf kan word, wat nie alleen as persoon nie, maar ook in sy styl 'n intellektuele stempel op sy hele teologie afdruk. Laasgenoemde hang volgens Van Huyssteen moontlik saam met die feit dat Pannenberg geensins 'n Christelike opvoeding gehad het nie, maar pas op latere leeftyd bewustelik tot die Christelike geloof oorgegaan het.<sup>4)</sup>

- 
1. Lekkerkerker, A.F.N., Nieuwe Theologie. Schets van de Theologische Situatie, p.216; cf. Pannenberg, W., Grundfragen systematischer Theologie, Göttingen, 1967, p.22.
  2. Cf. Van Huyssteen, J.W.V., op.cit., p.3.
  3. Van Til, C., The Great Debate Today, Nutley, N.J., 1971, pp.201-202.
  4. Cf. Van Huyssteen, J.W.V., op.cit., p.3.

Daarbenewens weier Pannenberg om die hele Bybel as Openbaring Gods te identifiseer en verwerp byvoorbeeld die maagdelike geboorte as 'n blote mite. Selfs rondom die werklikheid van Christus se Opstanding wat hy wel aanvaar, vind hy allerlei legendariese materiaal verweef. Trouens, volgens Pannenberg is die Opstandingsverwagting wat Jesus verkondig het nie gesê met die oog op Sy eie Opstanding nie, maar sou betrekking hê op die universele opstanding van die hele mensheid wat in die eindtyd sal plaasvind.<sup>1)</sup>

Verder is dit duidelik dat die geloof by Pannenberg uitsluitlik steun op die geskiedenis wat deur die historikus geproduseer word. Daarmee impliseer Pannenberg dat geloof nie afhanklik is van die Heilige Gees se werking deur die Heilige Skrif nie, maar dat geloof slegs moontlik word deur 'n gelowige daad van onderwerping aan die outoriteit van die geleerde historikus. Dit is dus duidelik dat die antitese tussen geloof en ongeloof by Pannenberg irrelevant is en dat die werking van die Heilige Gees geen wesentliche rol vervul in die proses van persoonlike geloofwaardigheid in die Heilige Skrif nie.

Pannenberg maak ook weinig erns met fundamentele Skrifpatrone wat eie aan die openbaringsgeskiedenis is, soos byvoorbeeld die Verbond en die grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. Hierdie tekortkoming in Pannenberg se benadering sal die Bybelkundige dwing om hom met diskresie te lees en om terselfdertyd die Reformatoriese beginsels wat vir die Skrifuitleg geld, steeds as grondslag vir die Bybelnavorsing te laat dien.

6.5.2.2 Die historiese Skrifuitleg is belangrik vanweë die verskillende metodes wat gebruik word om die historiese verloop in die Bybel na te vors

Om 'n evaluering van die Bybelse geskiedenis te maak,

---

1. Cf. Pannenberg, W., Jesus - God and Man, Philadelphia, 1968, p.66.

moet daar vooraf eers duidelikheid verkry word oor die vraag: Wat is geskiedenis? Moet al die Bybelse verhale as werklike gebeure aanvaar word? En indien nie, op grond waarvan kan die historisiteit daarvan betwyfel word?

Dit is rondom bogenoemde vrae waar daar ten diepste 'n radikale skeiding na vore kom tussen diegene wat die Bybel as histories juis beskou, en daarenteen diegene wat krities staan teenoor die betroubaarheid van die Bybelse verhale. Die volgende benaderingswyses is vanweë hulle invloed op die filologies-historiese uitleg, vir die hermeneutiek van belang:

#### 1. Literêre kritiek

Die literêre kritici onder leiding van Julius Wellhausen en sy skool, het dié benadering tot die Bybel (en by name die Ou Testament), sedert die vorige eeu tot redelik onlangs toe, totaal oorheers. Die Bybel is veral gesien as 'n religieuse geskrif wat voortspruit uit 'n antieke kultuur en moes dus soos enige ander menslike geskrif met behulp van die krities-historiese metode nagevors word: "The Bible, in a word, was seen as a historically conditioned book. Whatever Word of God might be held to speak through its pages was seen as mediated through the limitations of ancient men in an ancient age."<sup>1)</sup>

Die uitgangspunt is dus duidelik, naamlik dat die Ou-Testamentiese boeke saamgestel is uit 'n groot verskeidenheid "materiaal". Daar bestaan ook geen eenheid van komposisie volgens die literêre-kritici nie, behalwe as eindproduk wat dien as vrug op die arbeid van 'n redakteur of redaktore. Hulle is derhalwe nie geïnteresseerd in spesifieke outeurs nie, maar stel literêre bronne en "skole" van skrywers voor as die objek van hulle belangstelling. Hulle sien die taak van die literêre kritiek in die ontleding van samestellende elemente van 'n bepaalde Skrifgedeelte, sodat 'n verklaring gegee kan word van die ontwikkelingsgang wat tot die spesifieke eindproduk gekulmineer het.

---

1. Bright, J., The Authority of the Old Testament, p.97.

In teenstelling met die standpunt van Wilhelm Vischer wat die historiese interpretasie totaal ondergeskik gestel het aan die alles-oorheersende-Christosentriese-boodskap van die Bybel, het Wellhausen die teologiese interpretasie heeltemal ter syde gestel en slegs die faktore wat die historiese oorsake aanraak, beklemtoon: "Wellhausen omitted the theological interpretation entirely and emphasized the factor of historical causation instead. He consciously based his exposition on the evolutionary view of history. The fact that he also displayed an extensive knowledge of the sources and critical accumen in their interpretation lent persuasiveness to his conclusions."<sup>1)</sup>

Die skool van Julius Wellhausen het die literêre materiaal van die Ou Testament rondom vier "oer-bronne" konstrueer. Volgens Wellhausen kan die Ou Testament kronologies volgens "bronne" gerangskik word, sodat daar 'n duidelike evolusionistiese ontwikkelingsgang van 'n laer eenvoudige orde na 'n hoër ingewikkelder ordening van die Bybelinhoud te bespeur is. Dit begin met 'n primitiewe polidaemonisme van die Hebreëuse voorvaders; ontwikkel kwansuis in 'n latere stamorganisasie met 'n eie "stam-God"; ontplooi verder tot 'n nasionale kultus wat deur die optrede van die profete sy hoogtepunt bereik in die monoteïsme; en eindig ten slotte in die Judaïsme - waaruit die Nuwe-Testamentiese Kerk dan sou ontwikkel het.

Die "bronne" verteenwoordig volgens Wellhausen verskillende "tradisies" op grond waarvan die geskiedenis van Israel gerekonstrueer kan word volgens die profetiese (J, E), deuteronomistiese (D) en priesterlike (P) gesigspunte. Die eerste twee letters is ontleen aan die name waarmee God in die Ou Testament aangedui word te wete Jahwe en Elohim; "D" verwys na Deuteronomium en "P" is die simbool vir die sogenaamde Priesterkodeks.

Volgens hierdie standpunt het elke "bron" sy eie oorsprong en karakter. Die bron "J" dateer byvoorbeeld tussen 950-850 v.C. en het êrens in Judea ontstaan. Die historiese gang

---

1. Hahn, F., Old Testament in Modern Research, p.13.

van God se handelinge met die mens, van die skepping af tot by die intog te Kanaän, is die tema van hierdie materiaal. Kenmerkend van hierdie "bron" is die voorkeur wat gegee word aan die naam Jahwe wanneer daar na God verwys word. Daar word ook eerder van Sinaï gepraat as Horeb. Verder word sterk nasionalistiese trekke bespeur wat kenmerkend van die patriargale tydperk is. 'n Voorliefde vir 'n antropomorfistiese spreekwyse oor God is hierin opvallend: "In kwasie-menslike gedaante wandel en spreek God met mense, alhoewel sy transensie nooit betwyfel word nie."<sup>1</sup>)

Die E-bron het waarskynlik tussen 850 - 750 v.C. ontstaan, met Noord-Israel (Efraim?) as die plek van oorsprong. Verhale van Abraham, wat veral rondom Hebron sentreer, ontbreek daarin. Verder word daar 'n gevoeligheid openbaar teenoor die sondes van die aartsvaders en word daar duidelik gepoog om dit te rasionaliseer. Waar J gekenmerk sou word deur 'n sterk antropomorfistiese spreke oor God en Sy handelinge - wat veral na vore kom in die beskrywing van teofanieë -, maak E daarenteen geen melding van teofanieë nie, maar laat die Goddelike openbaring plaasvind deur middel van drome en visioene, asook deur die bemiddeling van engele.

Die bron D dek hoofsaaklik die boek Deuteronomium en vorm 'n deel van die wetboek wat deur Josua in die tempel ontdek is (2 Kon. 22:3 - 23:25). Kenmerkend van hierdie "bron" is die erediens wat rondom Jerusalem sentreer (2 Kon. 23:4 en Deut. 12:1-7); 'n afkeur aan die afgodediens (2 Kon. 23:4 - 11, 24 en Deut. 16:21 - 22; 17:3; 18:10 - 11); 'n beklemtoning van God se liefde vir Israel; en 'n inskerping van die noodsaaklikheid om sosiale geregtigheid volgens die Verbond te beoefen.

Die P-bron is 'n samestelling van wette en gebruike wat uit verskillende tydperke in Israel se geskiedenis ontleen is. Hierdie "bron" toon 'n besondere belangstelling in geslagsregisters en toon 'n duidelike gerigtheid aan om die oorsprong

---

1. Verhoef, P.A., Metodiek van die Eksegese, p.46.



van seremoniële en juridiese gebruike op te spoor: "Die gekompliseerde karakter van die wetlike en rituele struktuur van P word verklaar as 'n aanduiding van sy na-eksiliese oorsprong, veral as P (en dit sluit Ex. 25 - 31; 35 - 40; die boek Levitikus en die wette in Numeri in) met die eenvoudige ritueel van Rigters en van 1 Samuel vergelyk word."<sup>1)</sup> In P kom nóg drome, nóg engele voor, terwyl die teofanieë wat hier vermeld word, 'n meer abstrakte karakter vertoon. Verder word die heiligheid en verhewenheid van God baie prominent bespreek in hierdie "bron". En waar J spore van mites sou bewaar en deur sekere etiese onvolkomenhede gekenmerk sou wees, het P volgens die literêre kritici alle paganisme afgeskuë en 'n volledige monoteïsme na vore gebring. Aalders gee die volgende samevattende evaluering van die sogenaamde Priesterkodeks: "we (mogen) nu wel als het resultaat van ons onderzoek vaststellen dat er geen deugdelijke gronden zijn om den Pentateuch te houden voor het product van de samenvoeging en ineenvlechting van een aantal oorspronkelijk zelfstandige geschriften die men als de 'bronnen' daarvan pleegt aan te duiden."<sup>2)</sup> Hoe teenstrydig die "bronnensplitsing" ookal gevind mag word, kan hierdie denkrigting nie sonder meer geïgnoreer word nie.

Vir die Skrifverklaarder is dit noodsaaklik om kennis te neem van die resultate wat deur die literêr-kritiese navorsing opgelewer word. Die groot meerderheid materiaal wat die Wellhausen-skool vir navorsing beskikbaar stel, sal wel blyk nutteloos te wees vir die beter verstaan van die Bybel as sodanig - grotendeels as gevolg daarvan dat hulle uitgangspunt daartoe lei dat die neerslag van die Godsopenbaring in die Bybel verlore gaan: "Die enigste positiewe aspek van hierdie metode bestaan daarin dat dit ons oë mag open vir moontlike 'some' in die patrone van 'n Skrifgedeelte."<sup>3)</sup>

---

1. Ibid., p.47.

2. Aalders, G. Ch., Oud Testamentische Kanoniek, p.100.

3. Verhoef, P.A., op.cit., p.49.

Te midde van al die kritiek op die Wellhausen-skool, kan tog met waardering kennis geneem word van hulle beklemtoning ten opsigte van die menslike faktor by die verklaring van die Bybel - 'n aspek wat grootliks deur die ortodokse benadering ter syde gestel is, of in elk geval min aandag gekry het. Laasgenoemde denkrigting het tradisioneel die soteriologiese aspekte van die godsdiens op die voorgrond gestel en die Bybel as die onfeilbare fondament van hierdie lering onbevraagtekend aanvaar. Daarteenoor het die liberalisme meer geneig om die etiese, morele en sosiale aspekte van die godsdiens as uitgangspunt en modus operandi vir die Skrifuitleg aan te wend: "The real importance of Wellhausen in the history of criticism lies not in his exegetical conclusions but in the critical methods by which he worked. He stands as 'the symbol of nine-teenth century criticism' chiefly because, in elaborating the theory of the documents and the succession of periods in Old Testament history, he assembled the relevant facts in that objective way which is characteristic of the critical spirit at its best."<sup>1)</sup> Hierdie waardering vir die menslike in die literêre-kritiek impliseer nie dat die eensydige klem waarmee hulle hierdie aspek oorwoeker het goedgepraat moet word nie. Inteendeel, hierdie liberale benadering tot die studie van die Heilige Skrif het inderdaad agter hom die fatale denke van Marcionisme weer by die hermeneutiek laat insluip.

Dit blyk ook duidelik dat die historiese en kritiese maatstawwe waarmee Wellhausen die Bybel ondersoek noodwendig die eenheid van die Bybel moet verbreek en gevolglik die Bybel as studiebron moet laat versplinter.

Die resente argeologiese ontdekkings het ook daarin geslaag om die oer-wêreld van Israel se ontstaanstyd briljant te verlig, sodat dit duidelik geword het dat die animistiese gedagtegang van Wellhausen se "bronnensplitsing" nie meer aanvaar

---

1. Hahn, F., op.cit., p.17.

kan word nie: "while leading to no general abandonment of the documentary hypothesis, made it evident that all the documents incorporate much older material, in many instances material that demonstrably reaches back to the beginnings of Israel's history."<sup>1)</sup>

Tereg voer Aalders aan dat die grootste beswaar teen die "bronnensplitsing" geleë is in die feit dat daar slegs van die Masoretiese teks uitgegaan word, sonder om rekening te hou met die talryke variante lesings wat in die ou vertalings voorkom - in besonder die lesing van die LXX! Van Gen. 1:1 af tot Ex. 3:12 kom die naam יהוה 148 keer voor, en in nie minder as 118 van hierdie gevalle bestaan daar variante ( יהוה אֱלֹהִים of אֱלֹהִים ). In dieselfde gedeelte word die naam אֱלֹהִים 179 keer gebruik, wat in variante tekste 59 keer met יהוה en 47 keer met יהוה אֱלֹהִים vertaal word.<sup>2)</sup>

Die invloed van Wellhausen op die hedendaagse hermeneutiek word soos volg deur Bright opgesom: "Classical Wellhausenism has vanished from the scene. To be sure, the documentary hypothesis - which Wellhausen adapted and perfected, but did not originate - continues to command the acceptance of the majority of scholars, albeit in a vastly modified form; and many features of the work of that great scholar and his colleagues have stood the test of time. But almost no one today would wish to describe the history of Israel's religion in terms of an evolutionary development in the realm of ethics and of religious ideas and institutions, or would imagine that its essential nature could even remotely be grasped from that perspective."<sup>3)</sup>

- 
1. Bright, J., op.cit., pp.119-120.
  2. Aalders, G. Ch., op.cit., p.84.
  3. Bright, J., op.cit., p.103.

## 2. VORM-HISTORIESE METODE ("Formgeschichte")

Basies onderskryf hierdie metode die "bronnepplitsing", maar verwyf Wellhausen daarvan dat hy die godsdienst van Israel te veel uit die Ou Testament self probeer aflei. Die vorm-historiese aanhangers is van mening dat indringend ingegaan moet word op die religieuse literatuur uit Israel se "Umwelt", sodat begrip verkry kan word vir die korrekte interpretasie van die geskrewe inhoud van die Bybel.

Ofskoon hy nooit self die term gebruik het nie, moet Hermann Gunkel beskou word as die grondlegger van die Formgeschichtliche metode van Skrifnavorsing. Die beginsels vir sy Skrifbenadering het hy uitgewerk in sy boek Schöpfung und Chaos (1895), en dit aanvanklik net op die Ou Testament toegepas. Later is sy metode as 'n noodsaaklike verklaringswyse vir die hele Bybel aanvaar en veral ook op die Nuwe-Testamentiese evangelies toegepas. In besonder kan die name van M. Dibelius<sup>1)</sup> en Bultmann<sup>2)</sup> genoem word as navolgers van die idees wat in Gunkel se hart gebrand het. Leerlinge van hierdie twee manne soos onder andere G. Bornkamm, E. Käsemann, E. Fuchs en H. Conzelmann, het die vorm-historiese metode verder ontwikkel en ook toegepas op die orige boeke van die Nuwe Testament.

Gunkel se navorsingsmetode kan egter nie as absoluut oorspronklik gekwalifiseer word nie. Beïnvloeding deur name soos Albert Eichhorn, Gressmann en Ranke is duidelik te bespeur in die grondpatrone waarmee hy werk. Moontlik het die grootste invloed op hom uitgegaan van die teoloog, kultuur-geskiedfilosoof, romantikus en digter Johann Gottfried Herder, wat bykans 'n eeu voor Gunkel geleef het.<sup>3)</sup>

Gunkel gaan uit van die gedagte dat die Bybel die vrug is van die menslike denke, en derhalwe postuleer hy die historiese

- 
1. Cf. Dibelius, M., Die Formgeschichte des Evangeliums, 1918.
  2. Cf. Bultmann, R., Die Geschichte der Synoptischen Tradition 1921.
  3. Van Zyl, A.H., "Literêre vorme en eksegeese" in N.G.T.T., Junie, 1972, p.150.

onbetroubaarheid van die boeke wat in die Heilige Skrif opge-  
neem is. Gunkel wou deuring tot die literêre-tradisie in  
die voor-letterkundige fase van die geskiedenis. Hy was van  
mening dat elke literêre-vorm in die pre-literêre fase 'n be-  
paalde funksie in die volkslewe vervul het. Hierdie funksie  
wat binne die lewensverband vervul is, noem hy die Sitz im  
Leben van die verhaal. Deur 'n digterlike aanvoeling aan te  
kweek, moet daar intuïtief ingedring word in die diepste er-  
varinge van die eertydse volk Israel, sodat die "werklike" situa-  
sie van ouds weer "her-skep" (nachschaffen) kan word. Hy  
het dus, soos sy tydgenoot Wilhelm Dilthey, volgehou dat ekse-  
gese nie 'n wetenskap is nie, maar 'n kuns.<sup>1)</sup> Deur sy dig-  
terlike aanvoeling as kompas aan te wend, moet die Skrifver-  
klaarder gelei word om te bepaal wat die vorm en wat die in-  
houd van 'n literêre werk uitmaak: "Op hierdie wyse moet  
die 'vormkritikus' leer om die afsonderlike genres te onderskei,  
moet hy intuïtief aanvoel wat die Sitz im Leben is waarin dit  
ontstaan het en moet hy nagaan hoe hierdie genres by soort-  
gelyke vorme uit die literatuur buite Israel aansluit."<sup>2)</sup>

Gunkel se benaderingswyse is dus duidelik. Hy gaan uit van  
die intellektuele lewe van 'n volk en van die mensheid as 'n  
geheel. Dan aanvaar hy dat die intellektuele en ervarings-  
lewe wetmatig ontwikkel en dat ervaring en ekspressie derhalwe  
'n konstante patroon sal vertoon. Met behulp van die ver-  
gelykende ondersoek na mites, sages en sprokies in die Ou-  
Testamentiese wêreld, probeer hy om deur te dring tot 'n ana-  
lisering van die oorspronklike mondelinge oorlewering. Hier-  
die literêre genres ("Gattungen") wil hy nie deur middel van  
'n voortgesette literêre analise probeer vasstel nie, maar  
poog om by wyse van afleidings net die mondelinge pre-literêre  
stadium, die "feitlike" gebeure te rekonstrueer en om dit te  
verbind aan die skriftelike fiksering daarvan in die Bybel.  
Die mondelinge tradisie is dus in Gunkel se benadering baie  
belangriker as die vergestaltung daarvan in die geskrewe

- 
1. Cf. Verhoef, P.A., op.cit., p.49.
  2. Ibid., p.49.

Woord, want die mondelinge oorlewering staan volgens hom nader aan die oorspronklike vormgewing wat die "suiwere" genres bevat.

Gunkel handhaaf die mening dat 'n konsekwente vorm in die samestelling van al die verskillende literêre eenhede te bespeur is. Wie dus 'n bepaalde gebeurtenis op skrif wil stel, maak gebruik van 'n bekende standaardvorm om sy gedagtes op te skoei. Indien die vorm van 'n literêre-eenheid bepaal is, kan daar 'n denkpatroon herskep word wat die oorspronklike funksie daarvan binne 'n bepaalde lewensverband aantoon. So sal byvoorbeeld 'n triumflied wat in die Bybel voorkom, slegs verstaan kan word teen die agtergrond van die funksionele gebruik daarvan in die antieke wêreld, te wete as 'n oorwinningslied op 'n sege wat behaal is: "Wanneer die vorm identifiseer is, het die leser byvoorbeeld al 'n vermoede wat die aard van die inhoud kan wees en kan hy ook 'n sekere woordgebruik, benaderingswyse en gevoelsinhoud veronderstel."<sup>1)</sup>

Om die praktiese implikasies van die vorm-historiese metode nader te illustreer, kan kortliks gewys word op die wyse waarop hulle die Evangelies benader. Hulle vind aansluiting by die "twee-bronne-hipotese" wat beweer dat Mattheüs en Lukas se getuienis hoofsaaklik afkomstig is van Markus en nog 'n ander anonieme geskrif wat L (Logia = woorde) óf Q (Quelle = bron) genoem word. Met die Markus-evangelie as basis, word vergelykings getref met parallelle gedeeltes wat in Mattheüs en Lukas voorkom. Daar word gelet op die vorm waarin dit voorkom en op die verskille wat dit vertoon. Deur die beginsel van vergelyking en ooreenkoms toe te pas, word die verskille geëlimineer in 'n poging om deur te dring na die eintlike gebeure soos dit oorspronklik vertel sou gewees het. Dan word die ontwikkelingsgang vanaf die mondelinge oorlewering gevolg, deur al sy beïnvloedingselemente heen begelei, totdat dit sy finale neerslag in die skriftelike vorm van die Evangelieverhale vind. Uit die verskille wat daar in die Evangelies waar

---

1. Van Zyl, A.H., op.cit., p.152.

te neem is, kan die inhoud (ontwikkelingsgang) en die vorm onderskei word. Sodoende kan daar dan volgens Gunkel tot die kern van die oorspronklike oorlewering gepenetreer word.

Die volgende punte van kritiek kan teen die "Formgeschichte" as navorsingsmetode ingebring word:

Eerstens val die Skrifverklaarder hier volkome ten prooi van die subjektivisme. Sy eie intuïtiewe ingesteldheid moet hom lei in die ondersoek na die "suiwere" oorleweringe wat agter die historiese Skrifwoord verborge is: "Onwillekeurig rijst dan de vraag, wat dan toch nog wel historisch betrouwbaar is van het overgeleverde. En feitelijk wordt dat dan uitgemaakt door elken individueelen formgeschichtlichen onderzoeker naar zijn subjectieve gesteldheid en bijzonderen smaak, en moet dat dan geschieden."<sup>1)</sup>

Tweedens is hierdie navorsingsmetode nie daarop ingestel om slegs kennis te neem van die buite-Bybelse literatuur nie, maar hulle stel die hele Bybelondersoek afhanklik (en ondergeskik!) aan die getuïenis wat die kulture van die ou Nabye Ooste oplewer.

Derdens is die hele sisteem waarmee die "Formgeschichte" as navorsingsmetode opereer, gebaseer op die veronderstelling dat ooreenkoms noodwendig 'n identiese oorsprong veronderstel. Dit is duidelik dat hierdie dwaling baie probleme veroorsaak, soos blyk uit die meningsverskille wat by die vorm-historici onderling bestaan wanneer die literêre vorm van spesifieke Skrifgedeeltes vasgestel word. Neem as voorbeeld Ps. 27 wat as gevolg van 'n foutiewe assosiasie met die inleidende woorde, aanvanklik verbind is aan die Akkadiese himnes, met die gevolg dat sy verband met die daaropvolgende klag verbreek is.

Vierdens gee die vorm-historiese metode maklik aanleiding tot

---

1. Greijdanus, S., Schriftbeginnselen ter Schriftverklaring, p.221.

die versnippering van die Skrifinhoud in 'n menigerlei selfstandige literêre eenhede. Hierdie versnippering is 'n uitvloeiing van hulle gekompliseerde siening ten opsigte van die ontwikkelingsgang van die literêre eenhede. In die lig van die Reformatoriese perspektief op die Bybelgeskiedenis, te wete dat die ontstaansgeskiedenis daarvan nie só ingewikkeld is dat die openbaring van God nie duidelik uit die Skrifgegewens self afgelei kan word nie, moet die "Formgeschichtliche" werkhipotese as 'n feitlik onhanteerbare metode afgekeur word.

Verder kan aangetoon word dat een van die grootste gebreke wat in die vorm-historiese metode skuil, geleë is in die feit dat dit nie voldoende rekening hou met die deurbreking van vorm wat onder die invloed van sterk individue die destydse standaardgemeenskapstrukture grootliks verander het nie. Die profete, wat in die rol van "stormvoëls" 'n eie stempel en nuwe inhoud aan die volksidentiteit gegee het, kan as voorbeeld in dié verband voorgehou word.

Die gestandaardiseerde vorme waarna Gunkel verwys, is dus dikwels op 'n radikale wyse deurpriem, sodat met reg gesê kan word dat God eerder van enkelinge as van gemeenskappe gebruik gemaak het om die gang van die openbaringsgeskiedenis op skrif te stel. Tereg sê Van Zyl: "Nie net in die finale oorleweringstadium wanneer die mondelinge oorlewering op skrif gestel is nie, maar ook by die ontstaan van die aanvanklike mondelinge oorlewering is die ou gevestigde vorme juis deur kragtige individue wat optree onder die leiding en krag van die Gees van die HERE deurbreek."<sup>1)</sup>

Die volgende waardering kan teenoor die bydrae van die vorm-historiese metode uitgespreek word:

Volgens Verhoef ly dit geen twyfel dat die resultate wat hierdie vorm van ondersoek oplewer, baie kan help om 'n Skrifgedeelte

---

1. Van Zyl, A.H., op.cit., p.159.



beter te verstaan: "Die groter waardering vir die literêre vorm en die juister insig in die omstandighede wat tot die ontstaan van die verskillende literêre eenhede aanleiding gegee het, kan as sodanig - dus afgesien van die wyse waarop dit soms deur kritiese geleerdes in konkrete gevalle toegepass word - positief gewaardeer word."<sup>1)</sup>

Verder kan die vorm-historiese metode wat die betekenis van die kleiner literêre-eenhede binne die samehang van die groter, geheel sterk beklemtoon, die Skrifverklaarder beïnvloed om nie by die filologiese ondersoek af te sluit nie, maar om deur te dring tot die breër historiese verband waarin die Skrifwoord gestalte verkry het.

Met waardering kan ook verwys word na positiewe winste wat vir die Skrifuitleg vanuit hierdie metode voortspruit. Onder andere kan die klassifikasie van die Wette genoem word, waardeur die apodiktiese en kasuïstiese wette vanmekaar onderskei is (Alt). Die verband tussen die Psalms en die kultus is ook deur die vorm-historiese navorsing met groter duidelikheid onder die kalklig gestel: "In die afgelope paar dekades is daar dan ook vir die begrip van die Ou-Testamentiese literatuur veel wins gehaal deur navolging van die rigting wat Gunkel aangewys het. Elkeen wat hom besig hou met die studie van die Ou Testament is bewus van die aantal monografieë oor 'n verskeidenheid literêre vorme wat in die afgelope paar dekades verskyn het en as gevolg waarvan verskeie probleme rondom die betrokke Skrifgedeeltes opgeklar is. Die studie van die Ou-Testamentiese literatuur is gered uit die doodloopstraat waarin die literêre analise en die positivisties georiënteerde historiese benadering dit gelei het en dit weer 'n stuk lewende letterkunde geword met 'n boodskap vir die lewe, want dit is skering en inslag vir die ondersoek na die vorme dat elk stuk literatuur volgens sy Eigengesetzlichkeit bestudeer moet word."<sup>2)</sup>

- 
1. Verhoef, P.A., op.cit., pp.50-51.
  2. Van Zyl, A.H., op.cit., pp.155-156.

Ten slotte kan daarop gewys word dat ten spyte van die hulp wat die vorm-historiese metode verleen het om sekere Skrifgedeeltes beter te verstaan, bly dit nogtans alles behalwe 'n onfeilbare metode van Skrifondersoek. Myns insiens behoort die Bybelkunde dit glad nie as 'n modus operandi vir die Skrifuitleg te gebruik nie. Dit moet eerder gesien word as 'n onderdeel van die verskeidenheid gesigspunte waaruit 'n bepaalde Skrifgedeelte benader word tydens die proses van Skrifverklaring.

### 3. DIE TRADISIEHISTORIESE METODE

Die tradisiehistoriese benadering is 'n onafhanklike ontwikkeling wat aansluiting vind by die vormhistoriese metode en probeer om die historisiteit van gebeurtenisse af te lei uit die vorm waarin dit in die Skrifwoord gestalte gekry het. Met die "bronne-splitsing" as uitgangspunt erken die tradisiehistoriese benadering dat die J-bron die basiese literêre materiaal van die Pentateug bevat en dat die P-bron die raamwerk vir die Jahwistiese inkleding voorsien: "In sy begeerte om die tradisies suiwer histories te verstaan, sluit Noth egter eerder by Wellhausen aan as by Gunkel."<sup>1)</sup>

Martin Noth word beskou as die belangrikste eksponent van die tradisiehistoriese benadering. In aansluiting by Gunkel is hy van mening dat die beslissende fase vir die verstaan van die Israelitiese tradisies, geleë is in die pre-literêre tydperk van hulle ontstaansgeskiedenis. In sy bekende werk A History of Pentateuchal Traditions en The History of Israel gee Noth 'n uiteensetting van sy historiese ondersoek met betrekking tot die volk Israel. Daarin sentreer hy sy navorsing hoofsaaklik rondom die volk as institutêre eenheid. Hy gee nie besonder aandag aan die godsdienstige ontwikkeling van Israel nie - en dit blyk dan ook die swakheid van Noth se benadering te wees, naamlik dat hy nie genoeg aandag gee aan die religieuse

---

1. Verhoef, P.A., op.cit., p.53.

ontwikkeling van Israel as volk nie. Vir Noth is Israel se geskiedenis 'n geskiedenis soos dié van enige ander volk, en kan derhalwe presies soos enige ander volksgeskiedenis nagevors en empiries verklaar word. Hy erken darem dat Israel 'n "vreemdeling" onder die antieke volkere is en dat God ook nie net as die Eerste Oorsaak ("pröton kinoun") van die geskiedenis gesien moet word nie.

Omdat Noth 'n horisontalistiese perspektief as werkhipotese op die Bybelse openbaringsgeskiedenis van toepassing maak, gee hy vrylik teuels aan sy verbeelding ten einde die oorspronklike tradisies in die pre-literêre fase van die Bybelgeskiedenis te beskryf. Daarom neem Noth nie die werklike geskiedenis as voorwerp van sy historiese ondersoek nie, maar gaan eerder uit van 'n gerekonstrueerde geskiedenis van Israel.

Völgens Noth moet daar vyf tradisies in die Pentateug onderskei word, naamlik die uittog uit Egipte; die intog in Kanaän; die belofte aan die aartsvaders; die leiding in die woestyn; en die openbaring by Sinaï. Elkeen van hierdie tradisies bevat volgens hom die ervaring van bepaalde proto-Israelitiese groepe. Aanvanklik het daar - aldus Noth - verskillende losstaande stamme bestaan wat elkeen 'n eie selfstandige tradisie gehad het. Later is hierdie verskillende losstaande eenhede rondom 'n sentrale heiligdom deur 'n stamverbond tot 'n eenheid gekonsolideer. Hierdie saamgroepering van stamme rondom 'n gemeenskaplike stamgod sou dan ook dieselfde karakter dra as die amphiktionie van stamme wat in Griekeland bondgenootskaplik aanmekaar verbind was. Vir Noth is dit verder ook duidelik dat slegs sommige van die twaalf stamme uit Egipte opgetrek het, sodat die historiese ontwikkeling wat in die Pentateug meegedeel word, in werklikheid 'n samevoeging is van verskeie tradisies wat aanvanklik in geen relasie tot mekaar gestaan het nie. Die kern van die Bybelse tradisie is hoofsaaklik te danke aan die stamme wat altyd in Israel gewoon het. Na die intog is daar op die oorspronklike tradisies van die inheemse stamme wat in omloop was, voortgebou. Met ander

woorde die volk se gemeenskaplike kultiese bewussyn is verantwoordelik vir die ontstaan en ontwikkeling van die tradisies. Die Bybelse gegewens is dus 'n sameflansing van mondelinge ooreleweringe wat spruit uit die periode voor Israel se totstandkoming as staat.

Noth is ook van mening dat die Bybel nie 'n historiese relaas van die hele volk Israel gee nie, maar dat daar in werklikheid 'n samesmelting van verskeie afsonderlike staminsidente oorgelewer word, wat later as 'n eenheid onder die vaandel van die hele volk gefinkorporeer is. Daarom is hy van mening dat die Twaalf Stamme Ryk eers in Palestina as 'n historiese entiteit begin funksioneer het. Selfs die name wat aan die twaalf stamme toegeken word, kan volgens Noth na Israel se natuurlike omgewing herlei word. Die stam Naftali se naam is volgens hom afgelei van die berg Naftali (Jos. 20:7), ens.

Volgens Noth het die oornam van Palestina ook nie by wyse van militêre prestasies plaasgevind nie, maar is gerealiseer deur die insypeling van nomadiese stamme wat hulle tussen die oorspronklike bewoners gevestig het. Ook die latere botsings met vyandige volkere sou dan beperk gewees het tot die aktiewe rol wat enkele stamme vervul het. Gedeeltes soos die eerste twaalf hoofstukke van Josua sou dan nie werklik plaasgeving het nie, maar gee dan kwansuis 'n relaas van die botsings wat tussen die stam Benjamin en die vyandige volkere bestaan het.

Vir die Bybelkundige wat die Heilige Skrif histories navors, moet Noth se benadering prinsipiëel as 'n onaanvaarbare metode afgewys word. Hoewel dit bykans geen noemenswaardige bydrae tot die beter verstaan van die Bybel sal bied nie, kan die herkonstruksie van Israel se tradisies "interessant" wees om te lees. Veral wanneer daarop gelet word dat die element van die tradisie wat Noth so oor-beklemtoon, tog aansluiting vind by die belangrike rol wat "tradisies" inderdaad in die Bybelgeskiedenis vervul het. Fensham<sup>1)</sup> toon onder andere drie

---

1. Cf. Fensham, F.C., Die Messias Kom, pp.11-50.

duidelike tradisies aan wat 'n rol vervul het by die voorspellings in verband met die komende Messias, naamlik die paradys-tradisie; die Moses-tradisie; en die Dawid-tradisie: "Die gedagte is natuurlik nie dat die inhoud van die Messias-verwagting sy wesenlike oorsprong in menslike denke of ervaring gehad het nie, maar dat dit in sy vormgewing by bepaalde historiese feite en persone aangesluit het."<sup>1)</sup>

Dit is 'n verregeaande veralgemening om soos Noth 'n tradisie rondom 'n sentrale punt te lokaliseer, en om die vergestaltung daarvan sonder meer met die ervaring van die hele volk te vereenselwig.

Die rol wat Noth aan Moses toeken, illustreer die hipotetiese karakter van sy benadering. Hy verwerp onder andere die prominente rol wat die Bybel aan Moses tydens die uittog en woestynreis toeken. Volgens hom het Moses geen aandeel by die uittog gehad nie en hy kan ook nie met die woestynreis verbind word nie - selfs nie eens wat die Sinaï-insident betref nie! Die enigste historiese kern wat met sekerheid aan Moses gekoppel kan word, is die verwysing na sy graf. Laasgenoemde gegewe het Moses onvermydelik by die tradisie betrek, derhalwe bestaan daar by Noth geen twyfel dat Moses nie die grondlegger van Israel se volksgeskiedenis is nie.

In die lig van die Reformatoriese Skrifbenadering wat gebaseer is op die beginsel dat die Skrif sy eie uitlegger is, moet Noth se tradisiehistoriese benadering prinsipiëel afgewys word - en meer nog: radikaal verwerp word! As navorsingsmetode is dit 'n flagrante miskennning van die historisiteit van die Bybelse boodskap en impliseer by voorbaat dat die outoriteit van die Bybel as die geïnspireerde Woord van God, ontken word.

---

1. Verhoef, P.A., op.cit., p.53.

#### 4. DIE REDAKSIEHISTORIESE METODE

Die redaksiehistoriese benadering vind aansluiting by aldie die reeds genoemde metodes. As doelstelling van hulle navorsing is die redaksiehistorici geïnteresseerd in die bydrae van die "laaste hand" waarmee die Bybelboeke in hulle huidige vorm "persklaar" gemaak is.

In die hedendaagse skrifondersoek word daar na die aandeel wat die redaktor in die wordingsgeskiedenis van die Bybel gehad het, met die woord "Redaktionsgeschichte" verwys. Hierdie benaming kan teruggevoer word na Willi Marxen se werk Der Evangelist Markus (1956), waarin hy hierdie term in sy subtitel inbring, te wete: "Studien zur Redaktionsgeschichte des Evangeliums."

Volgens die redaksiehistoriese metode gaan dit nie om die naspewing van die geskiedenis waarop die verskillende oorleweringe (in literêre bronne met 'n verskeidenheid literêre vorm daarin onderskeibaar) tot die finale eenheid van bepaalde boeke ontwikkel het nie (dit is "Ueberlieferungsgeschichte"). Hierdie benadering is primêr geïnteresseerd in die bydrae wat die finale outeur selfstandig gelewer het en nie wat hy as versamelaar verenig het nie. Die ondersoek sentreer veral om die eie kreatiewe bydrae wat die redaktor as oorspronklike werk gelewer het, sodat daar selfs van die betrokke outeur se "teologie" gepraat kan word."

As kritiek op hierdie benadering kan die volgende punte aange= stip word:

Die term "Redaktionsgeschichte" veronderstel 'n "redaksiekri= tiek" wat as sodanig 'n onaanvaarbare begrip is om in die Bybelkunde mee te werk. In soverre hierdie benadering op die redaksiegeskiedenis toegespits is, sou dit 'n legitieme plek in die Bybelkundige navorsing kon inneem. Die

redaksiehistoriese benadering is egter nie ingestel op die historiese ontwikkeling van die Bybelboeke nie, maar stel dit as doel om die selfstandige bydrae van die eindredaktor te evalueer.

Dit is nie die taak van die Skrifverklaarder om in die eerste plek met die ontstaansgeskiedenis van 'n bepaalde teks besig te wees nie. Die Skrifuitleg is gemoeid met die navorsing van die Bybel as literêre-eindproduk. Daarom kan daar tereg bevraagteken word of hierdie benaderingswyse enigsins 'n bydrae lewer om die Bybelinhoud beter te verstaan (F.E. Deist).<sup>1)</sup>

Indien volgehou sou word dat die redaksionele arbeid gesien moet word as synde in diens te staan van die Heilige Gees wat via die "bronne-splitsing", vormhistoriese en die tradisie-historiese ontwikkeling, sy neerslag in die Bybel gevind het, dan word die deur geopen vir 'n willekeurige Skrifuitleg waar die menslike denkarbeid die hoeksteen vorm waarop die hele Skrifinhoud gebou is.

Bogenoemde kritiek impliseer nie dat daar hoegenaamd geen kennis geneem moet word van die redaksiehistoriese benadering nie. Geleerdes soos A.H. van Zyl<sup>2)</sup> beskou dit as 'n inherente deel van die apparaat waarmee die Skrifuitleg, en veral die prediking, noodwendig tot begrip van die teks moet kom. Met die voorbehoud dat hierdie metode nie sonder kritiek aanvaar moet word nie, erken Verhoef ook die bestaansreg van hierdie benadering. Hy sê: "Dit is byvoorbeeld duidelik dat die Psalms in die loop van 'n paar eeue ontstaan het en dat dit allens in kleiner en groter bundels saamgevoeg is. Ons moet aanvaar dat daar redaksionele arbeid in hierdie proses verrig is."<sup>3)</sup> Die probleem waarvoor gestuit word is egter geleë in die vraag na die aard en omvang van sodanige redaksionele

---

1. Cf. Ibid., p.56.

2. Cf. Van Zyl, A.H., op.cit., pp.149-158.

3. Verhoef, P.A., op.cit., p.56.

arbeid. Dit is hier waar die Bybelkundige se paaie skei van diegene wat beweer dat die redaktore die verskillende tradisies doelbewus saamgevoeg het deur gebruik te maak van geslagslyste en ander "bindende" materiaal. Noth skroom selfs nie om die hele Josefsgeskiedenis as 'n blote fiksie te benader nie, en dit sou volgens hom slegs relevant wees as 'n oorgangsfase om die verloop van die oorleweringe te tematiseer. Hoewel enige tegniek wat help om die Skrif beter te verstaan, ten volle uitgebuit moet word,<sup>1)</sup> moet die redaksiehistoriese metode myns insiens met groot versigtigheid in die Bybelkunde hanteer word. Hier sou die Bybelkundige hom grootliks afhanklik stel van die resultate wat deur die Ou-Testamentiese wetenskap en die Semantiek van die Ou en Nuwe Testamente opgelewer word. As uitgangspunt vir die Skrifondersoek kan dit in elk geval nooit as 'n goue sleutel vir die opening van die Skrifte verstaan word nie. Dit moet hoogstens gesien word as 'n metode onder vele andere, waarvan die resultate wat aangedien word, met die grootste versigtigheid behandel en evalueer moet word.

6.5.2.3 Die historiese Skrifbenadering vind sy aktualiteit ook daarin dat dit Israel en sy "Umwelt" bestudeer en navors

Die historiese openbaring van God is in die tyd gerealiseer. Alvorens die Woordopenbaring reg begryp kan word, moet die Bybel ook binne sy kultuur-historiese konteks gesien en verstaan word: "In Sy openbaringswerkzaamheid het God by die kultuursituasie van daardie tyd aangesluit en dit beteken dat daar talle aanrakingspunte tussen die inhoud van die openbaring en Israel se "Umwelt" bestaan het."<sup>2)</sup> Die rekonstruering van die ou beskawings en hulle verband met die Bybel, is die navorsingsveld van die Bybelse Oudheidkunde. Die Bybelse Oudheidkunde is 'n hulpvak ten dienste van die

- 
1. Cf. Runia, K., Prediking en Historisch-Kritisch Onderzoek, Kampen, 1972, p.18.
  2. Verhoef, P.A., op.cit., p.65.



Bybelwetenskap met die opdrag om 'n studie te maak van die kultuur-historiese agtergrond van die Bybel, veral met betrekking tot die lewensverhoudinge, instellings en realia wat hulle neerslag in die Bybel vind.<sup>1)</sup>

Die belangrikste bronne vir die Bybelse Oudheidkunde is onder andere die Bybel (as belangrikste bron), afbeeldings op monumente, seëls, geboue, inskripsies, ens. Die Bybelse Oudheidkunde is nie primêr geïnteresseerd in die historiese feite van die destydse beskawings nie - dit is die vakgebied van die geskiedenis. Die Bybelse Oudheidkunde het as hulpvak 'n wetenskaplike selfstandigheid bereik wat, naas die filologie, die epigrafiek en die numismatiek, as werkmethode die fragmentariese oorblyfsels van die antieke kultuurfondste herskep, dateer en verklaar. Dit is ook ten nouste betrokke by die stylkritiese en vergelykende studie van dié herwonne materiaal.

In die Bybelse Oudheidkunde is dit veral die argeologie wat 'n onmisbare rol vervul as die wetenskap wat "ou dinge" bestudeer. Pritchard vat die taak van die argeologie mooi saam wanneer hy dit soos volg formuleer: "Archaeology is a science in which progress can be measured by the advances made backward into the past."<sup>2)</sup>

Die Bybelkunde moet noodwendig erns maak met die resultate van die Bybelse Oudheidkunde, omdat die geskiedenis immers 'n stroom is wat deur die oudheidkundige bedding vloei (Kuyper). Die aktualiteit van die historiese Skrifbenadering kan dus in die Bybelkunde nooit oorbeklemtoon word nie.

'n Verdere motivering vir die noodsaaklikheid van die historiese Skrifbenadering is geleë in die doelstelling wat die Bybelse

---

1. Cf. Oberholzer, J.P., Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings, red. Helberg, J.L., Fensham, F.C. Oberholzer, J.P., p.113.

2. Pritchard, J.B., Archaeology and the Old Testament, p.v.

argeologie beoog, naamlik om by te dra tot die beter verstaan van die Bybel en sy Boodschap: "The contribution of archaeology to Bible study has been to widen and deepen our knowledge of the background of the Bible narrative and especially of the Old Testament..... The trend of all this increased knowledge has been to confirm the authority of the books of the Old Testament, while it illumines their interpretation. Destructive criticism is thrown on the defensive; and the plain man may read his Bible confident that, for anything that modern research has to say, the Word of our God shall stand for ever."

(Frederic Kenyon).<sup>1)</sup> Deur opgrawings en rekonstruering van die ou kulture in hulle tyd-historiese bestaan, geografiese en klimatologiese agtergrond, ens., word 'n bydrae gelewer om die Skrif meer getrou te verklaar. Dit sou bykans onmoontlik wees om die patriargale tydperk van die openbaringsgeskiedenis te begryp indien kennis van die vroeë Egiptiese en Mesopotamiese kulture nie bekend was nie. Eweneens is die kultuur-historiese samehang van Israel en die Kanaäniete, Babiloniërs en Assiriërs belangrik vir die verklaring van die verdere Ou-Testamentiese verloop. So kan die Nuwe Testament ook nie losgemaak word van die Grieks-Macedoniese agtergrond waarteen dit histories afspeel nie.

Die historiese Skrifbenadering is veral belangrik vir die Bybelkunde, omdat die Bybelse argeologie voortdurend nuwe lig werp op omstrede en onbekende Skrifgedeeltes, sodat dit beter begryp en hanteer kan word: "...archaeological studies have contributed substantially to the understanding of the Bible and in many (if not most) instances have corroborated the Biblical assertions, thus demonstrating the accuracy of the Bible. However, it must be clearly understood that the acceptance or non-acceptance of the Bible does not depend upon such favorable corroboration by archaeological studies."<sup>2)</sup> Dit is belangrik om daarop te let dat geloof in Gods Woord

- 
1. Short, A.R., Archaeology gives Evidence, p.62.
  2. Van Kooten, T., op.cit., pp.133-134.

nie op eksterne bevestiging en erkenning daarvan berus nie, maar is ten diepste gegrond in die oortuiging dat die Bybel deur die werking van die Heilige Gees die geïnspireerde Woord van God is. Nogtans staaf die Bybelse Oudheidkunde die feit dat die Bybelse geskiedskrywing werklik plaasgevind het en weerlê dus die argumente dat die Bybelse verhale blote verdigsels is. F.C. Baur, die Duitse hoër-kritikus, het byvoorbeeld die boek Handelinge as onbetroubaar verwerp. Latere argeologiese getuienis kon Baur se kritiek onomwonde weerlê: "Our discussion has been a lengthy one, but it will have served to show the tremendous value of archaeological research for our understanding of such a book as Acts. Luke is shown to be a most careful recorder of information, whether it be matters of geography and political boundaries, local customs, titles of local officers, local religious practices, details of local topography, or the disposition of buildings in Greek or Roman, Asian or European towns."<sup>1)</sup>

Vervolgens kan na enkele argeologiese getuienisse verwys word wat die Bybelse geskiedskrywing bevestig. Talle opgrawings by plekke soos Nuzi, Mari, Babel, Susa en Ugarit (Ras Sjamra) het sogenaamde anachronismes en teenstrydige kultuur-historiese besware van die Bybel-kritici weerlê. Die patriarge onder andere ook Abraham, is meermale as legendariese figure afge- maak. As grond vir hulle beskouing is die sogenaamde onge- rymdheid genoem met betrekking tot Abraham se aanname van Hagar as byvrou. Huwelikskontrakte wat te Nuzi opgegrawe is, staaf volgens Gordon en Speiser die gebruik dat 'n kinderlose vrou (soos Sara) 'n byvrou vir haar man aanbied.<sup>2)</sup> So blyk dit ook dat, alhoewel die halfsuster-huwelike in Lev. 18 ver- bied is, sodanige huwelike tog in Abraham se geboorteland (Mesopotamië) voorgekom het. Ook die poging om Eliëser tot sy erfgenaam te promoveer (Gen. 15:2-4), kan vanuit die aannemings- kontrakte wat opgegrawe is, verklaar word. Kritici wat vroeër

- 
1. Thompson, J.A., Archaeology and the New Testament, p.85.
  2. Cf. Wiseman, D.F., "Archaeological confirmation on the Old Testament" in Revelation and the Bible, red. Henry, C.F.H., pp.301-331.

van mening was dat die Suidland, waar Abraham lank vertoef het, te droog was om soveel inwoners met hulle vee te kon dra, is intussen verkeerd bewys. Nelson Glueck het uit sy studie van die Suidland vasgestel dat dié omgewing wel in Abraham se tyd dig bewoon was. Die probleem van die lae reënval is oorbrug deur uitstekende metodes van waterbewaring en besproeiing wat daar aangewend is.<sup>1)</sup>

Die historiese Skrifbenadering is dus 'n voorwaarde vir betroubare Skrifuitleg, aangesien kennis van die kultuur-historiese agtergrond van Israel en sy "Umwelt" 'n noodsaaklike hermeneutiese beginsel uitmaak. Hier moet egter ook gewaarsku word teen die evolusionistiese grondslag van sekere geleerdes wat neig om die oorsprong van alle Bybelse instellings en gebruike by die "Umwelt" te soek: "Ons standpunt is dat daar by alle formele ontlening en ooreenkomste nog altyd 'n fundamentele verskil ten opsigte van die kern van die openbaring bestaan, en dit geld veral die Ou-Testamentiese leer aangaande God en Sy verhouding tot sy volk, die volkerewêreld en die skepping as sodanig."<sup>2)</sup>

6.5.2.4 Die historiese Skrifbenadering is aktueel omdat die historiese faktore van destyds, die raamwerk vorm waarin die woordbeeld van die Heilige Skrif vertoon word.

Die Bybelskrywers en hulle leserskring kan nie losgemaak word van die tyd-historiese milieu waarin hulle geleef het nie. By die interpretasie van die Bybel is dit belangrik om daarop te let dat die Woord van God primêr aan die gelowiges van dáárdie tyd gerig is, derhalwe moet ons eers bepaal wat God presies aan hulle gesê het en hoe hulle dit verstaan het. Daaruit kan dan afgelei word wat Sy Woord vir die hede impliseer. Die Bybelkundige moet waak teen die gevaar om die destydse

- 
1. Cf. Van Niekerk, J.G., Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings, red. Van Niekerk, J.G., Van Wyk, I.H., Hurn, H.J., Grove, I.J., p.163.
  2. Verhoef, P.A., op.cit., p.65.

geskiedkundige opset so oor te beklemtoon, dat die profetiese voorsegginge wat daarin voorkom, nie slegs tot die tyd-historiese horison van die skrywer beperk word nie. Die kennis van die historiese moment bied die Bybelverklaarder geen absolute maatstaf wat hom daarvan weerhou om, soos die kritiese geleerdes, die Skrifuitleg vanuit 'n evolusionistiese benadering bloot as "gewone" historiese en psigologiese momente te hanteer nie. Die Woord van God is nie bedoel om net vir één bepaalde moment in die geskiedenis te geld nie, maar is in en deur alle spesifieke historiese momente deur, eskatologies gerig op (en aktueel vir!) die leserskring van elke tyd. Die deurslaggewende hermeneutiese beginsel wat hier geld, is dat daar by die Skrifuitleg nie volstaan moet word met die bydrae van die menslike outeurs nie, maar dat gesoek moet word na die bedoeling wat die Heilige Gees deur die geïnspireerde skrywer aan sy destydse lesers oorgedra het.<sup>1)</sup>

Die historiese Skrifbenadering is dus gefinteresseerd in alle historiese feite wat direk of indirek 'n rol gespeel het by wat destyds gesê en deur die lesers verstaan is. Vir die moderne Skrifverklaarder impliseer dit 'n sprong van meer as tweeduisend jaar om by die feitelike rekonstruksie van die destydse wêreld uit te kom. Die historiese Skrifbenadering hou dan rekening met onder andere die destydse staatkundige strukture, godsdienstige en filosofiese strominge wat die Bybelse denkklimaat deurdrenk het, geografiese faktore wat in die Bybellande gegeld het, ens. Skrifgedeeltes soos Matt. 2:22-23; 17:24-27; 22:16-21; 27:2; Joh. 4:9; e.a., kan slegs verstaan word indien die kultuur-historiese agtergrond in berekening gebring word. Indien kennis geneem word van die onderdanige posisie wat Edom teenoor Israel in die tyd van Salomo ingeneem het, is dit maklik om te verklaar waarom Salomo 'n vloot te Eseon-Geber kon oprig (1Kon. 9:26). Op godsdienstige gebied het Israel se religieuse ervaring ook nie

---

1. Cf. Ridderbos, J., "Over de Uitlegging der Heilige Schrift" in Bijbelsch Handboek, deel I, p.415.

staties op een vlak bly staan nie, maar is deur voortdurende geestelike insinking en morele oplewing gekenmerk. Die historiese Skrifbenadering hou rekening met die historiese feite van Israel se godsdienstige instellings soos dit veral vanuit die Mosafese Wette ontwikkel het. Skrifgedeeltes soos Rig. 8:28, 33; 10:6; 17:6; Matt. 8:4; e.a., sou sonder die historiese bepaaldheid nie verstaan kon word nie. Geografiese besonderhede word eweneens deur die historiese Skrifbenadering oorweeg, sodat vergelykings in die Bybel reg vertolk kan word, byvoorbeeld dat die Koninkryk van God soos 'n mosterdsaad (Matt. 13:31-32) en Israel soos 'n vyeboom is (Luk. 13:6-9). Kennis van die Palestynse klimaat is nodig vir die verstaan van verse soos Ps. 133:3 waar die Here se seëninge vergelyk word met die dou van Hermon wat neerdaal op die berge van Sion. Sonder die historiese perspektief op die ligging van Palestina sou dit nie moontlik wees om te verduidelik waarom strydwaens net in Noordelike-Israel en nie ook in die suide, gebruik is nie (1 Kon. 18:44 v.; 22:29 v.; 2 Kon. 5:9 v.; 9:16; 10:12, 15).

In aansluiting by die Bybelse materiaal, raadpleeg die historiese benadering ook buite-Bybelse bronne wat lig werp op die tyd-historiese rekonstruksie van die destydse Bybelwêreld.<sup>1)</sup> Die belangrikste studiebron vir die historiese navorsing is egter die Bybel self, sodat tereg beweer kan word dat getroue Skrifuitleg inderdaad gebaseer is op die Heilige Skrif self. Daarom kan daar met instemming op Berkhof se waarskuwing in dié verband gelet word: "Many seem inclined to give more credence to the voices of hoary antiquity that were made vocal by recent archaeological discoveries than to the infallible Word of God."<sup>2)</sup> Eers nadat alle gegewens wat die Bybel self meedeel nageslaan is, wend die Bybelverklaarder hom tot

- 
1. Cf, Pritchard, J.B., Ancient Near Eastern Texts relating to the Old Testament (ANET), Princeton: N.J., 1955; cf. ook: Winton THomas, D., Documents from Old Testament Times, London, 1958; Donner, H., Röllig, W., Kanaanaische und Aramaische Inschriften, Wiesbaden, 1962.
  2. Berkhof, L., op.cit., p.128.

buite-Bybelse bronne om sy reeds afgeleide perspektiewe te kontroleer. Die Skrifverklaarder moet ook nie bang wees om 'n eerlike non liquet te bely, eerder as om op die aanbevelings van "twyfelagtige" bronne te steun nie. Dit word byvoorbeeld algemeen aanvaar dat die meedelings aangaande konings en hooggeplaastes in die antieke tyd oordryf is ten einde aan bepaalde monarge hoër aansien te gee en was dus van die staanspoor af nie bedoel om 'n objektiewe getuienis van die werklike historiese feite te wees nie. In dié lig moet alle historiese materiaal evalueer word en selfs sogenaamde gesaghebbende bronne soos dié van Josephus, mag nie sonder meer van subjektivisme vrygespreek word nie: "Yet it would seem that, on the whole, his work is perfectly reliable, though it must be admitted that in the apologetical part of his work he flatters the Jews somewhat."<sup>1)</sup>

### 6.5.3 HERMENEUTIESE BEGINSELS WAAROP DIE HISTORIESE SKRIFBENADERING VERAL MOET LET

Die historiese Skrifbenadering omskryf dus die studie van die Skrifte in die lig van alle historiese omstandighede wat hulle stempel op die inhoud van die verskillende Skrifge-deeltes afgedruk het. Met inagneming van wat reeds gesê is,<sup>2)</sup> stel die historiese Skrifbenadering veral belang in die volgende historiese gegewens ten opsigte van die uitlegging van die Bybel:

#### 6.5.3.1 Die Skrywer

Om te verhoed dat die Skrifverklaarder die Bybelskrywers na die hede toe projekteer en hulle forseer om in die taal en idioom van die twintigste eeu te praat, en daarmee slegs die ego van die Skrifverklaarder se eie idees weergee, moet die skrywer se psigologiese opset histories nagevors word: "A word is never fully understood until it is apprehended as a living word, i.e., as it originated in the soul of the author."<sup>3)</sup>

- 
1. Berkhof, L., op.cit., pp.130-131.
  2. Cf. Supra, Die aktualiteit van die historiese Skrifbenadering, p.167.
  3. Berkhof, L., op.cit., p.114.

Die eerste vraag wat hier gestel moet word is naamlik wie die skrywer is. Sommige boeke meld die skrywer se naam,<sup>1)</sup> terwyl ander weer die naam verswyg.<sup>2)</sup> Leksikons en konkordansies kan aangewend word om meer besonderhede van die skrywer te bekom. Nogtans sal die blote bekendheid met feite oor wie die skrywer is, nog geen noemenswaardige bydrae tot die Skrifverklaring bied nie. Bekendheid met die skrywer self moet verkry word onder andere deur te let op sy karakter, temperament en gebruiklike denkpatroon. Die mees effektiewe wyse om die gedagte-wêreld van die skrywer te penetreer, is om aandag te gee aan al die persoonlike elemente en die soms skynbaar terloopse opmerkings wat op sy karakter betrekking het. Wie byvoorbeeld Moses se geskifte wil begryp, sal dus vooraf 'n noukeurige studie van die Pentateug moet maak, en veral moet let op Skrifgedeeltes soos Ex. 2-4; 16:15-19; 3:11; 34:5-7; Num. 12:7-8; Deut. 34:7-11; Hand. 7:20-35; Hebr. 11:23-29.

Nadat die identiteit van die skrywer en sy psigologiese karakter bepaal is, moet die Skrifverklaarder verder ook rekening hou met wie die spreker van 'n bepaalde Skrifgedeelte is. Die skrywer en die spreker kan nie sonder meer vereenselwig word nie, want die skrywers lei dikwels ander persone as sprekers in. In die historiese boeke is dit gewoonlik maklik om die spreker aan te toon, alhoewel dit moeilik is om byvoorbeeld te bepaal of die woorde van Joh. 3:16-21 deur Jesus self aan Nikodemus gerig is en of dit by wyse van 'n verduideliking deur Johannes bygevoeg is. In die profetiese boeke kan die oorskakeling van die skrywer na die spreker in die reël makliker raakgesien word, aangesien die verandering van die naamval van die derde na die eerste persoon gewoonlik 'n goeie leidraad bied (Hos. 9:9-10; Sag. 12:8-10; 14:1-3; ens.). Om hierdie rede kan dit met sekerheid bepaal word dat Lukas nie 'n ooggetuie van die gebeure in die eerste vyftien hoofstukke van Handeling was nie, want eers van die sestiende hoofstuk af

- 
1. Cf. Lukas, Handeling en die meeste Sendbriewe.
  2. Cf. Prediker, Hebreërs; ens.



begin hy in die eerste persoon skryf.

Soms tree die spreker ook in gesprek met 'n denkbeeldige gespreksgenoot en vereis dit 'n fyn onderskeidingsvermoë by die Skrifverklaarder om die werklike spreker aan te dui (Mal. 3:13-16; Rom. 3:1-9; e.a.).

#### 6.5.3.2 Die Leserskring

Dit is van groot belang om te weet aan wie 'n spesifieke Skrifgedeelte oorspronklik gerig is - en dit geld veral ten opsigte van die uitleg van die Sendbriewe: "The writer of necessity took into account their geographical, historical and social position, their industrial and commercial relations, their educational and social advantages, their moral and religious character, and their personal idiosyncrasies, prejudices, and peculiar habits of thought. And his knowledge of these is reflected in his book"<sup>1)</sup>

Met behulp van hierdie hermeneutiese beginsel kan die problematiek van die Sinoptiese Evangelies, a.o. die samestelling van die Sendbriewe, beter begryp word.

By die Skrifuitleg moet daar primêr gepoog word om die interpretasie wat die geadresseerdes aan 'n spesifieke Skrifgedeelte geheg het, te bepaal. Daarmee word geensins veronderstel dat die taak van die Skrifverklaarder afgehandel is wanneer hy die interpretasie van die oorspronklike lesers vasgestel het nie. Dit is duidelik dat die geadresseerdes van destyds nie 'n monopolie bedryf het met die inhoud van dit wat God aan hulle deur die Bybelskrywers openbaar het nie. In Openb. 1:19-20 ontvang Johannes die opdrag om die gedikteerde inhoud wat hy ontvang het, aan die adres van die sewe gemeentes in Klein-Asië te rig. In Openb. 2:1 skryf hy sy brief aan die gemeente

---

1. Berkhof, L., op.cit., p.125.

(enkelvoud) van Efese, terwyl vers 7 vra dat die gemeentes (meervoud) moet luister na dit wat die Gees aan hulle sê. Dit kan dus aanvaar word dat die Bybelinhoud 'n algemene ge= rigtheid toon wat vandag nog steeds van toepassing is op elkeen wat deur die Heilige Skrif gekonfronteer word.

#### 6.5.3.3 Doelstelling van die Geskrif

Die kennis van die sentrale doelstelling wat die skrywer beoog, help die Skrifverklaarder om, te midde van verskeie moontlike interpretasies, die ware betekenis te bepaal en vrywaar hom daarvan om 'n figuurlike oplossing vir die konkrete werklikheid aan te bied. Soms word die doelstelling deur die skrywer self aangekondig (Spr. 1:2-4; Luk. 1:1-4; Joh. 20:31; Openb. 1:1; ens.), maar meermale word die doel= stelling vanuit die Skrifinhoud self afgelei.

Die aanleidende omstandighede tot die skrywe van die Sendbrief aan Filemon kan as voorbeeld gebruik word. Uit die briefinhoud self kan ons die volgende afleidings maak: Onesimus was 'n slaaf en self 'n Kolossenser (Kol. 4:9: "van julle mense"), wat aan Filemon behoort het. Hy het van sy eienaar in Kolosse gedros, omdat hy blykbaar 'n diefstal gepleeg het.<sup>1)</sup> Hy het sy weg na die wêreldstad Rome gevind waar hy met Paulus in aanraking gekom het en onder sy invloed tot bekering gelei is (v.10). Paulus kon in die gevangenis van sy dienste goed gebruikmaak, maar hy wou dit nie sonder Filemon se goedkeuring doen nie (v.13-14). Daarom stuur hy hom terug na sy eienaar toe met 'n aanbevelingsbrief ("Die Brief van die Apostel Paulus aan Filemon") ten gunste van hierdie berouvolle slaaf (v.11).

#### 6.5.3.4 Die Geskrif se ontstaanstyd

Die ontstaanstyd van 'n Bybelboek in die algemeen, en van 'n spesifieke Skrifgedeelte in besonder, is belangrik vir

---

1. Muller, J.J., Die Brief van die Apostel Paulus aan die Filippense en Filemon, p.44.

die verklaring daarvan. Dit bepaal nie alleen die tyd-historiese verband met die milieu waarin dit gerealiseer is nie, maar dit open ook perspektiewe vir die verstaan van die heilshistoriese verband waarin die besondere Skrifinhoud interpreteer moet word. Standaardwerke oor die kronologiese verloop van Israel se geskiedenis, asook kommentare op die verskillende Bybelboeke, moet in hierdie opsig vrugbaar aangewend word.

Die historiese Skrifbenadering hou dus rekening met alle historiese feite wat kultuur-histories, direk of indirek, by die Skrifinhoud en die verklaring daarvan betrokke is. In besonder hou dit rekening met wie die skrywer is; aan wie die skrywe gerig is; wat die doel van die geskrif is; en wanneer dit geskryf is.

## 6.6 TEOLOGIESE SKRIFUITLEG

### 6.6.1 NOODSAAKLIKHEID VAN TEOLOGIESE SKRIFUITLEG

Baie geleerdes wat oor die hermeneutiek skryf, is van mening dat volstaan moet word met die filologiese en historiese faktore wat by 'n teks 'n rol speel. In Gereformeerde kringe is dit veral Abraham Kuyper<sup>1)</sup> en Herman Bavinck<sup>2)</sup> wat hierdie derde element in die Skrifverklaring aksentueer. Eersgenoemde beklemtoon die "mistieke" element wat by Skrifuitleg 'n rol speel, terwyl laasgenoemde daarop aandring dat die Bybel "teologies" gelees moet word. Met die voorbehoud dat die teologiese benadering nie as 'n individualistiese stukkie arbeid gesien word wat los van die filologies-historiese navorsing staan nie, is dit noodsaaklik om so 'n stadium in die Skrifuitleg te onderskei. Met die term teologiese Skrifuitleg word geensins impliseer dat by hierdie deel van die Skrifuitleg 'n stadium bereik word waar daar verder vanuit 'n dogmatiese oogpunt na die beskikbare filologies-historiese materiaal gekyk word nie. Die teologiese Skrifuitleg wil,

- 
1. Kuyper, A., Theol. Enc., deel III, p.101 et seq.
  2. Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, deel I, p.471 et seq.

soos die woord teologie oorspronklik aandui, 'n spreke van God aan die orde stel. Hierdie spreke veroorloof nie die Skrif=verklaarder om as dwangbuis van sy eie opvattinge met die Woord van God om te gaan nie. Inteendeel, om die Skrif te verstaan moet die Skrif self tot spraak gebring word, omdat God in en deur die Heilige Skrif tot die mens spreek. Derhalwe: "Wie over de Schrift heerst, en buiten haar meent te kunnen verstaan, heeft zich de pas tot het Schriftverstaan en die Schrift=uitlegging afgesneden.<sup>1)</sup>" Anders gesê: die teologiese Skrif=uitleg is nie 'n aparte deel van die Skrifuitleg nie, maar is trouens so in die filologies-historiese materiaal verweef dat dit nie moontlik is om die teologiese interpretasie aan te wend, alvorens die eerste twee stadia nie afgehandel is nie. Saam met Berkhof kan dus met goeie reg na hierdie afdeling van die Skrifuitleg verwys word deur die term teologiese Skrifuitleg daarvoor te gebruik: "The name 'Theological Interpretation' deserves the preference, as expressive, at once, of the fact that its necessity follows from the divine authorship of the Bible, and of the equally important consideration that in the last analysis, God is the proper Interpreter of His Word."<sup>2)</sup>

Die teologiese Skrifuitleg is ook nie 'n opsionele deel van die Skrifverklaring wat na eie willekeur gedoen of nagelaat kan word nie. Dit het geen sin om met 'n bloot filologies-historiese spreke oor die Skrif as die Woord van God te volstaan, indien daar nie tegelykertyd ook gespreek word oor God insover as Hy Homself in Sy Woord openbaar het nie. Die teologiese perspektief op die filologies-historiese konteks is 'n absolute imperatief vir die verstaan van die Skrif, want die Skrif is nie bedoel om slegs "heilige woorde" in historiese verband te wees nie, maar is as Woord van God tegelykertyd ook 'n kerugma of verkondiging van die wyse waarop God Homself bekendstel aan die mens. Om hierdie rede word die Bybel ook nie gelees om net die ervarings van die Bybelskrywers en hul

- 
1. Zuidema, S.U., De Christus der Schriften en oecumenische theologie, p.42.
  2. Berkhof, L., Principles of Biblical Interpretation, p.134.



tydgenote aan te hoor nie. Immers, die Bybel word gelees en bestudeer (ook in die Bybelkunde!) juis omdat God se dae en beloftes van die verlede in die Bybel aangewend word om Sy "beeld" aan die mens in die hede bekend te stel: "Zij vertellen ons met welke daden en beloften God in het verleden Zijn 'image' heeft opgebouwt. Maar zij vertellen dat opdat wij vandaag zouden weten waarop we bij God mogen rekenen; Wie Hij vandaag voor ons is; wat wij van Hem mogen verwachten voor de wereld en de mensen en - wat Hij van ons verwacht!"<sup>1)</sup>

Die teologiese Skrifuitleg vra na die diepere sin van die Skrifinhoud en hou dus ten nouste verband met die bedoeling wat die Heilige Gees as die eintlike Outeur van die Skrif, daarin vasgelê het. (Cf. testimonium Spiritus Sancti). Om hierdie rede is dit begryplik dat die teologiese Skrifuitleg 'n moeilike deel van die Skrifverklaring uitmaak. Waar die filologies-historiese arbeid op die horisontale vlak geleë is en as metode rasioneel aangewend kan word, kom die Skrifverklaarder hier te staan op die vertikale vlak waar geen redelike metode gewaarborg kan word om die proses van God se openbarende bekendstelling van Homself, as hermeneutiese beginsel volledig te formuleer nie. Trouens, die dilemma waarvoor die meeste hedendaagse Skrifverklaarders te staan kom, is juis die feit dat slegs dit wat rasioneel verklaarbaar is, algemeen as "wetenskaplike" navorsing beskou word. Die gevolg van hierdie gesekulariseerde werklikheidsbeskouing is 'n geringskating van die betekenis wat aan die diepere sin van die Skrifinhoud geheg word. Gevolglik bestaan die neiging om die teologiese Skrifuitleg te verwaarloos, of om dit heeltemal te negeer. Dit is ook hier by die aanwending van die teologiese interpretasie waar die Skrifverklaarder op dun ys beweeg en hy tot die uiterste toe beproef word om, enersyds sy objektiwiteit te behou, of om andersyds toe te gee aan die versoeking om 'n

---

1. Kuitert, H.M., Verstaat gij wat gij leest? pp.22-23; cf. Eybers, I.H., Hermeneutiese Beginsels vir die Ou Testament in die verhouding Ou Testament - Nuwe Testament, pp.21-22.

makliker en eiewillige metode van Skrifuitleg te volg. Die Reformatoriese beginsel te wete dat die Heilige Skrif self die verklaarder van die Heilige Skrif is, is hier die enigste betroubare maatstaf om werklike insig in die Skrifinhoud te verkry.

Samevattend kan dus gesê word dat die Skrifverklaarder se taak nie afgehandel is wanneer hy filologies-histories bepaal het wat die outeur in 'n bepaalde Skrifgedeelte gesê het en hoe sy lesers die inhoud daarvan verstaan het nie. Op die voorafgaande fases volg 'n onmisbare afronding wanneer aandag gegee word aan die kerugma van dié betrokke Skrifgedeelte: "Hier mag die verklaarder nooit sy eie gedagtes in die teks indra nie, maar moet hy altyd uitlê wat daar staan en sover moontlik (onder leiding van Gods Gees) God se bedoeling met dié perikoop bekend maak"<sup>1)</sup>

#### 6.6.2 DIE SKOPUS VAN DIE HEILIGE SKRIF EN DIE "SLEUTEL" VIR DIE ONTSLUITING VAN DIE BYBELSE KERUGMA

Die Bybel pretendeer nie om 'n 'orakelboek' te wees waaruit die mens se intellek gevul of sy nuuskierigheid geprikkeld, of sy mistieke verwagtinge bevredig moet word nie. Die Bybel is God se openbarende spreke waardeur Hy die mens tot geloof en aanbidding wil lei. As sodanig is elke afsonderlike woord gevul met 'n inhoud wat op sigself binne sy verband, 'n openbaringselement bevat. Hierdie afsonderlike openbaringselemente is egter nie soos 'n bont lappieskombers kunsmatig aanmekaar gevoeg nie, maar is veeleer soos 'n ryk gevarieerde weefstuk waarin dieselfde basiese patrone telkens herhaal word tot op die eindpunt daarvan.<sup>2)</sup> Anders gestel: die Bybel word gekenmerk deur die samehang van eenheid en

- 
1. Eybers, I.H. "Die Ou-Testamentiese Wetenskap" in Inleiding in die Teologie, red. Eybers, I.H., König, A., Stoop, J.A., p.53.
  2. Cf. Lombard, J.C., Leerstellige Godsdiensonderwys en Bybelkunde - Die grondslag en die praktyk, p.150.

veelheid waarin 'n sentrale doelstelling as basiese patroon telkens herhaal word. Hierdie gerigtheid van die Skrif op 'n konkrete doelstelling, is volgens Berkouwer soos 'n pyl op 'n boog wat gerig is op die hart van die mens.<sup>1)</sup> Hierdie doelstelling van die Skrif is in die jongste tyd sterk onder die soeklig gestel en vele pogings is reeds aangewend om die sensus Sacrae Scripturae op te spoor. Die hermeneutiek is veral gekonfronteer met die probleem van die skopus-gedagte wat by die hedendaagse Skrifondersoek betrek word. Die skopus-begrip met betrekking tot Skrifverklaring is 'n gedagte wat ontleen is aan Fil. 3:14 waar Paulus die woord σκοπόν gebruik om die doel waarheen hy jaag, aan te dui. Met betrekking tot die hermeneutiek wil die skopus-gedagte die doel van die Skrifboodskap aantoon deur aan te dui hoe hierdie doel op bepaalde punte saamgetrek is.

Die skopus-gedagte as die aanduiding van die sentrale doelstelling wat deur die Skrifinhoud beoog word, is nie 'n nuwe denkrigting wat sy ontstaan aan die "Nuwe Hermeneutiek" te danke het nie. Dit is ook nie 'n produk wat voortvloei uit die milieu van die hedendaagse gesekulariseerde wêreld wat die tradisionele Skrifbeskouinge met minagting bejeën nie: "Duidelik blykt, dat er in de kerk altijd wel een besef geleefd heeft voor de noodzakelijkheid om in het verstaan van die Schrift op deze "skopus" te letten."<sup>2)</sup> In beide die Skrifuitleg en die prediking was daar voortdurend intensief gepoog om hierdie gerigtheid van die Skrif in woorde vas te lê. Die Hervormers het self ook aan die worsteling om die skopus van die Skrif te bepaal, meegedoen. Die Reformasie was ten diepste 'n stryd met Rome oor die skopus van die Skrif of onderdele daarvan. Ten spyte van velerlei gevare wat die vertolking van die Skrif vir hulle persoonlik kon inhou, het Luther onder andere onomwonde verwys na die "skopus" van 'n Bybelvers:

---

1. Cf. Berkouwer, G.C., De Heilige Schrift, deel I, p.177.

2. Berkouwer, G.C., De Heilige Schrift, deel II, p.95.



"Christus universae scripturae scopus est."<sup>1)</sup> Ook by die relasie van die deel tot die geheel van die Skrif ("das zirkelhafte Verhältnis) en vir die verstaan van die konteks, is die skopus vir Luther onmisbaar: "aus dem einheitlicher Sinn, auf den das Ganze zielt, dem Skopus."<sup>2)</sup>

In Gereformeerde kring het H. Bavinck die "skopus" van die Skrif onvermydelik aangeraak toe hy die noodsaaklikheid van 'n "teologiese" doelstelling by die Skrifverklaring bepleit het: "Ook alle die feiten worden in de Schrift niet op en voor zichzelf medegedeeld, maar met een theologisch doel opdat wij God zouden kennen tot zaligheid."<sup>3)</sup> Om die teologiese sin te verstaan, erken Bavinck dat nie alles wat in die Bybel geskrywe staan ewe dig om die sentrum daarvan saamgetrek is nie. Hy onderskei derhalwe tussen die sentrale doelstelling wat hy die sentrum noem en die periferie wat wel ook tot die gedagtes van God behoort, maar nietemin verder van die middelpunt af geleë is.<sup>4)</sup>

Die skopus-gedagte is ook nie vreemd aan die Bybelskrywers self nie. Paulus sê byvoorbeeld aan die Korinthiërs: "want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde." (1 Kor. 2:2). Sy prediking van Christus as die gekruisigde, het nie impliseer dat hy die evangelie slegs tot die feit van Christus se kruisdood gereduseer en veronderstel het dat alles wat op die periferie daarvan lê, geensins ter sake is nie. Intendeel, Paulus wil hier alle waarhede wat hy verkondig het beklemtoon, maar dan nie as losstaande momente op sigself nie. Hy wil eerder dat al die waarhede wat in sy prediking aldaar verkondig is, ten diepste vanuit een sentrale gedagte belig moet

- 
1. Cf. Rossouw, H.E., Klaarheid en Interpretasie, p.191.
  2. Gadamer, H.G., Wahrheit und Methode, Grundzüge einer philos. Hermeneutik, p.164; cf. Berkouwer, G.C., op.cit., p.96 (voetnota 134).
  3. Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, deel I, p.416.
  4. Cf. Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, deel II, p.409; cf. Heyns, J.A., Brug tussen God en Mens, p.89.



word. "Jesus Christus as gekruisigde" word dus uitdruklik beklemtoon om die evangelie in sy volle omvang aan te dui, en lê die nadruk op die sentrale gebeurtenis wat die evangelie onderskei van alle ander destyds bestaande verlossingsboodskappe.<sup>1)</sup>

In die skopus is daar nie soseer sprake van 'n tema of kort samevatting of homiletiese onderwerp wat aan die orde kom nie. Die skopus is daarenteen 'n gerigtheid, die intensie of spesifieke doel van die verskillende woorde, sodat daar deur die skopus 'n sinvolle samehang daarin aan die lig kom. Die skopus-begrip word deur J.A. Heyns mooi geformuleer wanneer hy dit soos volg saamvat: "Die skopus is nie 'n kort samevatting of slotsom nie, nie 'n blote tema of hoofgedagte nie, maar die tendens waarin die sin van al die samehangende woorde aan die lig tree en waarsonder dit alles in 'n blote verskeidenheid sou uiteenval. Die skopus is die brandpunt waar alle strale saamtrek, die blikrigting waarop alle aandag gevestig word, die sleutel waarmee die geheim van elke woord, teks en elke Bybelboek ontsluit word."<sup>2)</sup>

Indien die skopus as die spesifieke doel van die Heilige Skrif geld en selfs aangedui word as die "tendens" van die Woord in sy samehang, is dit onvermydelik dat rekenskap gegee moet word van die hermeneutiese implikasies wat daaruit voortspruit. Vireers kan die vraag gestel word of die skopus-gedagte nie as vanself die poort open vir 'n subjektivistiese of willekeurige Skrifuitleg nie. Hierop moet bevestigend geantwoord en toegegee word dat die skopusgedagte wel maklik aanleiding kan gee tot derglike humanistiese benaderings by die Skrifuitleg. Die Skrifgebonde verklaarder van die Bybelinhoud word egter vanuit die Reformatoriese sola Scriptura Skrifbelydens in staat gestel om duidelike hermeneutiese riglyne raak te sien, sodat hy wel insig kan verkry om die relasie

- 
1. Groenewald, E.P., Die Eerste Brief aan die Korinthiërs, p.39.
  2. Heyns, J.A., op.cit., pp.88-89.

tussen Skrifgesag en Skrifvertolking Skriftuurlik te handhaaf. Indiën die skopus van die Heilige Skrif op die grondslag Sacra Scriptura sui ipsius interpres bepaal word, hou die skopus-gedagte geen gevaar van 'n moontlike redusering van die Skrifboodskap in nie. Inteendeel, die skopus-gedagte dra juis daartoe by dat 'n verdieping van die Skrifgegewens waargeneem en begryp kan word. Die skopus-gedagte beperk dus nie die aksie-radius van die Skrif nie, maar wil die boodskap van die Skrif in sy radikale karakter tot in die wortel-indringende betekenis-daarvan aksentueer en die aandag op die essensiële inhoud daarvan toespits.<sup>1)</sup> Die skopus-gedagte stel ook nie 'n dualisme tussen die sentrum en periferie (Bavinck) van die Skrifboodskap voor nie. Dit impliseer ook nie dat enige deel of dele van die Bybel onbelangrik is nie, maar bevestig juis die feit dat alles wat in die Heilige Skrif geskrywe is, ge-laai is met heilige tendens. Tereg kan dus beweer word dat diegene wat die Skrifinhoud wil verstaan sonder om dit vanuit die sentrale doelstelling of skopus te ontsluit, byvoorbeeld tot valse kennis gedoem is. Sodanige skeiding tussen die Skrifinhoud en die sentrale doelstelling daarvan kom basies neer op die beoefening van Bibliolatrie, dit wil sê dat daar só 'n radikale skeiding tussen vorm en inhoud gemaak word dat die Boek as plaasvervanger van God self moet instaan.<sup>2)</sup>

Uit wat reeds gesê is blyk dit dat daar 'n skopus-gedagte uit die Skrifinhoud afgelei moet word waarin Christus as die Sentrale Figuur van die Bybelse kerugma 'n prominente plek sal beklee. Om hierdie rede word in sekere kringe (W. Vischer, e.a.) na Christus verwys as die "hermeneutiese sleutel" wat die Bybel ontsluit (Die "sleutelgedagte" is 'n uitdrukking wat ontleen is aan onder andere Luk. 11:52 en Matt. 23:13, waar verwys word na "die sleutel van kennis" as 'n aanduiding van iemand wat tot insig gekom het). Dat Jesus Christus as die

---

1. Cf. Heyns, J.A., op.cit., p.97.

2. Cf. Gaebelien, F.E., "The Unity of the Bible" in Revelation and the Bible, red. Henry, C.F.H., p.401.

Vleesgeworde Woord, die sentrale Persoon in die Nuwe Testament is, blyk baie duidelik uit die Bybel self. Daarom kon Hy inderdaad sê dat die Jode die Skrifte ondersoek omdat hulle meen dat hulle daarin die ewige lewe het, maar hulle kon dit nie vind nie, omdat hulle dit nie in Hom gesoek het nie. (Joh. 5:39). In dieselfde verband verklaar Hy: "Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe." (Joh. 5:46). Met ander woorde, alhoewel die Teokratiese element in die Ou Testament meer op die voorgrond tree, is dit duidelik dat die Drie-Eenheid veronderstel word en dat Christus ook implisiet in die Ou Testament verborge is. Trouens Jesus het dikwels aangetoon dat die Skrifte op Hom betrekking het en in Hom hulle diepste sin vind. Byvoorbeeld in Matt. 21:42 sê Jesus: "Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë"- wat eintlik 'n aanhaling uit Ps. 118:22 en 23 is en op Israel van toepassing was.<sup>1)</sup> (Vergelyk ook Mrk. 14:27 met Sag. 13:7; Luk. 24:25, 27, 44; e.a.).

Ons kan dus volstaan deur te sê dat die sentrale doelstelling van die Heilige Skrif ook die skopus daarvan genoem kan word en dat Christus die konkrete sentrum daarvan is. Die blote feit dat die skopus van die Heilige Skrif en die sleutel vir die ontsluiting daarvan bepaal is, waarborg nog nie dat getroue Skrifuitleg noodwendig geproduseer sal word nie. "Met deze "sleutel" wordt in de hermeneutische discussie niet bedoeld een hermeneutische teorie of techniek, die als zodanig de rechte toegang tot het gebouw der Heilige Schrift zou kunnen ontsluiten. Het rechte verstaan van de Heilige Schrift is met een zuivere theorie; met duidelijke hermeneutische regels, nog niet als vanzelf gegarandeerd." Die aanwending van sleutels wat toegang tot die interpretasie van die Heilige

- 
1. Cf. Du Toit, S., "Psalms" in Die Bybel met Verklarende Aantekeninge, deel II, p.1284: "Israel, die volk wat deur die groot volke van die wêreld verag is, is deur God tot 'n besondere posisie verkies. Soos die hoeksteen die hele gebou dra, so moet dit die volke dra en die verlossing vir hulle voorberei,"
  2. Berkouwer, G.C., De Heilige Schrift, deel I, p.155.

Skrif verleen, moet steeds binne die raamwerk van daardie hermeneutiese beginsels wat uit die Skrif self genormeer is, toegepas word. Beginsels wat die samehang tussen dele en die geheel van die Skrifinhoud aandui, is hier veral baie belangrik.

Daar moet ook gewaak word teen die indra van eensydige aksente by die Skrifuitleg, ten einde te verhoed dat 'n redusering van die Bybelboodskap plaasvind. Veral die volgende tweërlei reduksies is geen denkbeeldige bedreiging nie.

Eerstens, 'n antropologiese reduksie van die Skrif. Daarmee word bedoel dat die mens so prominent in die sentrum van die Bybelboodskap geplaas word dat die hele doel en sin van die openbaringsgeskiedenis vanuit die mens self bepaal word. Dit moet erken word dat die Bybel in die destydse taal en via 'n oer-wêreldbeeld aan ons geopenbaar is en derhalwe noodwendig sekere belangrike antropologiese trekke moet vertoon. Nogtans bestaan daar geen grond vir die uitbouing van 'n antropologiese verklaringswyse van die Skrif nie, aangesien die Bybelse mens in sy betrokkenheid op God, totaal ondergeskik aan Hom gestel word.<sup>1)</sup> Geen verhumanisering van die Bybelse kerugma is dus houdbaar in die lig van die getuienis van die Heilige Skrif self nie.

Tweedens kan daar 'n soteriologiese reduksie van die Skrifinhoud gemaak word. Die soteriologiese afleiding funksioneer met die redding van die sondaar wat op die voorgrond gestel word. Diegene wat die Skrif vanuit 'n soteriologiese grondslag benader, stel ook God se raad, die predestinasie, ens. as ondergeskikte onderdele van die verlossingsleer voor. Die verlossingsaspek in Gods heilshandelinge word dus tot uitsigtoring geproklameer waaruit daar 'n blik op die Skrif en werklikheid verkry moet word. Hoe belangrik hierdie aspek ookal mag wees, moet daar nogtans gewaak word om nie die Skrifboodskap soteriologies te oorwoeker nie.

---

1. Cf. Supra, Die Mens as God se Mens, p.56.

Zuidema<sup>1)</sup> noem voorts nog twee sleutels waarmee die Heilige Skrif vandag gereduseer word, naamlik 'n rasionalistiese sleutel en 'n teologiese (eksistensialistiese) sleutel. Eersgenoemde verwerp hy vanweë sy profaan-literêr-historiese aard: "De werkelykheid, losgemaak van 's mense staan voor Gods aangezicht, word hier als werelds gepredik; en tot die wereld behoort ook het wereldse boek der Heilige Schrift."<sup>2)</sup> Die tweede sogenaamde "teologiese" (eksistensialistiese) sleutel blyk volgens Zuidema 'n buite-wêreldse sleutel te wees wat vir God alleen, as die sleuteldraer daarvan, toeganklik is. Die antinomie in hierdie benadering is dat daar van 'n sleutel getuig word en dat dit selfs hanteer kan word, maar tegelykertyd handhaaf hierdie "leer" dat niemand hierdie sleutel reg kan hanteer nie. Die draaikolk waarin die aanhangers van hierdie sleutel hulle bevind, word soos volg deur Bultmann aangetoon: "Ook dit spreken is een spreken over God en als zodanig, als er een (!! ) God is, en als er geen God is (!! ) zinloos. Of het zinvol en vaardig is, staat aan niemand van ons."<sup>3)</sup>

Teenoor bogenoemde sleutels gee Zuidema voorkeur aan die eer en verheerliking van God as sleutel vir die ontsluiting van die Heilige Skrif: "de sleutel van de lof en aanbidding Gods, die door de gave van de Christus der Schriften en de Schriften van Christus Zijn glorie tot in alle eeuwigheden vestigd."<sup>4)</sup>

Dit moet aan Zuidema toegegee word dat die sleutel (skopus) van die Heilige Skrif inderdaad kulmineer in die lof en eer van God - trouens, dit was ook die Skriftuurlike gevolgtrekking waartoe die Reformatore gekom het: Soli Deo Gloria! Dit sou ook prakties moontlik wees om die eer en verheerliking van God as hermeneutiese riglyn skematies in die gang van die

---

1. Cf. Zuidema, S.U., op.cit., pp.39-66.

2. Zuidema, S.U., op.cit., pp.62-63.

3. Zuidema, S.U., op.cit., p.65; cf. Bultmann, R., Glauben und Verstehen, deel I, p.37.

4. Zuidema, S.U., op.cit., p.66.

openbaringsgeskiedenis vas te lê. Basiese grondpatrone wat eie aan die Skrif is kan met hierdie sleutel maklik hanteer word, byvoorbeeld skepping, sondeval en verlossing; die genadeverbond; die soteriologiese karakter van die heilsboodskap; asook die Teosentriese en Christosentriese gerigtheid van die Skrifinhoud.

Ons kan dus konkludeer dat alhoewel die eer en heerlikheid van God nie die enigste sleutel vir die verstaan van die Heilige Skrif is nie, dit wel 'n hoof-sleutel is wat al die ander moontlike sleutels lei in die ontsluitingsproses van die Skrifuitleg.

#### 6.6.2.1 Die Koninkryk van God as die skopus vir die verstaan van die Heilige Skrif

Myns insiens is die Koninkryk van God die mees funksionele grondpatroon waarmee die eer en verheerliking van God as sleutel aangewend kan word om die Heilige Skrif uit te lê. Die Koninkryksgedagte kan ook maklik as hermeneutiese beginsel aangewend word om die Heilige Skrif te tematiseer, sodat dit 'n hanteerbare formule word om die Bybel vir 'n groter leserskring toeganklik te maak.

Analogies is dit moontlik om 'n projeksie van die Koninkryk te maak deur dit op die konkrete voorstelling van 'n aardse koninkryk te reflekteer. Die begrip "Koninkryk van God" bevat dan dieselfde basiese elemente as dié waarmee 'n aardse koninkryk gekrediteer word, naamlik 'n koning wat regeer; onderdane wat onder sy gesag staan; en 'n koninkryk wat oral gerealiseer word waar onderdane aan die koning gehoorsaamheid bewys.

Die Koninkryksgedagte open veral die volgende perspektiewe vir die verstaan van die Bybel. Eerstens word 'n blik op die skeppingsmotief verkry, aangesien sy koningskap oor die totaliteit van sy skeppingswerklikheid strek. Hierdie kreatuurlikheid waaroor Hy soewereiniteit beskik, kan in sy totaliteit in vier dimensies aangedui word, naamlik die engeleryk, die planteryk, die diereryk en die menseryk. In die engeleryk

is daar 'n spontane gehoorsaamheid aan die gesag van die Koning (Cf. Jes. 6:1-3; Openb. 4:8-11; e.a.) Die planteryk word gekenmerk deur die koningsheerskappy van God wat deur wetmatigheid Sy ryk instandhou. Aansluitend by Sy wetmatige onderhouding van die planteryk, heers God ook oor die diereryk wat deur 'n instinktmatigheid aan Hom onderworpe is. Die menseryk staan as onderdane van die Koning voor 'n Persoon wat as Wetgewer gehoorsaamheid van hulle eis. Maar in teenstelling met die plante- en diereryke, is die mens in staat om die gesag van die Koning by wyse van keuse te aanvaar of te verwerp. Die Koninkryk kry dus gestalte oral waar onderdane aan die Koning gehoorsaamheid betoon. Die skeppingsverhaal en sogenaamde "Paradys"-toestand van Genesis, kan vanuit die Koninkryksgedagte pragtig ontsluit word.

Die Koninkryksgedagte as hermeneutiese grondpatroon vir die ontsluiting van die Bybel, hou ook rekening met die sondeval. Omdat die mens kan kies, beskik hy oor die potensiaal om ook verkeerd te kies. Genesis 3 en verder ontplooi die reaksie op die sondeval en word gekenmerk deur die twee elemente van straf en genade. Die straf bring mee dat die skepping afvallig raak van die Koning en gevolglik in bedorwenheid verval. God laat die mens egter nie heeltemal te gronde gaan nie, maar toon Sy genade aan die mens deur Sy Verbond met hulle op te rig. Die Verbondslyn word as God se genadige verbondenheid met die mens uitgewerk deur die monopoleuriëse Verbond waarin Hy onderneem om aan Abraham en sy nageslag getrou te bly. Daarenteen word van Sy volk gehoorsaamheid gevra waaruit sou blyk dat hulle as Sy onderdane Hom wil verheerlik. Die realiteit van die herstelde gemeenskap met Sy volk, word verseël met die belofte van 'n Verlosser wat uit die vrouesaad na vore sal kom om die kop van die slang te vermorsel (Gen. 3:15). Die hele Ou Testament kan dus op 'n konkrete en maklik verstaanbare hermeneutiese grondslag ontsluit word, soos God se Verbond met die aartsvaders; Sy getrouheid soos veral blyk uit hulle onderhouding: die steeds helderder Messiaanse lig (cf. Isak as offer); die skeuring van die ryk van Israel; die profetiese gerigtheid

op innerlike onderdanigheid eerder as uiterlike kultiese vertoon (cf. Miga 6:6-8); ens. Die hele Ou Testament kan dus gesien word in die lig van die worsteling wat daar bestaan om die Koninkryk van God te realiseer deur die gehoorsame onderwerping aan Sy heerskappy.

Die koninkryksgedagte sluit as hermeneutiese grondpatroon ook die verlossingsmotief van die Bybelse boodskap in. As die vervulling van die vrouesaad, kom Christus nie alleen om die gevalle onderdane weer te herstel met die Koning nie, maar in Sy Persoon bring Hy die Koning en Sy Koninkryk naby aan hulle (Matt. 4:17). So naby bring Hy die Koninkryk dat Hy nie slegs van die Koninkryk getuig nie, maar dat Hy selfs met die Koninkryk vereenselwig word. In Luk. 18:29 en 30 sê Jesus: "Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of ouers of broers of vrou of kinders verlaat het ter wille van die koninkryk van God, wat nie baie maal soveel in hierdie tyd sal ontvang nie en die ewige lewe in die eeu wat kom." Die parallelle gedeeltes in die ander Sinoptiese Evangelies word soos volg aangehaal: Mrk. 10:29 "ter wille van My en van die evangelie"; en Matt. 19:29 "ter wille van My Naam". Christus word dus met die Koninkryk vereenselwig, derhalwe kon Hy inderdaad predik: "Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemele het naby gekom." (Matt. 4:17). In Hom en deur Hom kon die gevalle mens weer as onderdaan van die Koning, burger van die Koninkryk wees. Dit wat Hy in beginsel reeds is en gedoen het, vorm die onderbou vir dié verstaan van die Nuwe-Testamentiese boodskap wat in eskatologiese sin in die eindtyd gekonkretiseer sal word. In die spanning van die antitese "reeds-en-nog-nie", word die mens opgeroep om te word wat hulle in Christus is: onderdane en mede-erfgename van die Koninkryk Gods!

Die koninkryksgedagte is dus 'n funksionele metode om as grondpatroon die tendens van die Heilige Skrif te ontsluit, veral vanweë die konkreetheid waarmee dit die strukture in die Skrif blootlê. Dit voldoen ook aan die vereistes wat aan 'n hermeneutiese grondpatroon gestel word te wete dat dit nie 'n



eensydige antropologiese of soteriologiese reduksie van die Skrifinhoud tot gevolg het nie.

Die bruikbaarheid van die koninkryksgedagte as hermeneutiese sleutel vir die verstaan van die Skrifboodskap, blyk veral daaruit dat al die belangrike aspekte wat vir die verstaan van die Bybel nodig is, daarin tot hulle reg kom. Naas die allerbelangrike grondmotiewe wat reeds as onderdele van die koninkryksgedagte aangetoon is, naamlik die eer en verheerliking van God en die grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, kom die teosentriese en Christosentriese karakter, asook die genadeverbond tot hulle reg. Trouens, laasgenoemde drie aspekte is só intiem verweef dat tereg gesê kan word dat die genadeverbond juis basies teosentriees gerig is. Meer nog, die genadeverbond is so onlosmaaklik vervleg met die Christosentriese gestalte waarin die Heilige Skrif aangebied word, dat laasgenoemde as die inhoud van die genadeverbond beskryf kan word.

#### 6.6.2.2 Die teosentriese karakter van die Bybel

Die Reformatoriese benadering tot die Skrifuitleg dra 'n sterk teosentriese aksent, dit wil sê die Skrifinhoud word in sy geheel gesien soos wat dit in relasie tot God, wat Self die middelpunt daarvan is, vorm aanneem. Selfs die Nuwe-Testament wat Christus se werksaamhede konkreet op die voorgrond stel, is teosentriees gerig. Ridderbos laat dit duidelik blyk dat hoeseer die apostel Paulus ookal aandag bestee het aan die betekenis wat die Goddelike handeling in Christus vir die menslike eksistensie inhou, die beslissende gesigspunt nogtans elders geleë is, te wete in die teosentriese betekenis van die Goddelike heilswerk.<sup>1)</sup> Die betekenis wat Christus se verhoging vir die hede en toekoms inhou, is daarop gerig dat God alles in almal sal wees (1 Kor. 15:28), en dat in die naam van Christus elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus

---

1. Cf. Ridderbos, H., Paulus. Ontwerp van zijn Theologie, p.92.

Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader!

(Fil. 2:10; Rom. 14:11): "Het theocentrisch gezichtspunt - zo mogen wij concluderen - vormt het grote uitgangspunt van de paulinische paraenese. Van hieruit is zowel de inhoud van de afzonderlijke geboden te benaderen, als ook van de algemene begrippen, waarin deze paraenese samevattend wordt omschreven."<sup>1)</sup>

Die belangrikheid van 'n teosentriese beklemtoning in die Skrifuitleg, spruit dus daaruit voort dat God beide die Outeur, as= ook die wesenlike Inhoud van die Heilige Skrif is. Die teosentriese aksent blyk ook noodsaaklik te wees wanneer daarop gelet word dat die baie menslike optredes en insidente wat op die horisontale vlak afspeel, andersins maklik prooi kan val van 'n antropologiese Skrifuitleg: "Die hele, inhoudryke menslike lewe in die Ou Testament moet steeds weer in verband met God gesien word. Hy is die Skepper van alle dinge, die Heer van die geskiedenis, die God van die verbond en van alle heilsbeloftes."<sup>2)</sup> Dit impliseer dus dat elke teks in die Bybel op een of ander manier met die getuienis aangaande God in verband staan. Tereg merk De Groot-Hulst<sup>3)</sup> op dat die kern van die Ou Testament in 'n bepaalde verkondiging aangaande God gesentreer is. Alles gaan soseer om God dat die ander dinge bysaak word en ingespan word om 'n lofsang tot Sy eer te wees. Op elke bladsy van die Bybel gaan dit om die verheerliking van die lewende God; selfs waar daar oor Hom geswyg word, word Hy tog bedoel. Ook in die boek Ester, waar sy Naam totaal ontbreek, is dit in werklikheid Hy wat die historiese prentjie oorheers. Voorts is dit opvallend dat die Bybel geen poging aanwend om die bestaan van God te bewys, of om die getuienis aangaande Hom met 'n mitologiese karakter te beklee, soos wat dit meesal by die buite-Bybelse godsdienste aangetref word nie.

Dit is dus noodsaaklik dat die Skrifverklaarder by wyse van 'n

---

1. Ibid., p.287.

2. Verhoef, P.A., Metodiek van die Eksegese, pp.72-73.

3. Cf. Du Toit, S., Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament, p.99.

terugblik op 'n bepaalde perikoop, sal probeer vasstel wat en hoe daardie gedeelte oor God gespreek het. Daar moet veral gelet word op die wyse waarop Hy geïntroduseer word; met watter Naam Hy aangedui word; wat in verband met Hom en veral ten opsigte van Sy eise en beloftes gesê word.<sup>1)</sup> Die belangrike reël om by die toepassing van die teosentriese karakter van die Skrifinhoud te onthou, is om te waak teen 'n onbeplande, maar nogtans riele, miskenning van die handeling van die Drie-enige God. Die sentrale boodskap van die Bybel mag in geen opsig só geformuleer word dat die volle teosentriese karakter van die Skrif geskend word nie. Trouens, wanneer dit in die Bybel om die Seun gaan, gaan dit tog óók om die Vader en die Heilige Gees. Verder skep die Gees vir die Seun 'n menslike natuur waarin Hy op aarde kon bestaan (Matt. 1:20) en dit is Hy wat Hom vir Sy Messiaanse taak toerus (Matt. 3:16). Omgekeerd is dit die Seun wat die Gees stuur (Joh. 16:7). Met betrekking tot die Seun se verhouding met die Vader, het Jesus self gesê: die Seun kan niks uit Homself doen nie (Joh. 5:19). Wie die Seun nie eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie (Joh. 5:23).

#### 6.6.2.3 Die Christosentriese karakter van die Bybel

By die teosentriese aspek van die Skrifuitleg moet verder in gedagte gehou word dat God Hom ná die sondeval, in Sy besondere openbaring, slegs in en deur die Middelaar (Christus) bekend gemaak het.<sup>2)</sup> Dit impliseer egter nie dat daar twee onafhanklike aspekte by die Skrifuitleg betrokke is, naamlik 'n selfstandige teosentriese aspek én 'n afsonderlike Christosentriese aspek nie. Op Reformatoriese grondslag bestaan daar geen antitese tussen hierdie twee aspekte nie, aangesien die Bybel sy kennis aangaande God in Christus openbaar.

Daar kan wel duidelik tussen die teosentriese en Christosentriese karakter van die Heilige Skrif onderskei word, en wel

---

1. Cf. Verhoef, P.A., op.cit., p.73.  
2. Cf. Ibid., p.74.

in die sin dat eersgenoemde aspek meer in die Ou Testament na vore kom, terwyl laasgenoemde aspek in die Nuwe Testament op die voorgrond gestel word. Die Christosentriese aspek kom ook meer fragmentaries in die Ou Testament voor en skuil grotendeels agters simbool en profesie, sodat die openbaring aangaande Christus in 'n skadu gehul is. In die lig van die Nuwe-Testamentiese vervulling blyk dit duidelik dat die Christosentriese karakter van die Bybel ook kenmerkend van die Ou Testament is: "Ons mag dus aanneem dat Christus en die betekenis van sy soenverdienste die eintlike skopos: doelwit (van skeptomai: om uit te kyk), ook van die Ou-Testamentiese openbaring is en dat daar in die eksegeese van 'n Ou-Testamentiese teks dus altyd ruimte moet wees vir die moontlikheid om die lyn na Christus deur te trek."<sup>1)</sup> Hoewel Christus dus die doelwit is waarop die Ou Testament afstuur, wil dit nie sê dat daar by elke Ou-Testamentiese teks implisiet iets van Christus Self gesê word nie: "Voorts is Christus zeer zeker het centrum en de hoofdinhoud der Heilige Schrift maar juist omdat Hij het middelpunt is, is Hij het uitgangspunt niet; Hij ondersteunt God en den mensch, gelijk Hij ook niet terstond bij, maar eerst vele eeuwen na de beloften in de historie is opgetreden."<sup>2)</sup> Die Christosentriese benadering is dus nie slegs 'n belangrike hermeneutiese apriori vir die Skrifuitleg nie, maar dit hou tewens ook die gevaar in van 'n eensydige Skrifuitleg wat 'n redusering van die Bybel tot gevolg het: "The Christological approach is appropriate within limits, but it cannot be the only one. It is in danger of accomplishing too much and too little; too much because it tends to read in Messianic content where it does not exist, and too little, for the Old Testament traditions cannot be profitably reduced solely to their witness to Christ."<sup>3)</sup>

'n Ooraksentuering van die Christosentriese benadering by die Skrifuitleg vind hoofsaaklik plaas omdat Christus vanuit 'n

- 
1. Verhoef, P.A., op.cit., p.75.
  2. Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, deel I, p.87.
  3. Braaten, Carl E., New Directions in Theology Today, Vol. 2, p.120.

apriories-dogmatiese oortuiging in die Bybel "ingelees" word. Verder word die Christosentriese benadering ook oorwoeker omdat die Ou Testament met 'n Nuwe-Testamentiese bril ondersoek word, sodat Christus onvermydelik in die Ou Testament terug geprojekteer word. Luther se hermeneutiese uitgangspunt word dikwels (ten onregte!) aangehaal om hierdie eensydige Christosentriese benadering te regverdig. Daar moet egter gelet word dat Luther nië die gedagte ondersteun het dat elke teks noodwendig 'n "draer" van Christus moet wees nie. Hy huldig die mening dat daar in elke boek van die Heilige Skrif gesoek moet word of dit Christus verkondig of nie. Dit gaan dus by hom om die tendens wat die geskrif globaal gesien, vertoon - derhalwe sy omstrede opvatting dat die Sendbrief van Jakobus "'n boek van strooi" is, aangesien daar in die hele boek geen verwysing na Christus voorkom nie.

Dat die Christosentriese Skrifbenadering hermeneuties maklik tot subjektivisme (en selfs tot vrye teuels aan die fantasie!) kan aanleiding gee, is duidelik wanneer gelet word op die Skrifuitleg wat Wilhelm Vischer beoefen het. Hy het die Ou Testament gelees met net één enkele bedoeling, naamlik om die getuienis van Christus daarin te vind: "Indeed Vischer says that the Old Testament has already told us what the Christ is; it remains only for the New to tell us who he is."<sup>1)</sup> Volgens Vischer getuig die hele Ou Testament net van Christus. Hy sien byvoorbeeld in die opdrag: "Laat daar lig wees" (Gen. 1:3) 'n afskynsel van God se heerlikheid in Christus (2 Kor. 4:6). Die teken van Kain wys volgens hom heen na die kruis waardeur dit vernuwe word.<sup>2)</sup> In Ehud se swaard waarmee die Moabitiese koning vermoor word, sien hy 'n heenwysing na die tweesnydende swaard van Hebr. 4:12. Alhoewel Vischer 'n eensydige benadering op die Skrifondersoek toepas, wil dit nie sê dat hy beskuldig kan word van minagting met betrekking tot die filologies-historiese getuienis nie. So 'n afleiding sou volgens

- 
1. Bright, J., The Authority of the Old Testament, p.87.
  2. Berkouwer, G.C., Die Persoon van Christus, p.100.

Bright nie reg laat geskied aan Vischer se Skrifondersoek nie: "But this is, I believe, to understand Vischer's intention, for he explicitly disclaims typology (to say nothing of allegory), affirms the validity of grammatico-historical principles of exegesis, and insists that the text is not to be spiritualized but must be interpreted in its plain meaning."<sup>1)</sup>

Vischer neem dus kennis van die wetenskaplike ondersoek rondom die Bybel en die inhoud daarvan, maar dan moet die beskikbare Bybelgegewens interpreteer word in die lig van sy werklike bedoeling of tema - en vir Vischer impliseer dit 'n volkome geregtigheid op Christus: "...the Bible is the Holy Scripture only insofar as it speaks of Christ Jesus."<sup>2)</sup>

Wanneer die eensydig beklemtoonde Christosentriese benadering van Vischer afgewys word, moet daar terselfdertyd ook waardering teenoor hom uitgespreek word vir die moedige wyse waarop hy sy standpunt gestel het en dit selfs aan die moderne filosofiese en historiese getuienis, vir 'n kritiese kontrolering daarvan, wou onderwerp.<sup>3)</sup> Vischer se grootste bydrae setel egter in sy oortuiging dat die Skrifuitleg nie met 'n bloot historiese kennis van die Skrifinhoud kan volstaan nie. Tereg is hy van mening dat daar verder gegaan moet word ten einde die "christelike" sin daarvan te ontdek. Maar in die poging om dit te bewerkstellig, moet die Skrifverklaarder versigtig wees om die Skrif se woorde in hulle eenvoudige samehang en betekenis te hoor. Teen laasgenoemde vermaning was hy self nie bestand nie, soos duidelik blyk uit sy onaanvaarbare en eensydige Skrifuitleg: "However, even many scholars who are in sympathy with Vischer's basic concern cannot but disclaim the somewhat exaggerated ways in which he has carried through his Christologising of the Old Testament. Barth himself has expressed reservations about the details, but urges those who

- 
1. Bright, J., op.cit., p.86; cf. Vischer, W., Witness of the Old Testament to Christ, vert. Crabtree, A.B., London, 1949, pp.73-74.
  2. Bright, J., op.cit., p.86; cf. Vischer, W., op.cit., p.14.
  3. Cf. Braaten, Carl E., op.cit., p.119.

criticize Vischer to try to perform the same task better."<sup>1)</sup>

Die vraag kan gestel word of Vischer se benadering om Christus tipologies in die Bybelse filologies-historiese konteks in-te- lees, nie geregverdig kan word nie op grond daarvan dat die Nuwe-Testamentiese skrywers self hierdie metode toepas. Talle voorbeelde kan in die Bybel aangetoon word waar 'n prefigurasie van Christus plaasvind in persone soos Adam, Melgisedek, Moses, Dawid en ander. Selfs profesieë wat oorspronklik in 'n totaal ander verband uitgespreek is, word sonder meer op Christus toegepas (Hos. 11:1 en Matt. 2:15; ens.).

Diegene wat met die filologies-historiese Skrifbenadering vol- staan, erken die feit dat hierdie tipologies-Christosentriese- gerigtheid, 'n sentrale deel van die Ou Testament uitmaak. Maar daarmee word die beginsel vir die aanwending van 'n tipologies-Christologiese Skrifverklaring in ons hedendaagse her- meneutiek nie ipso facto legitiem verklaar nie. Inteendeel, dit sou hoegenaamd nie houdbaar wees om die geïnspireerde Bybelskrywers te vereenselwig met die hedendaagse Skrifverklaar- der nie, aangesien hulle nie in dieselfde sin die Heilige Skrif geëksegetiseer het nie. Die Bybelskrywers het hul arbeid verrig onder die inspirasie van die Heilige Gees, terwyl die Skrifverklaarder hoogstens op die illuminasie van die Heilige Gees sou kon aanspraak maak. Derhalwe is dit ook nie moontlik om "hermeneutiese beginsels" op die Bybelskrywers van toe- passing te maak nie, terwyl dit vir die Skrifverklaarder 'n absolute noodsaaklikheid is; "Not only is this procedure on the part of the New Testament writers not exegesis as we would understand the term; it scarcely represents a systematic attempt at exegesis at all, but rather is a more or less charismatic expression of these writer's conviction that all Scripture - nay all that had ever happened in Israel - had come to fulfillment in Christ."<sup>2)</sup> Die Bybelskrywers se

- 
1. Braaten, Carl E., op.cit., p.119.
  2. Bright, J., op.cit., p.92.

beroep op die Ou Testament is "intuïtief" (getheopneusteerd) eerder as "hermeneuties" gekwalifiseerd en berus op 'n reïnterpretasie van die Ou-Testamentiese inhoud op grond van die voller openbaringsbegrip wat hulle op daardie latere stadium gehad het: "They found types in the Old Testament not as a result of grubbling through its texts in search of hidden meaning but because they had already seen a new significance in all Israel's history in the light of Christ."<sup>1)</sup>

Dit is dus duidelik dat 'n eensydige oorbeklemtoning van Christus 'n wesenlike gevaar inhou vir die Skrifuitleg in die algemeen, en vir die uitleg van die Ou Testament in besonder. Dit lei noodwendig tot 'n redusering van die Skrifboodskap soos wat dit duidelik uitgespel word in die teologiese denke van Karl Barth wat sy hele antropologie, sondeleer, heiligmakingsleer, ens., in 'n Christomonisme laat opgaan: "As is well-known, Barth sees Christ as the true subject of the whole of the biblical revelation and the key to its proper understanding. His interpretation of Scripture - including the Old Testament - is, therefore, strongly christological and goes far beyond a grammatico-historical exegesis of the text."<sup>2)</sup> Nietemin mag die waarskuwings teen 'n eensydige Christosentriese Skrifbenadering nie verhoed dat Christus se sentrale posisie in die Skrif tot sy reg kom nie. Die tendens van die ganse Ou Testament is inderdaad 'n heenwysing na Christus toe (cf. Joh. 1:46; Luk. 24:27; ens.): "Het middelpunt van den Schriftinhoud is de Zelfopenbaring Gods in den Heere Christus. Met deze Zelfopenbaring Gods in Christus staat alles wat in de Heilige Schrift van Godswege bekend gemaakt wordt, in samenhang."<sup>3)</sup> Behalwe die brief aan die Hebreërs wat konsekwent die Ou Testament Christosentriës interpreteer, blyk die Christosentriese gerigtheid van die Ou Testament ook duidelik uit die volgende aanhalings uit die Evangelie van Mattheüs: Matt. 1:23 en Jes. 7:14; 2:6 en Miga 5:1; 2:15 en Hos. 11:1;

---

1. Bright, J., op.cit., p.92.

2. Ibid., p.86.

3. Greijdanus, S., op.cit., p.121.



2:18 en Jer. 31:15, asook Jer. 40:1; 3:3 en Jes. 40:3; 4:15-16 en Jes. 8:23, asook 9:1; 9:36 en Num. 27:17, asook 1 Kon. 22:17; 13:14-15 en Jes. 6:9-10; 26:31 en Sag. 13:7.

Die Skrifverklaarder kan nie met die historiese feite volstaan nie, maar moet voortgaan om die diepere sin daarvan met betrekking tot die Skrif in sy geheel, te bepaal - veral soos dit in Christus tot openbaring kom. Die diepere sin en realisering van die Skrifinhoud in Christus, mag egter nie langs die weg van 'n allegoriese hantering van die Skrifinhoud ver-wesenlik word nie: "Voor valsche vergeestelijking moeten wij ons steeds wachten, waardoor wij een geestelijken zin zouden willen zoeken in datgene, waarin die niet ligt, of die er niet in schuilt naar de bedoeling Gods, en de mensch spelingen van eigen vernuft als gedachten Gods uitgeeft."<sup>1)</sup>

Die Christosentriese aspek moet eers vasgestel word nadat daarvooraf 'n noukeurige ondersoek gedoen is deur die Skrif met die Skrif self te vergelyk.

In die praktiese aanwending van die Skrifuitleg moet die lyn na Christus as die eindpunt van die hermeneutiese ondersoek getrek word, en nie as beginpunt soos wat Vischer dit doen nie. Deurgaans moet die doel wat die Bybel met sy Christosentriese gerigtheid wil bereik, in gedagte gehou word: "maar hierdie is beskrywe, dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam" (Joh. 20:31). Die Bybel as openbaringsgeskiedenis verkondig dus God se handeling met Sy volk wat gerig is op Christus, deur Wie die mens toetree tot die Koninkryk van God, sodat hy daardeur sy bestemming kan bereik, naamlik om tot eer van God te lewe.

#### 6.6.2.4 Die Verbondskarakter van die Bybel

Die Verbond wat die Here met die volk Israel opgerig het, is deel van die sentrale tema wat die ganse Skrifopenbaring

---

1. Ibid., p.122.

kenmerk. Elke benadering wat dus voorgee om 'n "sleutel" vir die opening van die Bybel aan te bied, moet noodwendig ook die Verbondskarakter van die Heilige Skrif tot sy reg laat kom. Tereg kan gesê word dat een van die groot tekorte in die gangbare uiteensetting van die Bybelse geskiedenisvisie, juis daarin geleë is dat die Verbond nie daarin sy regmatige plek inneem nie<sup>1)</sup>. Moontlik spruit hierdie devaluering van die begrip "verbond" voort uit die misverstand wat rondom die Verbond as sodanig heers en wat gevolglik lei tot oppervlakkige interpretasies van hierdie begrip.

Om die regte perspektief op die Verbondskarakter van die Heilige Skrif te verkry, moet daarop gelet word dat die Verbond van die Here uniek is en geheel-en-al verskil van al die ander soortgelyke ooreenkomste wat in die ou Nabye Ooste gesluit is. Allereers was dit 'n historiese verbond wat met Israel gesluit is en hoegenaamd nie op enige natuurlike afstamming gerus het nie.

Verder het die Verbond ook 'n monopleuriese ontstaan gehad. Daarmee word bedoel dat die totstandkoming van die Verbond eensydig van die Here uitgegaan het. Hy alleen het bepaal wie daarby betrokke is, asook watter verpligtinge dit sou meebring. Kenmerkend van die Verbond van die Here is die feit dat daar nooit van "ons" Verbond gepraat word nie, maar dat die verwysing telkens gemaak word na "My" of "Sy" Verbond.

Omdat hierdie Verbond histories binne die tyd gesluit is, veronderstel dit dat twee of meer partye daarby betrokke sou wees. Die Bybel leer dat hierdie twee betrokkenes God en die mens is. Die Here neem die inisiatief in die onderhandelinge, terwyl die mens kennis neem van wat gesê word. Daarmee word die mens se verantwoordelikheid tot verbondsgehoorsaamheid egter nie opgehef nie, want alhoewel die oorsprong van die Verbond monopleuries gesluit is, is die bestemming daarvan tog dupleuries

---

1. Cf. König, A., Hier is Ek. Gelowig nagedink oor God, p.158.

van aard. Daarmee word bedoel dat die mens met wie die verbond opgerig is, ook die verpligtinge wat God op Hom gelê het, móét nakom. Hierdie bilaterale karakter van die Verbond blyk onder andere uit die feit dat die mens opgeroep word om God se Verbond te bewaar (Gen. 17:9, 11), daaraan vas te hou (Jes. 56:4, 6), en om na die eis van die Verbond te handel (2 Kron. 34:32). Ons kan dus sê dat die Verbond twee dele het, naamlik die beloftes wat God gee én die eise wat Hy aan Sy bondgenoot stel - anders gesê: Die Verbond dra 'n voorwaardelike karakter!

Die Verbond van die Here word verder daaraan gekenmerk dat dit totstand gekom het deur die Woord van God en dat die Verbondsbeloftes en verpligtinge ook slegs deur die Woord bekendgemaak en in die geloof aanvaar of verwerp word. Die relasie tussen Verbondsgehoorsaamheid en die Woord word soos volg deur P. de B. Kock saamgevat: "En die verbondsgehoorsaamheid is altyd antwoord op die Woord wat eerste daar is en wat bly staan, wat die reaksie van die mens ook al mag wees. Verbondsverbreking aan die kant van die mens kan dan ook nooit verbondsvernietiging beteken nie. Die verbond word altyd gehandhaaf, óf in die verbondseën óf in die verbondswraak."<sup>1)</sup>

Alvorens meer gesê word oor die Verbondskarakter van die Heilige Skrif, moet daar vooraf gelet word op die verhouding wat daar tussen die verskillende Bybelse verbonde onderling bestaan.

#### 1. Die Werkverbond (foedus operum)

Aanvanklik is die verbond waarin die mens voor Gen 3 ingesluit is, as die natuurverbond (foedus naturae) aangedui. Met die verloop van tyd is die begrip "natuurverbond" in hierdie konnotasie vervang met die begrip werkverbond. Die werkverbond gaan tereg uit van die veronderstelling dat Adam reeds voor die sondeval in 'n Verbondsverhouding tot God gestaan het. Hiervolgens sou die mens deur sy gehoorsaamheid aan die

---

1. Kock, P. de B., Christelike Wysbegeerte, p.23.

proefgebod, die ewige lewe kon ontvang. Hiertoe was die mens in staat gestel deur sy geskiedenis na die beeld van God. Die mens moes dus deur eie wilsinspanning en daadkrag oorgaan uit die "posse non peccare et mori" na die "non posse peccare et mori" (Kuyper).<sup>1)</sup> Ons kan dus handhaaf dat, hoewel die begrip Verbond ( ברית ) nie in die eerste drie hoofstukke van Genesis voorkom nie, daar nogtans met goeie reg gehandhaaf kan word dat die saak wel daarin te bespeur is.

## 2. Genadeverbond (foedus gratiae)

Binne die kader van die Reformatoriese kerke is daar al ingewikkelde stryde en onversoembare verskille gevoer oor die begrip "Genadeverbond". Wie die hedendaagse teologiese diskussies waarneem, sal wel kan aflei dat die laaste woord oor hierdie probleembelaaide onderwerp nog nie gesê is nie.

Saaklik sou die Genadeverbond as volg saamgevat kon word: Die Reformatoriese denkers sien twee duidelike verbonde in die Bybel raak, naamlik die werkverbond wat met Adam gemaak is, en die genadeverbond wat tussen die Vader en die Seun ten behoeve van die mens, aangegaan is. Alhoewel hierdie Genadeverbond reeds in die ewigheid gesluit is, het dit eers na die sondeval in werking getree. Christus as die tweede Adam tree na die sondeval na vore as die Middelaar van die Genadeverbond. Hierdie Genadeverbond vind sy grond dus in die ewige Raadsbesluit (pactum salutis) van God, waar God besluit het om vrywillig Sy Seun borgtogtelik te laat intree vir die uitverkorenes (Ps. 40:8-10; Hebr. 10:7-10). Plaasbekledend neem Hy die straf van die sonde op Hom en verwerf tegelykertyd vir hulle die toegang tot die ewige lewe. Die Genadeverbond is dus die oewers waarlangs die stroom van Gods genade vloei om Sy uitverkorenes te bereik met die water van die ewige lewe (cf. Joh. 4:14).

Al die verbonde van die Ou Testament is dus verskillende vorme van die één Genadeverbond wat in sy finale vorm as die nuwe Verbond, in Christus gestalte verkry het. Calvyn is ook n

---

1. Cf. König, A., Jesus Christus die Eschatos, p.220.

voorstander van hierdie gedagte waarin die dele-in-hulle-geheel as die Genadeverbond gesien word. Hy kom tot hierdie konklusie as gevolg van sy uitgangspunt, naamlik om die hele Ou Testament met die hele Nuwe Testament te vergelyk. Derhalwe ondervind hy geen probleem om die Kerk in Israel se verlengstuk, as afbeelding van die Verbondsgestalte, te sien nie. Barth daarenteen, aanvaar geeneen van die velerlei verbonde wat in die Ou Testament voorkom nie en handhaaf die mening dat slegs die één Verbond wat met en in Christus gesluit is, as die Genadeverbond omskryf kan word.

Na my mening kan die volgende verbonde, alhoewel elkeen selfstandig gesluit is, as onderdele van 'n groot geheel gesien en tereg met die begrip "Genadeverbond" omvat word:

(a) Die Natuurverbond (foedus naturae)

Die natuurverbond of Noagitiese verbond is die universele Verbond wat God opgerig het tussen Hom en al die mense en diere op aarde (lewende wesens!). Daarmee het God 'n tempering van die vloek wat op die sonde rus bewerk en 'n nuwe orde van algemene genade aan die kreatuurlike skepping geskenk: "Tog gee God 'n nuwe orde met natuurlike weldade en seëninge, 'n orde van algemene genade waarin mens en dier opgeneem is, sodat die skeppingslewe kan voortbestaan - totdat Sy gerig kom in en deur Christus, in wie 'n nuwe mensheid gered word."<sup>1)</sup>

Veral is dit belangrik om daarop te let dat daar in die Noagitiese verbond vir die eerste keer melding gemaak word van 'n Verbond wat die Here self met die mens sluit (Gen. 6:18). Hierdie Verbond dra egter nie 'n partikularistiese karakter nie, maar is gerig op die onderhouding en instandhouding van die skepping in die algemeen.

(b) Die Abrahamitiese Verbond

Hoewel daar reeds vanaf die "moederbelofte" (Gen. 3:15) 'n Verbond van genade met die mens gesluit is, word

---

1. Kroeze, J.H., Handboek, Bybelse Geskiedenis, Ou Testament, p.66.

daar eers met die roeping van Abraham uitdruklik melding ge-  
maak van die Genadeverbond. Hierdie Verbond word in Gen. 15  
met 'n seremonoële handeling bevestig en later verbind aan die  
teken van die besnydenis, wat weer sou uitloop in die doop  
(Gen. 17). Die woord verbond (Hebr. = ברית ) is afgelei  
van ברע , wat besny of slag beteken. Die verbondsluiting  
gaan hier gepaard met die gebruikelike offerdier wat geslag word.  
Die betrokke partye loop tussen die geslagte stukke deur om  
daarmee te simboliseer dat 'n soortgelyke lot as dié van die ge-  
slagte dier ook die Verbondsbreker sal tref. Dit is opvallend  
hoe die Here self die inisiatief by hierdie Verbondsluiting ge-  
neem het (Gen. 17:7).

Die hele Ou-Testamentiese geskiedenis staan in die teken van die  
besondere verhouding van die Here tot Sy volk Israel. Afwyk-  
ings ten opsigte van die Verbondseise is sonder meer as Ver-  
bondsbreuk beskou en veral die profete het as "stormvoëls" op-  
getree om die voorwaardelike oordele, in die vorm van onheils-  
verkondiging indien hulle nie sou bekeer nie, oor die volk uit  
te spreek (cf. Deut. 31:20; Eseg. 16:59; e.a.).

In die Verbondsluiting met Abraham kom daar dus 'n persoonlike  
element na vore wat ook sosiale implikasies vir sy nageslag ver-  
onderstel het.

### (c) Die Sinaïetiese Verbond

Hierdie verbondsluiting sentreer rondom Sinaï en die  
wetshandeling wat daar gegee is (Ex. 24:1-8). Dit is dui-  
delik dat die Verbondsluiting met Israel hier via die beloftes  
aan Abraham voortgesit word.<sup>1)</sup> Deur Israel uit Egipteland uit  
te lei en in die land van die belofte te vestig, blyk die ver-  
vulling en bevestiging van dit wat Hy in Sy Verbondsluiting met  
Abraham beloof het. Veral opvallend is die ooreenkomstige  
versekering wat hier herhaal word te wete dat God vir Israel  
'n God sal wees (Gen. 17:7; Ex. 6:6; 29:45; Lev. 11:45;  
Num. 15:41; Deut. 26:17; ens.). Tog is daar in die wyse

---

1. Cf. Ridderbos, H.N., "Het Verbond der Genade" in Het Dogma  
der Kerk, red. Berkouwer, G.C., Toornvliet, G., p.296.

waarop hierdie Verbond gesluit word, verskille aan te toon. By Sinaï is daar byvoorbeeld sprake van 'n Verbondsboek waarin Moses die verordeninge wat die volk raak, moes aanteken (Ex. 24:4; 7). Alhoewel die Here ook in hierdie Verbond die inisiatief geneem en die verlossing vir Israel self bewerk het (Ex. 20:1), dra hierdie Verbond duidelik 'n voorwaardelike karakter wat afhanklik gestel word van Israel se gehoorsaamheid aan die eise wat deur die Wet gestel is (Ex. 23:25): "Dit voorwaardelike, van de vervulling van de geboden Gods afhankelike karakter van het Verbond Gods met Israël, komt niet alleen by de Verbondssluiting terstond naar voren, maar blijft ook in de functionering van en in de nadere openbaring Gods aangaande dit Verbond op de voorgrond staan. Daarom wordt ook de mogelijkheid, dat het Verbond verbroken, vernietigd wordt en dus ophoudt te bestaan, telkens weer genoemd en dat zowel van de zijde van het volk als ook van de Zijde Gods."<sup>1)</sup>

Daarbenewens tree die nasionale of tydelike karakter van die Verbond ook by Sinaï op die voorgrond. Hierdie Verbond vertoon duidelik 'n bepaalde fase in die openbaringsgeskiedenis aan. Anders gestel: dit vorm deel van 'n tydelike stadium in die weg waarlangs die beloftes aan Abraham besig was om gerealiseer te word.

#### (d) Die Nuwe Verbond

Die Nuwe Verbond neem in aanvang met die vleeswording van die Seun. En alhoewel Christus die Verbond nie pertinent as 'n opvallende deel in Sy prediking opneem nie, is dit tog waar dat die saaklike gedagte van die Verbond nie net in Sy koms en werk 'n groot rol speel nie, maar dat Hyself die inhoud en vervulling van die Verbond is. Johannes die Doper verbind byvoorbeeld die gedagte aan die onverbreekbaarheid van die Verbond met Abraham, met die waan dat die natuurlike afstamming uit Abraham die ewige geluksaligheid sou waarborg (Matt. 3:9).

---

1. Ibid., p.298.

Die "saad van Abraham" ontvang hier 'n nuwe gerigtheid wat deur 'n nuwe kriterium gekenmerk word, naamlik die geestelike verwantskap met Abraham. Dit is hierdie "nuwe" interpretasie van die Verbond wat Jesus in Sy aardse bediening uitbou, en waarin die volk "Israel" 'n geestelike konnotasie kry. In hierdie verband is veral die uitsprake van Matt. 26:28 en Mrk. 14:24 van besondere betekenis, aangesien daarin duidelik sprake is van Sy bloed wat as "Verbondsbloed" vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.

Die hele Messiaanse gedagte wat Jesus se aardse optrede kenmerk, kan slegs verstaan word teen die agtergrond van die Verbond wat God met Israel deur Abraham opgerig het.

Deur op die Verbondskarakter van die Heilige Skrif te let, kan gesien word dat Sy bloedstorting die vervulling is van die "Verbondsbloed" wat tydens die Verbondsluiting te Sinaï gesprinkel is. Dit bring vergewing van sonde mee en lê die grondslag vir die geboorte van die "nuwe Israel" van die Here.

Eweneens word daar in Christus 'n verband gelê met die profete wat van die Nuwe Verbond getuig het. In Luk. 22:20 lê Jesus self 'n duidelike verband met die profesie van Jer. 31 bloot, wanneer Hy verwys na die Nuwe Verbond in Sy bloed: "Het geheim van heel de onverbrekelykheid van het Verbond der genade blijkt aldus te liggen in Christus' dood en bloedstorting. Hij is de Middelaar van het Verbond der genade. En daarmee is tevens gezegd, wie 'het volk'; wie 'het zaad van Abraham' zijn, met het oog waarop God zijn onherroepelijk Verbondswoord sprak. Het zijn 'de velen' voor wie Jezus in de dood gaat, d.w.z. degenen, die Hem door de Vader zijn geschonken en die met Hem door het geloof zijn verbonden."<sup>1)</sup>

Samevattend kan die Verbondskarakter van die Heilige Skrif deur middel van die volgende strukture aangetoon word:

---

1. Ibid., p.305.



1. Die INHOUD van die verbond

Die kerninhoud van die Genadeverbond kan gelees word in die Here se eie woorde wanneer Hy 'n tweërlei aksent op die Verbond lê: "Ek sal vir julle 'n God wees" en vervolgens: "en julle sal vir My 'n volk wees."

(a) "Ek sal vir julle 'n God wees."

Reeds in die ewigheid het God besluit om God vir ons te wees.<sup>1)</sup> God het hierdie voorneme ook konkreet met die vleeswording van Christus, in 'n skeppingsdaad getoon. Al God se werke is gerig op die bevestiging, instandhouding en deurvoering van Sy Verbond in Christus met die mens: "Omdat God hierdie God is, dit wil sê die Verbondsgod soos ons Hom in Jesus leer ken het, is die versoening as God se antwoord op - en nee aan - ons verbondsverbreking, meer as reaksie, dan is dit die voortsetting van God se oorspronklike daad waardeur Hy Sy doel, die verbond, wil verwesenlik."<sup>2)</sup> Dat God God-vir-ons is, word dus vir ons gekonkretiseer in Jesus Christus (Immanuel). In Hom ontdek ons dat God se genade juis daarin geleë is dat Hy Sy guns nie neutraal teenoor ons laat bly nie (of nog erger, dit van ons af terughou nie!), maar dat Hy Sy guns aan ons bewys deurdat Hy vir ons 'n God wil wees.

(b) "En julle sal vir My 'n volk wees."

Die eis wat God aan die mens stel word duidelik wanneer gelet word op die oproep wat gemaak word om volk vir God te wees. Die geskiedenis van die bondsvolk leer egter dat die mens nie aan hierdie vereiste voldoen het nie. Die eise waaraan die mens egter nie voldoen het nie, het Jesus Christus as die Mens kom vervul (1 Tim. 2:5). Hy het as Mens volkome gehoorsaamheid aan God se eise kom bewys, vir en namens die mensdom. Daarom kon Hy tereg aan die einde van Sy menslike bestaan sê dat Hy alles volbring het (Joh. 19:30): "Jesus

---

1. Cf. Potgieter, F.J.M., Verlossing, p.13.

2. König, A., Jesus Christus die Eschatos, p.230.

Christus is dus die Mens vir God, aan God se kant. En daarom is Hy ook die ander 'deel' van die verbond: 'en julle sal vir My 'n volk wees'."<sup>1)</sup>

Jesus Christus word dus nie Mens vir Homself nie, maar Hy word Mens vir die mens. Hy kom staan in die plek van God se ontroue bondgenoot, sodat ons in Sy plek kan staan, naamlik aan God se regterhand (2 Kor. 5:21).

## 2. Die BREUK in die verbond

Die Ou-Testamentiese geskiedenis het van Genesis tot Maleagi die tema van God se getrouheid aan Sy volk enersyds, en die volk Israel se volhardende Verbondsontrouheid andersyds. Die sonde word duidelik as 'n werklikheid in die mens se lewe geillustreer, deurdat die mens vertoon word in sy magteloosheid om bokant die sonde uit te styg.

Tog vrywaar hierdie magteloosheid van die mens (erfsonde) hom nie teen die oordeel wat God oor die Verbondsontrouheid uitgespreek het nie.

Die kenmerkende van hierdie Verbondsverbreking is geleë in die "nogtans"-karakter van die Verbondsherstel. König sê dat die rasonele en logiese gevolgtrekking wat voortvloei uit die feit van die sonde, sou die verwagting wees dat God die Verbondsbreuk aanvaar en die sondaar verwerp. Nou doen God dit wel; nie deur die sondaar te verwerp nie, maar deur die verwerping van die Mens wat self nie gesondig het nie: "Hy verwerp Jesus as die verbondsverbreker, en laat Hom ten volle betaal vir.... ons(!) verbondsbreuk en laat Hom die breuk heel. Juis omdat God dit só doen - aan Jesus, nie aan ons nie - moet ons egter óók sê dat Hy in 'n ander sin (net so 'n eintlike en letterlike sin!) nie ons verbondsbreuk aanvaar nie, maar (teen alle logika, rasionaliteit en verwagting in) self die breuk kom heel."<sup>2)</sup>

---

1. Ibid., p.232.

2. Ibid., pp.235-236.

### 3. Die HERSTEL van die verbond

Teenoor die Ou-Testamentiese geskiedskrywing waarin God se Verbondstrou te midde van die mens se Verbondsontrouheid geskets word, is die Nuwe-Testamentiese gegewens verweef rondom die Verbondsherstel wat bewerk is ten spyte van al die menslike ontrouheid. Jesus Christus - dié Mens - (1 Tim. 2:5), verskyn op die aardse toneel om die Beeld van die Onsienlike God weer aan die mens te kom toon (Kol. 1:15), sodat die mens met Hom as die "nuwe mens" bekleed kan wees (Rom. 13:14; Gal. 3:27; Efes. 4:24; Kol. 3:10), en sodoende ook vernuwe kan word na die beeld van God (Kol. 3:10).

Die monopleuriese karakter van die Verbond blyk ook verder daaruit dat Hy alleen die Hersteller van die Verbond is. Hy is God en word Mens. Maar as Mens is Hy óók God - die vervuller van die Verbond. In dié lig gesien is dit duidelik dat Jesus Christus nie net die Verbond herstel het nie, maar inderdaad self ook die Verbond is.

Vir die Bybelkunde is dit belangrik om daarop te let dat God in die Verbond beslag lê op die hart van die gelowiges. Hulle staan dus in 'n religieuse verhouding tot Hom en word opgeroep om in al die uitgange van hul lewende anastaties op Hom gerig te wees.

Verder moet die Verbond in die lig van Christus se soendood aan die kruis gesien word. Die Verbond is dus reeds in Christus vervul, sodat die gelowiges inderdaad die eiendom of kinders van God genoem kan word (Joh. 1:12). In hierdie religieuse bepaalde verhouding spreek God die Verbondskinders deur Sy Woord aan. Veral in Suid-Afrika waar die Bybelkunde op 'n Christelike grondslag beoefen word, is die aanbidding van 'n neutrale beoefening van hierdie vak nie slegs onhoudbaar nie, maar in werklikheid ook 'n radikale miskenning van die religieuse Verbondsverhouding waarin God tot die gelowiges en hulle kinders staan. Op bykans elke bladsy van die Bybel word die waarheid bevestig dat God nooit neutraal of afsydig teenoor die mensdom

staan nie, maar dat Hy deur die Verbond aktief op hulle gerig is. Dit is juis hierdie gerigtheid wat van God na die mens uitgaan, waarin die antitese duidelik word tussen ongeloof en die geloof wat in 'n gehoorsame Verbondslewe tot uitdrukking kom.

In die aanbieding van Bybelkunde aan die universiteit, kollege of in die skool, moet daar steeds getrag word om die mens in al sy verhoudings binne die raamwerk van die Verbond te plaas. Hierdie perspektief sal die dosent in Bybelkunde daarvan vrywaar om sy vak as gevolg van 'n individualistiese eensydigheid te vereng en die studente as losstaande individue te sien. Veeleer sal die Bybelkundige dan in staat wees om die vervlegting van onder andere kerk, skool en gesin te sien as pilare wat saamwerk om die Verbondsvolk te steun. Dit impliseer ook dat die gelowiges nie slegs in die Kerk of Bybelkundeklas op God se spreke gerig sal wees nie, maar dat hulle op al die lewensterreine as onderdanige bondgenote van God sal optree.

### 6.6.3 DIE VERHOUDING TUSSEN OU EN NUWE TESTAMENT

Van oudsher af is daar gepoog om 'n versoening te bewerk tussen die verskillende beskouings wat die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament raak. Enersyds het die Judaïsme die Ou Testament ten koste van die Nuwe verheerlik en veral aan die Mosaïese wette 'n prominente ereplek toegeken. Andersyds is die Nuwe Testament weer deur die gnostisisme - en later in die persoon van Marcion - met die hoogste gesag bekleed, terwyl hulle die Ou Testament as 'n sogenaamde uitgediende boek verwerp het.

Uit die moderne gesprekke rondom die Bybel blyk dit dat hierdie antitese in die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament nog steeds voortleef. Soms word hierdie antitese nie doelbewus gestel nie, soos byvoorbeeld in die geval van die Chiliasme wat met vroom motiewe binne die Christelike Kerk 'n sterk Judaïstiese tendens toon. Hulle lê die kern van die Goddelike raadsplan in die Ou Testament vas, sodat hulle grootliks in die eskatologiese verwagting wat van die sinagoge uitgaan, deel.

By sekere teoloë neem hierdie antitese egter 'n doelbewuste en berekende gedagterigting aan. Geleerdes, soos Emanuel Hirsch, Rudolf Bultmann en Friedrich Baumgärtel, ken slegs 'n pedagogiese funksie aan die O.T. toe wat met die koms van die N.T. volkome afgehandel is. Deur die aanwending van die dialektiese benaming word die twee Testamente in die dualistiese skema van Wet en Evangelie verpak en só dig vanmekaar geskei, dat Hirsch selfs kan konstateer dat die breuk tussen die Oue en Nuwe só radikaal is, dat die O.T. selfs sy kanonisiteit ingeboet het.

Die spanning rondom die verhouding tussen die O.T. en die N.T. is veral deur Harnack en A.A. van Ruler tot 'n spits gedryf. Harnack verwys selfs na die "onwaardige" van die O.T. wat hy as 'n suiwer Joodse geskrif verwerp. Van Ruler heg daarenteen 'n oordrewe betekenis aan die O.T. en handhaaf die mening dat dit die "eintlike Bybel" is. Volgens hom het die apostels en ander Nuwe-Testamentiese skrywers nie 'n "nuwe" Bybel geskryf nie; hulle het ook nie 'n "nuwe verlengstuk" aan die O.T. bygevoeg nie - hulle het volgens Van Ruler slegs kommentaar gelewer op die enigste werklike Bybel te wete die Ou Testament: "Ze willen zelf niet meer zijn dan het lijstje van verklarende aantekeningen achterin. Dat er in het lijstje iets anders zou staan dan in het boek zelf, zou de schrijvers van het N.T. godslasterlijk in de oren hebben geklonken."<sup>1)</sup>

Die Christelike kerk het egter van vroeg af beide die eenheid of kontinuïteit (teenoor die gnostisisme) én die verskeidenheid of diskontinuïteit (teenoor die Judaïsme) van albei Testament bely. Hulle het die eenheid gehandhaaf op grond van die oorsprong en inhoud van die twee Testamente, maar terselfdertyd die onderskeid wat in die vorm en openbaringsontwikkeling van albei bestaan, onderskei. In dié opsig is daar sterk gesteun op Augustinus wat gesê het: "Novum Testamentum in Vetere latet, Vetus Testamentum in Novo patet"<sup>2)</sup> - dit wil sê, in die N.T. is die Oue bedek, die O.T. is in die Nuwe ont-dek! Sodoende is

---

1. Van Ruler, A.A., Religie en Politiek, p.123.

2. Cf. Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, deel III, p.234

beide die eenheid én die verskeidenheid van die twee Testamente deur die Christelike Kerk geleer. In Gereformeerde kringe het hierdie tradisionele onderskeiding 'kanonisiteit' verkry en is onder andere deur Bavinck soos volg die wêreld ingestuur: "Er gaat niets van het Oude in het Nieuwe Testament teloor, maar alles wordt vervuld, is voldragen, bereikt zijn wasdom en brengt nu uit het tijdelijke omhulsel de eeuwige kern te voorschijn."<sup>1)</sup>

#### 6.6.3.1 Die eenheid van die Ou en Nuwe Testament

Om die eenheid van die Ou en Nuwe Testament te kan bepaal, moet daar vooraf gelet word op die volgende gesigspunte wat hierdie verhouding raak:

##### 1. Die verhouding van die Ou en Nuwe Testament verskil van die verhouding waarin die O.T. teenoor die Judaïsme staan

Die aandag is deur H.H. Rowley daarop gevestig dat die na-Bybelse Judaïsme nie sonder die O.T. begryp kan word nie, maar dat die O.T. wel sonder die Judaïsme voldoende verklaar kan word.<sup>2)</sup>

Dit word egter algemeen toegegee dat die N.T. nie sonder die Oue uitgelê kan word nie - en hier is die omgekeerde eweneens waar: die O.T. kan slegs in die lig van die Nuwe begryp word. Tussen die Ou en Nuwe Testament is daar dus 'n inter-afhanklikheid wat by die O.T. en ander buite-Bybelse literatuursoorte ontbreek.

##### 2. Christus het Self die outoriteit van die Ou Testament gesanksioneer

Dat Christus kanonisiteit aan die Nuwe Testament verleen, het seker geen nadere motivering nodig nie. Nou blyk dit uit

---

1. Ibid., p.234.

2. Rowley, H.H., The Unity of the Bible, London, 1945, p.94 et seq.

die aanhalingsformules wat Hy gebruik, dat Hy ook die O.T. as die gesagvolle Woord van God erken het. Hy wissel byvoorbeeld Sy aanhalings af met uitdrukkings soos: "Daar is geskrywe" (Matt. 4:4); of "die Skrif sê" (Joh. 7:38); of "Moses sê" (Mrk. 7:10); of "God sê deur die profete"; ens. Christus lê dus 'n duidelike verband tussen Homself en die O.T. wat reeds streeks van Sy Persoon getuig (Luk. 24:25-27). Bavinck beskryf hierdie Christus-gerigtheid van die O.T. soos volg:".... in heel de opvatting en uitlegging van het Oude Testament, word het Nieuwe Testament gedragen door de gedachte, dat de Israëlietische bedeëling hare vervulling heeft in de Christelijke. De gansche oëconomie des Ouden Verbonds met al hare instellingen en rechten en in heel haar geschiedenis wijst henen naar de bedeeling des Nieuwen Verbonds. Niet het Talmudisme, maar het Christendom is de rechtmatige erfgenaam van de schatten des heils, aan Abraham en zijn zaad beloofd."<sup>1)</sup>

Die Reformatoriese denkers het voortdurend nadruk gelê op die wederkerige verhouding wat daar tussen die Ou en Nuwe Testament bestaan en wat wesenlik in die Persoon van Christus gegrond is. Sy kruis is ook aanvaar as die middelpunt van die geskiedenis, waarheen alles in die Ou Testament heengelei het, en waaruit alles in die Nuwe Testament weer herlei word.

#### 6.6.3.2 Die verskeidenheid van die Ou en Nuwe Testament

Die eenheid van die twee Testamente bestaan wesenlik daarin dat albei van dieselfde God getuig en ook dieselfde heilsweg verkondig. Tog is hierdie twee Testamente nie één in die sin dat hulle identies is nie, want die verskeidenheid tussen die Ou en Nuwe Testament word veral sigbaar wanneer daar gelet word op die wyse waarop elkeen afsonderlik die heilsboodskap verkondig. In 'n poging om 'n bevredigende oplossing te vind waarmee die eie aard van albei die Testamente binne die raamwerk van hulle eenheid en verskeidenheid uitgedruk kan word, is onder andere die volgende formules aangewend:

---

1. Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, deel I, p.366.

## 1. Wet-Evangelie-Skema

Die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament word dikwels uitgedruk met 'n Wet-en-Evangelie-skema. As Skriftuurlike grondslag vir hierdie formule word Paulus aangehaal waar hy die teenstelling tussen die geregtigheid wat uit die wet is, poneer teenoor vryheid wat uit die evangelie voortspruit (Gal. 3 en 4). Hierdie teenstelling berus egter op 'n verkeerde vertolking van die betrokke Skrifgedeeltes wat hierdie skema dan kwansuis sou steun. Paulus stel hom nie teenoor die wet as sulks nie, maar staan apologeties in gesprek met die legalisme wat die wet kragteloos maak deur dit van die Genadeverbond te skei.

Die struktuur van Wet-en-Evangelie is dus nie aan te beveel om die relasie van die twee Testamente teenoor mekaar uit te druk nie. Alhoewel dit die periferie van die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament aanraak, dring dit nie suksesvol deur om die kern van elkeen bloot te lê nie. Nie slegs in die Ou Testament nie, maar ook in die Nuwe is die Wet duidelik sigbaar, onder andere as die sedewet wat as reël van die dankbaarheid geld. Eweneens is die Ou Testament voluit Evangelie, soos duidelik blyk uit die Tien Gebooie wat "evangelies" ingelei word: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het" (Ex. 20:1). Ons kan volstaan met die volgende evaluering wat Bright van die Wet-en-Evangelie as skema maak: "The term 'law' is simply not adequate to describe the contents of the Old Testament. The Old Testament does indeed contain law; but it also contains gospel (grace, promise). At the same time, the New Testament, though principally concerned with the announcement of the gospel, is not altogether gospel, for it not only contains law in the Lutheran sense of the word, but also large blocks of teachings which occupy a place in its theological structure analogous to that of law in the Old."<sup>1)</sup>

---

1. Bright, J., The Authority of the Old Testament, p.190.



## 2. Belofte-Vervulling-Skema

Met die skema van belofte-en-vervulling word gepoog om die verhouding van die twee Testamente binne die raamwerk van die heilsgeskiedenis te formuleer en uit te druk. Die uitgangspunt is geleë in die bemoeienis van God met Sy volk wat by wyse van Sy beloftes aan hulle 'n hoogtepunt bereik in die Persoon en werk van Christus. Die beloftes staan dus in die teken van 'n eskatologiese gerigtheid wat verbind is aan die Messiaanse heilsaankondigings wat aan die "kerk" van die Ou Verbond oorgedra is. Dit gee aan hierdie skema as uitdruktingsformule vir die verstaan van die O.T. en N.T. 'n verdienste-likheid wat nie ten opsigte van die skema Wet-en-Evangelie die geval is nie. Die hele Nuwe Testament word immers gedra deur die gedagte dat dit 'n vervulling is van die beloftes wat uit die Oue voortspruit - die feit dat die Nuwe Testament met 'n geslagsregister ingelei word, is daarom ook geen "toeval" nie!

Ten spyte van die meriete wat die skema van belofte-en-vervulling inhou, is dit nie sonder meer 'n absoluut betroubare maatstaf om die Ou en Nuwe Testamente se besondere eienskappe tot uitdrukking te bring nie. Trouens, juis die begrip vervulling kan maklik tot misverstand aanleiding gee. Daar kan onder andere geredeneer word dat dit aanleiding gee tot die ondermyning van die Ou Testament. Oënskynlik kan dit voorkom asof die belofte (O.T.) sy doel gedien het en gevolglik met die koms van die Nuwe Testament oorbodig is. Hierdie misverstand kan egter opgeklaar word indien die betekenis van die woord vervulling in sy Nuwe Testamentiese konnotasie bekendgestel word: "Vervulling" hou nie die gedagte van "oorbodigmaking" in nie, maar impliseer 'n "vol-making" met 'n nuwe inhoud. Vervulling hou daarom die gedagte in van beide voortgang en oorgang, waardeur die belofte juis as belofte volkome geword het: "Tussen belofte en vervulling bestaan daar 'n verhouding van wederkerigheid: in die belofte self is 'n vervullingsmoment aanwesig, terwyl die vervulling self ook weer 'n belofte is van die volle verwerkliking van die heil by die wederkoms van Christus."<sup>1)</sup>

---

1. Verhoef, P.A., "Die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament" in N.G.T.T., Des. 1959, p.86.

In die formule van belofte en vervulling word nie slegs die eenheid van die twee Testamente bely nie, maar ook die onderskeid word daarin weerspieël - die vervulling is veel ryker as die belofte (cf. Hebr. 11:1). Daarom is dit belangrik om daarop te let dat daar in die Ou Testament nie slegs 'n voortgang na die Nuwe te bespeur is nie, maar dat daar inderdaad 'n oorgang is in die Nuwe Testament. Met ander woorde, die Ou Testament is nie slegs 'n roosknop wat in die Nuwe Testament oopgaan nie, maar dit is ook 'n vrug wat in die Nuwe Testament ryp word en sy omhulsel daarin afwerp. In hierdie verband lewer Christus Self 'n bydrae wanneer Hy verklaar dat die Ou Testament nie 'n boek is wat slegs by die Jode gelokaliseer moet word nie. Volgens Christus het die hele Ou Testament as "Joodse geskrif" direk op Hom as Persoon sy gerigtheid en bestemming gehad (Luk. 24:25-27). Paulus sluit by hierdie "skopus"-gedagte aan wanneer hy die relasie tussen die Ou en Nuwe Testamente behandel. Hy verklaar dan dat die Jode wat die Ou Testament lees, nie tot begrip daarvan kan deurdring nie, aangesien daar 'n sluier oor hulle verstand hang wat slegs in Christus verwyder word (2 Kor. 3:14 vv.). Die vervulling van die beloftes bring 'n oorgang mee wat die Ou Testament volgens sy ware bedoeling sien, naamlik in die lig van die Persoon en werk wat Christus tot verligting van die komende heil verrig het. Hierdie gedagte blyk onder andere duidelik in die verband wat gelê word tussen Christus en die offerlam (Joh. 1:29); Christus en die manna (Joh. 6:22 v.); Christus en die koperslang (Joh. 3:14); ens.

Met die voorbehoud dat daar geen wesenlike verskil ten opsigte van die Testamente self gemaak word nie, maar dat die onderskeid gesien word as synde 'n verskil in perspektief te wees - enersyds as 'n gerigtheid op die koms van Christus, en andersyds uitgaande van die feit van Sy koms - kan die skema van belofte en vervulling as 'n effektiewe metode aangewend word om hierdie verhouding uit te druk. Daar moet egter gelet word dat die aanvaarding van hierdie samehang tussen belofte en vervulling uiteraard nie as die resultaat van wetenskaplike denke oor dié onderwerp na vore kom nie, maar ten diepste tot stand kom as

vrug van die geloof wat bely dat die hele Skrif (O.T. en N.T.) die enige Woord van God is: "Men kan het O.T. ook lezen 'zonder te geloven', dat Jezus de Messias is. Men kan zelfs het O.T. waardenen als het boek der belofte en nog steeds, gelijk het Jodendom, uitzien naar de komende verlosser. Hier valt de beslissing tussen kerk en synagoge."<sup>1)</sup>

### 3. Openbaringhistoriese-moment

Die insig in die regte verhouding tussen die twee Testamente is belangrik ten einde die voortgang in die openbaringsgeskiedenis by die verklaring van spesifieke Skrifgedeeltes te bepaal. Dit is byvoorbeeld eksegeties en openbaringshistories onverantwoord om 'n teks uit die Ou Testament te neem en dit sonder meer met die Nuwe-Testamentiese Kerk in verband te bring. Daarmee word die historiese moment en die besondere trap van die openbaring met betrekking tot dié spesifieke Skrifgedeelte, misken. Aan die ander kant mag 'n interpretasie uit die O.T. ook nie sonder meer "Ou Testamenties" wees nie, maar dit moet tewens die boodskap in Christus ontsluit, want eers dan word die gemeente van die nuwe bedeling aangespreek.<sup>2)</sup> Alles wat in die Nuwe Testament staan, kan dus nie sonder meer in die O.T. "ingelees" word nie, want daardeur word die voortgaande openbaringskarakter van die Heilige Skrif ontken. Abraham en Paulus staan byvoorbeeld op dieselfde geloofsvlak, maar nogtans is daar 'n groot verskil in die geloofsinhoud wat hulle bely. Abraham hou vas aan die beloftes van die onverganklike Woord, terwyl Paulus daarenteen reeds die vervulling van baie van daardie beloftes aanskou en beleef het. Die rykdom van God se openbaring kom dus na die mens in die geskakeerdheid van ver skeidenheid, ten spyte van die eenheid.

#### 6.6.3.3 Sommige van die belangrikste Hermeneutiese beginsels wat uit die verhouding Ou en Nuwe Testament voortspruit

1. Die eenheid (kontinuiteit) van die twee Testamente bring

- 
1. Berkouwer, G.C., "De Persoon van Christus" in Dogmatische Studiën, p.113.
  2. Cf. Verhoef, P.A., op.cit., p.91.

noodwendig mee dat daar nie volstaan kan word met 'n filologies-historiese interpretasie van die Ou Testament nie. Die Oue moet verklaar word in die lig van die Nuwe, en die Nuwe word eers duidelik op grond van die Oue.

2. In bepaalde sin veronderstel die verskeidenheid tussen die Ou en Nuwe Testament dat daar met die openbaringhistoriese moment rekening gehou moet word. Die skema van belofte en vervulling kan in dié opsig as 'n bruikbare formule aangewend word om die element van die voortgang in die openbaring vas te lê.

3. Die Skrifuitlegger moet steeds waak teen die indra van Nuwe-Testamentiese perspektiewe wat by wyse van retrospeksie op die Ou Testament projekteer word. Die skopus-gedagte (Koninkryk van God!) moet by die bepaling van die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament die kontoere aanwys vanwaar in die stroom van die heilsgeskiedenis ingewaag moet word.

4. Enige poging om die een Testament bô die ander te verhef moet sonder meer gesien word as 'n poging tot verkragting van die bedoeling wat die Heilige Gees met die Ou en Nuwe Testament as die geïnspireerde Woord van God gehad het: "Wie die oue alleen verkies, staan onderweg verleë soos 'n reisiger wat sy eindbestemming uit die oog verloor het en dit dus nie kan bereik nie. Wie die nuwe alleen wil aanhang, is soos 'n man wat aan geheueverlies ly en sy herkoms nie ken nie. Lot se vrou, halfpad versteen tussen Sodomsoordeel en die bevrydingsland, is elkeen wat by die Ou Testament bly vassteek. Of 'n geestelike Melgisedek 'sonder vader sonder moeder, sonder geslagsregister', is diegene wat beweer die Nuwe Testament het dit wat verbygegaan het en vervul is, nie meer nodig nie,"<sup>1)</sup>

---

1. Van Zyl, A.H., "Die Verhouding van die Ou en Nuwe Testament" in Hermeneutica, red. Jönker, W.D., Roberts, J.H., Van Zyl, A.H., p.10.

#### 6.6.4 TIPOLOGIE AS VERKLARINGSWYSE VIR DIE SKRIFUITLEG

Die woord type (tipologie) is van die Griekse woord τυπος afgelei en beteken volgens Berkhof "the mark of a blow; an impression, the stamp made by a die - hence a figure, an image; and an example or pattern, which is the most common meaning in the Bible."<sup>1)</sup> In die Bybelse sin verstaan, dui die type 'n Ou-Testamentiese figuur aan wat in sy persoon of optrede 'n sensus plenior of sensus literalis propheticus vertoon waarin 'n sekere ooreenkoms met die Persoon en werk van Christus opgemerk kan word. Alhoewel die type reeds in die Ou Testament self 'n sekere bestemming het, verkry dit verder 'n diepere sin wat iets anders in die toekomst (N.T.) afbeeld: "The typological way of thinking seeks to discover a relation of correspondence between certain types in the Old Testament, such as persons, institutions, or events, which foreshadow similar realities, or antitypes, in the New Testament."<sup>2)</sup>

Die begrip type is dus 'n regstreekse afskaduwing van die vervulling wat in Christus gegee is. Daarom het die Ou Testament, die hele teokratiese koningskap, priesterdom en profetestand in Israel 'n tipologiese betekenis wat eers in Christus se driedvoudige amp van Koning, Priester en Profeet sy bestemming bereik.

Die type word nog duideliker wanneer dit teenoor die simbool gestel word. Die simbool ontleen sy betekenis veral aan die voorwerp wat dit afbeeld, byvoorbeeld die slang wat 'n vyandige mag simboliseer, ens.: "Daarom houdt een type veel meer in dan een symbool en zou kunnen genoemd worden een profetisch symbool. Profetisch, omdat zulk een type opzettelijk in de geschiedenis geplaatst is als een praefiguratie van wat in de toekomst verschijnen of zich voltrekken zal; een type is heel bepaald op de toekomst, met name op de Messias gericht."<sup>3)</sup> Anders gesê:

- 
1. Berkhof, L., Principles of Biblical Interpretation, p.144.
  2. Braaten, Carl, E., "History and Hermeneutics" in New Directions in Theology Today, vol. II, p.125.
  3. Dijk, K., De Dienst der Prediking, p.207.

'n Simbool is die naam vir 'n sintuiglik-waarneembare voorwerp wat 'n saak voorstel wat nie sintuiglik waarneembaar is nie. Die tabernakel was byvoorbeeld 'n simbool van die hemelse Gods-huis, terwyl die uitwendige reinheid wat die seremoniële wette vereis het, 'n simbool van die innerlike reinheid van die hart was.<sup>1)</sup>

Die tipologie verskil ook van die allegorie in dié opsig dat die historiese betekenis wat 'n teks omring, van essensiële belang is vir die tipologiese interpretasie wat daaraan geheg word. Daarenteen is die historiese faktore nie by die allegorie ter sake nie en kan trouens selfs hinderlik wees. Daarom maak die historiese element in die allegorie plek vir 'n dieperliggende "geestelike" sin van die Heilige Skrif.

Op die vraag of dit 'n verantwoordelike praktyk is om die tipologiese Skrifuitleg 'n plek in die Skrifondersoek te gee, word daar onder geleerdes van mening verskil.<sup>2)</sup> 'n Geleerde soos Gerhard von Rad regverdig hierdie benadering en lewer 'n sterk pleidooi vir die beoefening van die tipologie, terwyl 'n ewe groot geleerde in die persoon van Walther Eichrodt dit weer radikaal afwys, hoofsaaklik uit vrees dat dit aanleiding kan gee vir 'n willekeurige "Hineininterpretieren." Pannenberg volg 'n middeweg en is van mening dat die tipologiese benadering nie in staat is om die inter-afhanklike karakter van die O.T. en N.T. voldoende uit te lig nie. Alhoewel hy die analogie erken wat daar tussen Christus en die O.T. bestaan, voer hy aan dat dit nie voldoende is om slegs 'n "Structural agreement" tussen Christus en die O.T. op te bou nie. Hy is egter self versigtig om die tipologie op sigself as metode aan te wend, aangesien dit die neiging het om "onhistories" betrokke te raak by die Skrif en daarom maklik aanleiding gee vir 'n oppervlakkige soeke na ooreenkomste wat daar tussen Ou-Testamentiese tipes en hulle Nuwe-Testamentiese antitipes sou bestaan. Hoewel dit nie raadsaam is dat beginners in die Bybelkunde hulle te veel op

---

1. Cf. Verhoef, P.A., Metodiek van die Eksegese, p.84.

2. Ibid, p.85.

hierdie metode sal verlaat om die eenheid tussen die twee Testamente aan te dui nie, kan tereg met Verhoef standpunt gedeel word wanneer hy sê: "Alhoewel ons hierdie metode om 'n verdere strekking aan die woorde van die teks te ontleen, met omsigtigheid moet toepas, kan dit ons tog help om iets van die rykdom van die Skrif te ontdek. Die belangrike oorweging moet altyd wees die vraag of die diepere sin by die organiese karakter van die Skrifopenbaring as geheel inpas."<sup>1)</sup>

By die aanwending van die tipologie moet die volgende hermeneutiese riglyne in aanmerking geneem word:

1. Die Ou-Testamentiese tipes moet binne die konteks van die Nuwe-Testamentiese vervulling evalueer en verklaar word. Voordat die vraag gestel word oor wat die Nuwe van en oor die O.T. sê, moet die O.T. self eers ondersoek word om vas te stel in hoeverre die tipe reeds sy bestemming daarin bereik het.
2. Daar moet ook nie volstaan word met die blote bepaling van ooreenkomste wat daar tussen die tipe en antitipe bestaan nie, maar die verskille moet ook duidelik aangetoon word. Op dié wyse kan die tipologie as 'n positiewe hulpmiddel dien om die verhouding tussen die O.T. en N.T. tot uitdrukking te bring.
3. Die Skrifgedeelte wat tipologies verklaar word moet slegs binne sy historiese verband uitgebou word - en dit impliseer dat daar steeds rekening gehou word met die gerigtheid van die O.T. (belofte en vervulling). Die tipe moet dus sy weg langs die openbaringhistoriese weg baan om sy bestemming in die Nuwe-Testamentiese anti-tipe te bereik: "History itself as the work of the revealing God is the real basis for all the typological comparisons one finds in the two halves of the Bible."<sup>2)</sup> Die Bybelinhoud bevat beslis nie twee aparte waarheidsmomente met twee onafhanklik funksionerende betekenis

---

1. Ibid., p.84.

2. Braaten, Carl E., op.cit., p.127.

te wete 'n literêr-historiese betekenis en daarnaas 'n tipologiese betekenis nie. Die Bybelinhoud het slegs één betekenis, naamlik die bedoeling wat uit die globale samehang van die Skrif afgelei kan word: "Typology, therefore, cannot be used as a tool for the exegesis of Old Testament texts, nor can it reveal in them levels of meaning not discoverable by normal exegetical procedure. Let us say it clearly: The text has but one meaning, the meaning intended by its author; and there is but one method for discovering that meaning, the grammatico-historical method. If types were intended by the author (and sometimes they were), grammatico-historical exegesis will discover them; if not, then they cannot be discovered by exegetical method at all."<sup>1)</sup>

4. Die Heilige Skrif is sy eie uitlegger en kwalifiseer self watter Skrifgedeeltes tipologies uitgelê moet word en watter nie as 'n "tipe" beskou kan word nie. Hermeneuties beskou is dit nie geoorloofd om na willekeur persone in die Ou Testament tot tipes van Christus te verhef nie - al sou daar ook bepaalde ooreenkoms bestaan. Indien Bybelfigure bloot op grond van ooreenkoms as proto-tipes beskou sou word, sou die logiese gevolgtrekking wees om ook te soek na "post-pre-figuratiewe-tipes" wat in die na-Christelike era ook ooreenkomste met Christus toon (bv. Albert Schweitzer). Daarom moet die tipologiese verklaringswyse slegs toegepas word op die gevalle wat spesifiek in die Bybel self as tipologie aangemeld word: "De Schrift zelf moet hiertoe uitdrukkelijk aanleiding en aanwijzing geven, zoals in het voorbeeld van Jona. Anders vervalt men in het euvel van een willekeurige en eigendunkelijke allegorisering van die H. Schrift."<sup>2)</sup> As Simson byvoorbeeld die poorte van Gasa losruk en wegdra is daar in hierdie insident geen tipologiese verwysing na byvoorbeeld Christus se Paasoorwinning nie, want die Heilige Skrif meld geen enkele

---

1. Bright, J., The Authority of the Old Testament, p.92, cf. Vriezen, Th. C., Hoofdpijnen der Theologie van het Oude Testament, p.92.

2. Aalders, J.G., "Type" in Christelijke Encyclopedie, deel VI, 1956, red. Grosheide, F.W., Van Itterzon, G.P., p.424.



woord oor 'n sodanige verband nie. Die drie dae van Jona is wel 'n tipologiese verwysing na Christus se dood en begrafnis, omdat dit in die Heilige Skrif genoem word, (Matt. 12:38-41).

Na my mening som Vriezen die tipologiese benadering reg op wanneer hy sê: "De betekenis van de typologische benadering kan men niet ontkennen; zij berust op allerlei momenten in het O.T., die innerlijk of situationeel met n.t.-ische corresponderen. Echter moet men haar niet tot een methode ontwikkelen, zodat zij als een soort wichelroede boven alle teksten wordt gehouden, en het gaat lijken, dat de onderlinge correspondentie van beide testamente zo ver gaat, dat zij als het ware elkaars spiegelbeeld vormen."<sup>1)</sup>

#### 6.7 VERKEERDE VERWAGTINGE WAT AAN DIE BYBEL GESTEL WORD

Die Skrifverklaarder word voor die versoeking gestel om 'n valse verwagting van die Heilige Skrif te koester wanneer hy nie luister na wat die Woord self sê nie, maar "buikspraak" met die Woord beoefen deur dit te dwing om na te sê wat hyself voorsê. Vervolgens word aan die hand van die bekendste afwykings wat by die Skrifuitleg voorkom, gewys op die gevolge van eensydige deduksies wat uit die Skrifinhoud afgelei kan word en gevolglik meewerk om 'n onvolledige en verdraaide voorstelling te gee van die Bybel.

##### 6.7.1 DIE BIBLISISME<sup>2)</sup>

In die algemeen dui biblisisme die rigting aan wat voorstellings van die Christelike geloofswaarhede baseer op die letterlike vertolking van Bybeltekste. Op die oog af lyk dit dus asof hierdie rigting 'n lofwaardige doel nastreef - dit is immers ten diepste ook die oogmerk van die Bybelkunde as akademiese dissipline: om die Bybelinhoud te ken soos dit

- 
1. Vriezen, Th. C., Hoofdlinjen der Theologie van het Oude Testament, p.102.
  2. Cf. de Klerk, B.J., Vorme en Karakter van die Biblisisme (proefskrif), Kampen, 1937.

geskrywe staan. Wat die biblisme egter aan 'n valse Skrifverwagting bind is hulle uitgangspunt wat vra na die letterlike betekenis van Bybeltekste sonder inagneming van die verband waarin dit in die Heilige Skrif voorkom en sonder gebruikmaking van enige vorm van die besinning wat histories met betrekking tot die Bybelinhoud gemaak is: "Biblicism represents a strict program in theology, namely, the attempt to fasten one's attention exclusively on the biblical data excluding any help from philosophy or the history of dogmatics."<sup>1)</sup>

Die biblisistiese metode van Skrifuitleg is verder daarop ingestel om die letterlike betekenis van afsonderlike Bybeltekste op die hedendaagse situasie toe te pas, sonder inagneming van die bedoeling wat die teks oorspronklik binne sy konteks gehad het. Teenoor die Reformatoriese beginsel wat die Skrif as sy eie Skrifuitlegger aanvaar, handhaaf die biblisme die mening dat die letterlike betekenis van die afsonderlike tekste opsigself die eise aan die Skrifverklaarder en sy huidige situasie moet stel. Daarom floreer die biblisme gewoonlik op die verklaring van daardie Skrifgedeeltes wat deur die kerklike belydenisskrifte vir moontlike meningsverskil oopgestel is, byvoorbeeld die praktyk om die kinderdoop ten koste van die onderdompeling toe te pas. Die biblisme kom voortdurend na vore met nuwe insigte met betrekking tot gebruike wat óf glad nie meer 'n letterlike bestaan in die Christelike opset gegun word nie (bv. die voetwassing van Joh. 13), óf wat op etiese gronde in kerklike kringe met 'n groot mate van onsekerheid bely word (bv. vrouens wat nie mansklere mag dra nie - Deut. 22:5).

Die dwalinge waaraan die biblisme hulle skuldig maak, blyk veral duidelik wanneer daar gelet word op die volgende tipiese kenmerke wat eie aan hierdie denkrigting is:

1. Die biblisme word gekenmerk deur hulle willekeurige Skrifuitleg. Omdat afsonderlike tekste letterlik

---

1. Ramm, B., A Handbook of Contemporary Theology, p.23.

interpreteer word, is dit vir die biblisis moontlik om sekere tekste te beklemtoon en om ander wat vir hulle nie ter sake is nie, net eenvoudig te ignoreer. Veral met betrekking tot die Mosaïese Wette met hulle menigvuldige voorskrifte, kan die biblisis maklik na afsonderlike verse verwys om 'n sekere wetsbepaling afdwingend te maak op die hede. Terselfdertyd kan hulle hulself regverdig deur doodeenvoudig met hulle vinger op die teks te wys dat die Bybel immers so sê! As gevolg van hierdie neiging by die biblisisme, tipeer prof. Hepp hulle soos volg: "nu geeft het biblicisme voor, alle waarheid uit de Schrift te willen putten, maar daarin pleegt het zelfbedrog. Het behoudt zijn eigen gedachtenwereld, terwijl het naar het geschreven Woord van God luistert en is rusteloos werkzaam om voor die gedachtenwereld daarin steun te zoeken."<sup>1)</sup>

2. Die biblisisme maak 'n beroep op spesifieke Bybeltekste en nie op die globale leer van die Heilige Skrif nie. Soos reeds aangetoon is hulle slegs geïnteresseerd in wat 'n spesifieke teks vir hulle letterlik te sê het. Derhalwe is die filologies-historiese eksegeese vir hulle van geen wesenlike waarde nie. Indien die biblisis byvoorbeeld 'n saak wil uitmaak ter ondersteuning van 'n letterlike toepassing van die voetewasgebruik (wat kwansuis deur die kerke sou verwaarloos word!), sal hy hom slegs op die letterlike teks as "Skrifbewys" beroep, sonder om enigsins ondersoek in te stel na die wyse waarop die vroeë Christene Joh. 13 vertolk het.

3. Die biblisisme is ook anti-konfessioneel ingestel en duld geen binding waardeur hulle aan bande gelê word, sodat hulle nie die Bybel volgens hulle eie opvattinge kan uitlê nie. Met 'n beroep op die "leiding van die Heilige Gees" wil hulle onbevooroordeelde Skrifuitleg beoefen wat nie deur "mensgemaakte dogmas" kragteloos gemaak word nie: "De oproep van het biblicisme: terug naar de Bijbel, is ook later meermalen aangeheven door hen die het met de confessie van hun kerk eigenlijk

---

1. Toornvliet, G., "De waarde van Dogma en Dogmatiek" in Het Dogma der Kerk, red. Berkouwer, G.C., Toornvliet, G., p.19.

niet eens waren, en zo vryheid voor hun eigen meningen zochten, en die als overeenkomstig de H. Schrift trachtten voor te stellen."<sup>1)</sup> Met hierdie uitgangspunt ontken die biblisisme die voortgaande werking van die Heilige Gees in die geskiedenis. Derhalwe isoleer hulle nie alleen die Bybeltekste van die konteks af nie, maar beperk ook saam daarmee die werking van die Heilige Gees tot die sfeer van die Skrifverklaarder self. Moontlik is dit die belangrikste rede vir die kenmerkende "gees=telike hooghartigheid" wat die biblisis in die algemeen kenmerk. Dit vorm ook die grondslag vir die gesag wat hy vir homself toe-eien om die Bybel uit te lê met 'n beroep op "hoër outoriteit" wat hy onder die beademing van die Heilige Gees sou ontvang.

Ten slotte kan kortliks daarop gewys word dat die biblisisme weer bevestig dat selfs die vroomste motiewe nie die beginsel regverdig om die Bybel anders uit te lê, behalwe om die Heilige Skrif self as arbiter vir sy eie uitleg aan te wend nie. Daarom onderstreep die biblisisme weer eens die belangrikheid daarvan om die betekenis van bepaalde Skrifgedeeltes slegs uit die verband waarin hulle histories voorkom, uit te lê. Verder illustreer hulle ook duidelik hoe daar tot oppervlakkigheid aanleiding gegee word wanneer die Bybel as 'n "handboek" gebruik word. Die grootste dwaling ten grondslag van die biblisisme is egter hulle uitgangspunt wat op dié misverstand gegrond is, naamlik dat die mens onbevooroordeeld na die Heilige Skrif kan kyk. In die hoofstuk oor die sogenaamde neutraliteits-ideaal,<sup>2)</sup> is reeds duidelik aangetoon dat niemand met 'n tabula rasa sy Skrifuitleg kan begin nie. Daarom blyk die stelling van Toornvliet ten opsigte van die biblisisme korrek te wees: "De geskiedenis heeft geleerd, dat de biblesisten, die zich by voorkeur 'bijbelse theologen' noemen, hun eigen filosofie en gedachten in de Schrift hebben ingelezen om daarna triomfantelijk te verklaren: wij hebben dit alles aan de bijbel ontleend!"<sup>3)</sup>

- 
1. Polman, A.D.R., "Biblicisme" in Christelijke Encyclopedie, deel I, (1956), red. Grosheide, F.W., Van Itterzon, G.P. p.615.
  2. Cf. Supra, "Neutrale" wetenskap, pp.48-50.
  3. Toornvliet, G., "De waarde van Dogma en Dogmatiek" in Het Dogma der Kerk, red. Berkouwer, G.C., Toornvliet, G., p.19.

### 6.7.2 DIE FUNDAMENTALISME

Die fundamentalisme is 'n term wat 'n Amerikaanse gods= dienstige stroming beskryf wat, soos die naam aandui, daarna streef om die fundamentele grondwaarhede van die Christelike geloof te verdedig. As grondleggers van hierdie rigting word gewoonlik die name van B.B. Warfield en James Orr genoem. Hulle het in die begin van die twintigste eeu in talryke publikasies oor die Skrifkritiek, die theopneustie van die Heilige Skrif, die evolusieleer en ander omstrede onderwerpe, gepoog om die "fundamentals" van die Christelike geloof te laat herleef:

"Fundamentalism arose as a sharp counter-movement to religious liberalism. It sought to define and preserve the vital substance of Christian theology in an epoch of diverse theologies. Originally, a Fundamentalist was one who subscribed to the nine Fundamentals of the World Conference in Christian Fundamentals (May 1919) or to any other specified list of Fundamentals."<sup>1)</sup>

Die fundamentalisme is dus 'n reaksie-groep wat ontstaan het met die doel om die liberalistiese en modernistiese strominge in Amerika teë te staan: "De kontroverse tussen modernisten en fundamentalisten kan men dus gevolglik zien als een strijd, waarby de fundamentalisten zich geroepen gevoelden het geloof der vaderen te verkondigen en te verdedigen."<sup>2)</sup>

Die fundamentalisme kan egter nie sonder meer vereenselwig word met diegene wat in die algemeen as die ongeorganiseerde bewakers van die ortodokse leer optree nie. Ahlström verwys na die fundamentalisme selfs as "eine heftige aber schlecht informierte Protestbewegung gegen den extremen und militanten Liberalismus", terwyl Stonehouse hulle verwyf van 'n tekort aan gesonde Bybelkennis en historiese perspektiewe, wat dit onmoontlik maak om die fundamentalisme met die ortodoksie te vereenselwig.<sup>3)</sup>

- 
1. Ramm, B., A Handbook of Contemporary Theology, p.53.
  2. Stonehouse, N.B. "Fundamentalisme" in Christelike Encyclopedie, deel III, red. Gröshede, F.W., Van Itterzon, G.P., p.93.
  3. Cf. Berkouwer, G.C., "De Heilige Schrift" deel I in Dogmatiese Studiën, p.22.

Die fundamentalisme is vir die konserwatiewe Christendekers ook nie aanvaarbaar nie as gevolg van die sektariese tendense wat hierdie denkrigting vertoon, soos onder andere die volgende:

1. Die fundamentalisme konsentreer op sekere fragmente van die Heilige Skrif, hoofsaaklik op daardie Skrifgedeeltes wat na hulle mening fundamentele geloofswaarhede aanraak. Hulle vind dus aansluiting by die biblisme in dié opsig dat hulle ook nie in die hele Bybel geïnteresseerd is nie, maar wel in dit wat skynbaar fundamenteel is vir die geloof. Onder laasgenoemde onderwerpe word veral die eskatologie hoog aangeslaan, met die aanvaarding van die Chiliisme as die sjibbolet om as ware fundamentalis te kwalifiseer: "Because there has been a close affinity between the Fundamentalist movement and the Scotfield Reference Bible, a Fundamentalist has been defined as one who is in essential agreement with Scotfield's eschatology of dispensationalism and premillennialism."<sup>1)</sup>

2. Die fundamentalisme deel ook nie in die algemene historiese belydenisskrifte van die Kerke nie. In plaas daarvan gebruik hulle 'n verkorte belydenisformule wat by hulle strewe inpas. Op tipies sektariese wyse verkies hulle om eerder onder die vaandel van 'n "inter-kerklike" organisasie te vaar, as om met die kerklike instituut geassosieer te wees: "The Fundamentalist asserts that the leadership of traditional denominations has fallen into the hands of men who are liberal or neo-orthodox in theological persuasion, and he must take a strong stand against such leadership. This stand demands severance from such denominations and affiliation with denominations that demand and obtain purity of doctrine. Thus a Fundamentalist is a person who defends a separatist position."<sup>2)</sup> Om hierdie rede word die fundamentalisme ook meermale met die piëtisme en perfeksionisme vereenselwig - en dan ook geensins ten onregte nie!

3. Op tipies sektariese wyse is die fundamentalisme geneig

---

1. Ramm, B., op.cit., p.54.

2. Ibid., p.53.

tot 'n hoogs individualistiese uitlewing van hulle geloofsoortuigings. Hoeseer die Reformatoriesgesindes ookal waardering vir die goeie bedoelinge van die fundamentalisme koester, bly hierdie rigting se subjektivistiese siening van sy eie sogenaamde fundamentele geloofswaarhede enersyds, en hulle ooreenvoudigde opvatting ten opsigte van geloof-en-wetenskap andersyds, onversoenbaar met die perspektiewe wat die Bybel op die leer en lewe werp.

Vir die Bybelkunde is die fundamentalisme nie slegs vanweë sy reaksionêre ingesteldheid onaanvaarbaar nie, maar saam met Berkouwer kan gesê word dat hierdie rigting veral op grond van sy Skrifbeskouing verwerp moet word: "Met name is dat nodig t.a.v. z'n spreken over de Heilige Schrift en haar gezag. Ik meen niemand onrecht te doen, wanneer ik zeg, dat het fundamentalisme in z'n willen handhaven van de 'divinitas' der Heilige Schrift, zich niet genoegzaam rekenschap geeft van de betekenis van de Heilige Schrift als profetisch-apostolisch en dus menselijk getuigenis."<sup>1)</sup> Die fundamentalisme ontken geheel-en-al enige aanwysings waarin die Woord van God deur die diens van mense totstand gekom het. Hulle handhaaf 'n bo-natuurlike (verbale) inspirasieleer, waarin die Heilige Skrif soos volgebly word: "Every book of it, every chapter of it, every word of it, every syllable of it, every letter of it, is the direct utterance of the most High."<sup>2)</sup> Verdere konsekwensies wat uit hierdie beskouing voortvloei, is die verwerping van die onderskeid wat daar tussen die formele en materiële sin van die Heilige Skrif bestaan, sodat die menslike bespiegeling wat daarin voorkom (Job 3:1-19), sonder meer gelykgestel word aan die woorde van Christus self. Deur die menslike gestalte te ontken waarin God sy Woord aan die mens gegee het, weier die fundamentaliste om die hele Skrif te aanvaar soos wat dit inderdaad bedoel is om te wees. Daarmee diskwalifiseer die fundamentaliste hulself vir die rol wat hulle poog om te vervul, naamlik om die

---

1. Berkouwer, G.C., op.cit., p.23.

2. Packer, J.I., Fundamentalism and the Word of God, 1958, p.181

fundamentele waarhede van die Christelike geloof te verdedig.

### 6.7.3 DIE HISTORISME

Vanuit 'n Bybelkundige gesigshoek gesien, kan historisme beskryf word as 'n rigting wat hulself besig hou met die ondersoek van die geskiedenis bloot ter wille van die geskiedenis ("poor l'histoire"). Eisler definieer die historisme as "the tendency to observe the spiritual structures of cultural structures.....as the product of historical evolution or to judge and evaluate them as historically conditioned and changeable; which denies the super-historical of obedience to law, or postulates norms which are in essence rooted in the spiritual life, or in the common experience of life."<sup>1)</sup>

Die historisme as 'n wetenskaplike metode is veral deur Wilhelm Dilthey gebruik in sy soeke na absolute waardes, en het hom uiteindelik in die greep van die relativisme laat eindig. Ernst Troeltsch<sup>2)</sup> het met sy evolusionistiese benadering die historisme verder ontwikkel en alles in die geskiedenis onderwerp aan die sogenaamde proses van soeke na absolute waardes - wat volgens hom in die "Al" gerealiseer word. Die historiese relativisme van Dilthey en Troeltsch word gewoonlik as 'n onderdeel van die skeptisisme<sup>3)</sup> beskou (waar dit inderdaad ook tuishoort!). Via die Hegeliaanse idealisme en die positivisme, openbaar die historisme hom in menigerlei gedaantes, en vind veral onder die geleedere van die eksistensialisme 'n gewillige pleitbesorger in die persoon van Karl Jaspers. In sy omstrede publikasie Socrates, Boedha, Confucius, Jezus, onderstreep hy die relatiewe betekenis wat Christus se Persoon en werk vir hom inhou, en beklemtoon hy dat al die genoemde godsdienstige leiers hoofsaaklik op mekaar betrokke is, want elkeen het op sy eie manier die diepste menslike moontlikhede gerealiseer: "Gewortel in die

- 
1. Ramm, B., A Handbook of Contemporary Theology, pp.59-60.
  2. Cf. Heyns, J.A., Die Teologiese Antropologie van Karl Barth vanuit Wysgerig-Antropologiese Oriëntering, pp.7-28.
  3. Cf. Supra, Skeptisisme, pp.80-81.



Wes-Europese kultuur, waarop die Christelike godsdiens eeue lank sy invloed uitgeoefen het, wil Jaspers nie die Bybel en sy boodskap mis nie, maar die eksistensiële vryheid waarvan hy uitgaan, is só absoluut en beslissend dat dit die Bybelse godsdiens na sy diepste inhoud ontsiel en God onherkenbaar verteken. Sonder twyfel het ons hier met 'n nuwe vorm van eksistensiële humanisme te doen."<sup>1)</sup>

In reaksie teen die historisme probeer baie geleerdes om oortuigend aan te toon hoe die Christelike godsdiens wel daarin kan slaag om uit die magsgreep van die historisme te bly.<sup>2)</sup> Emil Brunner probeer hierdie gaping oorbrug deur die heilsgeskiedenis gelyk te stel aan die geskiedenis van die openbaring. Barth beweer weer dat die openbaring nie die onderwerp van die geskiedenis is nie, maar die geskiedenis is 'n onderwerp van die openbaring. Cullmann wil daarenteen die historisme bekamp met sy sogenaamde geskiedenis van die verlossingslinië, terwyl Von Hoffmann dit met die teorie van die "heilige geskiedenis" probeer doen. Bultmann, wat sy simpatie met die historisme nie verbloem nie, beskuldig die historisme daarvan dat hulle nie rekening hou met die konkrete beslissings waarvoor die mens eksistensiël gestel word nie. Daarom reageer hy ook teen die historisme met sy formulering van die eksistensialistiese Skrifbenadering.

Die historisme dwaal dus deurdat hulle die historiese karakter van die Heilige Skrif op die spits dryf. Hulle benader die Bybel as 'n geskiedenisboek en hou derhalwe nie rekening met die openbaring van God in die geskiedenis nie. Die verkeerde verwagtinge wat die historisme by die Skrifverklaarder opwek blyk veral duidelik uit die sogenaamde Leben-Jesu Forschung-beweging van die vorige eeu wat probeer het om 'n biografie van Jesus uit die Evangelies op te stel. Die historisme word ook betrek by vrae soos die ouderdomsbepaling van die aarde en die verdediging

- 
1. Heyns, J.A., Die Evangelie in Krisis, pp.104-105.
  2. Ramm, B., op.cit., p.60.

van hulle antwoord teen die resultate wat die moderne wetenskaplike navorsing oplewer.

Die fout wat die historisme dus maak is hulle neiging om die historiese feite teenoor die historiese verkondiging van die Heilige Skrif te stel. Hulle word tot hierdie dwaling aangespoor deurdat hulle nie die Bybel as 'n "tendens-geskrif" (Bavinck) sien nie, en derhalwe spesifieke Skrifgedeeltes verklaar sonder inagneming van die verband wat dit met die skopus van die Heilige Skrif het.

#### 6.7.4 DIE GELOOFSUBJEKTIVISME

Die geloofsubjektivisme moenie verwar word met die subjektiewe element wat deel van die gesonde Skrifgeloof uitmaak nie. Dit is aan die Reformasie te danke dat die subjektiewe aspek van die geloofslewe weer in ere herstel is. Hulle het die gelowiges ontworstel uit die objektiewe histories-gefundeerde kerklike geloof wat slegs instemming vereis het met wat die Kerk as algemene heilsfeite aangedien het. Sodoende het die Reformatore daarin geslaag om die gelowiges te bring tot die subjektiewe bewuswording van die insig dat die heilsfeite "ook vir my persoonlik" bedoel is. Die subjektivisme gaan egter verder as 'n blote beleving van die subjektiewe aspek van die Skrifgeloof. Hulle oorbeklemtoon die subjektiewe element en oorwoeker dit in só 'n mate dat die werklike historiese gebeurtenisse nouliks meer funksioneel by die Skrifuitleg betrek word.

Voorbeelde van geloofsubjektivisme kan gesien word onder die volgelinge van Bultmann en Schleiermacher. Bultmann gaan uit van die veronderstelling dat die historiese feite aangaande Christus se maagdelike geboorte, opstanding en hemelvaart, nie ter sake is by die Skrifuitleg nie - slegs die kerugma wat eksistensieel op die subjek inwerk het sin, en derhalwe is dit ook die wesenlike inhoud wat by die Skrifuitleg belangrik is. Schleiermacher bereik sy geloofsubjektivisme deur te gryp na die mistieke verbintenis wat daar tussen Christus en die subjek

bestaan. Daarom word die Skrif vanuit 'n subjektiewe ingesteldheid uitgelê waar "slegs 'n volkome afhanklikheidsgevoel" die maatstaf is waarmee die Bybel beoordeel word.

Omdat die geloofsubjektivisme bykans geen ag op die historiese werklikheid slaan nie, word daar in hierdie kringe veral van die allegoriese verklaringsmetode gebruik gemaak om die Skrifinhoud bekend te stel. Teenoor die hermeneutiese beginsel wat slegs één sentrale waarheid aan 'n bepaalde Skrifgedeelte verbind, is die allegorie 'n lang uitgewerkte simboliese vergelyking waarin elke onderdeel van die verhaal - hetsy persoon, ding of gebeure - een of ander dieper simboliese betekenis voorstel. Die gelykenis van die verlore penning (Luk. 15:8-10) kan byvoorbeeld soos volg allegories verklaar word: die vrou kan een of meer van die volgende geestelike voorstellings wees, naamlik God Self, Christus of die Kerk; die getal tien dui dan die volmaakte getal van die mensheid voor die sondeval aan; die een wat verlore raak is dan vanselfsprekend die sondaar wat as gevolg van die sondeval uit die hand van God geval en weggerol het; die moeite wat die vrou (God, Christus, Kerk) doen, sluit onder andere die lamp (Heilige Gees) in wat op Pinksterdag begin brand het; en die besem (Christus) vee die huis (Kerk, wêreld) sorgvuldig skoon; ens. Die subjektivisme kan dus die allegorie na hartelus aanwend omdat dit 'n metode is wat goed inpas by die geestelike bevooroordeeldheid waarmee hulle die Skrif ondersoek.

Op dieselfde wyse kan die mees ingewikkelde Skrifprobleme dan maklik opgelos word deur eenvoudig die feite te ignoreer en slegs op die betekenis te let van dit wat die subjek aanspreek. Die wonderwerke word onder andere dan so uitgelê: die letterlike brode wat Christus aan die letterlike skare uitgedeel het om hulle letterlike honger te stil, word deur die dwangbuis van die geloof-subjektivisme gelei om die boodskap vir vandag daarin te sien. Daar word dan impliseer dat ons in 'n geestelike honger wêreld leef waar ons geestelike voedsel aan die skare moet uitdeel om die geestelike honger te stil - met die byvoeging: "soos ons Here Jesus Self ook vir ons in die vermeerdering van

die voedsel geleer het!"

Die geloofsubjektivisme fouteer op dieselfde wyse as die historisme, behalwe dat hulle die historiese feite negeer en derhalwe die Bybelse verkondiging vervang met 'n subjektiewe interpretasie wat volgens hulle insig, die ware bedoeling van die Skrifinhoud is. In hierdie benadering word willekeurige Skrifuitleg op die spits gedryf deur mense wat nie wil luister na wat die Heilige Skrif self sê nie, maar wat subjektief wil voorskryf wat die Heilige Skrif móét sê.

#### 6.7.5 ALGEMENE "-ISMES" WAT MEEHELP OM DIE SKRIFINHOUD TE VERDRAAI

Tot dusver is aandag gegee aan die biblisisme, fundamentalisme, historisme en geloofsubjektivisme, omdat hierdie benaderings kenmerkend is van bepaalde strominge wat belangrik is vir die Skrifuitleg. Bo-en-behalwe hierdie strominge, kan daar na sekere "-ismes" gewys word wat, alhoewel nie kenmerkend van 'n bepaalde stroming self is nie, tog in die algemeen 'n belangrike onderdeel van die Skrifuitleg in verskillende strominge uitmaak. Veral die volgende "-ismes" se rol in die opbouing van 'n valse Skrifverwagting kan nie onderskat word nie:

1. Die ONBYBELSE ESTETISISME word onder andere duidelik by die modernistiese denkers opgemerk, veral wanneer hulle poog om Jesus as die goeie en saggeaarde sondaarsvriend voor te stel. In hierdie denkklimaat word voorkeur gegee aan die "mooi" Skrifgedeeltes sodat daar 'n neiging bestaan tot afwatering van daardie gedeeltes wat nie in hulle modernistiese denkskema inpas nie. Voorkeur word dan gegee aan Skrifgedeeltes soos die Bergpredikasie met 'n besondere aksent op die universele strekking van die Christelike moraal. Hierdie aksent geskied dan ten koste van Christus se priesterlike funksie en plaasbekledende versoeningswerk, wat volgens hulle te "onverfynd" is en as deel van die sogenaamde "bloed-teologie" verwerp moet word.

2. MORALISME<sup>1)</sup> stel ook 'n verkeerde verwagting aan die Skrifinhoud. Die Bybel word dan slegs gesien in soverre as wat dit 'n sedeles vir die mens inhoud. Veral in die pragmatistiese denkklimaat van die Amerikaanse teologie word die Skrifuitleg oorwoeker deur die strewe om "the moral of the story" in die Skrif te ontdek (in te dra!), ten einde iets te kan hê om konkreet voor te stel binne die struktuur waarin die situasie-etiek die mens se denke totaal oorheers.

In Suid-Afrika vind hierdie strewe om by die situasie aan te pas sy neerslag selfs op die kansels van sommige Kerke wat op Reformatoriese grondslag gefundeer is. Geleentheidspreke en veral "kinderpreke" ontaard dikwels in oppervlakkige "gewyde toesprake" wat van groot vindingrykheid by die prediker getuig, maar waarin weinig te make is met die Persoon van die sprekende God (Dei loquentis Persona) wat Sy Verbondsvolk deur middel van die Woord aanspreek.

Dikwels word hierdie moralistiese "Skrifuitleg" met behulp van illustratiewe hulpmiddels uitgebou, sodat die eindproduk waarmee die Verbondskinders die Kerk verlaat, 'n sedeles met 'n appél om "goeie" mense te wees, as inhoud het.

Die Bybelkundige kan homself van die moralistiese dwalinge vrywaar deur die boodskap en skopus van die Skrifteks reg te verstaan en uit te lê.

3. EKSEMPLARISME is die benadering wat die Bybelse persone en situasies as modelle voorhou waarmee die hedendaagse mens homself moet identifiseer. Alle kultuur-historiese verskille word buite rekening gelaat, terwyl die openbaringsmomente hoëgenaamd geen rol in hierdie benadering vervul nie. Dit is dus duidelik dat die eksemplariese benadering tot die Skrifuitleg ten nouste verbind is aan die moralisme en selfs as 'n onderdeel daarvan beskou kan word. Waar die klem by die moralisme egter

---

1. Cf. Jonker, W.D., Die Woord as opdrag, pp.38-47.

om die etiese gaan, is dit hier die ooreenkoms tussen verlede en hede wat geaksentueer word.

Hierdie metode word gekenmerk deur 'n sterk individualistiese aksent waarin die Verbond en heilshistoriese perspektief geen plek gegun word nie. Die antitese tussen geloof en ongeloof word hierin op die spits gedryf, terwyl God se uitverkiesende genade in die persoon van die Bybelfigure totaal verbygesien word - en dit terwyl dit juis in die openbaringsgeskiedenis hierom gaan: *sola fide!*

4. Die MISTISISME speel ook 'n groot rol in die verkeerde uitlegging van Skrifwaarhede. Hierdie benadering is veral eie aan die sogenaamde charismatiese bewegings waar die bo-natuurlike verwagtinge 'n dominante rol speel. Die Skrifgegewens word dan gedwing om veral die mirakelgeloof te bevorder en hou 'n besondere bekoring in vir diegene wat nie veranker is in die regte Skrifbeskouing nie.

Om die gevaar van mistisisme te bekamp, moet die Bybelkundige beklemtoon dat God én die mens in die geskiedenis handel. Wanneer God optree is dit altyd wondere wat gebeur: As Hy die heelal skep; as Hy die plante laat groei; as Hy die mens 'n rede gee; as Elia op Karmel geantwoord word (1 Kon. 18); as Esegïël die gesig van die doodsbeendere in die dal kry (Eseg. 37); as Daniël uit die leeu kuil verlos word (Dan. 6); as die profete te midde van geestelike verval nog God se spreke kan proklameer, is dit 'n wonderwerk (want elke spreke van God is 'n wonderwerk!). As Jesus Christus mens word, gebore uit 'n maagd; as Hy water in wyn verander; as Hy opstaan uit die dode- dit alles is wonderwerke! Hierdie manifestasies moet egter nie van die "normale" handeling van God losgemaak word nie, want dan verval ons in mirakelgeloof. Trouens, die hele menslike geskiedenis is ten diepste wondergeskiedenis - die geskiedenis van die handeling van God met Sy skepping!

Wanneer die band tussen God en Sy wonderdade nie gehandhaaf word

as deel van die "doodgewone" handeling waardeer Hy Homself openbaar nie, beoefen ons mirakelgeloof. Dan word die byl wat op die water dryf (2 Kon. 6) 'n deus ex machina, 'n punktuele handeling van God. Skielik gryp Hy in, maar trek Hom dadelik weer terug. Die gevolgtrekking is dan die siening dat God sporadies en slegs op dramatiese wyse ingryp om te verlos, maar dat Hy origens op deïstiese wyse Hom aan die skepping onttrek het.

Die Bybelkundige moet daarom ook by die verklaring van wonderwerke, die globale skopus van die openbaringsinhoud in gedagte hou. Veral die perspektiewe wat uit die Verbond voortvloei moet hier sterk beklemtoon word. Die feit dat die gelowige reeds in Christus met God versoen is, moet as 'n wonder voorgehou word. In die gelowige se lewe is elke dag 'n wonderlewe, want God maak deur Sy Woord en werking van die Heilige Gees bemoeienis met ons!

---ooOoo---

## HOOFSTUK VII

### DIE BYBEL SELF AS DIE GRONDSLAG WAAROP DIE HERMENEU- TIEK GEBOU WORD

In die hoofstuk oor die Skrifwoord as openbaringswoord, is daar reeds breedvoerig op die wesenlike karakter van die Heilige Skrif ingegaan. By wyse van 'n slotoorsig kan daar op die volgende aspekte van die Heilige Skrif gelet word wat die grondslag vorm waarop al die Skriftuurlike hermeneutiese beginsels ten diepste steun.

#### 7.1 DIE INSPIRASIE VAN DIE HEILIGE SKRIF

Onder die inspirasie<sup>1)</sup> van die Heilige Skrif word verstaan dat die inhoud van die Bybelse geskrifte aan die skrywers daarvan deur die Heilige Gees ingegee (ingeadem) is, en dat die Heilige Skrif hom by ons aandien as die onfeilbare en gesaghebende Woord van God.

Die feit van die inspirasie of theopneustie van die Heilige Skrif is van oudsher deur die Christendom aanvaar en bely. Die probleemstelling ontstaan egter wanneer die aandeel van die Heilige Gees (Auctor Primarius) én dié van die Bybelskrywers (auctores secundarii) geformuleer word. Onversoenbare standpunte het uit hierdie omstrede onderwerp na vore getree, waarvan die volgende vyf opvattings tot volledige inspirasieteorieë uitgebou is:

##### 7.1.1 MEGANIESE INSPIRASIELEER

Hierdie teorie wil die oormag van die Heilige Gees beklemtoon en terselfdertyd aantoon dat die heilige mense "gedrywe" is om van God te spreek (2 Petr. 1:21). Die motief is dus om die humanisering van die Heilige Skrif te voorkom deur te verhoed

---

1. Cf. Young, E.J., Thy Word is Truth; some thoughts on the Biblical doctrine of Inspiration, London, 1963.



dat te veel waarde aan die menslike element in die totstandkoming van die Bybel geheg word.

As uitgangspunt veronderstel die meganiese inspirasieteorie dat die Bybelskrywers willose instrumente was wat soos pionne op die Goddelike inspraak gemeganiseer is. Die resultaat was dat hulle soos 'n tikmasjien eenvoudig die letters begin skryf het sonder om hoegenaamd enige persoonlike kleur of stempel op die geskrewe inhoud na te laat. In die bekende skildery van Michel Angelo waarin hy die evangelis Mattheüs afbeeld terwyl hy sy Evangelie skryf, word duidelik geïllustreer wat met die meganiese inspirasieleer bedoel word: 'n engel hou Mattheüs se hand wat skrywe vas, maar hyself staar in die verte en is duidelik onbewus van dit wat hy doen.

Wie die Heilige Skrif egter noukeurig lees sal spoedig uitvind dat die Bybelskrywers dit beklemtoon dat die mens en sy vermoëns nie deur die Heilige Gees uitgeskakel word nie, maar juis ingeskakel word om van die Goddelike openbaring te getuig. Trouens, indien die Bybelskrywers nie hul eie mentaliteit behou het nie, sou die verskil in die skryfstyl van Amos en byvoorbeeld Paulus dus nie opvallend gewees het nie.

#### 7.1.2 VERBALE INSPIRASIELEER

Volgens hierdie teorie is die afsonderlike woorde geïnspireer. Elke lettertjie, selfs die leestekens, trouens elke jota en titteltjie is geïnspireer en is derhalwe net so belangrik as byvoorbeeld die inhoud van Joh. 3:16.

Die beswaar teen hierdie benadering is dat dit maklik tot misverstand kan aanleiding gee, aangesien dit die gedagte van 'n diktaat voorstel waar God eenvoudig Sy openbaring letterlik aan die mens dikteer. Ook hier word die mens se aandeel totaal oorwoeker (cf. Luk. 1:1-4) en moet die saak wat in die Heilige

Skrif bekend word, ondergeskik gestel word aan die betekenis van die afsonderlike woorde ("Verba"). Anders gesê: hier is inderdaad 'n sprekende voorbeeld van wat ons "letterknegetery" kan noem.

### 7.1.3 DUALISTIESE INSPIRASIELEER<sup>1)</sup>

Hierdie opvatting handhaaf 'n tweërlei inspirasieleer. Slegs die gedeeltes wat direk deur God Self deurgegee word óf by implikasie veronderstel word, is werklik geïnspireerd. Die geskiedkundige gedeeltes is volgens hierdie benadering nie geïnspireerd nie en dien slegs as inkleding van die Bybelinhoud. Hierdie inspirasieleer hou egter nie rekening met die sanksie wat Christus aan die geskiedkundige gedeeltes in die Heilige Skrif gee nie. Hy verwys Self byvoorbeeld na Jona, die koper=slag, e.s.m. as inherente deel van die openbaringsgeskiedenis (Matt. 12:38-41; Joh. 3:14).

### 7.1.4 DINAMIESE INSPIRASIELEER

Soos die naam self aandui, veronderstel hierdie benadering dat daar 'n krag (dunamis) ontketen is waardeur die Bybelskrywers goddelike kragte ontvang het om hulle verstand te verlig, sodat hulle inderdaad as skrywers volkome "bo-natuurlike" mense was. Veral Schleiermacher en sy volgelingen het die inspirasie van die objektiewe swaartepunt in die Bybel, verplaas na die subjektiewe verligting wat in die "vroom gemoed" van die mens plaasvind.

Die swakheid in hierdie benadering is dat die inspirasie van die Bybelskrywers sonder meer vereenselwig word met die illuminasie wat deur die wedergeboorte aan die gelowige eie word. Hulle beperk die inspirasie nêr tot die persone van die Bybelskrywers, terwyl dit ook op die Skrif self betrekking het (2 Tim. 3:16).

---

1. Cf. du Preez, A.B., Die Dualistiese Inspirasieleer, (proefskrif), Amsterdam, 1933.

### 7.1.5 DIALEKTIESE INSPIRASIELEER

Die dialektiese teoloë (Barth, Brunner, Gogarten, e.a.) leer dat die Bybel nie God se Woord is nie, maar dat dit God se Woord bevat. Die Bybelskrywers sou volgens hulle wel 'n suiwer openbaring ontvang het, maar hulle het dit op 'n gebrekkige wyse in hulle geskryfte oorgedra. Die taak van die Skrifondersoek is derhalwe om die Woord van God te midde van die mensewoord op te spoor. Daarom word die Heilige Gees in hierdie denkrigting 'n aktiewe plek gegun en word die voortgaande openbaring sterk op die voorgrond gestel. Trouens, die belangrike bydrae wat hierdie teorie gelewer het, is juis die beklemtoning van die onontbeerlike verliggende funksie wat die Heilige Gees by die Skrifondersoek verrig: "We particularly appreciate his (Barth) emphasis on the permanent need of the Holy Spirit for the reading and recognizing, and believing the Bible as the Word of God."<sup>1)</sup> Dit is inderdaad só dat die gevaar altyd bestaan dat die Bybel as 'n "studie-objek" gesien kan word en as sodanig geen wesenlike verband met die Heilige Gees meer gegun word nie.

Hierdie standpunt van die dialektiese denkers bevredig egter ook nie. Enersyds wek dit 'n oorspanne verwagting ten opsigte van die verligting wat by die leser self opgewek word. Andersyds bring dit 'n geringskating mee van die unieke en onherhaalbare theopneustie waaraan die Bybelskrywers deel gehad het. As die mens self moet bepaal wat God se Woord werklik sou wees, dan sal 'n grootskaalse versnippering van die Bybel moet plaasvind, sodat die deur weer oopgemaak word vir die Marcionisme om die "ware" Bybelinhoud aan die leserskring bekend te stel.

### 7.1.6 ORGANIESE INSPIRASIELEER<sup>2)</sup>

Veral in Gereformeerde kringe word tereg sterk steun vir hierdie teorie gevind. Die bedoeling is dat die Heilige Gees

- 
1. Runia, K., Karl Barth's doctrine of Holy Scripture, p.141.
  2. Cf. Buytendach, F.W., Aspekte van die Vorm-Inhoud-Problematiek met betrekking tot die Organiese Skrifinspirasie in die Nuwere Gereformeerde Teologie in Nederland, Amsterdam, 1972.

nie alleen gewerk het om die Bybel voort te bring nie, maar dat daar ook van mense gebruik gemaak is. Hulle was nie in Sy diens as blote meganiese instrumente nie, maar wel as lewende organe wat in volle bewustheid en verantwoordelikheid betrokke was by die totstandkoming van die Bybelboeke. Reeds van hulle geboorte af het die Heilige Gees gawes voorsien en omstandighede beskik waarin hulle voorberei is vir hulle besondere taak as Bybelskrywers. Hoewel hulleself ten volle by hul positiewe was, navorsing gedoen het, en self geskryf (of laat skryf) het, is hulle nogtans in afhanklikheid van die inspirasie van die Heilige Gees gebruik om Sy gedagtes in woorde op die bladsye van die Heilige Skrif neer te skrywe.

Dit is duidelik dat die organiese inspirasieleer die Bybelse lering aangaande die funksionele bydrae van beide die verliggende werking van die Heilige Gees én die mens as geïnspireerde denker, die getrouste weergee. Die hermeneutiek moet derhalwe riglyne vir die Skrifondersoeker aantoon wat gefundeer is in die organiese inspirasieleer, wat na my mening die wesenlike karakterinhoud van die Bybel getrou bekendstel.

## 7.2 DIE EIENSKAPPE VAN DIE HEILIGE SKRIF

### 7.2.1 DIE AUTOPISTIE VAN DIE BYBEL

Op die vraag waar die Bybel sy gesag ontleen, kan daar op tweërlei wyse geantwoord word. Eerstens ontleen die Bybel sy gesag aan homself as geïnspireerde Woord van God. Hierdie aspek word gewoonlik die selfgeloofwaardigheid (autopistie) van die Heilige Skrif genoem. Tweedens kom die Bybel na ons toe met die Goddelike gesag wat die Heilige Gees sanksioneer, deurdat Hy die skrywers "gedrywe" het en derhalwe Self die Spreker van die Bybelinhoud is. Daarom word tereg baie klem gelê op die feit dat die Bybel totstand gekom het as gevolg van die getuienis van die Heilige Gees (Testimonium Spiritus Sancti) en dus inderdaad geloofwaardig is.

### 7.2.2 DIE NECESSITAS VAN DIE BYBEL

Die Bybel is noodsaaklik of onontbeerlik, want daarsonder kan die mens nie tot saligheid kom nie en kan die Kerk ook nie sy funksie in die wêreld vervul nie. Uit dit wat reeds breedvoerig bespreek is, is dit duidelik dat die openbaring slegs via die Heilige Skrif vir die mens kenbaar word. Ons het ook kennis geneem van die Roomse-standpunt wat die Kerk met soveel gesag bekroon het dat hy selfs die Bybel tot orde kan roep of nog erger, tot stilswye kan maan.

Die felste kritiek teen die belydenis dat die Bybel noodsaaklik is, het gekom uit die geledere van die Geesdrywers. Hulle het die noodsaaklikheid van die Bybel ontken en hulle beroep op direkte Geestesopenbaringe wat van 'n "hoër orde" as die Bybel self, afkomstig is. Met 'n beroep op die kontras wat Paulus tussen die "letter" en die "Gees" maak (1 Kor. 3:6), beroep hulle hulself op die direkte inspraak van die Here.

Hierdie standpunt neem egter nie kennis van die talle uitsprake wat Christus self gemaak het nie en waarin Hy Hom duidelik beroep het op die gesag van die Bybel "soos dit geskrywe staan!" Daarom is dit 'n suiwer Bybelse perspektief om aan die noodsaaklikheid van die Bybel vas te hou wanneer die hermeneutiek ter sprake kom.

### 7.2.3 DIE SUFFICIENTIA VAN DIE BYBEL

Hiermee word bely dat die Bybel self genoegsaam is om alles wat God van die mens eis, aan hom oor te dra. S6 kan hy konkludeer wat van hom verwag word om tot eer van God te kan lewe. Met die belydenis van die genoegsaamheid van die Heilige Skrif word die noodsaaklikheid van aanvullings uit ander bronne soos byvoorbeeld die tradisie, die "Umwelt", die Kerk, ens., in die kiem gesmoor. Die Bybel leer immers duidelik: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk



volkome toegerus" (2 Tim. 3:16-17).

#### 7.2.4 DIE CLARITAS VAN DIE BYBEL

Met die duidelikheid van die Bybel gee ons erkenning aan die feit dat die Woord van God 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad is. Elke gelowige kan die wil van God duidelik in die Bybel opspoor (Amos 3:7; Matt. 10:27; Joh. 18:20).

Die duidelikheid van die Heilige Skrif impliseer nie dat alles in die Bybel maklik deursigtig is nie. Daar is ook moeilike Skrifgedeeltes in die Bybel wat inderdaad oor verborgenhede handel wat ver bo die menslike verstandsvermoë uitstyg. Petrus verwyt selfs vir Paulus dat hy oor dinge skryf wat swaar is om te begryp (2 Petr. 3:15-16).

Die duidelikheid van die Bybel is derhalwe 'n hoogs gekwalifiseerde eienskap. Dit moet ontworstel word langs die weg van Skrif=ondersoek (Joh. 5:39), in die gees van gebed sodat die oë verlig kan word (Ps. 119:18), en die hart wat traag is om te glo (Luk. 24:25), tot insig gelei kan word.

Die duidelikheid van die Bybel veronderstel dus indringende Skrifondersoek waar veral die skopus-gedagte as riglyn moet dien om die openbaringsinhoud van die Heilige Skrif na sy ware bedoeling te begryp: "Die duidelikheid hang nie in die lug nie; is nie 'n abstrakte eienskap nie en setel daarom nie in iets buite die Bybel nie: nie in die kerklike tradisie en ook nie in die verligting van die Gees in die hart van die mens nie. Wie die duidelikheid van die Bybel soek, soek dit in die Bybel - met 'n gelowige hart. En 'n gelowige hart dui nie net op 'n kennende en soekende mens nie, maar ten diepste op 'n deelnemende mens - 'n mens wat op grond van die duidelikheid van die Skrif die boodskap gehoor en daarop in gehoorsaamheid gereageer het. En op dié wyse binnegelei in die koninkryk, weet hy nou dat sy ganse lewe betrokke is by en in beslag geneem word deur die saak van die ekstensief en intensief uitbreidende koninkryk van God in hierdie wêreld."<sup>1)</sup>

---

1. Heyns, J.A., Brug tussen God en mens, pp.164-165.

## HOOFSTUK VIII

### SLOTOPMERKINGS

Die vak Bybelkunde beoog 'n wetenskaplike bestudering van die besondere openbaring van God soos gegee in die Bybel as Sy geïnspireerde Woord. Bybelkunde verkeer dus as akademiese dissipline noodwendig in 'n wisselwerking met aanverwante vakdissiplines soos die Teologie en Godsdiensonderrig wat self ook intens met die Heilige Skrif as studiebron gemoeid is. As nuwe toevoeging tot die akademiese struktuur het dit tans die funksionele doelstelling om hoofsaaklik dosente en onderwysers op te lei om dié vak aan die universiteit, kollege en in die skool aan te bied. Nietemin is Bybelkunde se taak veel ruimer as om net bogenoemdes op te lei. Dit moet sy eie vak-tipeiese-karakteristiek, naamlik om die Heilige Skrif te bestudeer soos wat dit geskrywe staan, binne die wetenskaplike ensiklopedie besef, na vore bring en uitbou.

In die wetenskaplike ensiklopedie kwalifiseer Bybelkunde as 'n wetenskap naas ander wetenskappe, maar nie soos ander nie. Die pontifikale karakter van die Bybelse prolegomena openbaringsleer en kanoniek wat apriories deur die Bybelkunde aanvaar word, kan nie losgemaak word van die testimonium Spiritus Sancti nie - en laasgenoemde is nie vatbaar vir rasionele taakrigtings nie. Slegs wanneer die sentrale Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus in gemeenskap met die Heilige Gees, op die Christus-herbore hart (waaruit die oorsprong van die lewe is) beslag lê, word die getroue aanbieding van Bybelkunde moontlik. Die Bybelkunde weerhou hom dus van die sogenaamde idee van 'n "neutrale wetenskap" en beoefen in sy vakonderrig 'n positiewe Christelike wetenskap wat in alles gehoorsaam wil luister na God en Sy bedoeling vir mens en kosmos.

Die Heilige Skrif bied geen uitgewerkte mensbeskouing aan nie, daarom beroep die Bybelkunde hom op die Christelike Wysbegeerte vir 'n gesistematiseerde antropologie, aangesien die Wysbegeerte

hierdie gespesialiseerde taak in sy studie-opdrag ontvang het. Vir die Bybelkunde spruit die noodsaaklikheid daarvan om 'n ware mensbeskouing te formuleer en in sy vakopset uit te werk voort uit die feit dat God se openbaring 'n bekendmaking van heils-waarhede is wat in die geskiedenis aan die mens, deur die mens en vir die mens deurgegee word. Daarbenewens is die grondbeginsels van die Christelik-wysgerige antropologie die voetstuk wat die Christelike didaktiese onderbou van Bybelkundige vak-onderrig stut.

Vanweë die voorlopige karakter wat die heilshistoriese openbaringsmoment in die Heilige Skrif kenmerk, asook weens die differensiasie plus vervreemding, disintegrasie en begripsblokkering wat daar by die mensdom onderling bestaan, is daar 'n vraag na hermeneutiese beginsels wat as riglyne moet dien vir die regte interpretasie van die Skrifinhoud. Vir die Bybelkunde impliseer dit dus dat daar voortdurend kennis geneem moet word van onder andere wat die "Nuwe Hermeneutiek" oplewer, sodat on-Skriftuurlike rekonstruksies van die Bybel duidelik aan die lig kan kom en die resultate van eie studiemateriaal op só 'n wyse gepostuleer kan word dat die eis van gehoorsaamheid aan die Skrifopenbaring onderstreep kan word.

Die Reformatoriese Skrifuitleg wat as grondslag vir die Bybelkunde dien, berus op die beginsel: Sacra Scriptura sui ipsius interpres. Hiermee word ontken dat die Kerk prinsipiëel aangewys is om die Heilige Skrif te verklaar (Rome) óf dat die Bybel vanuit die mens as uitgangspunt geïnterpreteer moet word (eksistensialisme). Om te begryp wat die Skrif self wil uitlê, moet daar vervolgens gelet word op: Filologiese Skrifuitleg wat alle aspekte van die grammatika, literatuurtypes en stylsoorte wat in die Heilige Skrif voorkom bestudeer; Historiese Skrifuitleg wat aandag gee aan standpunte rakende die kultuur-historiese materiaal, met inagneming van kritiese standpunte wat by die verklaring van die Bybel betrokke is en die Teologiese Skrifuitleg wat vra na die diepere sin wat die Outeur van die Skrifinhoud in die filologies-historiese openbaring vasgelê het.



Met die Koninkryksgedagte as funksionele metode om die skopus van die Heilige Skrif in sy kulminering in die eer en verheerliking van God Drie-Enig te ontsluit, moet integrale strukture van die Bybel soos skepping, sondeval en verlossing, die teosentriese, Christosentriese en Verbondskarakter daarvan, beklemtoon word. Verder is 'n Skriftuurlike perspektief op die verhouding van die Ou en Nuwe Testament noodsaaklik om die openbarings-historiese moment te bepaal. Laasgenoemde kan met behulp van die skema belofte-en-vervulling, met inagneming van die kontinuïteit én diskontinuïteit van die Testamente, doelmatig bepaal word.

In die Bybelkundige navorsing moet daar gewaak word teen verkeerde verwagtinge wat aan die Bybel gestel word (biblisisme, fundamentalisme, historisme, geloofsubjektivisme) én algemene "--ismes" wat meehelp om die Skrifinhoud te verdraai (moralisme, eksemplarisme, mistisisme, ens.). Deurgaans moet die Heilige Skrif met behulp van die Skrif self uitgelê word. Die hermeneutiese beginsels asook alle ander Bybelkundige apparaat wat deur die Bybelkunde aangewend word, berus op die basiese grondslag dat die Bybel aanvaar word as die onfeilbare en geïnspireerde Woord van God.

BIBLIOGRAFIE.

1. GEPUBLISEERDE WERKE.

- AALDERS, G. Ch., Genesis,  
J.H. Kok, Kampen, 1960.
- Oud-Testamentische Kanoniek,  
J.H. Kok, Kampen, 1952.
- ABBOTT-SMITH, G., A Manual Greek Lexicon of the New Testament,  
T. and T. Clark, Edinburg, 1960.
- BARCLAY, W., Jesus as they saw Him,  
SCM Press, London, 1962.
- BAVINCK, H., Handleiding bij het onderwijs in den Christelijken  
Godsdienst,  
J.H. Kok, Kampen, 1932.  
Gerëformeerde Dogmatiek,  
J.H. Kok, Kampen, 1967.
- BERKHOF, L., Principles of Biblical Interpretation,  
Baker, Grand Rapids, 1962.
- BERKOUWER, G.C., De Algemene Openbaring,  
J.H. Kok, Kampen, 1951.
- De Persoon van Christus,  
J.H. Kok, Kampen, 1952.
- Een halve eeuw Theologie. Motieven en Stromingen  
van 1920 tot heden,  
J.H. Kok, Kampen, 1974.
- De Mens het beeld Gods,  
J.H. Kok, Kampen, 1957.
- Vatikaans Concilie en Nieuwe Theologie,  
J.H. Kok, Kampen, 1964.
- De Heilige Schrift, deel I,  
J.H. Kok, Kampen, 1966.
- De Heilige Schrift, deel II,  
J.H. Kok, Kampen, 1967.
- BRAATEN, C.E., New Directions in Theology Today, vol. II,  
Lutterworth, London, 1968.

- BRIGHT, J., The Authority of the Old Testament,  
first edition, SCM Press, London, 1967.
- BULTMANN, R., Kerygma and Myth,  
SCM Press, London, 1966.
- CALVYN, J., Instituție (uit Latyn vertaal deur A. Sizoo),  
Naamlose Vennootschap W.D. Meinema, Delft, 1956.
- COME, A.B., An introduction to Barth's Dogmatics for preachers,  
SCM Press, London, 1963.
- CONN, H.M., Contemporary world theology,  
Presbyterian and Reformed Publishing Company,  
Nutley N.J., 1974.
- DE KLERK, P.J.S., Gereformeerde Simboliek,  
J.L. van Schaik, Pretoria, 1954.
- DIJK, K., De dienst der prediking,  
J.H. Kok, Kampen, 1955.
- DOOYEWEERD, H., De Wijsbegeerte der Wetsidee, deel II,  
H. J. Paris, Amsterdam, 1935.
- A New Critique of Theoretical Thought,  
H.J. Paris, Amsterdam, 1953.
- FENSHAM, F.C., Die Messias kom,  
N.G. Kerk Boekhandel, Kaapstad, 1964.
- GARDNER, J., Rooms Katolisisme in teenstryd met die Bybel,  
Die Protestantse Vereniging van S.A., Kaapstad  
(geen datum).
- GEMSER, B., Hebreeuse Spraakkuns,  
J.L. van Schaik, Pretoria, 1960.
- GISPEN, W.H., Schepping en Paradijs,  
J.H. Kok, Kampen, 1966.
- GREIJLDANUS, S., Schriftbeginselen ter Schriftverklaring,  
J.H. Kok, Kampen, 1946.
- GROENEWALD, E.P., Die Evangelie volgens Markus,  
J.L. van Schaik, Pretoria, 1948.
- Die Eerste Brief aan die Korinthiërs,  
N.G. Kerkboekhandel, Kaapstad, 1967.
- GUNTER, C.F.G., Opvoedingsfilosofie,  
Universiteitsuitgewers, Stellenbosch, 1944.

- HART, H., The challenge of courage,  
Wedge Publishing Foundation, Toronto, 1974.
- HEYNS, J.A., Die Teologiese antropologie van Karl Barth vanuit  
wysgerig - antropologiese oriëntering,  
Tafelberg, Kaapstad, 1964.
- Die Kerk as diens aan die Koninkryk,  
Universiteitsuitgewers, Stellenbosch, 1966.
- Denkers deur die Eeue,  
Tafelberg, Kaapstad, 1967.
- Die nuwe mens onderweg,  
Tafelberg, Kaapstad, 1970.
- Brug tussen God en mens,  
N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1973.
- Die mens. Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouinge,  
Sacum, Bloemfontein, 1974.
- JONKER, W.D., Aandag vir die Kerk, Pro Rege,  
Potchefstroom, 1964.
- Die Woord as opdrag,  
N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1976.
- JOUBERT, W.A., Godsdiensonderwys in die Laerskool,  
Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1946.
- KALSBECK, L., De Wijsbegeerte der Wetsidee. Proeve van een  
Christelike filosofie,  
Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1970.
- KELNER, J.W., Interpersonal speech - communication elements and  
structure,  
Wadsworth, Belmont, 1970.
- KOCK, P. de B., Christelike Wysbegeerte,  
Sacum, Bloemfontein, 1970.
- KÖNIG, A., Jesus Christus die Eschatos,  
N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1970.
- Hier is Ek! Gelowig nagedink oor God, deel I,  
N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1975.
- KOTZE, J.C.G., The Divine Charge to the Christian in the Church,  
S.C.A., Stellenbosch, 1951.
- KROEZE, J.H., Handboek Bybelse geskiedenis. Ou Testament,  
Interkerklike Uitgewers, Pretoria, 1965.

- KUITERT, H.M., Verstaat gij wat gij leest?,  
J.H. Kok, Kampen 1969.
- KÜNG, H., Waarachtigheid, Over de toekomst van de Kerk,  
Paul Brand - J.J. Romer, Roermond, 1968.
- KUYPER, A., Het Calvinisme. Zes Store - lesingen,  
Höveker en Wormser, Amsterdam, ongedateerd (1998?).
- LANGE, J.P., The Gospel according to John,  
Clark, Edinburgh, 1871.
- LEKKERKERKER, A.F.N., Nieuwe Theologie.  
Schets van de theologische situatie,  
Boekencentrum, s' - Gravenhage, 1968.
- LÜTHI, W., Het Evangelie van Jhannes in de wereld van heden,  
T. Wever, Franeker, ongedateerd.
- MEHTA, V., The New Theologian,  
Penguin, Middlesex, 1968.
- MÜLLER, J.J., Die Brief van die Apostel Paulus aan die Filippense  
en Filemon,  
N.G. Kerkboekhandel, Kaapstad, 1964.
- PALMER, R.E., Hermeneutics,  
Northwestern University Press, Evanston, 1969.
- POLMAN, A.D.R., Onze Ned. Geloofsbelijdenis,  
T. Wever, Franeker, ongedateerd.
- POP, F.J., Bijbelse Woorden en hun geheim,  
Boekencentrum, s' - Gravenhage, 1964.
- POTGIETER, F.J.M., Die teopneustie van die Heilige Skrif met besondere  
verwysing na Karl Barth,  
N.G. Kerkboekhandel, Kaapstad, 1963.
- Verlossing,  
Sacum, Bloemfontein, 1967.
- PRITCHARD, J.B., Archæology and the Old Testament,  
Oxford University Press, London, 1958.
- RAMM, B., A handbook of contemporary theology,  
Eerdmans, Grand Rapids, 1966.
- RIDDERBOS, N.H., De Psalmen, deel I,  
J.H. Kok, Kampen, 1962.
- RIDDERBOS, H., Paulus. Ontwerp van zijn Theologie,  
J.H. Kok, Kampen, 1966.

- ROSCAM ABBING, P.J., Actuele uitdagingen aan de Christenheid,  
Boekencentrum, 's- Gravenhage, 1967.
- ROSSOUW, H.E., Klaarheid en Interpretasie,  
J. van Camper, Amsterdam, 1963.
- RUNIA, K., Karl Barth's doctrine of Holy Scripture,  
The Presbyterian and Reformed Publishing Company,  
Philadelphia, 1962.
- I believe in God. Current Questions and the creeds,  
Tydale Press, London, 1963.
- Religie Zonder God?,  
J.H. Kok, Kampen, 1969.
- Prediking en Historisch - Kritisch Onderzoek,  
J.H. Kok, Kampen 1972.
- SCHNACKENBURG, R., De Kerk in het Nieuwe Testament,  
Patmos, Antwerpen, 1964.
- SHORT, A.R., Archæology gives evidence,  
Tyndale Press, London, 1953.
- SIZOO, A., Augustinus, Belijdenissen (uit Latyn vertaal),  
Prisma, Utrecht, 1965.
- SPIER, J.M., Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte  
(vertaal deur H.J. en D.F.M. Strauss),  
Sacum, Bloemfontein, 1972.
- STRAUSS, D.F.M., Wetenskap en Werklikheid. Oriëntering in die  
algemene wetenskapsleer,  
Sacum, Bloemfontein, 1971.
- STRAUSS, H.J., Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys,  
Sacum, Bloemfontein, 1969.
- THOMPSON, J.A., Archæology and the New Testament,  
Eerdmans, Grand Rapids, 1960.
- VAN HUYSSTEEN, J.W.V., Teologie van die Rede,  
J.H. Kok, Kampen, 1970.
- VAN NIFTRIK, G.C., Kleine Dogmatiek,  
Callenbach, Nijkerk, 1944.
- De vooruitgang der mensheid,  
Callenbach, Nijkerk, 1966.
- VAN RIESSEN, H., Wijsbegeerte,  
J.H. Kok, Kampen, 1970.

- VAN RULER, A.A., Religie en Politiek,  
Callenbach, Nijkerk, 1945.
- VAN SELMS, A., De Prediking van het Oude Testament.  
Genesis, deel I,  
Callenbach, Nijkerk, 1967.
- VAN TIL, C., The great debate today,  
Presbyterian and Reformed Publishing Company,  
Nutley, 1971.
- VAN ZYL, A.H., Die vereistes vir die hedendaagse Hebraïkus,  
N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1961.
- VERHOEF, P.A., Metodiek van die Eksegese,  
N.G. Kerkboekhandel, Kaapstad, 1973.
- VON MEYENFELDT, F.H., Het hart (LEB LEBAB) in het Oude Testament,  
E.J. Brill, Leiden, 1950
- VRIEZEN, Th. C., Hoofdpijnen der Theologie van het Oude Testament.  
Eerdmans, Wageningen, 1966.
- YOUNG, E.J., Thy Word is Truth; Some thoughts on the Biblical  
doctrine of Inspiration,  
SCM Press, London, 1963.
- ZUIDEMA, S.U., De Christus der Schriften en oecumenische theologie,  
Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1965.

II. ONGEPUBLISEERDE WERKE EN PROEFSKRIFTE.

- BREDENKAMP, V.J., Biblical Studies as a University Discipline,  
referaat gelewer op die Bybelkunde Kongres te  
Port- Elizabeth, 9 - 10 April 1974.
- COMBRINK, H.J.B., Die bestudering van die Nuwe Testament as wesenlike  
element van die vak Bybelkunde,  
referaat gelewer op die Bybelkunde Kongres te  
Port- Elizabeth, 9 - 10 April 1974.
- DUVENHAGE, S.C.W., Bybelkunde as volwaardige vak op die middelbare skool,  
referaat gelewer op die Bybelkunde Kongres te  
Port- Elizabeth, 9 - 10 April 1974.
- KOCK, P. de B., Tentatiewe gedagtes oor "Bybelkunde" as akademiese  
dissipline en die afgrensing daarvan ten opsigte van  
"Teologie" - 'n oriënterende raamwerk,  
Bloemfontein.

- LOMBARD, J.C., Die betekenis van Bybelkunde as akademiese dissipline, intreerede gelewer aan die U.O.V.S., Bloemfontein 1973.
- Leerstellige Godsdiensonderwys en Bybelkunde - die grondslag en die praktyk, Bloemfontein, 1974.
- SCHOEMAN, P.G., Grondslae en implikasies van die Christelike Opvoedingsfilosofie, proefskrif U.O.V.S., Bloemfontein, 1974.
- VAN HUYSSTEEN, J.W.V., Wat is Bybelkunde? intreerede gelewer aan die Universiteit van Port- Elizabeth, 1974.
- VAN WYK, D.C.J., Die probleem van die Algemene Openbaring - histories nagegaan en prinsipiëel getoets, Universiteit van Pretoria, 1973.
- III. VERSAMELWERKE.
- BERKOUWER, G.C.  
TOORNVLIET, G., Het Doema der Kerk, Jan Haan, Groningen, 1949.
- DEKKER, A.,  
PUCHINGER, G., De oude Barth, J.H. Kok, Kampen 1969.
- DE LIAGRE BÖHL, F.M. Th.,  
GEMSER, B., De Psalmen, Callenbach, Nijkerk, 1968.
- DU TOIT, S., "Spreuke" in Die Bybel met Verklarende Aantekeninge, Verenigde Protestantse Uitgewers, Kaapstad, 1958.
- EYBERS, I.H.,  
KÖNIG, A.,  
STOOP, J.A., Inleiding in die Teologie, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1973.
- GROSHEIDE, F.W.,  
VAN ITTERZON, G.P., Christelike Encycloëdie, (ses dele) J.H. Kok, Kampen, 1956 tot 1961.
- HELBERG, J.L.,  
VAN WYK, J.H., Bybelstudie. Ou Testament Standaard 9, Interkerklike Uitgewers, Pretoria, 1970.



- HENRY, C.F.H., Revelation and the Bible,  
Baker, Grand Rapids, 1967.
- HEYNS, J.A.,  
JONKER, W.D., Op weg met die Teologie,  
N. G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1974.
- JONKER, W.D.,  
ROBERTS, J.H.,  
VAN ZYL, A.H., Hermeneutica,  
N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1970.
- KITTEL, G., Theological Dictionary of the New Testament,  
(translated by G.W. Bromiley) second edition,  
Eerdmans, Grand Rapids, 1967.
- KOEHLER, L.,  
BAUMGARINER, W., Lexicon Veteris Testamenti Libros,  
E.J. Brill, Leiden, 1958.
- LIDDELL, H.G., An Intermediate Greek - English Lexicon, (founded  
upon the seventh edition of Liddell and Scott's  
Greek - English Lexicon),  
Clarendon Press, Oxford, 1961.
- RIDDERBOS, H., Denkers van deze tijd,  
tweede druk, T. Wever, Franeker, ongedateerd.
- ROBINSON, J.M.,  
COBB, J.B. (Jr.), New Frontiers in Theology, vol. II,  
Harper and Row Publishers, London, 1964.
- WESSELS, F., Op al sy akkers,  
Sacum, Bloemfontein, 1975.

IV. ARTIKELS IN TYDSKRIFTE.

- DE VILLIERS, J.L., "Rudolf Bultmann" in N.G.T.T., Maart 1960.
- GROENEWALD, E.P., "Krisis in die Interpretasie van die Heilige Skrif"  
in N.G.T.T., Jan. 1966.
- KÖNIG, A., "Die Heilige Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid"  
in N.G.T.T., Jan 1966.
- VAN HUYSSTEEN, J.W.V., "Die Geskiedenis-teologie van Wolfhart Pannenberg"  
in N.G.T.T., Sept. 1969.
- VAN ZYL, A.H., "Literêre vorme en eksegesi" in N.G.T.T., Junie 1972.

VENTER, E.A.,

"Aantekeninge oor die Kenleer" in N.G.T.T.,  
Jan. 1967.

VERHOEF, P.A.,

"Die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament" in  
N.G.T.T., Des. 1959.

"Die Dag van die Here"  
in Exegetica, Den Haag, 1956.

